**DIE SOSIALE KONSTRUKSIE VAN GELOOFSONTWIKKELING BY ‘N GROEP KATKISANTE**

deur

CHRISTO NAUDÉ

voorgelê luidens die vereistes
vir die graad

DOCTOR THEOLOGIAE

in die vak

PRAKTIESE TEOLOGIE - MET SPESIALISERING IN PASTORALE TERAPIE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

PROMOTOR: PROF D J KOTZÉ

MEDEPROMOTOR: PROF H J C PIETERSE

MAART 2006

**OPSOMMING**

Ten spyte daarvan dat die meeste skoolgaande jongmense in die Ned Geref Kerk kategese deurloop, en self in die finale jaar van kategese, word daar nie veel aandag aan lewenstories van die katkisante geskenk nie.

Hierdie studie oor geloofsontwikkeling by ‘n groep katkisante word gedoen vanuit pastoraal teologiese perspektief en ‘n sosiale konstruksieteorie diskoers. Oor ‘n tydperk van ‘n jaar is daar deur middel van kwalitatiewe navorsing ‘n proses gevolg met ‘n finalejaarsgroep van nege-en-twintig katkisante met die doel om geloofsontwikkeling te laat plaasvind, deur aandag aan hulle geloofsverhale te gee met die oog op die skryf van ‘n eie geloofsbelydenis. Na die tyd is oor die proses gereflekteer. Drie aspekte het die studie gerig.

- Die konteks waarbinne die studie plaasgevind het, wat bestaan uit die gemeente, breër samelewing, paradigmas, verbande en verhoudinge waarbinne die proses plaasgevind het.
- Die inhoud van die kategese, wat deelnemend gekonstrueer was.
- Die groep van nege-en-twintig jongmense wat met finalejaarkategese besig was, word binne konteks betrek by deelnemende pastorale kategese.

My metode was om binne die gemeente, in die kategese, ‘n ruimte te skep waarbinne die katkisante deelnemend die kategetiese proses gekonstrueer het. Sodoende sou die klem op deelname val wat die hooffokus van die studie is. Die aandag wat daar aan die katkisante se lewensverhale gegee word maak die narratiewe diskoers relevant vir hierdie studie.

Kategese binne hierdie studie het 'n deelnemende karakter. Die volgende benaderings het die deelnemende karakter ondersteun.

- Die kategesepraktyk skuif na ‘n pastorale benadering.
- Die leerinhoude se klem verskuif na verhoudings.
- Die kategetiese inhoud word sosiaal gekonstrueer.

## SLEUTELTERME

**KERK**

**KATEGESE**

**PASTORAAT**

**TIENER**

**GELOOFSLEWENSLYN**

**VRAE**

**DEELNEMENDE LEER**

**GELOOFSBELYDENIS**

**GELOOFSONTWIKKELING**

**RITUELE**

# THE SOCIAL CONSTRUCTION OF FAITH DEVELOPMENT WITH A GROUP OF YOUNG PEOPLE

by

CHRISTO NAUDÉ

submitted in accordance with the requirements
for the degree

DOCTOR OF THEOLOGY

in the subject

PRACTICAL THEOLOGY – WITH SPECIALISATION IN PASTORAL THERAPY

at the

UNIVERSITY OF SOUTH AFRICA

PROMOTER: PROF. D. J. KOTZÉ

CO-PROMOTER: PROF. J. H.C. PIETERSE

MARCH 2006

**SUMMARY**

Despite the fact that most youth from the Dutch Reformed Church are of school going age during their final year of catechism, insufficient attention is given to the life stories of these young people.

My research project on faith development with a group of young people involved in catechism was shaped by a pastoral theological perspective and a social constructionist discourse.
Over a period of a year a process of qualitative research was conducted with a group of twenty-nine young conformants. The aim was to encourage faith development by given attention to their faith stories with the intention for them to write their own confessions of faith. Afterwards the process was reflected on. The study was guided by three themes.

- The context in which the study was conducted, consisted of the congregation, society at large, paradigms and relationships in which the process took place.
- The context of the catechism was conducted is a participatory manner.
- The third theme was the group of twenty-nine young people that participated in their final year of catechism in which the context of participatory pastoral catechism was focused on.

The approach that was followed, was create space within the congregation for catechism to be conducted in a participatory manner with the twenty-nine young participants. In this way participation which is the main focus of this study is accentuated. The attention to the life stories of these young people makes the narrative discourse relevant to the study.

Catechism according to this study has a participatory character that is supported by the following approaches.

- The practice of catechism shifts to a pastoral approach.
- The content of the catechism shifts to relationships.
- The content of the catechism becomes socially constructed.

## KEY WORDS

**CHURCH**

**CATECHISM**

**PASTORAL**

**TEENAGER**

**FAITH LIFE STORYLINE**

**QUESTIONS**

**PARTICIPATORY LEARNING**

**CONFESSION**

**FAITH DEVELOPMENT**

**RITUALS**

## ‘N WOORD VAN DANK

Aan die Here wat my geroep het om hierdie studie aan te pak kom al die lof en dank van my hart toe.

‘n Projek soos hierdie kon nie anders as met ‘n spanpoging voltooi word nie. Ek is dankbaar vir baie hulpvaardige en geduldige mense wat saamgewerk het.

My vrou, Eluned, my kinders, Ilnè en Christof wat baie moes ontbeer terwyl ek met die studie besig was. Sonder hulle begrip en aanmoediging sou ek die studie nie voltooi het nie.

Aan my promotor Prof. Dirk Kotzé ‘n woord van opregte dank. Sy insette het verder gestrek as net die studie. Dit was ‘n verrykende ervaring om hom as studieleier te kon beleef die afgelope jare.

Aan die personeel by die Instituut van  Terapeutiese Ontwikkeling, vir hulle bystand, belangstelling en ondersteuning.

Vir me. Natalie Thirion, Vakbibliotekaris: Teologie, wat verbonde was aan UNISA se biblioteek wat die literatuur soektogte gedoen het. Baie dankie daarvoor. Daar is ‘n groep personeellede verbonde aan UNISA se biblioteek wat nie aan my bekend is nie wat ook behulpsaam was met studiemateriaal teenoor wie ek baie dankbaar is.

Die nege-en-twintig finalejaarskatkisante saam met wie ek hierdie ontdekkingstog na geloofsontwikkeling kon onderneem. Dankie vir die jaar se saam ontdek. Ek hoop hierdie studie laat reg geskied aan julle as gelowige jongmense.

INHOUDSOPGAWE

TITELBLAD i
OPSOMMING ii
SLEUTELTERME iii
ENGLISH TITLE PAGE iv
SUMMARY v
KEY WORDS vi
‘N WOORD VAN DANK vii

INLEIDENDE OPMERKINGS 1

HOOFSTUK 1 2
1.1 INLEIDING EN ORÏENTASIE TOT DIE STUDIE 2
1.1.1 Die inhoud 3
1.1.2 Die konteks 4
1,1,3 Die deelnemers 5
1.2 NAVORSINGSVRAAG 5
1.3 NAVORSINGSDOELSTELLINGS 8
1.3.1 Deelnemende leer 8
1.3.1.1 Deelnemende leer is ontwikkeling 9
1.3.1.2 Deelnemende leer is in die sosiale gebed 11
1.3.1.3 Deelnemende leer is bemiddellend 11
1.3.1.4 Deelnemende leer bestaan uit sinvolle aktiwiteite 12
1.3.2 Deelnemende aksienavorsing 12
1.3.3 Geloofsvolwassenheid 15
1.4 NAVORSINGSMETODOLOGIE 16
1.4.1 Postmoderne benadering 17
1.4.2 Sosiale konstruktionisme 17
1.4.3 Aksienavorsing 18
1.4.4 Kwalitatiewe navorsingsbenadering 19
1.4.5 Verskillende prosesse wat deel uitmaak van die kwalitatiewe navorsing 20
1.5 NAVORSINGSPROSES 23
1.5.1 Hoe ‘n proses aan die gang gesit word waar jongmense self kan ontwikkel /skep en formuleer wat hulle glo 24

1.5.2 Die fokus op die lewenstorie van jongmense 25
1.5.3 Die klem val op verhoudings 25
1.5.4 Die proses vir geloofsontwikkeling tydens die finalejaarskategese 26
1.5.5 Die werkswyse ontwikkel waarbinne geloofsontwikkeling in die lewe van die jongmens, binne die kategese, gesitueer word 27
1.5.6 Kritiese refleksie of die doel bereik is in die navorsingspojek 28
1.6 KATEGESEPROSES 29
1.7 HOOFSTUKINDELING 30

HOOFSTUK 2 32
POSISIONERING VAN DIE STUDIE TEN OPSIGTE VAN DIE PRAKTIESE TEOLOGIE EN DIE RELIGIEUSE ONDERRIG
2.2 PRAKTIES TEOLOGIESE POSISIONERING VAN STUDIE 32
2.3 KULTURELE KONTEKS WAARBINNE PRAKTIESE TEOLOGIE EN DIE RELIGIEUSE ONDERRIG FUNKSIONEER 36
2.4 RELIGIEUSE ONDERRIG AS TRANSFORMASIE 38
2.4.1 Kerugma en didage 38
2.4.2 Leer/onderrig 38
2.4.3 Leer bewerk verandering 39
2.4.4 Kategetiese leer transformeer 41
2.4.5 Pastorale begeleiding in die kategese 42
2.4.6 Leermetodes in die kategese 43
2.4.7 Die fuksionering van die bybel binne die kerklike onderrig 45
2.4.8 Konklusie
2.5 EPISTEMOLOGIESE POSISIONERING TE MIDDE VAN DIE PRAKTIESE TEOLOGIE EN KATEGETIESE ONDERRIG 46
2.5.1 Posisionering van die navorsing 46
2.6 SAMEVATTEND 49

HOOFSTUK 3 51
KATEGESE AS PASTORALE HANDELING VIR GELOOFSONTWIKKELING TYDENS DIE FINALEJAARSKATEGESE
3.1 INLEIDING 51
3.2 DIE ONTWIKKELING VAN BELYDENISAFLEGGING 51

| | | |
|---|---|---|
| 3.3 | DIE KATEGESE EN BELYDENIS | 53 |
| 3.3.1 | Die reformasie | 53 |
| 3.3.2 | Bijlsma en Dingemans | 54 |
| 3.3.3 | Bydrae van die studie | 55 |
| 3.4 | DIE STUDIE SE FOKUS | 57 |
| 3.5 | DIE KATEGESE WORD AS RUIMTE ONDERBENUT | 57 |
| 3.5.1 | Omskrywing van kategetiese ruimte vanuit 'n konfessionele posisie | 58 |
| 3.5.2 | Bijlsma | 61 |
| 3.5.3 | Dingemans | 65 |
| 3.5.4 | Konklusie | 69 |
| 3.6 | VANUIT DIE KONFESSIONELE NA DIE KATKISANT | 70 |
| 3.6.1 | Vanuit kennis na verhouding | 73 |
| 3.6.2 | Die wêreld waarin finalejaarkatkisante leef | 75 |
| 3.6.2.1 | Jongmense kom ontnugterd voor | 76 |
| 3.6.2.2 | Jongmense voel verwaarloos | 76 |
| 3.6.2.3 | Jongmense soek na identiteit | 77 |
| 3.6.3 | Opvattings van belang van die finalejaarkatkisant in die Ned Geref Kerk | 77 |
| 3.6.3.1 | Jongmense se konsep oor God | 78 |
| 3.6.3.2 | Jongmense se lojaliteit teenoor die kerk | 78 |
| 3.6.3.3 | Verhoudings staan in die sentrum van jongmense se lewe | 79 |
| 3.7 | DIE NED GEREF KERK MOET RUIMTE MAAK VIR JONGMENSE | 80 |
| 3.7.1 | Dwingende omstandighede noodsaak ruimte | 80 |
| 3.7.2 | Die ruimte gevul met sekere inhoude | 83 |
| 3.7.3 | Gesprek in konteks binne die ruimte | 86 |
| 3.8 | SAMEVATTING | 87 |
| | | |
| HOOFSTUK 4 | | 89 |
| KONSTRUERING VAN KATEGETIESE RUIMTE(S) VIR DIE JEUG | | |
| 4.1 | INLEIDING | 89 |
| 4.2 | ROLSPELERS IN DIE KONSTRUERING VAN ‘N KATEGETIESE RUIMTE | 89 |
| 4.2.1 | Die kerk | 90 |
| 4.2.2 | Die jongmens | 90 |
| 4.2.3 | Die kategese | 91 |

4.3 PASTORALE HANDELING BINNE DIE RUIMTE AS MANIER VAN WERK 93
4.3.1 Pastorale begeleiding word van naderby omskryf 94
4.3.2 Pastoraat vanuit die praktiese teologie 94
4.3.3 Pastoraat en kategese 95
4.3.4 Pastorale gelooofsbegeleiding as metode in die kategese 98
4.4 BEGELEIDING IN DIE KATEGESE 100
4.4.1 Die verhouding wat voortspruit uit die begeleiding behoort ook oor sekere eienskappe te beskik 101
4.4.2 Waartoe behoort die begeleiding te lei 103
4.4.3 Die ruimte van die kategese word spirituele begeleiding 104
4.5 TEOLOGIESE GESIGSPUNTE OP DIE RUIMTE 105
4.5.1 Die vrye keuse van die katkisant 105
4.5.2 Christus, die kerk en geloofsleer 107
4.5.3 Die gemeente 110
4.5.4 Afleidings vanuit die teologiese perspektiewe 112
4.5.4.1 Die rol van die leier 112
4.5.4.2 Die proses van geloofsontwikkeling en geloofsgroei 113
4.5.4.3 Die rol van die geloofsgemeenskap 114
4.5.4.4 Sosiale verantwoordelikheid 115
4.5.4.5 Die Bybel 115
4.6 OPVOEDKUNDIGE GESIGSPUNT OOR DIE RUIMTE 117
4.6.1 Volgens die opvoedkunde moet voortdurende ontwikkeling en groei plaasvind 117
4.6.1.1 Wat is dit wat ontwikkel? 117
4.6.1.2 Oordrag van kennis 118
4.6.1.3 Die bron van motivering 118
4.6.2 ’n Vergelyking van Piaget en Vygotsky se standpunte rakende opvoedkundige sleutelkwessies 119
4.6.3 Die rol van stimuli in ontwikkeling 120
4.6.4 Konstruktivistiese aannames oor leer 121
4.6.5 Leerdoelwitte van konstruktivisme 121
4.6.6 Konstruktivistiese voorwaardes vir leer 122
4.7 SOSIALE KONSTRUKSIE, KONSTRUKTIVISME EN LEER 124

4.7.1 Konstruktivisme 124
4.7.2 Sosiale konstruksieteorie 126
4.8 METODES VIR DIE KATEGESE OM LEER TE LAAT PLAASVIND 128
4.8.1 Sosialisasieprosesse 128
4.8.2 Ervaringskategese 130
4.8.3 Interaktiewe kategese 131
4.9 SLOT 131

HOOFSTUK 5 133
GELOOFSONTWIKKELING GESITUEERD BINNE DIE LEWENSTORIES VAN JONGMENSE
5.1 INLEIDING 133
5.2 METAFORE 134
5.3 DIE UITREIK NA JONGMENSE 136
5.4 DIE BELANGRIKHEID VAN JONGMENSE SE LEWENSTORIE 137
5.4.1 Die lewenstorie van jongmense tree in wisselwerking met die konteks, op soek na metafore vir geloof in God 139
5.4.2 Ervarings as betroubare bron in die vind van metafore 144
5.4.3 Ervarings en die Heilige Gees se rol in metafore 146
5.4.4 Lewenstorie en identiteit 147
5.5 LEWENSTORIES GEBRUIK METAFORE IN DIE FORMULERING VAN INHOUD 152
5.5.1 Lewenstories en metafore verweef in formulering 153
5.5.2 Metafore maak God toeganklik in taal 156
5.5.3 Metafore oorbrug grense vir die gesprek 157
5.6 ROL VAN GELOOFSOORTUIGINGS IN LEWENSTORIES VAN JONGMENSE 162
5.6.1 Geloof omskryf 163
5.6.2 Vorming van jongmense se geloofsoortuigings 164
5.7 DIE ROL VAN GELOOFSOORTUIGINGS IN DIE KERKLIKE OPSET 168
5.7.1 Vorming van die kerk se geloofsoortuigings 168
5.8. GESPREK TUSSEN JONGMENSE EN DIE KERK AS GEMEENSKAP VAN GELOWIGES 169

5.8.1 Elemente in die gesprek tussen taal en geloof 171
5.8.1.1 Die rol en posisie van waarheid 171
5.8.1.2 Dubbele luister is nodig 172
5.8.1.3 Deelnemende dialoog 173
5.8.1.4 Rituele 175
5.8.1.5 Wederkerige leerproses 176
5.8.1.6 Die kerk as die een wat aandra 176
5.8.1.7 Onwaarhede identifiseer 177
5.8.1.8 Dialogies Hermeneuties 178
5.9 SLOT 178

HOOFSTUK 6 181
DIE PRAKTYK VAN DEELNEMENDE PASTORALE KATEGESE MET DIE OOG OP GELOOFSONTWIKKELING VIR DIE FINALEJAAR KATKISANT
6.1 INLEIDING 181
6.2 VERLOOP VAN DIE KATEGESEPROSES 182
6.3 BYEENKOMSTE OM DIE TEMAS VAS TE STEL 182
6.3.1 Die vrae wat gebruik was vir die vasstelling van die temas 183
6.3.2 Temas vir die kategese 187
6.4 BYEENKOMSTE OM DIE VASGESTELDE TEMAS TE BESPREEK
6.4.1 Skematiese voorstelling van die byeenkomste 188
6.4.2 Voorbeeld van ‘n byeenkoms 189
6.5 DIE GESPREK WORD WYER GENEEM 191
6.5.1 Reaksie op die vraag: ‘Wie is God vir jou?’ 191
6.6 DIE KERKKAMP 194
6.6.1 Die formaat van die kamp 194
6.6.2 Die inhoudelike van die kamp 195
6.6.3 Die kamp gebed in 'n kultuurgeoriënteerde leer model 195
6.7 DIE GELOOFSLEWENSLYN 197
6.7.1 Die geloofslewenslyn skep konteks vir omgee 197
6.7.2 Geloofslewenslyn skep ruimte vir geloofsontwikkeling 198
6.7.3 Geloofslewenslyn se bespreking in die groep 199
6.7.4 Die respons op die geloofslewenslyn 199
6.8 DIE ONTWIKKELING VAN ‘N BELYDENIS 200

6.8.1 Die beslag gee aan die belydenis 200
6.8.2 Voorbeeld van 'n belydenis 200
6.8.3 Belydenisaflegging as ritueel 201
6.9 DEELNAME 203
6.9.1 Deelname konstrueer nuwe geloofstories 204
6.9.2 Deelname is aksienavorsing 204
6.9.3 Aktiwiteite vir deelname 205
6.10 REEDS BESTAANDE KENNIS VERDISKONTEER 206
6.11 DIE PROSES IN DIE SOSIALE KONSTRUKSIETEORIE GEBED 207
6.12 DIE LEERPROSES 211
6.12.1 Leer in navorsing 211
6.12.2 Leer binne die kategese 211
6.12.2.1 Leer verander gedrag 213
6.12.2.2 Leer beïnvloed intensies 213
6.12.2.3 Samevattend 214
6.13 DIE BEGELEIDINGSPROSES 214
6.13.1 Die posisie vir begeleiding is 'non-expert' 214
6.13.2 Begeleiding skep 'n veilige omgewing 215
6.13.3 Begeleiding gebruik reflektering 216
6.14 REFLEKTERING 217
15 DIE ROL VAN DISKOERSE 218
6.16 GEBRUIK VAN VRAE 220
6.16.1 Vrae genereer dekonstruksieprosesse 220
6.16.2 Vrae skep eksternaliseringprosesse 220
6.16.3 Vrae ontketen veelvuldige gesprekke 220
6.16.4 Vrae bevorder deelname 221
6.16.5 Soorte vrae wat gebruik is 222
6.16.6 Die effek van vrae 225
6.16.7 Riglyne vir vrae 226
6.16.8 Persoonlike reflektering rondom die gebruik van vrae 227
6.17 BYEENKOMSTE 227
6.18 FASILITEERDERS 229
6.19 TUISWERK 232
6.19.1 Geestelike groei 232

6.20 OUERBETROKKENHEID WAS BAIE BELANGRIK 234
6.20.1 Families, as uitgebreide gesinne, en hulle bydra tot geloofsontwikkeling 235
6.20.2 Families ontgin geloof, waardes en norme 236
6.21 SAMEVATTING 238

HOOFSTUK 7 239
DIE GELOOFSLEWENSLYN AS INSTRUMENT VIR PASTORALE KATEGESE
7.1 INLEIDING 239
7.2 DIE PRAKTYK VAN DIE LEWENSLYN 241
7.3 VERTREKPUNTE VIR DIE BESPREKING VAN DIE GELOOFSLEWENSLYN 241
7.3.1 Pastorale begeleiding 242
7.3.1.1 Riglyne vir die begeleidingsproses 242
7.3.1.2 Die geestelike begeleidingsproses 243
7.3.2 Die deelnemende pastorale kategese 244
7.3.3 Die geloofslewenslyn en lewensverhaal 246
7.3.4 Die geloofslewenslyn omskryf geloofsverstaansgeskiedenis 246
7.3.5 Die hermeneutiese pastoraat 247
7.3.6 Die kommunikatiewe pastoraat 248
7.3.7 Narratiewe praktyk 249
7.3.8 Etiese vertekpunte 254
7.3.9 Familieverhoudings 255
7.4 DIE PLAAS VAN DIE GELOOFSLEWENSLYN BINNE DIE PRAKTYK VAN DIE KATEGESE 256
7.4.1 Voorbeeld van ‘n lewenslyn en hoe dit deel vorm van die geloofsontwikkeling by finalejaarkatkisante 257
7.4.2 Bespreking van ‘n geloofslewenslyn 259
7.4.2.1 Die geloofslewenslyn van MB 259
7.4.3 Onderhoude as verdere toeligting van die werkswyse van die geloofslewenslyn 261
7.4.3.1 Onderhoud met MB 261
7.5 REFLEKSIE OOR DIE GELOOFSLEWENSLYN 264
7.5.1 Eie refleksie oor gesprekke 265

HOOFSTUK 8 267
REFLEKSIES EN IMPLIKASIES VAN MY NAVORSING
8.1 INLEIDING 267
8.2 DIE DOEL VAN DIE NAVORSING 267
8.3 ‘N BONDIGE OPSOMMING VAN DIE BENADERING EN WERKSWYSE WAT GEVOLG IS 268
8.3.1 Deelname 268
8.3.2 Die begeleidende pastorale benadering 269
8.3.3 Die sosiale fokus van die studie 269
8.3.4 Die kategese as ko-konstruksie proses 270
8.3.5 Narratiewe praktyk 270
8.3.6 Konstruering van kennis 270
8.3.7 Die evaluering van modelle van kategese 271
8.3.8 Die stem van katkisante binne die kerk 271
8.3.9 Geloofsontwikkeling in terme van sones van ontwikkeling 271
8.3.10 Rituele se plek binne die belydenisontwikkeling 272
8.3.11 Verrassing van unieke uitkomste 272
8.3.12 Die ko-konstrueering van inhoud 273
8.3.13 Die waarde van ouerondersteuning 273
8.3.14 Die gesprek strek wyer 273
8.3.15 Die kategeseproses fasiliteer die soeke na God 273
8.3.16 Geleer vanuit die literatuur 274
8.3.16.1 Die invloed van globalisering 274
8.3.16.2 Pastorale kategese, 274
8.3.16.3 'n Moreel-etiese fokus is gerig op die samelewing 275
8.3.16.4 Metafore as brugbouer 275
8.4. BENADERING EN WERKSWYSE IN GESPREK MET KENNIS EN DISKOERSE VANUIT DIE KATEGESE 275
8.4.1 Die konteks van die kategese het akkommodeer 276
8.4.2 Die konteks van die kategese is verander 277
8.4.3 Die kommunikasieproses van die kategese 278
8.4.4 Die voorskriftelike maak plek vir die deelnemende binne die kategese 280
8.5 DIE IMPLIKASIES VAN HIERDIE STUDIE VIR PRAKTIES-TEOLOGIESE NAVORSING 281

8.5.1 Kwalitatiewe navorsing 281
8.5.2 Aksienavorsing 282
8.6 WAARDE EN BETEKENIS EN IMPLIKASIES VAN DIE NAVORSING VIR DIE KATEGESE EN KERKE 283
8.7 KATEGESE AS DEELNEMENDE AKSIENAVORSING 283
8.7.1 Die projek verduidelik 284
8.7.2 Individuele identiteit en die kerklike kultuur 284
8.7.3 Ondersoek teenstrydighede 285
8.7.4 Die invloed van die proses 285
8.7.5 Konfronteer die magsprofiel 286
8.7.6 Die verbreding van deelname 286
8.7.7 Die konsentriese sirkel benadering 287
8.7.8 Die intellektuele en die praktiese van die projek 287
8.7.9 Die deelnemende katkisant 288
8.7.10 Geloofsvolwassenheid 288
8.7.11 Die geloofslewenslyn 289
8.8 DIE INVLOED VAN DIE STUDIE VIR DIE DEELNEMENDE KATKISANTE 290
8.8.1 ‘n Deelnemende katkisant se respons 290
8.8.1.1 Uittreksel uit die gesprek met A 290
8.8.1.2 Refleksie oor die gesprek 291
8.8.2 Rol van vrae binne die kategese 291
8.8.3 ‘n Ouerpaar se respons 293
8.9 PERSOONLIKE REFLEKSIE 296
8.9.1 My verandering onderhande van my navorsing 297
8.9.1.1 Die skuif na deelnemer 297
8.9.1.2 Die tempo van die jaar word medebepaal 297
8.9.1.3 Betekenis word mede-gekonstrueer 298
8.9.1.4 Herevalueer van eie waarheidsdefinisie 298
8.10 OPSOMMENDE OPMERKINGS 299
8.11 BRONNELYS 301

**INLEIDENDE OPMERKINGS**

Enkele belangrike aspekte van die studie word saamgevat in die inleidende opmerkings om die leser te oriënteer ten opsigte van die perspektief waaruit die studie aangepak is. Hierdie studie handel oor die proses wat ek gevolg het met 'n finalejaarsgroep van nege-en-twintig katkisante met die doel om die laaste jaar van kategese te voltooi. Na die tyd is oor die proses gereflekteer.

My metode was om binne die gemeente, in die kategese, 'n ruimte te skep waarbinne die katkisante deel uitgemaak het van die proses. Sodoende sou die klem op deelname val wat die hooffokus van die studie is.

Ek verkies om hulle as deelnemers, eerder as leerders, te sien. Die begrip leerling word in die HAT omskryf as 'iemand wat van 'n leermeester onderwys kry'. Die term veronderstel 'n 'kenner' teenoor iemand wat 'nie ken nie'. Die woord veronderstel dus 'n magsposisie en hiërargie wat kennis aanbetref.

'Deelneem' word deur die HAT beskryf as 'meewerk aan iets', en 'deelnemers' as persone wat 'deelneem aan iets, lid is daarvan'. In dié sin was ek en die katkisante 'deelnemers' aan 'n proses wat meegewerk het aan die ontwikkeling van hulle geloofsbelydenis. In die proses het ek ook ontwikkel ten opsigte van my posisie van predikant na deelnemer. Metafore wat ek gebruik, was verryk deur die katkisante se gebruik van metafore. My eie belydenis is verruim met dit wat met hulle plaasgevind het tydens die proses.

Ek vertrou dat hierdie studie hulle studie is. Ek hoop dat hulle geloof werklik verwoord word deur hulle eie, unieke geloofsbelydenisse, en dat hulle aan die woord kom deur wat in die studie opgeteken is. Ek hoop egter dat hulle geestelike quest so oorvertel word dat dit ander kan inspireer om ook oor hulle eie geloofsbelydenis na te dink, sodat kategese so aangebied sal word dat die katkisante wat nog kom, werklik deel sal voel van die Christelike gemeenskap. Die eerste hoofstuk begin deur aan die inleiding en oriëntasie tot die studie aandag te gee.

# HOOFSTUK 1

## 1.1 INLEIDING EN ORIËNTASIE TOT DIE STUDIE

Hierdie hoofstuk handel oor die voorbereiding tot die navorsing. Die navorsingsvraag word gevra en daar word aandag aan die doelstellings van die navorsing gegee. Deelnemende leer, deelnemende aksienavorsing en geloofsvolwassenheid word hieronder bespreek. Met die metodologie word aandag gegee aan postmodernisme, sosiale konstruktivisme, aksienavorsing, die kwalitatiewe navorsingsbenadering en prosesse wat uit hierdie benadering voortspruit.

Vervolgens word die navorsingsproses bespreek. Die proses fokus op die jongmens binne die kategetiese opset van die finalejaarsklas met die oog op geloofsontwikkeling. Die proses en werkwyse wat ontwikkel is, was vir die geloofsontwikkeling om te kan plaasvind by die finalejaarkatkisant. Daar word aan die kategeseproses verder aandag gegee. Dit behels die inrigting van die byeenkomste en deelnemende werkswyse wat gevolg was deur die loop van die finalejaarskategese met die katkisante.

Met die studie wat handel oor die proses met ‘n finalejaarsgroep van nege-en-twintig katkisante en die reflektering oor die proses, het ek van drie dinge bewus geraak wat ‘n baie prominente rol gespeel het tydens die proses:

(i) Daar is 'n konteks wat bestaan uit die gemeente, breër samelewing, paradigmas, verbande en verhoudinge waarbinne die proses plaasgevind het. Hoofstuk 2 spreek dit aan.

(ii) 'n Sekere inhoud (kategeties voorgeskrewe stof) wat moes aandag kry. Daar moes ‘n manier gevind word om hieraan aandag te gee. Hoofstukke 3 tot 5 bespreek dit.

(iii) Daar was ‘n groep van nege-en-twintig jongmense wat met finalejaar kategese besig wou wees - elkeen met ‘n eie lewens- en geloofstorie. Hoofstukke 4 en 6 kyk daarna.

Ek sal graag hierdie drie sake verder wil toelig.

### 1.1.1 Die inhoud

Ten opsigte van die inhoud van kategese is daar ‘n beduidende verandering wat plaasgevind het. Die huidige kategese verskuif na ‘n **pastorale** proses (Warren 1989:13; Tielemannn 1995:161; Gerkin 1997: 89; Heitink 1977:117; Müller 1996:61; Beukes 1995:15) waar die inhoud **deelnemend** (Gerkin 1997:61; Hudson 2002:270) gekonstrueer word. Deur middel van **deelnemende leer** (Vygotsky 1967:97; Hermans 2003:282) en aan die hand van **ervaring** (Tielemann 1993:25; Au 1991:353; Müller 1996:173; Heitink 1997:117) en **reflektering** (Taylor & McConnel 1991:581; Hudson 2002:272; Van der Spuy 2000:18; Edwards 12001:169; Moore 2004:4; Müller 1996:28) is dit gehanteer.

Die skuif binne die leerinhoud van die kategese was vanuit die konfessionele na deelnemend. In hoofstukke drie en vier word hierdie skuif beskryf. Bijlsma (1977:179) word as voorbeeld van die konfessionele leer bespreek. Dingemans (1986:201) word as voorbeeld van die wegbeweeg van die konfessionele bespreek. Kritiek op Dingemans is dat hy nie ver genoeg skuif na deelnemende leer nie. Hermans (2003:282) word bespreek as die voorstander van deelnemende leer. Sy model is gebaseer op Vygotsky (1967:102) se denke rondom deelnemende leer (Van der Spuy 2000:14; Hermans 2003:282). Ten einde die skuif te motiveer is daar van die **sosiale konstruksie**teorie (Hermans 2003 :209; Dill 1996:7; McNamee & Gergen 1992:9; Müller 1996:3; Kotzé 1994:23) gebruik gemaak. Sosiale konstruksie het gehelp dat betekenisgewing nie ‘n dogmatiese, maar ‘n belewenisoefening word. Meer hieroor in hoofstuk vier.

‘n Verdere verandering in die kategese was die skuif na die **pastorale** (reeds hierbo na verwys, ook in hoofstuk vier verder bespreek). Hierdie fokus skuif van leerinhoude na **verhoudings** (McNamee & Gergen 1992:9; Gerkin 1997:88; Burr 2002:139; Clandinin & Connelly 1991:258) waarbinne leer gefasiliteer word. Tesame met die **deelname** (Gerkin 1997:90) van katkisante aan die proses van kategese verloor die kategese nie die **leerkarakter** nie (Burger 1999:1; Mason 1984:4,5; Steier 1995:22; Von Glasersfeld 1991:22; Van der Spuy 2000:17; Van der Walt 1999:2; Vygotsky 1967:97; Hermans 2003:282; Moore 2004:4; Kotzé 1994:32; Dingemans 1986:173; Warren 1989:13; Anderson & Reese 1999:20; Beukes 1995:13). Die kategeet se rol en

insette verander egter. Die rol van weter teenoor nie-weter, skuif na deelnemende begeleier. Die proses van kategese moes herskryf word van ongelyke gespreksgenote (leraar na katkisante, weter na nie-weter) na gelyke **gespreksgenote** (Gergen 1994:86). Die **begeleier** (Edwards 2001:18; Newfelder & Coelho 1982:xv; Anderson & Reese 1999:20) maak gebruik van ervarings en reflektering en sodoende word die spirituele reistog (Davis 1986:269) van elke individuele katkisant verder gevoer.

### 1.1.2 Die konteks

Die volgende het die konteks beïnvloed waarbinne geloofsontwikkeling plaasgevind het. Hoofstuk twee omskryf dit verder.

(a) Postmodernisme: beide die kenmerke en die effek daarvan op die nege-en-twintig jongmense en die proses van kategese (Erikson 1998:118). Die breër rasionaliteit van postmoderniteit lei tot ‘n herevaluering van die rol van dimensies van ken en verstaan soos die metafoor, die mite, teken, verbeelding, simbool en ritueel (Prins 1999:2).

(b) Die adolessent se lewensfase: kenmerke en die invloed daarvan op die geloofsontwikkeling van katkisante (Osmer 1996:7).

(c) Die samelewingsverbande waar die gesin nog ‘n beduidende rol gespeel het, die vriende se invloed het duidelik na vore gekom, asook die kerk se rol in die lewe van jongmense (Anderson 1997:389; Martinson 1997:397; Au 1991:352; Brueggemann 1993:8; Prins 1999:2; White 1996:106; Kotzé 2002:4; Gerkin 1997:88; Sweet 2000:28).

(d) Deur die sosiale konstruksie is die konteks en die kategese in gesprek met mekaar gebring binne die lewe van elke katkisant. Hermans (2003:209) definieer religie ‘as ‘n praktyk waar die beoefening van godsdiens ‘n sosiale konstruk is wat gekontamineer is met kulturele- en sosiale opvattings’.

(e) Die kategetiese konteks het tydens die proses geskuif vanuit die kerugma na die pastoraat. Warren (1989:13) skryf vanuit die katolieke kerk en wys daarop dat die kerk alreeds in 1971 die kategese onder die pastoraat geplaas het:

> ‘Within the scope of pastoral activity, catechesis is the term to be used for that form of ecclesial action which leads both communities and individual members of the faithful to maturity of faith’.

Op ‘n deelnemende basis was kategetiese inhoud gekonstrueer. Die begeleiding tydens die kategese is op deelnemende leer gebaseer, met gebruik van reflekterende- en ervaringsleer wat geloofsontwikkeling moes bevorder.

### 1.1.3 Die deelnemers

Die deelnemers aan hierdie proses het uit die gekonstrueerde inhoud ‘n eie belydenis geformuleer as mensetaal oor God. Hoofstuk 5 gee die agtergrond hiervan en Hoofstuk 6 beskryf die proses self. Die vertrekpunt van hierdie eie belydenis was die lewenslyn waarmee elke katkisant aangesluit het by sy/haar eie ervarings van God uit hulle eie lewensituasie. Hoofstuk 7 bespreek hierdie saak. Groepsdinamiek en vraagstelling was gebruik. Die rol wat vrae gespeel het in die proses was belangrik. Vrae wat ontginnend van aard was, was gebruik om potensiaal van geloof te ontsluit. Verder was daar ook reflekterende vrae wat die groei in geloof en insig aangemoedig het, asook ervaringsvrae wat die besondere geloofsmomente vir die jongmense belig het. In Hoofstuk 5 word hieraan aandag gegee. Hoofstuk 6 beskryf hoe die vrae prakties gebruik is. Die doel van die verskillende vrae was om die katkisant te begelei na nuwe metafore vir ‘Wie is God vir jou?’ Hierdie nuwe metafore moes die katkisant in staat stel om ‘n eie belydenis te verwoord oor ‘n verhouding met God. ‘n Eerlike, geloofwaardige, geformuleerde uitspraak oor geloof in God. Dit wil sê ‘n outentieke geloofsbelydenis. Volgende word die navorsingsvraag bespreek.

## 1.2 NAVORSINGSVRAAG

Wêreldwyd kry ons die verskynsel dat belydenisaflegging nie noodwendig die toetrede van entoesiastiese, belydende lidmate tot gevolg het nie (Osmer 1996:xii; Mason 1984:3). Die afgelope jare is daar dan ook verskeie aanpassings in die leerplanne en leerinhoud van die kategese binne die Ned Geref Kerk gemaak. Op die manier is baie kerke en denominasies deur 'n eerste fase van programvernuwing, waar gepoog is om die materiaal waarmee gewerk word op teologiese, metodologiese en kommunikasievlak te verbeter. Hoewel hierdie pogings tot programverbetering nie sonder waarde is nie, het dit op min plekke die probleem opgelos (Burger 1998:2; Mason 1984:4,5). Ek skryf vanuit die Ned Geref Kerk oor die kategese en my ondervinding daarvan as leraar binne die Ned Geref Kerk.

Alhoewel onderrig van katkisante baie aandag in die kerk kry, is dit my mening dat die aandag verskraal word tot wat tradisioneel nodig is vir die katkisant om van kennis te neem. Voorgeskrewe kennis maak ‘n baie groot gedeelte uit van die kategese leerstof. Na aanleiding van vooraf bepaalde kennisvereistes, word daar dan ‘n leerplan uitgewerk. In hierdie hele scenario is daar geen insette deur jongmense nie. Na die tradisionele belydenisaflegging het die katkisant dus aan die verlangde uitset voldoen. Von Glasersfeld (1991:22) lewer kritiek vanuit die konstruktivisme op die wyse waarop net sekere uitsette voorgeskryf word. Hy beskou die gebruik as magsmisbruik (Von Glasersfeld 1991:22). In teenstelling met die konstruktivisme, word die individu ontneem van medeseggenskap deur te verwag dat voorgeskrewe stof net slaafs nagevolg moet word. Die konstruktivis sal eerder ‘n gesamentlike poging daarvan maak, sodat die katkisant ook eienaarskap vir ‘n eie geloofsproses sal aanvaar. Vir die doel van hierdie studie kyk ek deelnemend na ‘n gesamentlike poging.

Die vraag is: Slaag die kerke daarin om in die beleweniswêreld van die jongmens ‘n belangrike rolspeler te wees? Reeds in 1985 word die vraag al gevra of die Nederduitse Gereformeerde Kerk (Ned Geref Kerk hierna) daarin slaag om die beleweniswêreld van die jeug binne te tree. In ‘n opname daardie jaar van die Ned Geref Kerk, word bevind dat die kerk jong lidmate verloor (Van Eeden & Smuts 1985:181). Die tendens dat daar 'n daling van bywoning was van die Senior Kerk Jeug –aksie (SJKA) na die Belydende Kerk Jeugaksie (BKJA), weerspieël dalk dat die jeug nie beleef dat hulle saampraat oor kerkwees nie en daarom buite die gesprek bly (Smuts 1993:121). Die posisie het nie verbeter nie. Uit gesprekke met ringsleraars van die Ring van Birchleigh (1999) waar ek werksaam was, was hulle ervaring dat die jeug na die belydenisklas uit die kerk en die aktiwiteite van die kerk verdwyn. Die tendens is nie net tot die Ring van Birchleigh beperk nie, maar word ook in ander wêrelddele beleef. Osmer (1996:xii) wat uit ‘n Amerikaanse konteks skryf, asook Dingemans (1986:36) wat vanuit ‘n Europese situasie skryf, ondervind dieselfde verskynsel.

Die tendens is dalk ‘n aanduiding dat die kerk nie daarin slaag om die geloof wat die kerk bely, binne die konteks van die jongmens se leefwêreld, persoonlik te maak nie. Die kerk se rol het dus kleiner geword in die jongmens se leefwêreld. Die vraag bly of die kerk die jongmens se wêreld ken. ‘n Vreemde vraag, indien aanvaar word dat jongmense kerk is. Met die vraag wil ek iets van die problematiek aanspreek dat die

gemeente juis in die kategese nie genoeg ruimte maak vir soekende jongmense in die finale belydenisjaar nie.

‘n Verdere probleem is dat die huidige kategetiese leerplan gevolg word tot katkisante ‘n ouderdom van sestien jaar bereik en dan is die gevolgtrekking dat hulle oor ‘genoegsame kennis’ sou beskik. Die kerkraad en verteenwoordigers van die geloofsgemeenskap kom evalueer dan saam die resultaat van kennis. Hierna volg dan ‘n positiewe antwoord op vier vrae tydens die openbare belydenisaflegging tydens ‘n erediens. Belydenis is volgens kerktradisie nou afgelê. Hoe die besluit tot die belydenis ontwikkel het of hoe geloof ontwikkel en groei, word nie ondersoek nie. Juis hierin lê die bydra van die studie. Die volgende woorde beskryf die huidige:

> ‘As long as the educator's objective was the generation of more or less spesific behaviour, the educator saw no need to ask what, if anything, might be going on in the student's head’.
>
> (Steier 1991:22)

Bogenoemde het met die verwerking van kennis te make. Internalisering van kennis moet tot aksie of handeling oorgaan om sodoende aktiewe belydende lidmate vir die kerk te behou. Hierdie verwerkingsprosesse, wat tot aksie moet lei word selde geëvalueer of ondersoek en soos reeds gesê: Ons kerk verloor jongmense. Hierdie studie wil aandag aan hierdie prosesse gee.

Tog is die kerk verantwoordelik om die jeug met hoop en dryfrigting, inspirerend te begelei (Nel 1998:7). Die jeug het juis die kerk nodig in hierdie fases van hulle ontwikkeling. Die kerk kan die ruimte vir die jongmens bied tot verandering en groei (Nel 1998:7). Die kerk kan ‘n waardevolle bydrae lewer tot die leefwêreld van die jongmens. Dus om ‘n sinvolle bydra te lewer, moet die kerk kennis neem van die leefwêreld van jongmense, soos hierbo reeds aangedui is, te verstaan wat in hulle koppe aangaan. Nou meer as ooit tevore moet die kerk nie buite rekening gelaat word nie, maar moet die kerk kennis neem dat die kerk deur die samelewing uitgenooi word om vanuit 'n pastorale ingesteldheid betrokke te wees by die skep van 'n taal vir die geloof (Tielemann 1993:174). Hierdie taal behoort ‘n taal van hoop en verwagting te wees. In die kerk is die kategese die plek waar jongmense ‘n tuiste vind om die proses van geloofsontwikkeling te begin. Binne die kategese moet die finalejaars ontdek,

volgens die narratiewe beginsel, dat elke persoon die kenner van sy/haar eie lewe is, wat beskik oor eie, unieke lewenstorie, vaardighede, talente, vermoëns en geloofsoortuigings wat hulle in staat stel om ‘n eie belydenis te skryf.

Vanuit die bogenoemde afleiding dat die kerk tog ‘n belangrike rol kan speel in jongmense se lewe, wil ek graag die navorsingsvraag soos volg stel:

**Hoe om katkisante te begelei om ‘n eie, eerlike/outentieke geloofsbelydenis te ontwikkel, wat nie bloot ‘n bevestiging van die voorgeskrewe belydenis is nie, maar deelnemend met die finalejaarskatkisant gedoen kan word, gesitueer binne hulle persoonlike lewenstories en die geloofstorie van die geloofsgemeenskap?**

Die wyse waarop die vraag benader gaan word deur middel van sekere doelstellings word volgende bespreek.

## 1.3 MY NAVORSINGSDOELSTELLINGS

Hierdie studie handel oor die proses wat ek gevolg het met ‘n finalejaarsgroep van nege-en-twintig katkisante tydens hulle finalejaar kategese. Die doel van die groep katkisante was om hulle laaste kategesejaar in die gemeente te voltooi. Met die navorsing tree ek met die resonerende teorieë in gesprek oor relevante sake wat van toepassing is op die proses soos dit plaasgevind het. Sodoende wil ek op die navorsingsvraag ‘n antwoord bied. Die sake waarmee ek kies om die vraag te ondersoek, bestaan uit die volgende fokusareas: deelnemende leer, deelnemende aksienavorsing en geloofsvolwassenheid.

### 1.3.1 Deelnemende leer

Hermans (2003:269) praat van leer as deelname. Twee sake in die bespreking van die navorsingsdoelstellings, kom na vore wat vir die studie van belang is.

- In die bewering dat leer deelnemend is, word daar wegbeweeg van ‘n individualistiese, formalistiese en intrapsigiese benadering waar die mens se brein en inligting bymekaar gebring was (Hermans 2003:270). Daar word ook wegbeweeg van versameling van inligting as hooffokus van leer.
- 'n Verdere belangrike saak wat Hermans aanraak, is dat die menslike brein as teks benader kan word (Hermans 2003:270). Met hierdie benadering het leer

dan met tekstuele interpretasie te make. Die interpretasie word vanuit die kulturele konteks gemaak. Die afleiding van Hermans (2003:271) is dat ons dan met narratiewe denke te make het. Leer het te make met die konstruering van stories. Stories trek die verbeelding by as hulpmiddel vir die konstruksie van ‘n leerstorie. Met die bytrek van verbeelding ontstaan dialoog. **‘**The truth of imagination is dialogical’ (Hermans 2003 :271). Tydens die dialoog word daar met posisies en opposisies gewerk wat die posisie ten opsigte van ‘n sekere saak uitwys, want die interpretasie word vanuit ‘n kulturele konteks gemaak. Dit beteken dat wit/swart begrippe en reg/verkeerd raamwerke nie gebruik word nie. Hierdie dialoog vind plaas binne die kultuur. Tekstuele interpretasie gebruik dialoog om met die konteks in gesprek te tree. Tydens hierdie interaksie is die potensiaal tot leer teenwoordig.

Met konteks as kultuur, die inhoudelike, as dit wat die geloofspraktyk bied, en die katkisante as deelnemers aan die proses, wil ek nou verder aandag gee aan deelnemende leer. Die volgende kan onderskei word in deelnemende leer:

(i) ontwikkelingsleer,
(ii) sosiale leer,
(iii) bemiddellende leer en
(iv) betekenisvolle leer.

Ek gaan aan die hand van hierdie vier onderverdelings my doelstellings nader omskryf**.**

#### *1.3.1.1 Deelnemende leer is ontwikkeling*

Die kultuur is die beste geskik om die inhoudelike van die religieuse praktyke in te bed. Deelnemende leer ontwikkel ‘n religieuse self. Die inhoudelike van die religieuse praktyk, in die geval die kategese, en die interaksie met die kultuur, help ontwikkel aan die religieuse self. Die ontwikkeling van die religieuse self sou die posisionering wees, van die katkisant, ten opsigte van geloof in God en terselfdertyd die posisionering teenoor die geloofsgemeenskap. Binne die kultuur en ontwikkeling van ‘n religieuse self is die individu 'n deelnemer in sosiokulturele praktyke (Hermans 2003:270). Dit beteken dat die ontwikkeling van die religieuse self nooit los gesien kan word van die sosiale omgewing van elke katkisant nie. Dit maak kultuur ‘a collectively produced instrument to direct human nature’ (Hermans 2003:283). Die bemeestering van die

kulturele konteks is die uitkoms van die ontwikkeling van die religieuse self wat plaasvind. Met ander woorde deelnemende kategese ontwikkel jongmense sodat hulleself tuisvoel binne die kulturele konteks. Elke individu se kapasiteit gaan optimaal gebruik word. Kapasiteit ontwikkel en sodoende vind ontwikkeling in die bemeestering van die kulturele konteks plaas.

Kultuur is ‘n krag wat verskillende uitwerkings op verskillende mense het. In die ontwikkeling van die religieuse self het hierdie krag ‘n wyse invloed. Elke katkisant se situasie verskil ook van die ander. Sekere gemeenskaplike ooreenkomste is waarneembaar. Party sal geïdentifiseer kan word, maar ander is individueel en moet ontdek word. Die kategese waar deelnemende leer plaasvind kan nie nalaat om hieraan aandag te gee nie.

Geskiedenis, die kulturele en institusionele agtergrond speel belangrike rolle in die totstandkoming van taalprosesse. Geloof uitgedruk as ‘n belydenis werk in taal. Indien ons die denkprosesse waaruit taal ontwikkel, wil verstaan, moet die bepalende kulturele, geskiedenis en institusionele praktyke in ag geneem word. Jongmense gaan ‘n eie, unieke geloofsbelydenis skryf, vanuit ‘n eie lewensverhaal gebed in die kultuur. Die belangrikheid hiervan mag nooit onderskat word nie. Hermans (2003:282) verduidelik dit soos volg:

> Alle menslike denkprosesse is nie eenders nie. Alhoewel dit in alle mense bestaan, is dit in voortdurende interaksie met die sosiokulturele invloede, wat op elke mens anders inwerk. Hierdie interaksie verskil van persoon tot persoon en dit dra by tot verskillende gevolge en reaksies op die invloede.

Alle sosiokulturele verandering het ook ‘n sekere vooruitgang wat dit deurloop. Daar is dus terselfdertyd geskiedenis en progressie betrokke by hierdie veranderings. Dit maak kultuur ‘a collectively produced instrument to direct human nature’(Hermans 2003:283). Dit bring mee dat ontwikkeling van die jongmens se bemeestering van die kulturele konteks uiters belangrik is vir deelnemende leer om te kan plaasvind. Die kategese moet ook bydra tot die bemeestering van die kulturele konteks.

### *1. 3.1.2 Deelnemende leer is in die sosiale gebed*

Deelnemende leer gaan plaasvind binne die groep van nege-en-twintig katkisante as deel van die sosiale konteks. Deelname in die sosiale gebed, impliseer dat mense betrokke is by ‘n aktiwiteit. Hierdie aktiwiteit bestaan uit ‘n sekere inhoud waarmee interaktief omgegaan word.

- Deelname het te make met die interaksie tussen die deelnemers terwyl hulle gesamentlik aan die leeraktiwiteit deelneem (Hermans 2003:275).
- Deelname beskryf ook die interaksie met die stof (inhoudelike) en simbole (taalbegrippe, houdings, waardes en norme) binne ‘n situasie (Hermans 2003:276).

Deur hierdie deelname gaan betrokkenes sekere inligting ontdek. Hierdie inligting bevorder sekere wysiging van gedrag, wat dan lei tot transformasie wat deur middel van die interaksie plaasgevind het. ‘Learning implies change in the nature of participation in a practice’ (Hermans 2003:276). Dit verryk deelnemende leer verder ten opsigte van die kategese wat uit interaktiewe aktititeite bestaan.

### *1.3.1.3 Deelnemende leer is bemiddellend*

Hier werk ek met die aanname dat weet en ken kontekstueel is. Dit beteken dat die sosiokulturele konteks die basis verskaf waaruit geken en geweet word. Hermans (2003:277) se afleiding is dat weet en leer domein gebonde is. Dit beteken dat die wyse waarop geleer gaan word, asook wat geleer word, dit is, wat op daardie tydstip beskikbaar is om te leer en waarmee geleer kan word.

Weet en leer is ook gebonde aan die gereedskap waaroor die leerder beskik, byvoorbeeld, die vaardigheid van die leerder met die gereedskap en hoe vertroud die leerder daarmee is. Die kultuur verskaf hierdie gereedskap tot leer. Hierdie vaardighede word nie passief ontvang nie, want daar bestaan ‘n wedersydse wisselwerking tussen gereedskap en leerder. Die gereedskap wat gebruik word, transformeer die hanteerder van die gereedskap. Daar is gelyktydig ‘n transformerende invloed vanaf die hanteerder na die kulturele gereedskap. Vanuit hierdie interaksie ontstaan die bemiddelling waar jongmense bemiddel tussen die gereedskap, die kultuur waarbinne dit gebed is, en jongmense as gebruikers van die gereedskap. Die

deelnemende kategese skep dus ‘n ruimte waarbinne jongmense met die gereedskap tot hulle beskikking geleentheid kry om interaktief, transformasie te ervaar.

#### *1.3.1.4 Deelnemende leer bestaan uit sinvolle aktiwiteite*

Die vierde vereiste vir deelnemende leer is dat daar deelgeneem gaan word aan ‘n sinvolle aktiwiteit waarby die praktyk betrokke is. Met deelnemende leer is die veronderstelling dat die deskundigheid deur die aktiwiteit geopenbaar word. Die fokus skuif weg van die leerder na die situasie waarbinne die leer gaan plaasvind. Hierdie leersituasie bestaan uit ‘n aktiwiteit, ander leerders, die ruimte van die leersituasie, die doel van die leeraktiwiteit, die tyd daaraan verbonde, asook die kulturele en institusionele konteks waarbinne die aktiwiteit plaasvind.

> ‘This implies that knowing and learning include everything in a given action situation….learning seen as participation in a meaningfull situation, is more than just cognitions; it includes the whole interrelationship of effective, motivational and social aspects as well’.
>
> (Hermans 2003:278).

Die vereiste wat na vore kom vir die kategese is dat dit op 'n sinvolle manier die bemeestering van die kulturele konteks, deur deelnemende leer te laat plaasvind. Deelnemende leer word ondersteun deur aksienavorsing daarin dat die deelnemers betrek word by die beskryf en oplos van die probleem rondom die navorsing.

### 1.3.2 Deelnemende aksienavorsing

Aksienavorsing het sy oorsprong in Engeland en was deur John Elliot gedryf (McTaggart 1997:67). Die uitgangspunt is van ‘personally constructed local knowledge’ teenoor algemene kennis wat binne ‘n sosiale wetenskap geformuleer is (McTaggart 1997:67). Aksienavorsing is die navorsingstrategie waarmee benaderings, wat werkbaar en verstaanbaar is, ontwikkel word sodat praktyke daarby kan baat.
Aksienavorsing poog om deur middel van die krag van refleksiewe denke, besprekings, besluite en aksies, die deelname van gewone mense te verkry vir kollektiewe navorsing oor sake wat algemeen voorkom (McTaggart 1997:81). ‘n Eksperiment is in 1920 gedoen by ‘n fabriek deur van aksienavorsing gebruik te maak.

Die nuwe personeel was in twee groepe verdeel. Die een groep het formele opleiding ondergaan en met die ander groep is ‘n aksienavorsingstrategie gevolg. Volgens Levin is die strategie om probleme te bespreek en dit dan op te volg met groepbesprekings. Tydens die groepbesprekings was die probleem bekyk en was daar gesamentlike oplossings gegenereer. Die pad vorentoe is bekyk en so word die beste oplossing van die probleem deur die groep gevind. Aksienavorsing behels die aktiewe deelname van mense om die probleem te beskryf en hulle deelname aan die oplossing daarvan (McTaggart 1997:82).

(i) In hierdie studie word ook van deelnemende aksienavorsing gebruik gemaak. Dit beteken dat jongmense wat aan die studie deelneem, se verhale en kennis boustene vorm van die studie (McTaggart 1997:6). Die deelnemende jongmense se ervaring van God in hulle lewens vorm deel van die konteks van waaruit die konstruering van ‘n geloofsbelydenis bespreek word. Tradisionele navorsing gaan van die standpunt af uit dat daar ‘n werklike wêreld bestaan wat akkuraat beskryf kan word (Gergen en Gergen 1991:86). Hierteenoor staan deelnemende aksienavorsing met die verantwoordelikheid en die gesag wat gedeel word tussen die navorser en die nagevorsde. Gergen (1994:86) noem dit “the sharing of power”.

(ii) Aksienavorsing beklemtoon verder dat die soektog in ‘n ander se wêreld uiteindelik ook ‘n eie reis van ontdekking vir die navorser word (Sears 1992:65). Deelnemende aksienavorsing kies as uitgangspunt ‘n vraagstuk of probleem wat in die individue se eie lewe voorkom (Janesick 1994:209). In hierdie geval, die skryf van ‘n geloofsbelydenis, as deel van die belydenisjaar. Die navorser word vir ‘n tydperk deel van die individue se lewe, leef saam met hulle en probeer om die lewens van die deelnemers van die studie te verstaan. Hierdie navorsing staan teenoor kwantitatiewe navorsing wat daarop gerig is om met groot getalle mense te werk sonder om by hulle betrokke te raak of om persoonlik met hulle in gesprek te tree.

(iii) Verhale van mense, as deel van die studie, speel ‘n baie belangrike rol en aksienavorsing kan dus ook as **narratiewe navorsing** bekend staan (Clandinin en Connelly 1991:60)

(iv) Narratiewe navorsing, vanuit ‘n sosiaal-konstruksionistiese diskoers, is meer as die oorvertel en die verstaan van die verhale van mense. Dit behels ook die **dekonstruksie van dominante** verhale oor God, waarmee jongmense dikwels sit en wat hulle verhinder om in ‘n lewende verhouding met God te tree. Verder behels dit die **posisionering** van die verhaal binne samelewingsdiskoerse oor God, die **dekonstruksie** van samelewingsdiskoerse wat die verhaal beïnvloed, en die **ontwikkeling van alternatiewe verhale**.

(v) Kaye (1990:nege-en-twintig) beskryf deelnemende aksienavorsing as ‘n hermeneutiese proses. Hiermee word die verhale van deelnemers gedekonstrueer om temas, aannames, en metafore, wat ingebed is in hulle eie verhale, raak te sien. Dit bring mee dat diskoerse verhelder en geëvalueer kan word. Deelnemende aksienavorsing is dus die dekonstruksie van diskoerse deur deelnemers en die navorser, om te probeer verstaan hoe taal sosiale interaksie en sosiale werklikhede oor God skep. Navorsing wat hieruit voortvloei, produseer, eerder as wat dit voorspel, dit is skeppend, eerder as wat dit verteenwoordigend is (De Klerk 2002).

Deelnemers ontdek dat eie geloofsoortuigings gevorm was deur preke, ouers, vriende en ander belangrike volwassenes in hulle lewe. Vanuit hierdie kulturele agtergrond het die katkisant ‘n eie beeld van God gevorm. Die bevrydende gedagte dat hierdie gevormde godsbeeld kan ontwikkel, groei en verander, het ook by die katkisante posgevat.

Diskrepansie (Van der Spuy 2000:20), refleksie (McNamee & Gerken 1992:17) en dekonstruksie, help die jongmens om te waag om hulle godsbeeld verder te ontwikkel.

- Diskrepansie wys die teenstrydighede en onderlinge afwykings in metafore, oor God uit. Uiteenlopende godsbeelde wat deur een jongmens aanvaar word en dikwels verwarrend inwerk op die verstaan van God, word nou as onsamehangende beelde vir die jongmense uitgewys.
- Reflektering konsentreer op die innerlike dialoog oor dade, gevoelens en denke. Die dialoog word geëksternaliseer deur vrae wat aan die innerlike

dialoog gestel word. Die fokus val op die volgende drie terreine (Brockbank, McGill, Beech 2002:25,26).

(i) Die verbeterings wat plaasgevind het, met die doel om te ondersoek wat die verbeterings bewerkstellig het.

(ii) Die transformasies wat plaasgevind het, om sodoende weerstande teen verandering te identifiseer.

(iii) Die leer wat plaasgevind het, te bepaal.

- Dekonstruksie beklemtoon die onbepaaldheid van betekenisse. Dit bevraagteken die vooropgestelde opvattings oor God, asook die veronderstellings waarop die opvattings berus. Juis deur middel van dekonstruksie kom deelnemers aan die woord as mense se woord oor God.

Die dialoog, om godsbeelde verder te ontwikkel, was gevoer na aanleiding van die teenstrydighede wat geïdentifiseer is en bevraagtekening van bestaande opvattings oor God, en die reflektering daaroor. Die dialoog was in die kulturele konteks van jongmense ingedra deur, met bogenoemde drie prosesse, verskeie gesprekke met ander belangrike rolspelers, buite die kategese konteks, te hê. Ons kan praat van veelvuldige stories waarna geluister was. Hierdie studie wil geloofsontwikkeling bevorder daarom is die omskrywing van geloofsvolwassenheid wat volgende bespreek word van belang

### 1.3.3 Geloofsvolwassenheid

Volgens die HAT, beteken die woord ‘ontwikkel’ die volgende: eerstens beteken dit om tot volle groei te bring. Dit kan ook tweedens die geleidelike groei na ‘n spesifieke vorm beteken. Die klem kan ook val op verwerwing van kennis sodat daar breinontwikkeling kan wees. Met hierdie verklarings as agtergrond wil ek met die ontwikkeling van geloof die volgende sê: Ontwikkeling van geloof is die geleidelike groei wat plaasvind deur kennis te verwerf. Die proses van geloofsontwikkeling het die volwasse word van geloof ten doel. Geloofsvolwassenheid is volgens Louw (1993:293) waarneembaar uit die volgende vier kwaliteite nl. soteriologiese, etiese, eskatologiese en koinoniale kwaliteite.

(i) Die soteriologiese wat ‘n sekere mening of standpunt oor Christus handhaaf

(ii) Die etiese bepaal my optrede. Die rol van gawes en die Heilige Gees wat saamkom om aan ‘n voornemende gedrag gestalte te help gee word beklemtoon.

(iii) Die eskatologiese het te doen met die hoop wat daar in die harte van jongmense leef. Hierdie hoop word deur die Bybel en die denke oor God gevestig. Hierdie hoop dra by om sin aan die lewe te gee.

(iv) Koinonia is die ondersteuning wat jongmense beleef binne die gemeente.

Bogenoemde sake, naamlik deelnemende leer, deelnemende aksienavorsing en geloofsvolwassenheid, vorm die fokus van die navorsing. Die doel is om deur middel van deelnemende leer saam met jongmense deel te neem aan ‘n proses waar daar op ‘n sosiale, konstruktiewe manier geloofsontwikkeling plaasvind wat vorm gee aan ‘n eie unieke belydenis wat individueel ontwikkel. Ten einde hierdie doel met die navorsing te bereik gaan daar van ‘n sekere metodologie wat volgende beskryf word, gebruik gemaak word.

## 1.4 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Metodologie is die begrip wat gebruik word om die wetenskaplike ondersoekmetodes aan te dui waarmee metodes, waarvolgens die praxis geskied, bestudeer word (Pieterse 1993:4). My navorsingsmetode was om in die gemeente, binne die kategese, ‘n ruimte te skep waarbinne die katkisante deel uitgemaak het van die proses van kategese met die oog op geloofsontwikkeling. Met my navorsing sê ek hoe ek tydens die studie gedink het en verduidelik watter denkraamwerk ek gekies het waarvolgens ek die navorsingspojek aangepak het. Die raamwerk bestaan uit die postmoderne benadering as vertrekpunt wat die sosiale konstruktivisme ondersteun. Verder word aksienavorsing as benadering van die studie bespreek en die prosesse wat by kwalitatiewe navorsingsbenadering gebruik was, toegelig.

### 1.4.1 Postmoderne benadering

Ek kies 'n *postmoderne benadering* as die vertrekpunt van die studie met 'n sosiale-konstruktivistiese benadering as navorsingsepistemologie. Dit beteken dat hierdie studie nie 'n empiries-objektivistiese (modernistiese) navorsingsprojek is nie. Dill (1996:21) verwys na hierdie modernistiese paradigma as 'n 'standaard-wetenskapsmetode'. Hy verduidelik hierdie paradigma deur te sê: 'Een of ander probleemstelling word as 'n hipotese gestel en dan moet die hipotese as waar of onwaar bewys word'. Dit beteken dat aan die einde van 'n modernistiese studie 'n gevolgtrekking gemaak word dat die studie objektief uitgevoer is en die gegewens (resultate) die absolute waarheid is (Efran & Lukens 1988:28; Kaye 1990:27-37). Die slotsom van hierdie benadering is dat daar net een siening as korrek beskou kan word (Griffith & Griffith 1990:16).

Kaye (1990:29) bevraagteken hierdie 'logies-empiriese paradigma' as navorsingsmetode. Die gevolgtrekking is dan dat daar nie aanspraak op absolute waarheid gemaak kan word nie (Griffith & Griffith 1990:12; Kaye 1990:28). Derhalwe kan 'n navorser nie '*ware* prentjies van die *werklike* wêreld' (De Jong van Arkel 1987:61) konstrueer nie. Volgens Dill en Kotzé (1996:7) kan daar nie 'n objektiewe gevolgtrekking gemaak word nie. Bogenoemde gevolgtrekking skep die ruimte vir gekonstrueerde belydenisse as verwoording van jongmense se geloof in God.

### 1.4.2 Sosiale konstruktionisme

Wat die sosiaal-konstruktionisme benadering betref, is Schwandt (1994:125) en Gergen (1994:76) van mening dat konstruktioniste die wêreld waarin hulle woon, kan verstaan indien hulle dit interpreteer. Dit beteken dat 'n konstruktionis interpreteer wat waargeneem word en dit weergee as 'n eie konstruksie van die werklikheid. Taal word gebruik om *kennis* en *waarheid* van die werklikheid te skep (konstrueer). Epistemologies beskou, is alles wat gesê en geskryf word konstruksies van mense. Die resultaat hiervan is dat *kennis* en *waarheid* 'n mens se eie ervaring en persoonlike waarneming van die werklikheid is (Von Glasersfeld 1991:12). Tussen menslike waarneming (ervaring) en taal bestaan 'n nou band (Steier 1995:163). As gevolg van

menslike waarneming vind ‘n interpretasieproses (verstaansproses) in ‘n mens se denke plaas wat geïnternaliseer word.

Gergen en Gergen (1991:81,93) beweer dat menslike waarneming (kennis van die werklikheid) ‘n belangrike rol in (postmoderne) navorsing speel. Deur middel van die navorser/deelnemer se konstruksies in taal, is die navorser in navorsing teenwoordig (Schwandt 1994:125; Steier 1991:164). Daarom kan gesê word dat ‘n navorser en deelnemer(s) *nie blote objekte* van ‘n navorsingsprojek is nie. Persone wat deel van ‘n navorsingsgroep vorm en die werklikheid waarneem en dit in taal konstrueer, kan deelnemers en waarnemers (van die werklikheid) genoem word (Denzin Lincoln 1994:576). As navorser is ek self ‘n (mede)deelnemer en ‘n waarnemer. ‘n Derde komponent van die navorsingsmetodologie is aksienavorsing en dit word volgende bespreek.

### 1.4.3 Aksienavorsing

Aksienavorsing berus juis onder andere op deelneming as uitgangspunt. ‘Sharing in the way research is conceptualized, practised and brought to bear on the life and world’ (McTaggart 1997:28). Om deelname te kon bewerkstellig, moes daar sekere voorwaardes uitgeklaar word. Drie gedagtes is daarom baie belangrik in die studie, naamlik groepdeelname, gesamentlike besluitneming en 'n verbintenis tot verbetering. 'n Verdere voorwaarde is dat alle deelnemers navorsing vir hulleself doen. Deelname is om mee te werk aan iets, en deelnemers as persone wat deelneem aan iets, is lede daarvan.

Deelname impliseer ook eienaarskap. Eienaarskap vir die kennis en verbetering van 'n praktyk. Die volgende is van belang:

(i) Die bepaling van die rol in die vasstelling van die agenda van die navorsing. Vrae wat voor die aanvang van die groepbyeenkomste uitgedeel was, het elke katkisant die geleentheid gegee om alreeds hulle mening te verwoord.

(ii) Die rol wat elke katkisant sou speel in die versameling van inligting was vrywillig, sonder dwang. Die inhoudelike temas wat tydens die

byeenkomste behandel sou word, is deur die groep self bepaal. Hulle moes self na die beduidende persone gaan wat deur hulle geïdentifiseer is, om inligting oor die vraag ‘Wie is God vir jou?’, te gaan insamel. Die keuse van metafore vir God en die narratief waarbinne hulle die metafoor wou gaan gebruik, moes hulle self bepaal. Die stelsel van begeleiers het daartoe bygedra dat die inligting hulle eie is en nie dit wat die leraar van hulle verwag nie.

(iii) Verder moes elke deelnemer kontrole verkry oor die gebruike van die uitkomste en die proses. Dit was gedoen deur elkeen afsonderlik voor die groep geleentheid te gee om die metafore waarmee hulle oor God werk, asook die keuse vir die metafore wat gemaak is en ook hoe dit van toepassing op hulle eie lewe is te deel.

### 1.4.4 Kwalitatiewe navorsingsbenadering

Van kwalitatiewe navorsing sê Denzin en Lincoln (1994:2):

> ‘Qualitative research is multimethod in focus, involving interpretive, naturalistic (local) approach to its subject matter.... This means that....researchers study things in their natural (local) settings attempting make sense of, or interpret....the meanings people bring to them....Qualitative research involves....personal experience and....life stories. Researchers use semiotics, narrative....hermeneutics....deconstructionism and participants observation....The word qualitative implies an emphasis on processes and meaning....’

Wat kwalitatiewe benadering vir my studie relevant maak, is die bydrae van deelnemers se waarneming en konstruering van die geloofsbelydenisse (ervaring). Die deelnemers in hierdie navorsing is spesifieke persone, katkisante tydens die finalejaarsgroep. Die bydrae van deelnemers veronderstel volgens Denzin en Lincoln (1994:2) verskeie prosesse. Ek bespreek vervolgens ‘n paar prosesse van belang vir die navorsing.

### 1.4.5 Verskillende prosesse wat deel uitmaak van die kwalitatiewe navorsing

Die prosesse in kwalitatiewe navorsing waarna Denzin en Lincoln (1994:2) verwys, is onder andere die interpretasieproses, die waarnemingsproses, die dekonstrueringsproses, die verstaansproses en die gespreks- en ko-konstruksieproses. Die verstaans-, gespreks- en ko-konstruksieproses loop hand aan hand met die hermeneutiese proses

Volgens Bawden (1995:19-20) is die **leerproses** in navorsing waar beide die navorser as deelnemer uit die navorsing, maar ook die mede-deelnemers (in hierdie geval katkisante in die finalejaarsklas) daarby baat. Dit impliseer dat deelnemers aktief by die navorsingsprojek betrokke kan bly wanneer hulle met hul woorde (taal) betekenis en verstaan konstrueer. Deelnemers se deelname aan gesprekke vorm dus deel van die navorsingsproses. Sodoende word navorsing vir beide navorser en deelnemer ‘n leerproses, terwyl hierdie leerproses tegelykertyd ‘n navorsingsproses is (Bawden 1995:19-20; Guba & Lincoln 1994:111; Schwandt 1994:126). In effek beteken dit dat die deelnemers van mekaar kan leer, en ook die deelnemers van die navorser sowel as die navorser van die deelnemers (Schwandt 1994:126).

Daar bestaan dus ‘n voortdurende onderlinge **gesprek** tussen die navorser en die deelnemers. Die voortdurende onderlinge gesprek wat tydens die navorsingsproses tussen die navorser en deelnemers plaasvind, kan ‘n ko-konstruksieproses genoem word (McLean 1997; Steier 1991:179). Die ko-konstruksieproses is as gespreksproses deel van die navorsingsproses (Steier 1991:170). Die ko-konstruksieproses kan ook eksplorerende en reflekterende gespreksprosesse tussen ‘n navorser en deelnemers genoem word. Deur middel van hierdie reflekterende gesprekke word kennis gekonstrueer.

Die weergee van kennis geskied deur taal. Dit beteken dat **reflektering** deur middel van taal betekenis aan ‘n mens se lewe gee (Kotzé 1994:27,35). Mense leef in taal, ervaar en neem waar in taal (Maturana & Varela 1987:46,47). Reflektering (in taal) kan deelnemers help om hulself en ander te verstaan. Vir katkisante en leraar om mekaar te kan verstaan, is onderlinge ko-konstruksie-gesprekke (prosesse) en taal

nodig (Tyndale 1990:24; Ballard 1994:9). Sodoende word geloofsbelydenissse geformuleer, binne die sosiale konteks van die katkisante. Volgens Gergen en Gergen (1991:93) bevorder ko-konstruksie die verstaansproses van dit waarmee die navorser en die deelnemers besig is. Bawden (1995:18) verwys na navorsing waarin deelnemers aan onderlinge gespreksprosesse deelneem en ontwikkeling beleef, as aksienavorsing**.**

Volgens Denzin en Lincoln (1994:2) is **dekonstruksie** ook een van die prosesse van kwalitatiewe navorsing. Dekonstruksie kan beskou word as die skep van alternatiewe en versteekte betekenisse (Dill & Kotzé 1996:21; Hare-Mustin & Marecek 1988:462). Met dekonstruering vind daar dus ‘n aanvulling, ‘n byvoeging en uitbouing van alternatiewe betekenisse plaas. Die skep van betekenis en verstaan realiseer deur middel van onderlinge gesprek. Hierdie gesprek word ‘n dekonstruksie gesprek genoem.

In hierdie tipe gespreksvoering speel Tomm (1987) en White (1991) se **vraagstellingsmetodiek** ‘n beduidende rol. Hierdie soort vraagstelling dui nie op blote versameling van inligting nie (Anderson & Goolishian 1991:383), maar fokus eerder op verstaan, betekenis en interpretasie. Vraagstelling op hierdie manier is myns insiens belangrik, omdat dit ‘n bydrae tot die dekonstruksieproses kan lewer in soverre dit alternatiewe metafore en geloofsontwikkelingsmoontlihede skep. Die voortdurende dekonstruering van sosiale konstruksies kom neer op wat Boyd (1993:370) met die woordkonstruk ’reframing’ bedoel. In aansluiting hierby ondersteun Hare-Mustin en Marecek (1988:455) die gedagte dat dekonstruksie ook deur middel van *reframing* kan plaasvind. Hare-Mustin en Marecek gebruik die voorbeeld van adolessente wat op hulle eie manier besig is om deur hul optrede ‘n situasie en gebeure deur middel van taal te ‘*reframe*’, te rekonstrueer, om alternatiewe en versteekte betekenisse na vore te bring. Die gedagte van White (1991:121) dat dekonstruksie ‘n proses is wat te doen het met die omverwerping (beëindiging) van dit wat as vanselfsprekende realiteit(e) en praktyk(e) aanvaar word, sluit hierby aan met byvoorbeeld die beëindiging van die magsdisposisie (verhouding) wat tussen katkisante en leraar bestaan.

Binne dié praktyk, van die huidige kategese *beplan die leraar inhoud van die kategese* en verhoed dat die katkisante meedoen. In die studie se geval, sou dit beteken geen bydrae aan die samestelling van die inhoudelike van die kategese tydens die finalejaar

nie. Die volgende skrywers ondersteun almal die gedagte van deelname (Hoffman 1992:15; Hare-Mustin & Marecek 1988:455; Kotzé 1994:42-44; 112-128). Deur middel van 'dekonstruktiewe omverwerping' van die magsdisposisie (tussen leraar en katkisante) as 'vanselfsprekende praktyk' van hierdie studie, kan adolessente bemagtig word en kan daar 'n groepsgespreksverhouding geskep word. So kan 'n alternatiewe verhouding tussen katkisante en hulle leraars tot stand kom. Freedman en Combs (1996:46,50) is van mening dat dekonstruktief geluister word wanneer jy 'n eksternaliserende gesindheid het. Hierdie gesindheid kan ook 'n 'not knowing' gesindheid genoem word.

Eksternaliserende gesprek '....consists of a dialogue that objectifies problems rather than persons. This opens space for an empowering relationship between a person and a problem....[and] can separate a person from....shame and guilt....' (Freeman & Lobovits 1993:189). Hoewel die gebruik van eksternalisering as 'n terapeutiese hulpmiddel beskikbaar is, kan dit ook met groot vrug in die kategese gebruik word. Dit bevorder die aard van gesprekke tussen leraar en katkisante. Hieruit is dit duidelik dat onderlinge gespreksprosesse tussen katkisante en leraar begin kan word deur onder andere van die eksternaliseringsproses van White (1998:11) gebruik te maak. Hoewel Denzin en Lincoln (1994:2) se beskrywing van kwalitatiewe navorsing nie van die eksternaliseringsproses melding maak nie, is dit na my mening in die dekonstruksieproses van belang.

Voordat ek die term eksternalisering verduidelik, wil ek eers verduidelik hoe dit met kwalitatiewe navorsing en die verskillende prosesse, onder andere die dekonstruksieproses, verband hou. Ek het tevore aangedui dat prosesse by kwalitatiewe navorsing 'n rol speel. Uit die gekonstateerde inligting is dit duidelik dat die ko-konstruksieproses (onderlinge gespreksproses) en die dekonstruksieproses deel van kwalitatiewe navorsing is. Tydens die navorsingsprojek word onderlinge gespreksprosesse deur my as fasiliteerder geskep. Hierdie ko-konstruksieprosesse maak van al die deelnemers gelyke gespreksgenote deur die magsdisposisie aan te spreek. Om betekenis (verstaan) te skep word tydens die onderlinge gespreksprosesse ook van die dekonstrueringsproses gebruik gemaak. Woorde (taalkonstruksies) word voortdurend gedekonstrueer. Terselfdertyd word geloof en geloofsoortuigings ook gedekonstrueer deur middel van onderlinge gesprek en eksternalisering.

Eksternalisering is die proses wat ‘n saak buite (ekstern) ‘n persoon stel met die hulp van ‘n metafoor. Hier moet in gedagte gehou word dat onderlinge gesprek ook as ‘n metafoor kan funksioneer (Veltkamp 1988:176-180). In effek beteken dit dat die *probleem* wat in hierdie studie aangespreek word, naamlik *die sosiale konstruksie van geloofsontwikkeling*, deur middel van onderlinge gesprek ge-eksternaliseer kan word en kan nuwe betekenis vir katkisante geskep word. Sodoende kan die eksternaliseringsproses tot die dekonstrueringsproses van die geloof en geloofsontwikkeling aanleiding gee.

Steier (1991:164) beklemtoon myns insiens ‘n verdere proses in kwalitatiewe navorsing, naamlik die **narratiewe** proses, wanneer hy sê:

> ‘....[W]e create our research worlds through stories as experiences....(?) we might consider, as part of a research process, the stories through which we see....I shall relate several stories, in the form of a "true" folk account and two research encounters, through which issues in constructionist research and reflexivity emerge....as Bateson (1979) did (?) when enveloping the connectedness of our story-making in an ecology of mind, I shall argue(?) for a development of an ecological constructionism as a reflexive and contextualmode of research’.

Die narratiewe proses is ‘n proses van taalkonstruksies oor iemand se lewenstorie. Tydens gespreksessies kan die deelnemers hulle geloofstories vertel. Die vertel van ’n storie kan begin word deur van eksternaliserende hulpmiddels gebruik te maak. Die lewenslyn en vraagstelling is tydens hierdie studie gebruik. Dit kan terselfdertyd ook bydra tot die dekonstruering van magsdisposisies (White 1991:29). Hierdie navorsingsmetodologie word met prosesse aan die gang gesit, wat volgende bespreek word.

## 1.5 NAVORSINGSPROSES

Die studie gaan oor ‘n deelnemende proses van ‘n groep van nege-en-twintig jongmense wat met waagmoed hulle vermoë, vaardighede en geloofsoortuigings gebruik het om ‘n persoonlike geloofsbelydenis te ontwikkel. Vir die jongmens om te kan waag is dit nodig om aan die jongmens ‘n veilige omgewing te bied. Verder moes

die geleentheid daar wees sodat jongmense voortdurend kon definieer, en almal gelykwaardig kon insette gee.

Hiervoor was die kategese uiters geskik. Die uitdaging was om die kategeseproses te omskep in 'n pastorale handeling wat jongmense sou help om die Christelike geloof deel te maak van hulle lewe. Die byeenkomste was so gestruktureer dat daar aan verskeie sake reg kon laat geskied. Sake soos die proses wat ruimte gee vir jongmense om self te kan formuleer aan ‘n geloofsbelydenis. Die belang van elke jongmens se lewenstorie in die geloofsontwikkeling. Die keuse vir ‘n werkwyse waarbinne geloofsontwikkeling kan plaasvind.  Hierdie sake sou as basis en rigtingwysers dien vir die proses.

### 1.5.1 Hoe ‘n proses aan die gang gesit word waar jongmense self kan ontwikkel /skep en formuleer wat hulle glo

Die kerk is deur die eeue die instansie wat vashou aan sekere waarhede. Die belydenisskrifte, ‘Drie formuliere van enigheid’, word voorgehou as die samevatting van hierdie uitgesoekte waarhede. Tot onlangs was leraars in die Ned Geref Kerk verplig om uit die kategismus te preek, om sodoende die lidmate bewus te maak van die waarhede wat vervat is in die belydenisskrifte. Elke Ring moes hieroor kontrole uitoefen deur gemeentes te vra om hieroor verslag te lewer. Juis hierdie uitgesoekte waarhede was ook vervat in die leerstof van die kategese. Hierdie uitgesoekte waarhede word aan lidmate voorgehou as iets wat vir ewig vasstaan. Jarelank was ‘Die katkisasieboek’ (Goenewald 1970) gebruik, wat gebaseer was op die Formuliere van Enigheid. Sodoende was die vasgelegde leer wat voorgeskryf word en waaraan almal gebind word deur die proses van kategese, oorgedra en voorgeskryf. Wanneer lidmate belydenis van geloof aflê, word daar pertinent hierna verwys met die vraag: ‘en in die artikels van die christelike geloof vervat is, die ware en volkome leer van saligheid is …’ (ASK 1988:78). Om reg aan die navorsing te laat geskied skuif die fokus van die voorskrifte van die kerk na die katkisant binne die kategese. Hulle lewenstories gaan meespreek binne die kategese. Verder gaan die geloofsontwikkeling binne hierdie studie aandag kry, deur middel van ‘n voorgestelde werkswys.

### 1.5.2 Die fokus op die lewenstorie van jongmense

Die vraagstuk fokus op die lewenstorie van jongmense as ‘n samestelling van sensasies, stimuli, transaksies, wat beide bewustelik en onbewustelik deur denkprosesse in storievorm gegiet is. Metafore, as deel van die storie van elke jongmens, bestaan ook ten opsigte van God. Hierdie godsmetafore kan ook godsbeelde genoem word en ontstaan vanuit ‘n lewenstorie wat ontvou vanaf die kinderjare met ‘n eie uniekheid. Die uniekheid vind ons onder andere in die gebruik en keuses vir metafore. In die groep finalejaars kom elke jongmens se metafore in kontak met ander se metafore. Daar vind ‘n wisselwerking plaas wat lei tot potensiële groei en ontwikkeling. Die navorsing wil ‘n voorstel maak oor hoe die etiek as skakel kan dien tussen die lewenstorie en die geloofsgemeenskapstorie. So kan beide die lewenstorie van jongmense en die geloofsgemeenskap se storie verrykend op mekaar inwerk.

### 1.5.3 Die klem val op verhoudings

Om die navorsingsvraag te beantwoord wil ek ‘n verhoudingsbenadering volg. Die klem skuif vir my van kennis na verhoudings. Die regte verhouding sou gebaseer wees op ‘n etiese uitgangspunt. As voorbeeld kan die volgende gebruik word om die verhouding tussen kennis en toepassing daarvan, met die oog op beter verhoudings, te verduidelik. Die kenmerke en behoeftes van die katkisant sluit vir ons die wêreld oop van waar jongmense hulle ten opsigte van vraagstukke bevind waarmee hulle in dialoog verkeer. Die uitdaging lê vervolgens by die Ned Gerf Kerk om ruimte te maak vir jongmense. Hierdie ruimte is ‘n omgewing waar hulle kan eksperimenteer met hulle vrae en oplossings in hulle spirituele soektog (Davis 1986:269). Die ruimte bestaan binne die kerk, maar hedendaags is die ruimte swak toegerus vir hierdie doel vanweë die modernistiese inrigting daarvan. My navorsing is ‘n poging om hierdie ruimte beter te benut. Die fokus van die studie is om die inrigting van die kategetiese ruimte sodanig te wysig dat daar plek is vir belewenisse, deelname, die gebruik van metafore, vir God, en die eksperimentering met formulerings oor geloofsinhoude. Die inrigting van sodanige ruimte sou pastorale inhoud bevat wat op ‘n begeleidende manier na vore kom. Deur dialoog saam met jongmense binne die kerk te voer word wegbeweeg van ‘n praat oor die jeug en praat van die kerk tot ‘n proses van gesprekke oor God en geloof in Hom. Die gesprekke bied die geleentheid om saam met elke

katkisant ‘n ruimte te konstrueer vir ‘n eie geloofsontwikkeling. Die kategese is geskik vir so 'n dialoog en daarom wil ek eers die kategese as ruimte van nader belig. Die studie stel ‘n benadering voor om vanuit die lewenstorie van jongmense ‘n persoonlike geloofsbelydenis, oor ‘n verhouding met Jesus Christus, te ontwikkel. Daar word met die aanname gewerk dat, indien katkisante ervaring van God binne hulle lewenstorie beleef, hulle geloof in God as ‘n sinvoller geheel sal beleef.

### 1.5.4 Die proses vir geloofsontwikkeling tydens die finalejaarskategese

Die begeleiding om ‘n eerlike, outentieke geloofsbelydenis te ontwikkel wat gesitueerd was binne die katkisante se lewenstorie, word prakties behandel. Die proses is gefasiliteer waar ‘n groep van nege-en-twintig jongmense met waagmoed hulle vermoë, vaardighede en geloofsoortuigings gebruik het om ‘n persoonlike geloofsbelydenis te ontwikkel. Waagmoed tree slegs na vore indien jongmense die omgewing veilig genoeg ervaar om te waag. Verder moes die geleentheid daar wees dat die jongmense voortdurend kon definieer wat hulle glo en waarom hulle glo. Die groepslede kon gelykwaardig insette lewer op mekaar se pogings. Die kategese is geskik daarvoor. Die geleentheid om die kategeseproses te omskep in 'n pastorale handeling wat jongmense sou help om die Christelike geloof deel te maak van hulle eie lewe, was deel van die proses. Die byeenkomste was so gestruktureer dat daar aan verskeie sake reg kon laat geskied. Hierdie sake sou as basis en rigtingwysers dien vir die proses. Sake soos vooggroepe, tuisopdragte, deelname, gebruik van vrae, die begeleidingsproses, wat insluit die voorafkennis van elke katkisant, die beginsel van reflektering, die leerproses, die bed van die proses in sosiale konstruksieteorie, die rol van die Heilige Gees, geloof en die sosiale konteks, is behandel. Dit word verder bespreek in hoofstukke 4 en 5. Hierdie jaar sou die finalejaars, op grond van die narratiewe beginsel (Steier 1991:164) waar elke persoon die kenner is van sy/haar eie lewe, met eie vaardighede, talente, vermoëns en geloofsoortuigings, in staat gestel word om ‘n eie, unieke belydenis te skryf.

### 1.5.5 Die werkswyse ontwikkel waarbinne geloofsontwikkeling in die lewe van die jongmens, binne die kategese, gesitueer word

Een van die metodes wat ontwikkel was as deel van die werkwyse vir ‘n geloofsontwikkeling by die jongmens was die lewenslyn. Die lewenslyn kon vanuit ‘n terapeutiese hoek (Müller 1996:117) benader word, maar dit sou nie reg aan die kategese laat geskied nie. Ek bekyk die lewenslyn (Tielemann 1993:25-6) as metode vir die geloofsontwikkeling by die finalejaar katkisant. Hierdie lewenslyn het as ‘n ontwikkeling uit die groepe ontstaan. Die studie fokus op die kategese en het daarom ‘n ander fokus as terapie. Hoewel dit baie na aan mekaar kom met die gesprekke tydens die bespreking van die lewenslyn, is die bedoeling, in die eerste plek, nie om terapie te doen nie. Tielemannn (1993:25) gee die volgende inligting oor die lewenslyn as deel van die pastorale begeleiding:

- Hy fokus op die pastorale sorg as deelnemende pastoraat en daarom sluit ek ook by die pastorale aan met die gebruik van die lewenslyn. Putman (1998:195) het ‘n ondersoek gedoen met teologiese studente wat gehandel het oor die godsbeeld wat by elke student teenwoordig is; hoe dit ontstaan het en wat daarmee gebeur in die geloofslewe van die student. Die bespreking van die lewenslyn het duidelik die tendens ook onder die jongmense uitgewys.

Die Christelike godsdiens werk met die transformasie (Moore 2004:4) van die mens se lewe wat nie aan God toegewy is nie, na ‘n lewe van toewyding aan God. Jongmense het die lewenslyn gebruik om ook hulle eie transformasie te ondersoek.

Conn (1998:132) werk vanuit die persoonlike ontwikkeling wat plaasvind, indien pastorale terapie en geestelike begeleiding in die transendering van die self gebed word. Die ondersoek fokus nie op die transendente self nie (De Lange 1993:73). Dit sou as ‘n studie vir verdere ondersoek kon dien. Ek gebruik Conn (1998) as bron om aan te toon dat die bespreking van ‘n lewenslyn die lewe van die jongmens beduidend beïnvloed en deel is van die geloofsontwikkeling wat die katkisant ondergaan. Die verandering vind plaas op kognitiewe vlak, emotiewe vlak, morele vlak en religieuse vlak.

Die fokus vanuit die kategese is hoe die jongmens kan word, wat hy/sy nog nie is nie (Van de Spuy 2000:14). Vir die belydenisontwikkeling open hierdie benadering die

moontlikheid om in die onderrig vanuit die pastoraat, begeleidend met die jongmens om te gaan. Die jongmens se vrye beslissing oor die verhouding met God, Christus, die Bybel, die kerk en die wêreld staan sentraal. Die studie gaan oor die optimale vryheid van die katkisant. Hierdie vryheid word wel in aanraking met Christus gebring via die Bybel, die kerk en die geloofsgemeenskap, maar nie outoritêr, indoktrinerend of dwingend nie. Dis nie ‘n konfrontasie nie, maar ‘n ontmoeting tussen eie ervaring en die tradisie van die kerk (Müller 1996:174).

Hierdie ontmoeting(s) word deur die lewenslyn weerspieël. Hierdie spieël bied aan die jongmens die geleentheid tot refleksie en posisiebepaling. Die posisiebepaling bly ‘n voortgaande proses. Die lewenslyn beeld die evangelie voortdurend in samehang met die mens uit. In die geloofsonderrig bou daar spanning op tussen die vryheid van keuse en om ‘n verhouding met God te hê. Die katkisant word voor die besef gebring (op ‘n nie- indoktrinerende wyse) dat dit gaan oor God se bevrydende handelinge met die wêreld en ek as deel van die wêreld. Vygotsky (1967:60) glo dat volwassenes en kinders in die meeste omgewings saamwerk om die kind geleidelik van sy aanvanklike vlak van bemeestering na die hoogste vlak van onafhanklike funksionering wat die kind kan bereik, te laat vorder. Die proses begin waar die volwassene aanvanklik die meeste van die kognitiewe funksies uitvoer. Dit word gevolg deur 'n fase waar die kind en die volwassene verantwoordelikheid deel. Uiteindelik sal die kind in staat wees om onafhanklik te funksioneer. Dit is juis by die onafhanklike geloofsfunksionering waar die belydenisontwikkeling wil uitkom. Die kind word wel uitgedaag na 'n hoër vlak van funksionering, maar dit geskied altyd met ondersteuning. Die kind word nooit buite sy sone van naaste ontwikkeling uitgedaag nie (Van der Spuy 2000:15). Die lewenslyn bied ‘n metode om hierdie kategetiese beginsels te realiseer in die katkisant se poging om ‘n eie geloofsbelydenis te konstrueer.

### 1.5.6 Kritiese refleksie of die doel bereik is in die navorsingspojek.

Ten slotte word die vraag weer gevra of die proses daarin kon slaag om jongmense te begelei om ‘n eie, eerlike/outentieke geloofsbelydenis te ontwikkel wat nie bloot ‘n bevestiging van ‘n voorgeskrewe belydenis is nie. Die slothoofstuk gee hieraan aandag. Ook of die proses geloofsontwikkeling deelnemend met die "finalejaarskatkisant" gedoen het, deur dit gesitueer te kry binne hulle lewenstories,

sodat dit tergelykertyd die geloofstorie van die geloofsgemeenskap sowel as 'n eie lewenstorie insluit.

My bydrae bekyk die vraag, naamlik: ‘Hoe kan ‘n proses aan die gang gesit word waar jongmense self kan ontwikkel/skep en formuleer wat hulle glo?’ Dit behels dat die kategese katkisantgesentreer word. Tot dusver was die kategese ‘n oorhaal tot ‘n sekere standpunt en uitgangspunt - sodat daar tot geloof gekom kon word - dit wil sê om die proses oop te maak vir katkisante sodat daar meer eienaarskap geneem word en dat dit nie net die inkoop op voorskrifte is nie. Vervolgens word die kategeseproses bespreek. Dis nie net die navorsing wat deur middel van ‘n sekere voorgestelde proses gaan nie, ook die kategese volg ‘n proses wat verskil van die vorige jare en dit word volgende bespreek.

## 1.6 KATEGESEPROSES

Sake soos vooggroepe, tuisopdragte, deelname, gebruik van vrae, die begeleidingsproses, wat die voorafkennis van elke katkisant insluit, die beginsel van reflektering, die leerproses, die bed van die proses in sosiale konstruksieteorie, die rol van die Heilige Gees, geloof en die sosiale konteks, word bespreek in Hoofstukke 4 en 5. Die praktyk van die kategese word in hoofstuk 6 bespreek.
Die proses het tot gevolg, dat God saam ontdek en gekonstrueer word en daarmee saam ook geloof en belydenis. Die volgende sake word genoem as deel van die proses:

- die luister na die gesprekke van jongmense binne die vooggroep sowel as in die groot groep,
- die saamreflektering oor die gesprekke,
- die optekening van die verhale langs die weg van ‘n lewenslyn,
- die soek na 'unique outcomes',
- die invloed van dominante diskoerse op die jongmense se verhale, en
- die dekonstruksie van dominante diskoerse en die gesamentlike soek na gemarginaliseerde diskoerse.

Die kategese het binne kleingroepverband geskiet met ‘n volwassene, as begeleier van die geloofsontwikkelingsproses. ‘n Begeleier is ‘n volwasse persoon, wat op ‘n

vrywillige basis betrokke was by die duur van die finalejaars katkisante. Die fasiliteerder was binne die konteks gebruik as begeleiers vir die jaar van kategese binne kleingroep verband. Burger (1998:4) wys dat begeleiding deur volwassenes een van die prosesbenaderings is wat in die literatuur na vore kom. Van die eerste insigte wat gekom het toe kenners meer bewustelik oor die proses van geloofsvorming begin nadink het, was dat, benewens die materiaal of handboek waarmee gewerk word, ook die persoon wat met die jeug werk ‘n baie wesentlike rol speel. Hierdie waarneming het aanleiding gegee tot die aanname dat geloofsoordrag primêr deur 'n mens-medium gedoen word. Die Here gebruik mense om ander mense te bereik, is 'n uitgangspunt van die benadering. Die raamwerk vir fasiliteerders sou geestelike begeleiding wees (Newfelder & Coelho !982, Edwards 2001, Anderson & Reese 1999). Tydens hierdie proses is die navorser nie die objektiewe waarnemer en die jongmense die onderwerpe wat nagevors word nie, maar geskied dit saam met die jongmense in ‘n deelnemende proses. Die finalejaarkatkisantegroep, sou op grond van die narratiewe beginsel waar elke persoon die kenner is van sy/haar eie lewe wat beskik oor eie vaardighede, talente, vermoeëns en geloofsoortuigings, in staat gestel word om ‘n eie belydenis te skryf. Hierdie proses sou beide volwassenes en juig betrek.

## 1.7 HOOFSTUKINDELING

Ek gee kortliks die hoofstukindeling van die studie weer.

In Hoofstuk 1 het ek die agtergrond waarteen die navorsingsprobleem en doelwitte gestel word, verhelder, naamlik die uitdaging van groter deelname van ‘n groep katkisante aan die proses van geloofsontwikkeling tydens die kategese.

In Hoofstuk 2 word die konteks waarbinne die kategese plaasvind, geskets. Daar word aandag gegee aan die diskoerse (teologiese en prakties teologiese), die epistemologiese vertrekpunt, die sosiale-konstruksie diskoers en die konteks van jongmense vandag.

Hoofstuk 3 bekyk die kategese deur by die konfessionele kategese te begin met Bijlsma (1977) as vertrekpunt. Daarna word Dingemans (1986) se benadering bekyk as ‘n verdere groei op die konfessionele deur jongmense meer betrokke te maak by die kategseproses. Met Hermans (2003) word daar na deelnemende leer beweeg waar die studie se hoofklem ook lê. Te midde van deelnemende leer vertolk die leraar as begeleier ‘n rol en ook dit word van nader beskryf.

Hoofstuk 4 bekyk die pastorale fokus van die voorgestelde kategese. Anders as die huidige kategese waar die inhoudelike fokus op kennisoordrag, wil die voorgestelde kategetiese benadering op verhoudinge en belewing fokus.

In Hoofstuk 5, word daar aandag aan jongmense se posisie binne die kategese gegee. Die belangrikheid van geloofwaardige geloofsgroei en geloofsoortuigings word vanuit die lewensituasie van jongmense bekyk.

Hoofstuk 6 handel oor die die praktyk wat met die kategese gevolg is.

In Hoofstuk 7 word daar met die lewenslyn gewerk en voorbeelde word bespreek van hoe dit as hulpmiddel gedien het om die ervaring van God te kon demonstreer.

Hoofstuk 8 is ‘n reflektering deur na enkele jongmense se bydraes te kyk en reflekterend om te gaan met die stof om sodoende die waarde van die studie uit te wys.

Die posisionering van die studie binne die relevante teorieë kom volgende aan die beurt.

# HOOFSTUK 2

# POSISIONERING VAN DIE STUDIE TEN OPSIGTE VAN DIE PRAKTIESE TEOLOGIE EN DIE RELIGIEUSE ONDERRIG

## 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die voorafgaande hoofstuk verder toegelig aangaande die teoretiese begronding van die studie. Vanuit die praktiese teologie word ‘n posisiebepaling gemaak ten opsigte van die deelnemende pastorale kategese. Daar word ook ‘n standpunt geformuleer oor die kerklike onderrig soos dit op die studie van toepassing is. Die globale, kulturele konteks word toegelig en die relevansie daarvan as agtergrond bespreek. Epistemologiese posisionering sluit die hoofstuk af.

## 2.2 PRAKTIES TEOLOGIESE POSISIONERING VAN STUDIE

Met die oog op die kategese word die praktiese teologie omskrywe om die verband te lê tussen die praktiese teologie en die kategese ten opsigte van hierdie studie wat handel oor die geloofsontwikkeling van ‘n groep finalejaarskatkisante. Daar word veral op die sosiale konstruksie van geloofsontwikkeling in die studie klem gelê. Vanuit die praktiese teologie word relevante aanknopingspunte bespreek wat vir die deelnemende pastorale benadering belangrik is, waarmee die kategese beoefen was.

Socrates wou ten diepste nie bloot ‘n filosoof wees nie, maar 'n geneser van die siel (Louw 1993:1). Volgens Louw moes die nadenke oor die essensie van die lewe genesing bring vir die soekende siel van die mens. In hierdie soeke bly die mens steeds besig met sy emosies, gewete, naaste en Godbewussyn. Humaniteit en spiritualiteit binne die konteks van die menslike soeke na lewensin bly steeds die mees fundamentele aspek van die menslike bestaan (Louw 1993:1).

Die praktiese teologie beweeg juis tussen die twee velde, naamlik die spiritualiteit en die humaniteit. In die praktiese teologie is daar voortdurende interaksie tussen praktyk en teorie (Heitink 1993:151), van hierdie twee velde humaniteit en spiritualiteit. Die

dualistiese paradigma wat binne die teologie bestaan waarvolgens die praktiese teologie bloot moet fokus op toepassingsteorie, wil ek van wegbeweeg, en ‘n teorie wat groei uit die konkrete ervaringe, verrykend beskrywe. Praktiese teologie volg meestal ‘n empiriese benadering. Empiri wys op die alledaagse ervaringsproses van die mens met sy omgewing. Heitink (1993:149) is bedag op die dualisme en waarsku in hierdie verband teen die gevaar om óf teorie óf praktyk ‘n primaat bo die ander te gee. Praktiese teologie werk empiries-krities met geloof as objek. Dit gaan dus oor geloofservaringe en geloofshandelinge (Heitink 1993:164). Die objek van die wetenskaplike omgang in die teologie is dus hoe God ervaar word deur mense: hulle getuienis, pastorale ervarings en handelinge (Pieterse 1993:25). Dus, praktiese teologie beteken die bestudering van deelname aan die lewe, deur die kerk, en vir die doel van hierdie studie, belydenisklaslidmate. Vandaar die naam ‘handelingswetenskap’ (Heitink 1993:14). Dit gaan oor die absorbeer en interpreteer van sosiale veranderinge, nuwe verhoudinge en verskuiwings in verhoudinge.

Pieterse (1993:5) omskryf die ruimte waarin hierdie, bogenoemde handeling, plaasvind. Die praktiese teologie se vertrekpunt is dat God die inisiatief neem in die verhouding met die mens. Die mens is dus die vertolker van die inisiatief (Pieterse 1993:5). Hierdie vertolking vind binne ‘n sekere ruimte plaas. Hierdie ruimte, vanweë die aard van die verhouding tussen God en mens, word ‘n teologiese ruimte genoem (Pieterse 1993:6). Met die studie van die praktiese teologie word hierdie ruimte ondersoek, ontleed en interpreteer. Vir hierdie doel kan daar drie komponente onderskei word wat praktiese teologie gebruik in die ondersoek (Louw 1993:viii):

(i) Kommunikasie en verstaan: Die praktiese teologie is betrokke by die interaksie van die ontmoeting tussen God en mens. Die heil moet verstaan en vertolk word in terme van die menslike konteks. Omgekeerd moet die menslike konteks weer verstaan word in terme van die skrifteks.

(ii) Konkretisering en handeling: In die praktiese teologie gaan dit om die konkrete effek wat heil, met die oog op die ontwerp van geloofsgedrag, laat sin genereer.

(iii) Bevryding en sin. Praktiese teologie is by transformasiegebeure betrokke met die oog op diens aan die gemeenskap. Die

transformasieproses is gerig op die ontwikkeling van deurleefde spiritualiteit.

Bogenoemde drie komponente speel ‘n rol in die bestudering van die teologiese ruimte. Hierdie teologiese ruimte kan aan ondersoek blootgestel word, want daar word met kommunikatiewe handelinge gewerk binne hierdie ruimte. Kommunikatiewe handelinge binne die teologiese ruimte is waarneembare, omvattende kommunikasie (gebeure, dade en handelinge, sowel as die situasie waarin hulle plaasvind) (Pieterse 1993:3). Hierdie kommunikasiehandelinge, binne die konteks waarin dit plaasvind, moet verstaan en geïnterpreteer word vir teologiese toepassings en die geloofshandelinge moet erken en verklaar word. Die praktiese teologie het ‘n drievoudige taak (Heitink 1993:116) ten opsigte van die teologiese ondersoek van die kommunikatiewe handelinge binne die konteks waar dit plaasvind:

(i) ‘n Kritiese taak ten opsigte van die tradisie.

(ii) ‘n Empiriese taak ten opsigte van die handelinge van gelowiges.

(iii) 'n Progressiewe taak ten opsigte van die beplanning van die toekoms.

Met die oog op my studie word die ondersoek gedoen aan die hand van die volgende:

(i) Die studie is ‘n empiriese studie wat vanuit die kontekstuele benader word. Die praktyk hier ter sprake, is die aksies van individue en groepe in die gemeenskap binne en buite die kerklike opset. Hierdie mense laat gewillig toe dat hulle persoonlike en openbare lewe deur die Christelike tradisie geïnspireer word. Die kritiese taak gaan oor die kritiese evaluering van die kategetiese opset in die Ned Gerf Kerk ten opsigte van die finalejaar kategese. Met die studie was die katkisante reeds teenwoordig en die opset was die finalejaarskategese.

(ii) Die empiriese wat bestudeer word, is die geloofsontwikkeling wat plaasvind. Die empiriese taak is om die geloofshandelinge van die katkisante ten opsigte van 'n geformuleerde belydenis te ondersoek. Hierdie ondersoek behels deelname, en kan daar dus gepraat word van ondersoekend daaraan deelneem.

(iii) Met geloof as studieonderwerp, is daar beide die induktiewe en deduktiewe metodes reeds teenwoordig. Met die deduktiewe metode werk ek met die kerklike tradisie en die inhoudelike wat voorgeskryf

word as inhoud vir die finalejaarskategese. Ek gaan ook van die uitgangspunt uit dat die groep jongmense reeds bestaande metafore en opvattings oor God het wat oorgelewer was van ander persone in hulle lewe en wat hulleself ontwikkel het. Ook is ek nie uitgesluit van voorveronderstellings en opvattings oor beide die kategese en God nie. Die induktiewe metode kry aandag met die leer wat plaasvind. Met die deelnemende proses wat gevolg word en die deelnemende leer wat as vertrekpunt gebruik word, word die transformasie wat plaasvind in hierdie proses ook induktief benader.

(iv) Die interpretatiewe benadering stel my in staat om die proses wat gesamentlik gekonstrueer word te gebruik en daaroor te reflekteer sodat, vanuit die fenomeen, sekere afleidings en opmerkings gemaak kan word van wat gebeur het. Hierdie afleidings en opmerkings word gebruik om ook progressief vorentoe te beweeg.

(v) Laastens bied die simboliese interaksionisme my die metode om insig te soek van hoe mense hulle wêreld interpreteer en watter konsepte by hulle oor die saak aanwesig is. Met simboliese interaksionisme begin ‘n navorser sy ondersoek van 'n aspek van die sosiale werklikheid gewoonlik met ‘n vae beeld van die ondersoek- terrein. Hierdie vae beeld dien as begin vir ‘n verkennende fase waarin ‘n mens insig soek van hoe die mense wat deelneem aan die navorsing hulle wêreld interpreteer. Die navorser verplaas homself doelbewus sodat die navorsingsituasie ‘n interaksiefase word met die deelnemers. My eie konsepte en insigte moet ook deel uitmaak van die metode en is ‘n verdere uitbreiding op die beskrywing van Pieterse (1993:75).

Ek sluit af met 'n aanhaling van Gadamer (1975:xii) om die uitdaging van die studie te verwoord:

> “Hence the human sciences are joined with modes of experience which lie outside science: with the experiences of philosophy, of art and of history itself. These are all modes of experience in which a truth is comminicated that cannot be verified by methodological means to science’.

Hiermee sluit ek by hom aan omdat die geloofsontwikkeling van jongmense wat verwoord word nie altyd reg laat geskied aan die innerlike prosesse en interaksies wat plaasvind nie. Met die oog op die prosesse en interaksies waarvan jongmense deel is word die kulturele konteks volgende bespreek.

## 2.3 KULTURELE KONTEKS WAARBINNE PRAKTIESE TEOLOGIE EN DIE RELIGIEUSE ONDERRIG FUNKSIONEER

Soos reeds hierbo genoem, is die konteks waarbinne die kommunikatiewe handelinge plaasvind, baie belangrik. ‘n Konteks wat geken en verstaan moet word sodat dit geïnterpreteer kan word. Die wisselwerking tussen interpretasie en verklaring waarna Ricoeur (1991:150) verwys, kan alleen binne ‘n kulturele konteks plaasvind. Om dié rede fokus ek vervolgens op die konteks.

Die omvattende kommunikatiewe handelinge is alles insluitend. Brueggemann (1993:8) verruim die konsep van omvattende kommunikasie deur die begrip kontekstualiteit. Dus menslike ervarings binne ‘n konteks. Hierdie kontekstuele ervarings neem ‘n narratiewe vorm aan wat die denkraamwerk vorm - lokaliteit en pluralisme. Indien ons na die konteks beweeg, is dit van groot belang om die konteks as lokaal sowel as multidimensioneel en kompleks te tipeer. Die benadering tot die konteks is volgens Gerkin (1986:53) die beweging van die bekende na die onbekende. Hieruit kan ons aflei dat die konteks plek sowel as plekke kan aandui, bekend sowel as onbekend. Daar bestaan met ander woorde verskillende kragvelde in die samelewing wat of die kommunikasie en kommunikatiewe handelinge kan bevorder of verhinder.

Hermans (2003:53) skryf vanuit die oortuiging dat postmodernisme ‘n oorgangsfase is na globalisering. Die uitdaging voor die deur van die praktiese teologie is dat daar groot skuiwe in die kulturele gaan kom wat die aksies van individue en groepe in die gemeenskap binne en buite die kerklike opset dramaties gaan beïnvloed. Dit beteken dat die praktiese teologie die eietydse gees en lewensgevoel van die samelewing probeer interpreteer. Volgens Hermans (2003:335) behoort daar binne die vreemdheid van globalisering verandering en innovering plaas te vind wat beide die huidige tradisie en die nuwe sosiokulturele konteks aanspreek. Modernisme verklaar die geheel vanuit die dele, maar tans word die dele vanuit die geheel verklaar. Hierdie dele word

dan vanuit die perspektief van die geheel verstaan. Die mens staan vandag voor 'n heilige, onuitputlike en oorvloedige werklikheid. Waar die modernis die mens as sentraal gesien het, word die siening van die mens tans omgebuig tot 'n erkenning dat daar ‘n netwerk kragte, energie en potensiaal bestaan waaroor die mens nie beheer het nie (Pieterse 1993:15). Religieuse verskeidenheid moet erken word, maar religieuse imperialisme moet vermy word. Die narratiewe benadering tot die praktiese teologie bied 'n geleentheid om hierdie uitdaging te ondersoek. Die mens is swewend in nuwe interpretasies van die werklikheid en die enigste manier waarop die mens identiteit vind, is om in verhouding tot die werklikheid te tree. Hierdie verhouding is in kommunikasie gesetel met die narratiewe en linguistiese as grondslag (Pieterse 1993:16). Gerkin (1986:53) druk dit soos volg uit: ‘The scientist, in moving from the known to the unknown, does so by means of analogy or the projection of a narrative about what is known into the context of the unknown’.

Hedendaagse teologie verwoord die behoefte tot kontekstualisering (Hermans 2003:19). Hierdie inhoud wat aan kontekste gegee word, moet help om die kontekste te verstaan, omdat die soort konteks waarbinne ons onsself bevind, verskil. Drie maniere waarop die konteks verander, is:

(i) Territoriale ongebondenheid - hierdie verandering druk alle afstande en spasies tot iets onbeduidend. Die ervaring van afstand, as ‘n struikelblok vir sosialisering, verdwyn.

(ii) Die konteks word hiper-gedifferensieerd - die beweeglikheid van mense en die tydfaktor veroorsaak dat mense gelyktydig kan deelneem aan verskillende realiteite. Op hierdie manier verander die konteks voortdurend.

(iii) Die derde verandering is die nader beweeg van kulture aan mekaar en die noodwendige vermenging wat as gevolg daarvan plaasvind. Die suiwerheid van kultuur neem dus tweede plek in teenoor die naderbeweeg en vermenging van kulture.

Die gevolgtrekking is dat hierdie drie faktore tot globalisering lei. Hermans (2003:20) stel dit teenoor postmodernisme, met die gedagte dat postmodernisme ‘n verskynsel uit die kunste is wat tot die filosofiese denkwyse behoort. Volgens hom sou dit hoogstens dien as ‘n aanduiding van die oorgang van modernisme na globalisering (Hermans

2003:21). Globalisering vorm dus die sambreel. Hierdie argument word verder versterk deur te beweer dat met die gebruik van postmodernisme die modernisme agtergelaat word as iets waarvan weggebreek kan word. Hermans (2003:20) bevraagteken dit egter. Hy beskou globalisering as die radikalisering, die versnelling, die geïntensifiseerde van die moderne: 'Globalization can be seen as an extension and reformulation of the modernization thesis'. Die kulturele konteks soos hierbo beskryf stel eise aan die kategese as religieuse onderrig. Dit word volgende bespreek.

## 2.4 RELIGIEUSE ONDERRIG AS TRANSFORMASIE

Volgens Pieterse (1993:9) vind daar binne die gemeente 'n leerproses plaas as deel van die kommunikatiewe handelinge. Vir my studie is dit van belang omdat jongmense, as voornemende belydende lidmate, gespreksgenote is wat saam konstrueer aan die sin van die lewe. Met die skuif van die leer na die leersituasie, (Pieterse 1993:10) is die fokus op die wat leer (katkisant en die se konteks) en nie wat (inhoudelike) geleer word nie, 'n belangrike uitgangspunt in my studie.

### 2.4.1 Kerugma en didage

Kerugma en didage is twee woorde wat die essensie van die gereformeerde leer saamvat. Kerugma (Cully 1980:414-415) fokus op die oproep om die verlossingsboodskap te aanvaar en tot bekering te kom. Didage (Cully 1980:414-415) fokus op die eties-morele lewe van die gelowige. Hierdie twee woorde kom ook voor in die pastoraat (Louw 1993:6). Die verband tussen kategetiese onderrig en pastoraat is 'n punt van bespreking vanweë die gesamentlike fokus op die didaktiese en die sosio-etiese toepassing (Cully 1980:416). Vir die studie is bogenoemde van belang omdat daar hande gevat word met die pastoraat.

### 2.4.2 Leer/ onderrig

'n Belangrike komponent van die kategese is leer. Die Christelike onderrig poog om mense aan te moedig om in 'n outentieke verhouding met God te leef (Lawson 2004:17). Die Christelike onderrig kan omskryf word as die doelbewuste, sistematiese

en voortdurende goddelike en menslike poging tot deelname aan kennis, waardes, gesindhede, vaardighede, sensitiwiteite en gedrag wat die christelike lewe kenmerk. Lawson (2004:27) verduidelik die Christelike onderrig soos volg:

> ‘It fosters the change, renewal and reformation of persons, groups and structures by the power of the Holy Spirit to conform to the revealed will of God as expresses in the Old and New Testament and preeminently in the person of Jesus Christ as well as any outcome of that effort’.

Leer veroorsaak verandering (Cully 1980:421) en verandering kan verskillende dinge beteken. Indien leer verandering bewerk, moet daar na bogenoemde omskrywing krities gekyk word en gevra word of die omskrywing dat leer meestal net innerlike verandering fasiliteer, nie die skopus verskraal nie. Volgens Moore (2004:4) neem alle onderrig, religieuse onderrig inkluis, deel aan interaksie met alle basiese strukture in die samelewing. Hierdeur verander leer nie net persone nie maar die samelewing. Met leer wat verandering bewerk, kan daar, deur die sosiale bewussyn van die leerder te beïnvloed, aanleiding gegee word tot ‘n produktiewe lewe vir alle mense. Die vraag is dan nou: Wil daar deur Christelike leer gestreef word om beter mense te maak sodat die samelewing kan verbeter, of om ‘n beter wêreld daar te stel sodat die mense beter kan lewe?’ Hierdie vraag bring die kwessie van die sóórt verandering wat hier na verwys word na vore. Die vraag is belangrik vir die kategese, want verandering is inherent deel van kategese. Dit word in die volgende afdeling bespreek.

### 2.4.3 Leer bewerk verandering

Die verantwoordelikheid van die kategeet is om bystand te verleen tydens verandering wat plaasvind in die lewe van katkisante. Hierdie verandering word medebepaal deur die kategeet, asook die sosiale konteks waarbinne die kategeet funksioneer. Hierdie verandering kry gestalte in sigbare dade wat deur effektiewe leer, kognitief, affektief en motoriese, vooraf gegaan word (Cully 1980:221). Die kognitiewe impliseer kennis en verstaan; die affektiewe die verandering van gevoelens, gesindhede en waarneming en die motoriese die christelike gedrag. Juis hieraan kan effektiwiteit getoets word indien daar christelike dade voortspruit uit die leer. Die doel van die religieuse onderrig is die ontwikkeling van ‘n religieuse self (sien Hoofstuk 4.1.1) wat uitmond

in die aktiewe deelname aan religieuse praktyke (sien Hoofstuk 4.1.2; 4.1.3) (Hermans 2003:336). Deel van die christelike dade is die betrokkenheid by religieuse praktyke. Moore (2004:4) is van mening dat sosiale transformasie deel behoort te wees van die kerklike onderrig. Hy wys daarop dat die meerderheid bronne wat bestaan op die persoonlike ontwikkeling fokus wanneer dit by religieuse onderrig kom (Moore 2004:1). Die gevolgtrekking is dat daar gepoog word om die lidmate goeie gelowiges te maak wat die samelewing kan beïnvloed. Die studie sluit aan by hierdie beklemtoning van die groter konteks, waarbinne die religieuse onderrig 'n rol behoort te speel. Die voorwaarde is egter om nie die jongmense te laat voel dat hulle gedwing word om betrokke te raak by die breër gemeenskap nie, omdat dit buite die werkswyse van die studie val. Dit sou die deelnemende benadering van die studie weerspreek. Dit behoort eerder 'n deelnemende poging van die katkisant en leraar te word om die breër gemeenskap as invloedsfeer te identifiseer (Hermans 2003:269,275; McTaggart 1997:81,82; Gergen 1994:86). Hierdie saak word verder in Hoofstuk 4 bespreek.

Daar kan twee benaderings onderskei word om verandering te bewerkstellig. Afhangende van die benadering wat gevolg word, gaan daar sekere uitkomste na vore kom. Die ontwikkelingsbenadering van kerklike onderrig fokus op die psigologiese kategorie en op die morele en religieuse faktore van persoonlike groei. Hulle antwoord op watter soort verandering word bereik, is om beter mense te vorm vir 'n beter samelewing. Die sosiale-funksionele benadering gee aandag aan hoe religieuse leerstellings en praktyke wedersydse invloed uitoefen op samelewingsverbande (Moore 2004:9). Hulle antwoord is om eers die beter samelewing daar te stel sodat beter mense daaruit kan ontwikkel.

Uit die bogenoemde twee standpunte word die kategetiese leer uitgedaag om 'n bydrae te lewer tot die breër gemeenskap en nie net na binne te fokus nie. Hierdie saak bly vir my as navorser baie belangrik en ek het dit voortdurend in gedagte gehou. Die breër gemeenskap vorm deel van die konteks waarbinne praktiese teologie 'n bydrae kan lewer. Die betrek van die samelewing om 'n ontmoetingsruimte te konstrueer word sterk beredeneer in hierdie studie. Binne hierdie ontmoetingsruimte bestaan die geleentheid vir transformasie van beide die gelowige en breër samelewing deur voortdurende betrokkenheid bymekaar (Tielemannn 1995:165). Leer as transformasie word nou bspreek.

### 2.4.4 Kategetiese leer transformeer

‘n Verdere vraag is dan: ‘Is die doel van religieuse onderrig om mense tot bekering te bring (kerugma) of om die samelewing te hervorm?’ (Moore 2004:9). Die antwoord is dat religieuse onderrig inderdaad ‘n weg kan wees waarlangs sosiale transformasie kan plaasvind (Moore 2004:4). Belangrik in die redenasie is dat die transformasie kongruent sal voortspruit uit eie oortuigings en nie polities gekontamineer sal wees nie. Polities in die sin waarin Moore dit gebruik, verwys na ‘n sekere politieke standpunt en nie na politiek in die algemeen nie, daarom is ‘n onderskeid nodig soos hierbo gemaak.

Eerstens moet die basiese etiese en morele waardes (didage) in ‘n samelewing ondersoek word, waarna 'n plan van aksie daargestel word wat die morele waardes bevorder en meewerk tot die ‘….common good of all humanity’ (Moore 2004:228). Religieuse onderrig vanuit die sosiale-funksionele benadering beweeg saam met die sosiale etiek. Albei is besorg oor hoe die samelewing in strukture en gemeenskappe georganiseer word. Die strukture en organisatoriese moet so beplan word sodat etiese dade daarin kan plaasvind en die ‘….social good’ (Moore 2004:10) van die samelewing beleef kan word, met ander woorde die realisering van die etiese beginsels van liefde en naasteliefde. Hierdie benadering het nie net sosiale hervorming as doel nie, maar skep lewende voorbeelde wat herhaal kan word.

Juis by die benadering vind ek aanklank. Jongmense staan op vir die belydenis waarin hulle glo, verwoord dit aan ‘n geloofsgemeenskap en daag die geloofsgemeenskap uit om opnuut na hulle eie belydenisse te gaan kyk. ‘n Belydenis is ‘n openbare saak waarby die gemeenskap betrek en gekonfronteer word met ‘n geloofsbelydenis in die drie-enige God. Die verskil is dat die belydenis van die katkisant nie ontstaan het binne die kerk se voorskrifte nie, maar geneem is uit hulle belewenisse van die samelewing waarbinne jongmense saam met God leef. (Meer hieroor in Hoofstuk 5 waar daar vanuit die sosiale konstruksie in gesprek getree word met gespreksgenote wat nie noodwendig gelowiges was nie, ten einde by ‘n gekonstrueerde belydenis uit te kom.)

McBride (1996:183) sluit hierby aan en sy beskryf die praxis van die praktiese teologie as dade gebaseer op die nadenke en verstaan van die samelewing wat daarop gemik is

om die samelewing te verander. Die oproep tot praxis bemagtig mense om verantwoordelikheid vir hulle lewens te neem, onderwerpe te word eerder as om passiewe voorwerpe te bly. Dit wil sê elkeen ondersoek ook sy/haar eie geloofshandelinge. Jesus se passie vir die lewe, bevryding, geregtigheid en hoop, sy ywer om alles wat die lewe bedreig te verander, is die hart van die christelike praxis. Die kategese in hierdie studie het ‘n pastorale karakter in die begeleiding van jongmense. Hierdie pastorale karakter word volgende bespreek.

### 2.4.5 Pastorale begeleiding in die kategese

In die kategeseproses is die rol van begeleiding baie belangrik en prominent. Hierin is hande gevat met die pastoraat om behulpsaam te wees in die begeleidingsproses. Sielsorg was eers gesien as die leerproses met die oog op beter insig op die leer van die kerk (Louw 1993:3). Hiermee sluit dit aan waar leer ook beteken om in ‘n outentieke verhouding met God te staan (Lawson 2004:17). Intussen het die fokus van die pastoraat verskuif na die versorging van die mens as eiendom van God. Versorging word verskillend omskryf deur skrywers binne die pastoraat. Heitink (1977:75) se hulpverlening beteken dat die pastor in ‘n helpende relasie met mense omgaan in die lig van die evangelie en in verbondenheid met die gemeente van Christus, saam met die lidmaat ‘n weg soek in geloofsvrae en lewensvrae. Die doel van die pastoraat is die heil van die mens in die wêreld. Gerkin (1991:70) praat van die profetiese taak van die pastoraat. As deel van die profetiese taak moet nuwe waardes en norme gekonstrueer word binne ‘n verwarde samelewing. Hierdie waardes en norme moet uitgeleef word deur die teenwoordigheid van sigbare Christene binne die samelewing. Die geloofgemeenskap word uitgebou binne die samelewing en elke gelowige leef ‘n roeping uit. Vir Tielemann (1995:161) lê die sin van die lewe en die uitreik na die samelewing in ontmoetingsgebeure. Deelnemende pastoraat dien as brug hiervoor. Louw (1993:58) fokus op die ontmoeting en hierdie ontmoeting bewerk heil en heling. Tydens die ontmoeting tree die volgende elemente na vore: Die woord van God kom met beloftes na die mens en word deur die mens as voltrekking beleef binne die gebeure van die ontmoeting. Troos word gevind in die leiding tot verandering en hoop wat beleef word. In die ontmoeting word die sorg van die agape liefde beleef. Te midde van die ontmoeting word die mens ook in aanraking met die waarheid van sy bestaan gebring en sodoende vind konfrontasie plaas. Die konfrontasie help met die

groei na geloofsvolwassenheid. In die ontmoeting is daar ‘n ingesteldheid om die gelowige te ontwikkel met die oog op verantwoordelikheid, diensbaarheid en doelgerigte gedrag.

‘n Sentrale motief van die pastoraat is geloofsopbou en geloofsvolwassenheid (Louw 1993:57). Geloofsvolwassenheid is ook 'n koöporatiewe begrip. Dit word as ‘n groei-proses voltrek wanneer die gelowige leer om onderling op mekaar ingestel te wees. Die terme geloofsgroei en geloofsvolwassenheid word ook in die studie gebruik en in Hoofstuk 3 verder bespreek. Die kategese as deel van die onderrigaksies van die kerk sluit ook by die opvoedkunde aan in terme van metodes van leer. Die leermetodes word volgende bespreek.

### 2.4.6 Leermetodes in die kategese

Effektiewe leer word voorafgegaan deur die effektiewe wisselwerking tussen kategeet en katkisant tydens ‘n leerproses (Cully 1980:421). Hierdie wisselwerking veroorsaak ‘n herwaardering van religie se rol in die lewe. Religie behoort ‘n uitstaande, dominante faktor binne die persoonlike en sosiale lewe te wees en as geïntegreerd beleef te word deur die individu (Hermans 2003:336; Pieterse 1993:15).

Sekere pedagogiese beginsels moes binne die studie gehandhaaf word in die oordra van die teorie ten einde die fokus op die katkisante te laat bly. Sodoende bly die fokus op die eties-morele lewe van die deelnemende katkisante. Die volgende vier beginsels is hiervoor van belang: (i)Hoe dra die nuwe inligting by tot die jongmens se bestaande kennisbasis en belangstelling? Hoe kan die Bybelkennis en inligting oor geloof bydra tot die beter verstaan en ontwikkeling van geloof? (ii) Gekonstrueerde kennis word verkry deur jongmense temas te laat saamstel waaroor hulle meer wil weet sodat 'n eie belydenis geskryf kan word. Groepwerk was gebruik, asook begeleiers om die proses van geloofsontwikkeling te fasiliteer. (iii) Met die oordrag van inligting moes die katkisante die proses van geloofsontwikkeling probeer verstaan en opgewonde raak oor die beheer wat die proses aan hulle gee om hulle eie geloof te ontwikkel. (iv) Uit die voorafgaande moet 'n intrinsieke motivering na vore kom wat die jongmens die proses verder laat saamneem as 'n lewenslange proses van geloofsontwikkeling. Met

die toepassing van hierdie beginsels kon katkisante die deelname ten volle benut ten einde geloofsontwikkeling en groei te ervaar.

Die leerelement van die kategese moes deelname, ervaring en reflektering insluit. Leer is die konstruering van stories. Stories trek die verbeelding by as hulpmiddel vir die konstruksie van ‘n leerstorie. Met die bytrek van verbeelding ontstaan dialoog. ‘The truth of imagination is dialogical’ (Hermans 2003 :271). Met konteks as kultuur, die inhoudelike as dit wat die geloofspraktyk bied, en die katkisante as deelnemers aan die proses, was daar vir deelnemende leer gekies.

(i) Met Hermans (2003: 269) en Vygotsky (1977:97) word daar na deelnemende leer beweeg waar die studie se hoofklem ook val. In Hoofstuk 5 word die proses beskryf.

(ii) Reflektering was ook ‘n metode waarvan gebruik gemaak was in die kategese. Reflektiwiteit is die vermoë om krities ons eie intellektuele afleiding te bekyk. Die rasionaal van reflektiwiteit is dat die stellings wat nie deel van ‘n persoon se oordeel as feitelike is nie, ook verteenwoordigend kan wees van die groter geheel en daarom oorweeg word vir hersiening van ‘n eie, intellektuele afleiding, mening of paradigma. Reflekterende leer is die innerlike dialoog wat plaasvind tydens die konfrontasie tussen eie afleidings en die van die groter geheel. Dit geskied deur middel van vrae aan die innerlike dialoog oor dade, gevoelens en denke. Hierdie vrae aan die innerlike dialoog, eksternaliseer die dialoog en insig word verkry.

(iii) Die leer uit ervaring was ‘n volgende metode waarop gesteun was vir die leer tydens die kategese. Ervaringsleer is 'n lewende, dinamiese en holistiese proses waar persone geloofs- en lewenswaarhede leer deur te reflekteer op die een of ander ervaring (Opperman & Snyman 2005:296).

Met die leermetodes hierbo bespreek word daar nou aan die funksionering van die Bybel aandag gegee.

### 2.4.7 Die funksionering van die bybel binne die kerklike onderrig

Met die gebruik van die Bybel word daar onderskei tussen die feitlike en funksionele gebruikswyses. Die feitlike gebruik van die Bybel werk met die kognitiewe. Hiermee word die inhoud van die Bybel geleer en die manier van lewe word getoets aan die inhoud van die Bybel. Die funksionele daarteenoor, werk met die affektiewe, die motoriese en die kognitiewe. Die affektiewe is die emosionele ervarings en belewinge van die Bybelleser in die alledaagse lewe, die motoriese bekyk die dade en woorde van die persoon, die kognitiewe vorm deel van die hele funksionele benadering. Dit staan in balans met die affektiewe en die motoriese.

Hierdie funksionele werkwyse met die Bybel is die werk van die kerk, maar ook die Christengesin, die Christenskool en ook elke Christen en die konteks waarbinne hulle hulself mag bevind. Die huisgesin word as die primêre bron van onderrig beskou. Binne die kerklike opset word die rol van die kategeet beskryf as gids, ondersoeker, rigtingwyser en die kontak tot hulpbronne. Verder stimuleer die kategeet denke, gevoelens en aksie. Rondom die religieuse onderrig, word daar nou sekere konklusies gemaak wat relevant vir die studie is.

### 2.4.8 Konklusie

Religieuse onderrig en sosiale etiek is albei besorg oor hoe die samelewing in strukture en gemeenskappe georganiseer word. Daar moet ‘n daadwerklike poging wees om die strukture so organisatories te beplan dat etiese dade daarin kan plaasvind en die ‘….social good’ (Moore 1989:228) van die samelewing beleef kan word. Hierdie realisering van die etiese beginsels van liefde en naasteliefde skep lewende voorbeelde wat herhaal kan word. Hiervoor is didage as uitgangspunt, met die fokus op die eties-morele lewe van die gelowige, uiters geskik. Dit vind ook aansluiting by die pastoraat. Die verband tussen kategetiese onderrig en pastoraat het die gesamentlike fokus op die didaktiese en die sosio-etiese toepassing. Die Christelike leer poog om mense aan te moedig om in ‘n outentieke verhouding met God te leef, binne die interaksie met alle basiese strukture in die samelewing (Lawson 2004:17). Die beweeg na die samelewing om ‘n ontmoetingsruimte te konstrueer word sterk beredeneer in hierdie studie. Dus sal

die transformerende impak van gelowiges ‘n rol moet speel in 'n samelewing wat die kerk uitnooi om betrokke te raak (Tielemann 1993:165). Nadat die studie religieuse onderrig se vertrekpunte bespreek is word die studie nou binne die epistemologie geposisioneer.

## 2.5 EPISTEMOLOGIESE POSISIONERING TE MIDDE VAN DIE PRAKTIESE TEOLOGIE EN KATEGETIESE ONDERRIG.

In die epistemologiese posisionering van die navorsing wil ek die wetenskapbeskouing weergee deur ‘n vergelyking te tref tussen die modernistiese en die nuwere benadering vanuit ‘n postmoderne siening.

### 2.5.1 Posisionering van die navorsing

Sou epistemologie vandag nog ter sprake wees? Die vraag word beantwoord deur Wood (1991:500) dat ten spyte van Nietzche en Foucault se pogings om weg te doen met epistemologie, hulle net die benadering van voorskriftelik wysig na wenke en voorstelle tot ‘n epistemologie. Hierdie voorstelle, van bogenoemde twee denkers, stel epistemologie tot diens van die lewe en nie andersom soos die moderne epistemologie dit wou doen nie. ‘n Verdere antwoord vind ons by Erikson (1998:117) wat daarna verwys as ‘n ‘epistemological stewardship’. Daarmee bedoel hy dat die skepping as ‘n gawe aan die mens gegee is. Uit dankbaarheid dien ons die skepping deur dit te leer ken. Hierdie ken is gekonstrueerde kennis en dus ‘n perspektief wat ‘n bydrae kan maak. As beelddraende ondersoekers is die benadering ‘n epistemologie van liefde (Erikson 1998:117). Uit die twee antwoorde sou epistemologie se doel wees om ‘n ondersoek te loods na ‘n wyse waarop die nuwe kennis as proses kan bydra tot ‘n beter bedeling.

Hierdie studie wil met die praktyk van geloofsontwikkeling van die finalejaarskatkisant in gesprek tree. Volgens Van Huyssteen (1998:34), dialogies omgaan. Hierdie dialoog word deur Heitink (1993:243) as ‘n eties-politiese gesprek getipeer. Dit beteken die voorskriftelike maak plek vir die spekulatiewe, die logiese afleiding maak plek vir die moontlike. Die moderne wetenskap se fokus na binne,

maak dialoog tussen verskillende standpunte moeilik. Met die politiese perspektief op die gesprek word meer moontlikhede gegenereer vir oorweging en vind pluriforme gesprekke plaas.

Die volgende beskrywing wys die wetenskapsbeskouing van die modernisme baie mooi uit. In die beoefening van wetenskap tree die wetenskaplike toe tot 'n aantal taalspelle met kollegas. Die aard van die spel is ernstig. Die toetrede vind plaas deur sekere bewegings in 'n aantal debatte en besprekings te maak, deur ander spelers se bewegings en posisies teen te staan en 'n eie standpunt te bevorder. Die taalspel lei tot sosiale aksie (Hasard 1994:311). Hierdie benadering van die moderne epistemologie bemoeilik deelnemende, narratiewe konstruksie van veronderstellings waarmee verruimend en verrykend sosiale aksies gekonstrueer kan word.

Anderson en Goolishian (1988:376) beskryf die grondbeginsel van die moderne epistemologie as die aanname dat die mens die werklikheid objektief kan ken. Die waarnemer staan onafhanklik van die werklikheid en kan die werklikheid beskryf soos wat dit is. Met die deelnemende benadering waarop die studie berus wat sosiale konstruksie as een van die kernbegrippe toepas, beweeg ek verder as die moderne epistemologie. Ek kies vir ‘n paradigma (Van Huyssteen 1998:67), met die uitgangspunt dat daar nie meer dié kennis nagejaag kan word nie, maar dat kennis deur middel van antisipasie en raaiskote, en in die soeke na tentatiewe oplossings vir probleme, gekonstrueer word.

Graham (1996:15) beskryf moderne epistemologie as ‘n komplekse samevloeiing van politieke, ekonomiese, sosiale en kulturele prosesse. Vanweë die kompleksiteit hiervan, is dialoog noodsaaklik in ‘n studie van hierdie aard. Daar word op ‘n deelnemende basis saam gesoek na en gekonstrueer aan begrippe en metafore. Heitink (1993:243) noem dit die ‘ekumene der verligting’, vanweë die interaksie tussen verskillende wetenskappe en denkrigtings wat plaasvind in die groei van wetenskaplike kennis.

Kotzé (2002:7) voer die wortels van ‘n moderne epistemologie terug na die Franse filosoof Descartes, wat kennis in objektiwiteit en suiwer rede gegrond het. Brueggemann (1993:5) voer die ontstaan van ‘n moderne epistemologie terug na die

begin van die sewentiende eeu, toe ‘n intelektueel-kulturele ontwaking in Wes-Europa ontstaan het. Die ontwaking het ‘n nuwe model van kennis gegrond op objektiwiteit daargestel.

Die ontwikkeling van moderne epistemologie bevat die volgende kenmerke volgens Hermans (2003:282) wat Brueggeman aanhaal:

(i) Skuif van mondelinge oorlewering na geskrewe, wat meer betroubaar sou wees as die mondelinge,

(ii) Skuif van besondere na die universele waarheid is oral dieselfde, en

(iii) Skuif van tydsgebonde na tydloosheid waarheid is altyd dieselfde.

Die postmoderne siening verryk dit verder deur die skopus nog wyer te trek en meer moontlikhede te oorweeg. Waarheid is kontekstueel en kultureel gekontamineer (Hermans 2003:282).

Gergen (1994:7) beskryf die tradisionele wetenskap soos volg: om algemene wette of beginsels daar te stel wat die verhouding tussen mense bepaal. Die afleiding uit die bogenoemde is dat wetenskaplike ondersoek daarop ingestel is om ‘n objektiewe basis vir sistematiese teorie daar te stel. Verder dat deur middel van voortgesette beoordeling van teorieë, en deur afleidings daaruit te maak, tot wetenskaplike verstaan gevorder kan word. Dit is juis die epistemologie waarbinne die tradisionele kategese plaasgevind het.

Gerken (1994:47) skryf verder dat die manier waarop ons onsself verstaan nie bepaal word deur wat of wie ons is nie, maar hoe ons dit in taal uitdruk. Hoe dit verklaar en beskryf word, spruit voort uit die interpersoonlike verhoudings waarin ons daarmee staan. Vir hierdie studie is dit van belang in die sin dat belydenis van geloof ‘n uitdrukking van ‘n verhouding met God in taal is. Verder word ons beskrywing van ‘n voorwerp ook die bepaling van die toekoms van die voorwerp. Taal kan dus transformasie bewerk van dinge wat ons beskryf het. Taal help ons ook om te reflekteer oor ons realiteit wat ons gekonstrueer het in taal. Hermans (2003:207) lei uit die bogenoemde af dat ons uit die linguïstiese, sosiale konstrukte vorm. Die belydenis van geloof soos bespreek tydens die studie, is dus ‘n getaalde verhouding met God wat kultuurgebonde is.

## 2.6 SAMEVATTEND

In Hoofstuk 2 rondom die teoretiese begronding van die studie is daar na die praktiese teologie gekyk. Vanuit die praktiese teologie was ‘n posisiebepaling gemaak ten opsigte van die deelnemende pastorale kategese. Die dualistiese paradigma wat binne die teologie bestaan waarvolgens die praktiese teologie bloot moet fokus op toepassingsteorie, het ek van wegbeweeg. Praktiese teologie volg meestal ‘n empiriese benadering. Empiri wys op die alledaagse ervaringsproses van die mens met sy omgewing. Dus praktiese teologie beteken die bestudering van deelname aan die lewe, deur die kerk, en vir die doel van hierdie studie, belydenisklaslidmate. Dit gaan oor die absorbeer en interpreteer van sosiale veranderinge, nuwe verhoudinge en verskuiwings in verhoudinge.

Die globale, kulturele konteks se relevansie vir die studie is dat die konteks plek sowel as plekke kan aandui, bekend sowel as onbekend. Daar bestaan met ander woorde verskillende kragvelde in die samelewing wat of die kommunikasie en kommunikatiewe handelinge kan bevorder of verhinder. Globalisering word gesien as die uitdaging voor die deur van die praktiese teologie waar daar groot skuiwe in die kulturele konteks gaan kom wat die aksies van individue en groepe in die gemeenskap binne en buite die kerklike opset, dramaties gaan beïnvloed. Dit beteken dat die praktiese teologie die eietydse gees en lewensgevoel van die samelewing interpreteer. Volgens Hermans (2003:335) behoort daar binne die vreemdheid van globalisering verandering en inovering plaas te vind wat beide die huidige tradisie en die nuwe sosiokulturele konteks aanspreek. Modernisme het die geheel vanuit die dele verklaar, maar tans word die dele vanuit die geheel verklaar. Hierdie dele word dan vanuit die perspektief van die geheel verstaan. Die mens staan vandag voor ‘n heilige, onuitputlike en oorvloedige werklikheid, waar daar 'n netwerk kragte, energie en potensiaal bestaan waaroor die mens nie beheer het nie (Pieterse 1993:15).

Daar was ook ‘n standpunt geformuleer oor die kerklike onderrig soos dit op die studie van toepassing is. Die bogenoemde netwerke binne die samelewing bied aan religieuse onderrig en sosiale etiek die uitdaging om werkwyses te vind van hoe die samelewing in strukture en gemeenskappe georganiseer kan word sodat etiese dade daarin kan plaasvind en die ‘….social good’ (Moore 2004:228) van die samelewing beleef kan

word. Die realisering van die etiese beginsels van liefde en naasteliefde skep, binne die bogenoemde strukture, lewende voorbeelde wat herhaal en nagevolg kan word. Ter afsluiting is die epistemologiese posisionering om tot diens van die lewe te wees. Epistemologie se dienslewering is om ‘n ondersoek te loods na ‘n wyse waarop die nuwe kennis as proses kan bydra tot ‘n beter bedeling. ‘n Verdere posisionering vind ons by Erikson (1998:117) wat daarna verwys as ‘n ‘epistemological stewardship’. Daarmee bedoel hy dat die skepping as ‘n gawe aan die mens gegee is. Uit dankbaarheid dien ons die skepping deur dit te leer ken. Hierdie ken is gekonstrueerde kennis en dus ‘n perspektief wat ‘n bydrae kan maak. As beelddraende ondersoekers is die benadering ‘n epistemologie van liefde. Die pastoraat as handeling om geloofsontwikkeling te bevorder bevestig hierdie epistemologie van liefde. Die kategese as pastorale handeling word volgende bespreek.

# HOOFSTUK 3

## KATEGESE AS PASTORALE HANDELING VIR GELOOFSONTWIKKELING TYDENS DIE FINALEJAARSKATEGESE

### 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word gekyk na die ontwikkeling van die geloofsbelydenis as ‘n aparte ritueel binne die gereformeerde tradisie. Daar word ook lig gewerp op die rasionaal agter hierdie ritueel, waarmee daar dan ook krities na hierdie ritueel in die lig van die tradisie gekyk gaan word. Bogenoemde is van belang omdat dit tans deel vorm van die voltooiing van die finalejaarskategese in die Ned Geref Kerk. Tesame met die terugblik op die belydenis, word daar ook krities na die kategese gekyk. Ek kyk na die ontwikkeling van die kategese om daaruit ‘n voorstel te formuleer oor die kategese as ‘n ruimte vir jongmense met hulle spirituele reis (quest). Ek begin by Bijlsma wat ‘n groot invloed op die moderne denke van die kategese uitgeoefen het. Bijlsma word met Dingemans opgevolg, wat as ‘n verdere ontwikkeling groter fokus op die katkisant geplaas het. Dit is relevant vir die fokus van my studie. Met my studie wil ek dan aandui hoe daar by ‘n deelnemende karakter vir die kategese uitgekom kan word. Die kategese is vir jongmense en daarom is dit uiters belangrik om hulle konteks goed te belig sodat daar ‘n kategese gekonstrueer kan word waarbinne hulle hulself tuisvoel en verantwoordelikheid daarvoor aanvaar.

### 3.2 DIE ONTWIKKELING VAN BELYDENISAFLEGGING

By Osmer (1996:30) vind ons ‘n breedvoerige uiteensetting van die verloop van die belydenis gedurende die gereformeerde kerk se geskiedenis. Kortliks gee ek dit hier weer as agtergrond tot die hoofstuk.

#### (i) Eerste eeue

Gedurende die eerste eeue was die belydenis deel van ‘n groter kategetiese proses. Die doel van die proses was die vorming en verandering van denke, gewoontes en gevoelens van mense wat by die christelike geloof wou inskakel (Osmer 1996:30). Belydenisaflegging was eers nie ‘n duidelik onderskeibare ritueel nie. Die verhaal oor die eerste eeue wat die proses vertel, was ‘n fokus op die persoon wat wegbreek van die omringende wêreld en die toetrede tot die

geloofsgemeenskap maak. Morele en spirituele gereedheid was deur die rituele gedemonstreer (Osmer 1996:30).

**(ii) Kinderdoop**

Met die groei van die kerk het kinders ook ingeskakel. Die kinderdoop het vir ‘n ruk meer prominent geword as die volwassene se inskakeling by die kerk. Die belydenis het toe ‘n aparte deel geword wat eie erkenning ontvang het (Osmer 1996:30).

In die middeleeue het Thomas van Aquinas ‘n teologiese definisie aan belydenisaflegging gegee: ‘Aquinas described it as a Sacrament that communicates the fullness of the Holy Spirit, strengthening confirmands and allowing them to take up the tasks of the Christian life with greater maturity,’ (Osmer 1996:31).

**(iii) Reformasie**

Die hervormers het tydens die reformasie wegbeweeg van ‘n sakramentele na ‘n kategetiese doel van belydenisaflegging. Hierdie skuif het die fokus na ‘n spesiale leerinhoud laat skuif. Die basiese leerstellings van die kerk word aan elke lidmaat wat belydenis van geloof aflê, voorgehou (Osmer 1996:31).

**(iv) Belydenis se posisie in die kerk**

Tydens die hervorming verkry die belydenis ‘n prominente posisie. Die persoon beweeg nou na ‘n ritueel waar hy/sy die verbond, waarbinne hulle gedoop is, bevestig met ‘n belydenis. Dit was ‘n baie persoonlike aksie, waar die hele lewe van die persoon by betrokke was - leefwyse en denke. Dit het ‘n verklaring van geloof in God soos geopenbaar is in Jesus Christus bevat - ‘n uitspraak tot lojaliteit teenoor God en ‘n gehoorsaamheid aan God (Osmer 1996:31). Volgens Osmer (1996:32) het ook Martin Bucer sterk gevoel dat die belydenis apart van die kategese moet wees deur dit te beklemtoon as ‘a heartfelt profession of faith and pledge of obedience’. Uit die bostaande geskiedenis kan afgelei word dat belydenisaflegging ‘n belangrike saak gebly het. Bucer se woorde in Osmer 1996:32) lig die klem en belangrikheid mooi uit. Vervolgens word daar na die verband tussen geloofsbelydenis en kategese gekyk.

## 3.3 DIE KATEGESE EN BELYDENIS

Die historiese terugblik op die verband tussen kategese en belydenis is ook belangrike agtergrond vir hierdie studie en daarom word dit nou beskryf.

### 3.3.1 Die reformasie

Die Reformasie het wel die oud-kerklike dogma soteriologies, eerder as inkarnatories verstaan, maar ook in konflik met Rome, het die soteriologie voorop gestaan. Die Reformasie was die herontdekking van die evangelie as bevrydende waarheid (Jonker 1994:23). Dit was ‘n appèl om terug te keer na die eenvoud van die Bybelse heilsboodskap. Dis belangrik vir die Reformasie dat God self tot ons kom, nie dat daarmee ‘n proses van vergoddeliking van die mens tot stand kom nie, (Oos Ortodoks) maar dat God self, in die vlees, die vloek van die sonde weggeneem en uit genade die verlossing klaar bewerk het. Dit is juis die sentrale punt in die konflik tussen Rome en die Reformasie, dat Rome die moontlikheid verwerp dat ‘n mens in hierdie lewe sonder ‘n besondere openbaring sekerheid van jou verlossing kan hê (Jonker 1994:24). Die belydenis weeg swaarder as die belewenis.

Vir die Reformatoriese is die heil ‘n soewereine, vrye genadegawe van God wat Hy aan die mens skenk sonder enige verdienste van sy kant. Dit hang ten nouste saam met die ontdekking van die Woordkarakter van die heil. Hierdie was die groot ontdekking van die Reformasie (Jonker 1994:27). **Die woord kom na die mens met die belofte van God, die toesegging van die heil wat vir hom persoonlik bedoel is. Die mens ontvang die heil deur daardie belofte te glo en daarin te rus**. Dit vorm deel van die inhoud van die belydenis.

Deur die eeue wil die kerk vashou aan sekere waarhede. Die belydenisskrifte, vervat in die ‘Drie formuliere van enigheid’, word voorgehou as die samevatting van hierdie uitgesoekte waarhede. Verpligte preke uit die kategismus moes lidmate bewus hou van die waarhede wat vervat is in die belydenisskrifte. Kontrole deur die Ringe van die Ned Geref Kerk verseker hierdie gebruik word toegepas. Juis hierdie uitgesoekte waarhede word in die leerstof van die kategese vervat. Hierdie uitgesoekte waarhede word aan lidmate as dit wat vir ewig vasstaan voorgehou.

Jare lank was ‘Die Katkisasieboek’ (Groenewald 1970) gebruik wat gebaseer was op bogenoemde Formuliere van Enigheid. Sodoende was die vasgelegde leer wat voorgeskryf word en waaraan almal gebind word, deur die proses van kategese oorgedra en voorgeskryf. Wanneer lidmate belydenis van geloof aflê, word daar pertinent in die formulier vir belydenisaflegging hierna verwys met die vraag: ‘….en in die artikels van die christelike geloof vervat is, die ware en volkome leer van saligheid is?’(Handboek vir die erediens 1988:78).

Uit die voorafgaande kan ons aflei dat die belydenis sterk wortels het en as gebruik gegroei het vanuit die hervorming tot vandag. Die dinamiek van die belydenis van geloof soos deur Bucer (in Osmer) en Jonker (1994:27) uitgewys, het egter verwater met die voorskriftelike aard daarvan in die Ned Geref Kerk. Wat verwater het in die hele verloop van die belydenis is die dinamiese rol van die belydenis tydens die finalejaar kategese. Tans is dit bloot maar ‘n onderneming wat die katkisant gee dat daar by die kerklike belydenis gehou sal word. Volgens my is die belydenis van ‘n finalejaarkatkisant juis die hooffokus. Vanuit hierdie geloofsbelydenis spruit ‘n hele lewens- en wêreldbeskouing voort. Hierdie geloofsbelydenis is die kulminasie van elf jaar se kategetiese begeleiding vanuit die kerk wat verwoord word in die verklaring van 'n katkisant ten opsigte van ‘n verhouding met die God aan wie die kerk hom/haar bekend gestel het. Soos reeds gesê is dat die impak van die geloofsbelydenis verwater het, word daar nou na die aanleidende oorsake gekyk deur Bijlsma (1977) en Dingemans (1986) se bydrae te bekyk.

### 3.3.2 Bijlsma en Dingemans

Twee prominente denkers van die vorige eeu wat lig kan werp op die voorskriftelike aard van die kategese, is Bijlsma en Dingemans. Hulle bydrae word kortliks hier bespreek om dit teenoor die studie se fokus te stel. Later (sien Hoofstuk 5.2; 5.3) word hulle bydrae meer volledig bespreek. Bijlsma (1977:179) benader die kategese vanuit ‘n passiewe leerdersituasie, dit wil sê, die leerder moet passief inneem wat geleer word. Deur middel van die vraag- en antwoordmetode word die katkisant dan betrek om in te koop op die kennis wat oorgedra word. Met die inkoop word verwag dat die katkisante die kennis sal internaliseer, dit hulle eie maak. Die leerstof word deur ‘kundiges’ saamgestel en aan die katkisant geleer.

Dingemans (1986:201) sien andersyds die leerder as ‘n aktiewe leerder, dit wil sê die leerder wil graag meer weet, daarom kom leerders met sekere vrae na vore. Hierdie vrae word dan in die kategese vir hulle beantwoord deur die leerstof wat aangebied word.

Dingemans (1986) brei nie verder uit nie en in beide uitgangspunte bly die kategeet die aanbieder van kennis. Hierdie kennis word as die waarheid voorgehou en moet dan deur die katkisant met die nodige respek aanvaar en geleef word. Hierdie benaderings fokus net op die kognitiewe aspek van leer. Leer word gesien as individualisties, formalisties en intrapsigies (Bruner 1996:6). Heitink (1993:274) beweer ook dat daar in die afgelope jare ingrypende veranderings binne die kategeseveld was. Die rede, voer hy aan, is die gevolg van die invloed van veranderings in die kerk en kultuur ten opsigte van die voorskriftelike teenoor die deelnemende benaderings in die kategese.

### 3.3.3 Bydrae van die studie

My bydrae ondersoek die vraag, naamlik: ‘Hoe kan ‘n proses aan die gang gesit word waar jongmense self kan ontwikkel/skep en formuleer wat hulle glo?’ Hierdie vraag verwag van die kategese om die katkisant uit te nooi om deelnemend betrokke te raak by leerinhoud en leer. Met hierdie benadering verander die fokus van kognitief na kultuur en konteks. Die kategese was tot dusver ‘n oorhaal tot ‘n sekere standpunt en uitgangspunt - ‘sodat daar tot geloof gekom kon word’ (Handboek vir die erediens 1988:78).

Ek bepleit dus ‘n minder voorskriftelike benadering en ‘n klemverskuiwing na ’n meer deelnemende benadering wat die kategese bed in die kulturele konteks van die dag. Hierdie uitgangspunt noem Hermans (2003:270) ‘culturism’: ‘The information in a socio-cultural context is usually vast, ambiguous, contained in fuzzy categories, sensitive to context and embedded in metaphorical systems of meaning’. Hiermee word wegbeweeg van die rigiede styl van kategese na ‘n meer deelnemende styl. Die gebruik van die narratief en metafore skep die milieu waarbinne die kategese plaasvind.

Die benaderings van Bijlsma (1977) en Dingemans (1986) werk met ‘n binêre uitgangspunt wat ook die voorgeskrewe raamwerk van reg en verkeerd is. ‘n Alternatiewe benadering waarvoor ek in die studie kies, laat die kulturele konteks ‘n groter rol speel. Binne die kulturele konteks is die denkwyse narratief en word metafore gebruik wat gekonstrueer word in verhale van mense se lewens (Hermans 2003:271).

Kenmerke en behoeftes van die katkisant, wat uit hul gekonstrueerde verhale afgelei word, sluit vir ons die wêreld oop waar jongmense hulle bevind. Dit vorm ook die basis waaruit hulle kommunikeer ten opsigte van vraagstukke. Die uitdaging vir die Ned Gerf Kerk is om ruimte te maak vir jongmense, sodat hulle met hulle vrae oplossings kan vind in hulle spirituele soektog (Davis 1986:269). Dus, ‘n omgewing waar hulle met vrymoedigheid kan eksperimenteer. Hierdie ruimte is die kerk. Dit is ‘n ruimte wat tans nog swak toegerus is vir die hedendaagse gebruik om ons jongmense te akkommodeer, vanweë die modernistiese aard daarvan. Hierdie studie poog om die ruimte binne die kerk beter te benut, sodat finalejaarkatkisante koesterend begelei kan word om ‘n eie, eerlike/outentieke geloofsbelydenis te ontwikkel wat nie bloot ‘n bevestiging van ‘n voorgeskrewe belydenis is nie.

Deel van die beter benutting van die ruimte is die herposisionering van die kategeet. Die verhouding kategeet/katkisant word gebaseer op ‘n etiese uitgangspunt. Dit dra by tot ‘n ander soort verhouding tussen kategeet en katkisant. Die volgende verduideliking werp meer lig hierop. ‘n Robot met sy drie kleure rooi, oranje en groen kan as voorbeeld gebruik word om hierdie benadering teenoor die voorskriftelike benadering te illustreer.

Die voorskriftelike:

Rooi : stop

Groen : toestemming om kruising oor te steek

Oranje : ‘n waarskuwing dat die rooi lig volg en jy stadiger behoort te ry

Met die voorskriftelike benadering sou die leraar/kategeet die wetstoepasser gewees het. Met die benadering wat in die studie gevolg word, is beide die leraar/kategeet en katkisante padgebruikers. Albei moet aan die reëls van die pad voldoen as gelyke padgebruikers. Die voorskrifte vir die gebruik van die pad lei tot ‘n dinamiese verkeersvloei. Mense kom by hulle bestemmings uit. Vaardighede neem toe en meer as

een persoon kan die pad op 'n slag gebruik. Die reëls bevorder interaktiewe verkeersvloei. Dit impliseer ‘n wedersydse vertroue dat, met die voorskriftelike as agtergrond, ons as motorbestuurders mekaar vertrou en daarom behoort dit vir my te alle tye veilig te wees om met ‘n groen lig ‘n kruising oor te steek. Hierdie vrymoedigheid maak dit ‘n veilige ruimte om binne te bestuur. Hierdie optrede word dan ook van my verwag deur ander bestuurders. Op hierdie manier word die fokus verskuif na die welstand van my medemens.. Die wetstoepassing word ‘n intrinsieke handeling waar, ter wille van die groter geheel, almal die reëls gehoorsaam. Kategese in die finalejaar word aan die hand van bogenoemde beginsels bedryf. Daar was ooreengekom oor die reëls vir die kategese op ‘n deelnemende basis, wat aanleiding tot ‘n dinamiese proses was. Vaardighede is ontwikkel en op grond van wedersydse vertroue was die vrymoedigheid waarmee deelgeneem was opmerklik.

## 3.4 DIE STUDIE SE FOKUS

Die fokus van hierdie studie is dus nou om die kategetiese ruimte sodanig te wysig dat die katkisant met sy eie, unieke belewenisse deur die gebruik van metafore en eksperimentering met formulerings, met vertroue ‘n eie belydenis kan formuleer. Die skep van sodanig ruimte moet pastorale inhoud bevat, sodat geloofsontwikkeling deelnemend met die finalejaarskatkisant gedoen kan word, gesitueerd binne hulle lewenstories. Hierdie lewenstories word ingedra binne die kategese as ‘n integrale deel van die kategetiese ruimte en ‘n kerndeel van die inhoud van die kategese. Deur dialoog met die jeug word wegbeweeg van ‘n praat *oor* die jeug en praat *van* die kerk tot ‘n *proses van gesprekke.* Die gesprekke bied die geleentheid om saam met elke katkisant ‘n ruimte te konstrueer waarbinne die lewensverhale deel uitmaak van die proses vir ‘n eie geloofsontwikkeling waarmee die katkisant kan identifiseer. Die kategese is die geleentheid vir so 'n dialoog en daarom wil ek eers die kategese, as ruimte, van nader belig.

## 3.5 DIE KATEGESE WORD AS RUIMTE ONDERBENUT

Ek bekyk die kategese deur by die konfessionele denkrigting te begin met Bijlsma (1977) as voorbeeld van hierdie denkrigting. Daarna word Dingemans (1986) se benadering bekyk as 'n verdere groei op die konfessionele. Met Hermans (2003) word daar na deelnemende leer beweeg waar die studie se hoofklem ook val. Te midde van

deelnemende leer vertolk die leraar, as begeleier, 'n rol. Ook dit word van nader beskryf.

Bijlsma (1977) het vroeër 'n groot invloed op die Ned Geref Kerk se kategese gehad. Na Bijlsma (1977) volg Dingemans (1986), wat met die klem op die katkisant 'n fokus laat skuif na die jongmens in die kategese. Die Rus, Vygotsky (1977:67), bring 'n verdere opvoedkundige fokus by met sy vraag: ‘Hoe kan ek word wat ek nog nie is nie?’ Die katkisant word dus gekonfronteer met 'n uitnodiging om te waag om in geloof te ontwikkel na 'n punt waar hy/sy nog nie is nie. Die klem lê dus op 'n groei na 'n spesifieke uitkoms. Met my navorsing wil ek die vraag beantwoord: ‘Hoe kan die kategese katkisante begelei om 'n eie, eerlike/outentieke geloofsbelydenis te ontwikkel, sodat dit tegelykertyd die geloofstorie van die geloofsgemeenskap sowel as ‘n eie lewenstorie insluit?’ My vertrekpunt teenoor die voorskriftelike (Bijlsma en Dingemans) sal wees om kategese in die praktyk dialooggefundeerd aan te pak:

(i) My basiese uitgangspunt is dat geloofsbelydenis deelnemend saam met die finalejaarkatkisant binne die kategese gedoen kan word.

(ii) Die kernprobleem van die hoofstuk is dus: Watter struktuur kan daargestel word sodat geloofsbelydenis deelnemend gedoen word binne die kategese, binne die Ned Geref Kerk?

Die huidige hoofstuk stel dus ‘n nuwe benadering voor vir die belydenisjaar. In hierdie jaar moet die kategese vanuit die pastoraat, begeleidend aangebied word. Dit vind plaas binne die sosiale konstruksieteorie waar die katkisant deur middel van die narratiewe, ‘n persoonlike geloofsbelydenis kan ontwikkel. Om by hierdie nuwe benadering uit te kom gee ek eers die ander benadering as agtergrond. Daarom word daar na die konfessionele manier van kategese gekyk.

### 3.5.1 Omskrywing van kategetiese ruimte vanuit 'n konfessionele posisie

In Reformatoriese kringe is kategese gesien as heilige onderrig met ‘n eiesoortige karakter (Beukes 1995:14). Vir die meeste reformatoriese teoloë is kategese die verkondiging van die Bybel - dit is die bediening van die heilsindikatief en heilsimperatief aan verbondskinders (Beukes 1995:14). Hierdie benadering laat min,

indien enige ruimte tot deelnemende geloofsontwikkeling. Daar word juis nou na die konfessionele benadering gekyk om die basiese uitgangspunte van die gereformeerde kategese te ondersoek en daaroor te reflekteer in die lig van die huidige veranderende omstandighede van jongmense en die probleem van onbetrokkenheid in gemeentes. In hierdie tradisie word gekyk na Bijlsma (1977) en Dingemans (1986) en ook na die definisie van die Ned Geref Kerk uit *Bekwaam om te leer* (Ned Geref Kerk 1978 Deel 1:7).

Bijlsma word gereken as ‘n kundige op hierdie gebied. Hy (1977:11) fokus baie sterk op die “Sola Scriptura” van die reformasie.  Verder beklemtoon Bijlsma die didaktiese van die kategese. Die Ned Geref Kerk het ook sterk by hom aangesluit in die omskrywing van die kategese. Dit dien dan ook as die voorskrif van die huidige kategese. My kritiek hierop is dat met die sola scriptura daar ‘n voorskriftelikheid na vore kom wat tot dusver die jongmens se eie gevoel oor God en belewenis van God negeer. Hierdie voorskriftelikheid se uitgangspunt is dat daar net een waarheid bestaan en soos reeds bespreek is, het ons hier met geïnterpreteerde waarheid te make. Kategese word soos volg deur Bijlsma beskryf:

> *‘Catechese is het onderricht van die christelijke gemeente aan haar lede, speciaal aan de jongeren, om hen toe te rusten tot een verantword leven in de wêreld als mondige lede van Christus' kerk’ (Bijlsma 1977:11).*

Volgens Bijlsma (1977:10) dra die kategese by tot die vorming van die godsdienstige persoonlikheid. Die kategese het, volgens hom, ten doel om kennis oor te dra, om sodoende meelewende lidmate te vorm. Die kategese word gesien as ‘n opvoedingsproses wat verantwoordelike mense van God, deur kategese, daarstel. Die kategese is dan ook ‘n kontinuering van sekere kennis van geslag tot geslag (Bijlsma 1977:13). Die hart van die kategese is dus die vorming van bewuste belyers van Christus (Bijlsma 1977:19). Vanuit hierdie benadering staan die verkryging van kennis baie sterk op die voorgrond. Die afleiding is dat kennis dan tot insigte lei wat ‘n lidmaat ‘n belyer van Christus maak. Die onus berus dus op onervare jongmense om oorgelewerde kennis bloot te aanvaar asof van God self, aangebied deur feilbare mense wat as kategete optree. Deur hierdie stelling word alreeds iets van die teenstrydigheid van die konfessionele benadering bemerk.

Dingemans (1986:233), ook vanuit die Europese perspektief, neem Bijlsma (1977) se definisie verder. Hy gee aan jongmense ‘n prominente plek in die kategese. Dingemans (1986:25) wil dat jongmense tot ‘n eie oortuiging en eie standpunt kom, maar die metode wat hy voorstel, bly egter voorskriftelik.

Volgens Dingemans (1986:233) is die doel van die leerproses rondom kategese soos volg omskryf:

> *Dat (jonge) mensen in aanraking komen met de Heer*
> *Door kennismaking met de bijbel, de christelijke traditie en de christelijke gemeente Zodat ze tot een eigen standpunt, ervaring en engagement ten aanzien van het geloof kunne komen,*
> *Door eigen reflectie, en in nauwe samehang met de geloofsgemeenschap van mense die de Heer willen volgen Christus zullen volgen op hun wijse en Kerk en sameleving op een geëngageerde en kritische wijze zullen willen dienen*

Hierdie ontwikkeling beskou ek as 'n goeie platform vir die verdere ontwikkeling in die kategese. Vanweë die uitdaging van die huidige situasie moet hierop uitgebrei word. **Die betrokkenheid van die katkisant behoort veel meer te wees as dit wat Dingemans voorstel**.

Volgens die handleiding van die Ned Geref Kerk: *Bekwaam om te leer* (1978 1:7) beskryf kategese as:

> *... die onderrig van die kerk deur sy ampsdraers aan sy onmondige lidmate om hulle voor te berei vir en te lei tot 'n verantwoordelike lewe in die wêreld as mondige lede van Christus se kerk en die openbare belydenis daarvan sodat die eer van God gehandhaaf kan word.*

Met die kategorisering van mondig en onmondig plaas dit katkisante weer in ‘n posisie van nie weet nie en daarom mag hulle nie sê nie. Hiermee word daar by Bijlsma (1977) aangesluit dat die kategese bydra tot die vorming van die godsdienstige persoonlikheid. Die kategese het dan ten doel om kennis oor te dra. Sodoende word meelewende lidmate gevorm met ‘n godsdienstige persoonlikheid. Hierdie stelling wys op die voorveronderstelling waarvan die konfessionele benadering uitgaan, naamlik dat kennisinsette veronderstel persoonlikheidsvorming.
Vervolgens word die definisies van Bijlsma (1977) en Dingemans (1986) krities bespreek:

### 3.5.2 Bijlsma

Bijlsma (1977:11) se definisie van kategese lui soos volg:

> ‘Catechese is het onderricht van die christelijke gemeente aan haar lede, speciaal aan de jongeren, om hen toe te rusten tot een verantwoord leven in de wêreld als mondige lede van Christus’ kerk’

Bogenoemde definisie word nou krities bespreek met die oog op die kategese wat in hierdie studie voorgestel word.

**(i) ‘Catechese is het onderricht’**

Onderrig, per definisie, is die oordrag van inligting en insigte met die hoop dat daar gedragsverandering by die leerder sal plaasvind (Bijlsma 1977:15). Tot dusver het die hoop beskaam. Gedragsverandering het meer insette nodig as bloot net inligting en insigte. Onderrig as leer het egter met gedragsverandering te doen (Robbins 1990:68) en die leer is ‘n lewenslange proses (van der Spuy 200:4). Indien daar nie onderrig plaasvind nie, kan daar nie leer wees nie. Die konsepte leer en onderrig loop hand aan hand (Van der Spuy 2000:4). Leer is 'n handeling (Van der Spuy:2000:6). Hierdie handeling gee aan die leerder ervaring wat gedragsverandering tot gevolg het. Onderrig, volgens Bijlsma (1977), is vir die doel van hierdie studie, te veel van eenrigting gesprek. Kategese kan dan as ‘n indoktrineringshandeling beskryf word. Teenoor die indoktrinerings, staan my eie benadering, waar kategese prakties en deelnemend verrig word en sodoende meer sinvol deur die katkisant beleef word.

**(ii) ‘van die christelijke gemeente aan haar lede, speciaal aan de jongeren, om hen toe te rusten’**

Toerus beteken om die leerinhoud verteerbaar aan te bied sodat dit geredelik aanvaar kan word deur die katkisant. Die voorskriftelike aard van die metode staan skerp in kontras met die deelnemende benadering wat deel was van hierdie studie.

Juis in my eie benadering met kategese se deelnemende karakter, ontstaan die uitdaging om nuwe metafore te vind vir effektiewe begeleiding of ontwikkeling en kan daar nie meer voorskriftelik met die kategese omgegaan word nie. Entoesiasme van katkisante taan en hulle verloor belangstelling in die kategese waar daar voorskriftelike gewerk word.

Leerhandeling vind plaas as 'n persoon iets weet wat hy nie voorheen geweet het nie, of iets kan doen wat hy nie voorheen gedoen het nie (Van der Spuy 2000:3). Leerhandelings behoort wederkerig beskou te word. Beide die kategeet en die katkisant vind baat by leer. Die kategeet beweeg saam met die katkisante begeleidend en geduldig sodat katkisante weer belangstelling begin toon in die kategese omdat God weer, uit persoonlike ervaring, in hulle lewe raakgesien word.

**(iii) 'tot een verantwoord leven'**

Hierdie verantwoordelike lewe volgens Bijlsma behels 'n breër toepassing as net die geestelike lewe. Dit behels verantwoordelike mense binne 'n gemeenskap (Bijlsma 1977:11). Die groot kritiek teenoor die moderne teoloë se benadering lê juis in hul definisie van wie mag voorskryf. Die 'wie' was altyd 'n gesagspersoon wat sekere afleidings gemaak het oor, wat behoort en watter gedrag of standpunt is ongehoord of onaanvaarbaar. Tipologisering, institusionalisering en legitimatisering was prosesse wat dit maklik gemaak het om te kon veralgemeen. Bogenoemde definisie het sy oorsprong uit 'n bedeling waar daar baie voorskriftelik te werk gegaan is rondom wat behoort geleer te word. Vanuit die Christelike godsdiens word dit geregverdig om voorskriftelike definisies te gee, maar hierdie voorskriftelike benadering vervreem jongmense. Voorskriftelike definisies spruit voort uit subjektiewe opvattings en interpretasies deur kategete, wat as gesagsfigure, hierdie voorskrifte wil toepas op die katkisant se lewe. Vanweë verskillende interpretasies deur kategete rondom riglyne vir die Christelike lewe, behoort daar minder voorskriftelik omgegaan te word. Jong katkisant behoort die reg te hê om sinvolle antwoorde op oënskynlike nietige vrae te kry, om sodoende onder begeleiding self riglyne vir die lewe te interpreteer. Op hierdie manier visualiseer katkisante hulle posisie as aktiewe belydende lidmate omdat hulle

alreeds voel hulle het ‘n plek in die kerk. Hierdie benadering kan lei tot groter geloofsvolwassenheid. Dit wil sê die neem van groter verantwoordelikheid vir ‘n eie geloofsuitlewing as deel van ‘n verantwoordelike lewe.

Louw (1993:184) brei verder op geloofsvolwassenheid uit: ‘…as gawe en *met* beloftes is volwassenheid 'n voortdurende op-weg-wees, onder die aanblik van die koninkryk van God’.

Volgens Louw (1993:184) het volwassenheid vier funksies:

- **Eskatologiese** – in Christus is God besig om deur die werking van die Heilige Gees die ganse skepping te begelei na ‘n uiteindelike doel: die algehele verheerliking van God deur sy ganse skepping. Geloofsvolwassenheid behels ‘n voortdurende gerigtheid op ‘n toekoms wat gedra word deur die beginsel van belofte-in-vervulling.
- **Soteriologiese** – dit behels die kennis dat in Christus al my skuld weggeneem is en ek met God op die bodem van my bestaan versoen is. Dit herstel die mens tot kongruensie, naamlik die versoende mens wat tot wesentlike integrasie kom omdat die sondige breuk tussen die ek en self tot ‘n geheel genees is.
- **Pneumatologiese en sedelike volwassenheid** beskryf die mens in diens van Christus. Vir hierdie dienswerk word die mens deur die Heilige Gees toegerus. Geloofsvolwassenheid is gekoppel aan ‘n praktiese, toegepaste lewenskennis wat ‘n nuwe sedelike bewussyn en gewete skep. Eties gesproke praat Louw (1993:183) van ‘n kwalitatiewe nuwe wyse van bestaan wat lei tot ‘n geïntegreerde, stabiele persoonlikheid wat voortdurend gerig is op die afronding van die menslike bestaan.
- **Korporatiewe geloofsvolwassenheid** is die onderlinge eenheid van gelowiges in liefde. Die lewensvervulling wat die gelowiges in Christus het, skakel in met die lewensvolheid wat gelowiges in Christus besit en verrykend tot mekaar toeëien en in die wêreld realiseer.

Bogenoemde funksies van geloofsvolwassenheid, benadruk elemente van geloofsvolwassenheid, soos deur die geloofsgemeenskap gesien. Dit kan ook dien as ‘n riglyn waarmee in gesprek getree word met die katkisant om die

probleemstelling van hierdie studie aan te spreek. Indien hierdie funksies van geloofsvolwassenheid meer as ‘n riglyn gesien word, bestaan die gevaar om dit voorskriftelik te maak. Dit het ook ‘n negatiewe invloed op die katkisant. Die riglyne van Louw (1993:184) kan, deur ‘n deelnemende bespreking, die hele vraag van volwassenheid, op die katkisant se vlak, verstaanbaar en sinvol maak, sodat die katkisant eie beperkings ontdek en so ‘n gevoel van ‘meer wil weet’ ontwikkel.

Geloofsontwikkeling in hierdie studie is deelnemend met die ‘finalejaarskatkisant’ gedoen, gesitueerd binne hulle lewenstories, op so ‘n wyse dat dit tegelykertyd die geloofstorie van die geloofsgemeenskap sowel as 'n eie lewenstorie insluit. Verantwoordelikheid en deelname gaan hand aan hand.

Deelnemende kategese kan baie maklik ontaard in ’n gesprek waar dit wat die katkisant sê, geklankbord word, dit wil sê dit lewer geen rigtinggewende bydra tot die proses van die kategese nie. Die katkisante word daarom telkens deur die voorskriftelike ontnugter. Dan laat dit ons nog steeds by die impasse dat jongmense se deelname gereduseer word tot: hulle mag spreekbeurte kry sonder om rigtingveranderende bydraes te lewer. Die deelname behoort, volgens my, op ‘n medeverantwoordelikheidsvlak te lê - volgens aksienavorsing mede-eienaarskap.

Die etiese beginsel van ‘n deelnemende proses met medeverantwoordelikheid, ontleen ek aan Kotzé (2002:40), met ‘particiaptory consciousness’. Dit maak beide die kategeet en katkisant sensitiewe, gewillige gespreksgenote in die gesprek rondom die vind van metafore vir geloof en God. Verder verskaf hierdie deelnemende bewuswees van medegespreksgenote ‘n wyse van interaksie tussen God en mens, binne die gesprek oor God in vandag se situasie.

**(iv) ‘in de wêreld als mondige lede van Christus' kerk’**

Die woord mondig lei tot die polarisering tussen mondig en onmondig. Mondig beteken iemand wat die geleentheid om te praat, die reg tot ‘n mening, en die voorreg tot ‘n geloofsbelydenis kan benut. Mondig beteken die aanvaarding

van die volle verantwoordelikheid in regte en pligte van ‘n mondige lidmaat en Bijlsma (1977:274)) koppel dit aan geestelike rypheid. Onmondig volgens Bijlsma (1977:275) beteken iemand wat nie weet wat hulle doen nie, nie besef waarmee hulle besig is nie. Dit is mense wat nie in die kerk oor Christus kan praat nie, as gevolg van te min kennis. Gebrekkige kennis veroorsaak dat ‘n onmondige nie ‘n belydenis kan verwoord nie, omdat daar nie weergegee kan word wat **voorgeskryf** word in die belydenisskrifte nie. Onmondigheid berus dus op kennis.

Die vraag ontstaan nou: ‘Wat is die kriteria om mondig wees? Hierdie vae begrippe en omskrywings het dit tot dusver moeilik gemaak om die geloofwaardigheid van die kategeseproses te bevorder. Juis hierdie vae begrippe kom uit ‘n era waarin daar van die veronderstelling uitgegaan is dat almal verstaan wat dit beteken. Hierdie tydperk van 11 jaar kategese, was veronderstel om **katkisante** toe te rus, sodat hulle ‘n mondigheid bereik waarmee hulle geloof in Christus kon verwoord. Hierdie veronderstelling berus op die uitgangspunt dat, nadat die kennis gegee was, dit lei tot ‘n geestelike rypheid wat katkisante gereed maak vir ‘n openbare belydenis.

Hoe goed bedoel dit ook was, bly die veronderstellings voorskriftelik en vervreem hierdie benadering eerder die soekende en worstelende katkisante, in ‘n eie soektog na ‘n lewende verhouding met God, en ‘n plek in die huidige geloofsgemeenskap.

Uit hierdie kritiese beskouing van Bijlsma (1977) is die afleiding dat daar met ‘n raamwerk na die jeug gekom word wat die jeug binne kategorieë plaas naamlik mondigheid en onvolwassenheid. Dit doen afbreek aan die reeds bestaande kennis waaroor katkisante beskik. Vervolgens kom Dingemans (1986) se definisie aan die orde.

### 3.5.3 Dingemans

Dingemans (1986) het meer nadruk op die katkisant begin lê vir die kategese. Volgens my het hy nie ver genoeg gegaan met die belangrikheid van deelname deur die

katkisant tot die kategetiese proses nie. Dit sal vervolgens blyk uit die kritiese bespreking van sy definisie. Dingemans (1986:233) sien die doel van die kategese as volg:

> Dat (jonge) mensen in aanraking komen met de Heer, door kennismaking met de bijbel, de christelijke traditie en de christelijke gemeente, zodat ze tot een eigen standpunt, ervaring en engagement ten aanzien van het geloof kunne komen door eigen reflectie van mense die de Heer willen volgen, Christus zullen volgen op hun wijse' en Kerk en sameleving op een geëngageerde en kritische wijze zullen willen dienen.

Die doel van die kategese soos deur Dingemans beskou word nou krities bespreek:

**(i) 'Dat (jonge) mensen in aanraking komen met de Heer, door kennismaking met de bijbel, de christelijke traditie en de christelijke gemeente'.**

Die positiewe van die definisie is dat dit deel uitmaak van die hele gesprek rondom kategese en geloofsontwikkeling. Volgens Dingemans(1986:227) is kategese slegs ontplooiing van die mens se religieuse ervaring.

Beukes (1995:15) sien kategese daarteenoor, as die helpende proses vir die mens om homself te word. Die blote ontplooiing van die religieuse ervaring verskraal en kompartementaliseer die lewe te veel. Kategetiese begeleiding gaan verder as bloot die kontak met die kerklike gemeenskap. Dit sluit in die invloed van die ouerhuis (hetsy gelowig of ongelowig), vriende en ander belangrike persone in die jongmens se lewe, wat breër uitkring as die genoemde kontak, en wat deel uitmaak van die kategetiese begeleiding. 'n Mens kom nie net in aanraking met die Here deur die Bybel, tradisie en die gemeente nie. Nie-belydende mense se uitsprake oor God word ook ingesluit.

**(ii) 'Zodat ze tot een eigen standpunt, ervaring en engagement ten aanzien van het geloof kunne komen'**

Die beklemtoning van 'n eie standpunt, ervaring en eiesoortige omgaan met geloof, is baie positief. Vir effektiewe kategese moet die kant van katkisante se betrokkenheid ten opsigte van die lesinhoud, meer aandag geniet. Juis hierdie gedeelte van die definisie word in hierdie studiestuk uitgebou en uitgebrei, sodat die lewensverhaal van die jongmens meespreek met die eie geloof wat

ontwikkel moet word. Geloof word nog steeds, soos in Bijlsma (1977) se geval, te veel as ‘n soort kollektiewe geloof verstaan waaroor almal saamstem. Daarteenoor staan die eie verwoording, met eie metafore en eie interpretasies van geloof in God.

**(iii) ‘Door eigen reflectie’**

Dingemans (1986:223) raak hier ‘n baie belangrike saak aan. Met refleksie kry jongmense geleentheid om die geleerde waarhede te ondersoek aan die hand van vrae wat hulle vra, sodat daar verheldering kan kom oor die bedoeling van die aangeleerde waarhede. Dit lê nog steeds buite hulle eie internalisering daarvan. Waarhede word deur Dingemans (1986) verstaan as aangeleerde waarhede en nie soseer wat die waarhede in my eie lewe vir my beteken nie. Dingemans (1986) werk met voorskriftelike waarhede. Hierdie voorskriftelike waarhede is reeds met interpretasie gekontamineer, maar word voorgehou as suiwer waarhede. Hierin verskil ek van Dingemans (1986) daarin dat indien die kontaminasie nie verklaar word en die jongmens nie geleentheid kry om die waarhede met ‘n eie kultuur en interpretasie verder verrykend te kontamineer nie, werk ons met ‘n voorskriftelike waarheid wat afgedwing word op jongmense. Hierdie proses van finalejaar kategese word dus verskraal deur Dingemans (1986) se siening daarvan, teenoor die voorgestelde siening van die studie, wat uitgaan van die standpunt om die vervlegtheid van interpretasies te erken en dit te verklaar sover bekend.

**Die vraag kan nou gevra word: ‘waaroor reflekteer jongmense in die kategese?’**

Refleksie beteken om met vrae en omstandighede om te gaan sodat elke katkisant ‘n tog (Hudson 2002:270) aanpak na ‘n selfgekose geloofsoortuiging. Katkisante word nie meer net vir die hemel voorberei nie, maar ook om te leef en te glo in die wêreld (Beukes 1995:15). Refleksie is ook vir elke katkisant anders en uniek. Die interne gesprek wat eie vrae en lewensvrae insluit, vorm dan noodwendig deel van die gesprek wat geëksternaliseer kan word. My studie sluit juis hier by die katkisant se eie reflektering aan. Hulle refleksie gaan oor hulle eie geloofsoortuiging, kennis van God en die lewe, wat op ‘n kongruente wyse geïntegreer word, met nuwe kennis van God.

**(iv) ‘en in nauwe samehang met de geloofsgemeenschap’**

Dingemans beskou die geloofsgemeenskap as die bewaarder van die geloofsinhoudelike. Noue samehang volgens hom beklemtoon die wisselwerking tussen die gemeente, as bewaarder van geloofswaarhede, en die katkisant opsoek na geloofsinhoude wat as hulpmiddels kan dien vir die geestelike tog waarmee die katkisant besig is. Indien dit voorskriftelik bedoel is, behoort die mag van die geloofsgemeenskap uitgeklaar te word. Hier moet die grense van ‘samehang’ uitgeklaar en onderhandel word met die katkisant, totdat albei partye tevrede is. Katkisante behoort ‘n ruimte gegun te word waar hulle kan eksperimenteer met geloofsformulering en geloofsinhoude, wat selfs sou kon verskil van die geloofsgemeenskap se opvattings. Die grense van ‘samehang’, wat beteken dat soos die geloofsgemeenskap, die katkisant ook steeds opreg op soek is na God wat onder woorde gebring kan word vir ‘n belydenis oor God, moet hier nog steeds gerespekteer word. Om God te taal vir ‘n belydenis oor God, bly steeds ‘n unieke, individuele ervaring.

**(iv) ‘van mense die de Heer willen volgen, Christus zullen volgen op hun wijse’**

Die gemeente, waarbinne jongmense belydenis van geloof aflê, behoort aan jongmense die versekering te gee dat daar ‘n openheid bestaan ten opsigte van 'n eie standpunt en geloofsoortuiging aangaande Christus. Die kategese wil eerder God regdenkende mense vorm (Beukes 1995:16), as eenders denkende mense. Die gemeente het dan ook ‘n subtiele, begeleidende funksie. Gedurende die begeleiding bestaan die moontlikheid dat ook die gemeente se geloofsoortuiging aangaande Christus, verryk kan word deur jongmense se bydraes.

**(vi) ‘en Kerk en sameleving op een geëngageerde en kritische wijze zullen willen dienen’**

Met die klem op die samelewing het die katkisante die verantwoordelikheid om hulle belydenis geloofwaardig uit te leef. Dit gaan hoofsaaklik vir Dingemans (1986:227) oor die ontplooiing van die mens se eie, religieuse ervaring. Soos Dingemans (:227) dit hier stel, klink dit asof katkisante onbeperkte vryheid het.

Hierdie vrye deelname verskil van westerse individualisme omdat dit steeds gekoppel bly aan die geloofsgemeenskap. Die deelname is steeds ‘n sosiale gemeenskapsproses (Dingemans 1986:228). Hy beskou die gemeente as die draer van die waarheid, waarteen die belydenis van die katkisant dan teruggekaats word na die katkisant toe vir herevaluering in die lig van die waarheid wat die gemeente voorstaan. Die finalejaarkatkisant se vryheid is beperk tot die mate wat dit konformeer met ‘n waarheid, soos deur die gemeente bepaal. Met ander woorde, hulle moet konformeer met ‘n gegewe vorm. Die gemeente word gesien as die instansie van mense waar die waarheid bewaar word. Met die woorde ‘*waarheid bewaar word’* val Dingemans (1986) terug op ‘n waarheid wat iewers geweet kan word, wat die Bybel en 'n interpretasie van die belydenisskrifte van die kerk, sou wees. Hierdie waarheid moet geken en verstaan word, maar daar moet met groot versigtigheid gepraat word oor die waarheid, want dit bly steeds geïnterpreteerde waarheid wat vervleg is met die kulturele. Hierdie moet dan ook voortdurend in gedagte gehou word tydens die kategese met die finalejaars.

### 3.5.4 Konklusie

Kategese is ‘n helpende proses vir die mens om homself te vind (Beukes 1995:15). Die kategetiese ruimte het met die bogenoemde bespreking by die voorskriftelike gebly. Teenoor die voorskriftelike staan die vrye beslissing van die katkisant in sy verhouding met God, Christus, die Bybel, die kerk en die wêreld. Hierdie uitgangspunt is die kern van die studie in hoe katkisante begelei kan word om ‘n eie, eerlike/outentieke geloofsbelydenis te ontwikkel. Die leerproses, soos uiteengesit in die finalejaar kategese, is dus outoritêr, indoktrinerend of dwingend, wat aanleiding kan gee tot bloot ‘n bevestiging van ‘n voorgeskrewe belydenis. In die aanbieding van die stof en in die organisasie van die leerproses, tydens die begeleiding van die katkisant, gaan dit oor die optimale, vrye deelname van die katkisant wat die proses situeer binne hulle persoonlike lewenstories en die geloofstorie van die geloofsgemeenskap Die katkisant in die finalejaar kom dan by ‘n selfontdekking in ‘n verhouding met God uit. Die voorafgaande bespreking oor die onderbenutting van die kategetiese ruimte bring ons by die vraag: ‘Hoe kan die ruimte beter benut word?’ Dit bring ons dan by die fokus op die katkisant in die finalejaarsklas as deelnemer tot die konstruering van die kategetiese ruimte.

## 3.6 VANUIT DIE KONFESSIONELE NA DIE KATKISANT

Die agtergrond van die konfessionele benadering bring ons by die tydelike impasse in die kategese. Die vraag: ‘Hoe kan ‘n proses aan die gang gesit word waar jongmense self kan ontwikkel/skep en formuleer wat hulle glo?’, neem ons verder op die pad van ‘n proses waar dit konkreet gestalte kan kry. Die lokus van kontrole lê buite die katkisant in die leerstellings en tradisie van historiese oorsprong (Anthony 2004:86). My benadering skuif in die huidige na universele, etiese beginsels, wat meer innerlik van aard is. Anthony (2004:86) en Fowler (1981) praat van ‘conjunction faith’: **‘**Conjunction faith recognizes the complexities of our era and have the capacity to hold in dynamic tension viewpoints that are opposing and contradictory. This is done with minimal internal dissonance or tension’.

Op die vraag: ‘Hoe was daar tot dusver met die katkisant in die kategese omgegaan?’, wys Au (1991:352) op drie uitgangspunte, waarmee hy aansluit by Hugel en Westerhof en bespreek hy Hugel en Westerhof se maniere van kategese:

(i) Hugel in Au (1991:352) )beklemtoon die *institusionele*, naamlik: By jongmense moet waardering vir die kerk, God en geloof, gekweek word deur middel van visuele simbole, geheue, en onderrig. Hulle glo wat hulle geleer word, vanweë die visuele, die aanspraak op die geheue, en die metodes van onderrig. Gesag van die kerk en die instituut is oral sigbaar. Die kontak met die simbole, en die gesagstruktuur, laat die jongmens vrae vra. Dit lei tot argumentering tussen die vrae van jongmense en die institusionele kultuur. Juis uit hierdie beredenering word abstrakte denke gestimuleer wat nodig is om geloof te kan ontwikkel.

(ii) Westerhof in Au (1991:352) praat van *formasie*. Dit beteken jongmens word blootgestel aan spesifieke kennis en vaardighede vir ‘n Christelike lewe. Die Woord, moraliteit en sakramente speel ‘n belangrike rol om aan jongmense die kennis te gee en word toegepas sodat dit lei tot sekere morele afleidings. Jongmense word geleer om die woord te interpreteer, sodat sekere afleidings gemaak kan word.

Die jongmens word met historiese en teologiese denke gekonfronteer, waarna daar dan moreel gereflekteer word oor ‘n verhouding met God.

(iii) Die derde wyse noem Au (1991:352) die *mistiese*. Dit lê klem op die kultivering van die innerlike lewe. ‘n Sensitiwiteit vir die innerlike gesprek, oor God en oor die Christelike lewe, word aangeleer. Ervarings speel ‘n belangrike rol. Geloof word beleef en nie altyd verstaan nie. Liefde weeg sterker as die analisering daarvan. Die krag lê in die aksies, nie die intellektualisering nie. Die jongmens het ‘n dieper verhouding met God op hierdie punt. Liefdevolle verhoudings teenoor ander, wat in versorging uitloop, kom sterk na vore, omdat hulle tydens gesprekke ontdek het hoe God se liefde en genade in hulle eie lewens gestalte gekry het.

Met die voorafgaande bespreking van die uitgangspunte van Hugel en Westerhof in Au (1991:352) is die afleiding dat daar moet iets buite ons op een of ander manier geïnternaliseer word. Met hierdie benadering word by die konfessionele aangesluit. Kennis en intellek word tydens kategese as voertuie daarvoor gebruik. Daar kan aanvaar word dat sekere kennis reeds bestaan, sekere afleidings reeds gemaak is wat deur jongmense geïnternaliseer moet word.

Hier is Au (1991:352) se mistiese benadering ’n riglyn in die soeke na ‘n proses vir die kategese. Met die mistiese word daar egter voorskriftelike wyses van innerlike gesprek aangeleer, wat die potensiaal inhibeer waaroor jongmense reeds beskik, om ‘n eie innerlike gesprek te verwoord. Van belang, vir hierdie studie, is die ervaringsklem wat deur die mistiese benadering gelê word.

Die uitdaging vir elke kategeet, in die mistiese benadering, lê juis daarin hoe jongmense in die finalejaarkategese, geloof, waaroor hulle reeds beskik, kan verwoord. Die fokus skuif na die katkisant, en in die huidige studie is die katkisant se huidige geloofsbelewing primêr. Met die mistiese benadering val die klem op heiligmaking. Die ervaring rondom die misteriese moet lei tot groter toewyding wat as heiligmaking gesien word. Heiligmaking veronderstel die proses waar die Heilige Gees in samewerking met die gelowige ‘n lewenstyl ontwikkel wat gelykstaande is aan Christus se lewenstyl (Issler 2004:39). In my studie word die proses van

geloofsontwikkeling uitgebrei in die kategese en is die fokus nie op die bereiking van die einddoel, naamlik heiligmaking, soos die mistiese benadering voor staan nie. Dit word doelbewus gedoen, omdat die uitkoms van die kategese in die finalejaar nie is om by heiligmaking uit te kom nie, maar die finalejaarkatkisant te begelei om ‘n eie, eerlike/outentieke geloofsbelydenis te ontwikkel wat nie bloot ‘n bevestiging van ‘n voorgeskrewe belydenis is nie. Hiermee is heiligmaking ook nie die bevestiging van ‘n voorgeskrewe belydenis nie. Die klem val op die outentieke aard van ‘n lewe *voor* God en *vir* God, en dat dit sy oorsprong het in die deelnemende geloofsontwikkeling wat tydens die kategese, gesitueerd word binne die lewenstorie ‘n jongmens. Die heiligmaking se fokus - om meer op God te fokus - as die einddoel van die geloof, word slegs tydelik tweede geplaas in die beklemtoning van die proses waar jongmense self kan ontwikkel/skep en formuleer wat hulle glo. Die heiligmakingsproses is ‘n verdere gevolg vanuit die finalejaarkatkisant se eie, geformuleerde geloofsbelydenis.

In die soeke na ‘n proses vir die kategese waar ‘n lewe voor God en vir God deelnemend gekonstrueer kan word bly die fokus op die katkisant. So ‘n proses maak ruimte dat die lewenstorie en geloofstorie van die katkisant ondersoek, blootgelê en ontgin kan word vir die geloof wat reeds in die lewe van die jongmens bestaan. Die dinamiese wisselwerking tussen kultuur en kennis van God in jongmense se lewe, bied geleentheid om verder ontwikkel te word deur dit te verwoord en as ’n geformuleerde geloof te definieer. Hierdie eie, geformuleerde geloof sou dan die finalejaarkatkisant se pad na heiligmaking uitstippel. Die pad na heiligmaking kan nie alreeds deur die katkisant verklaar word nie, want dit bly ‘n voortdurende proses waar die kulturele en hul eie lewensstorie dryfvere is wat met die konstruering van heiligmakingsproses te make het.

Juis met die gebruik van kennis en intellek, as metafore vir die kategese, word op die einddoel gefokus. Vir die doel van die studie, met die fokus op die proses, is ook ander metafore nodig. Geloof is ‘n verhouding met God. Verhoudingsmetafore eie aan hul verwysingsraamwerk help ook om nader aan jongmense in die finalejaarskategese te kom. Elkeen het reeds ondervinding van die dinamiek in verhoudings. Vanweë die belangrikheid van verhoudings word die onderwerp volgende bespreek as deel van die proses van kategese, wat in hierdie studie voorgestel word.

### 3.6.1 Vanuit kennis na verhouding

Die na-modernistiese era fokus meer op die estetiese. Die estetiese beskou kennis, aksies en emosies as holisties. Hierteenoor het die modernis met 'n dualistiese intellektualisme gewerk, waar die rede en die gevoel in konflik met mekaar was (Stiver 1995:243). Die gevolg hiervan was dat daar 'n breuk ontstaan het tussen denke en liggaam, passie en rede. Vir die modernis is die rede vooropgestel en kon nooit deur passie gekelder word nie (Stiver 1995:244). Die postmoderne denker verwerp die intellektuele dualisme (Stiver 1995:245). Die jongmens van vandag word groot in 'n postmoderne wêreld waar verhoudings 'n baie belangrike rol in hulle lewe speel. Verhoudingstaal is dus bekend aan hulle. Met hierdie siening word die kategese in hierdie studie benader.

'n ‘Verhouding met God’, word as tema gebruik in die gesprekke met jongmense en vervang dus kennis en intellek. Kennis en intellek bestaan steeds, maar word toegepas binne die raamwerk van 'n verhouding. Die **verhouding** bepaal kennis en intellek, en nie meer dat kennis en intellek die bepalers van die verhouding is nie.

Hierdie benadering help die katkisant binne die kategese om met God in 'n verhouding te tree. Daar word weg beweeg van kennis en intellek as vertrekpunte en maak verhouding die taal van die kategese. 'n Verhouding veronderstel 'n wedersydse gewilligheid om die verhouding tot stand te bring:

(i) Ek werk met die aanname dat die meerderheid katkisante in die finalejaar wil met God in ‘n verhouding wees. Daar is egter ook die jongmense wat deel is van die finalejaargroep uit dwang van hulle ouers, asook die wat slegs uit respek vir hulle ouers daar is.

(ii) Die verhouding tuis tussen ouer en kind en die tussen vriende en verhoudings met die teenoorgestelde geslag is voorbeelde van verhoudings waarbinne finalejaarkatkisante staan. Dit is ook faktore wat die verhouding, wat die katkisant met God het, beïnvloed.

Bogenoemde interpretasie lei tot ‘n beoordeling van die **konteks** waarbinne die verhouding staan. Bewuswording van ander geloofsverhoudings wat bestaan, aksentueer die pluralistiese situasie waarbinne jongmense hulle bevind. Die waarheid

van ‘n godsdiens moet kontekstueel gesien word. Tradisie, belydenis en historiese omstandighede medebepaal die waarheid vir ‘n godsdiens (Du Toit 1997:943). Hoe ‘n mens dink en wat jy glo, word onder meer bepaal deur die spesifieke tyd in die geskiedenis waarin die mens leef. Du Toit (2000:13) noem die voorbeeld van Kopernikus. Voordat Kopernikus (Du Toit 2000:13) sy model van die heelal bekend gemaak het, was die siening van die kerk en gelowiges dat die aarde plat is. Met ‘n plat-aarde begrip, asook dat die aarde die middelpunt van die heelal was, was die Christen- gelowiges van daardie tyd gewapen met ‘n sekere Godsbegrip wat voortgespruit het uit hulle historiese omstandighede. Die wisselwerking tussen omstandighede en belydenis was tot dusver in hierdie studie sterk belig. Met die eenkerk milieu, naamlik die van die Roomse kerk tydens Kopernikus se lewe, was ‘n sekere tradisie ook geweldig sterk gevestig.

Vandag is daar ook nuwe inligting tot jongmense se beskikking. Inligting van meer as een godsdiens (byvoorbeeld - New Age-beweging, Hari Krishna, Islam), word voorgehou as die waarheid. Oral is daar ooreenkomste tussen die verskillende gelowe sigbaar wat dan die vraag laat ontstaan waarom jongmense dan die keuse vir ‘n verhouding met Jesus Christus behoort te maak. Dit is nie die doel van hierdie studie om die Christelike godsdiens te verdedig teenoor die nader godsdienste nie. Dit is slegs belangrik om die konteks te belig en die uitdagings daarvan te beklemtoon.

‘n Verhoudingsbenadering vir die kategese is nie ‘n eenvoudige en makliker manier om kategese aan te bied nie. Vir die verhoudingsbenadering word daar van metafore gebruikgemaak. Om metafore te gebruik, stel aan die kategeet sy eie uitdagings. ‘n Metafoor bied aan beide die kategeet en katkisant simboliek, deur middel van figuurlike taalgebruik, wanneer daar oor ‘n verhouding met God gepraat word. Hierdie metafore spruit gewoonlik uit voorbeelde in jongmense se lewe waarmee hulle hulself in verhouding met God begin identifiseer in hulle eie lewe.

Verhoudings het ‘n groot mate van **subjektiwiteit**. Hierdie subjektiwiteit lei tot ‘n voortdurende interpretasie van die verhouding. Beide die katkisant en die kategeet interpreteer hulle verhoudings met mekaar en hulle verhouding met God, subjektief. ‘What one knows or sees depends on where one stands or sits’ (Brueggemann 1993:8*)*. Hierdie beoordeling van die verhouding berus op waardes van die interpreteerder. Die

geloofwaardigheid van ‘n verhouding word bevestig indien dit elke dag se leefwyse beïnvloed. In die geloofsverhouding kan dit ook nie anders nie. Geloofwaardigheid kom na vore waar die geloof wat bely word elke dag se lewenswyse eksistensieel beïnvloed (Du Toit 1997:943). Dit moet katkisante primêr van die kategeet beleef. Die tiener is fisiologies en intellektueel ook op soek na ‘n eie identiteit wat dikwels eers aangespreek moet word voordat die voorgestelde proses in werking kan tree. Die kategeet is dan nou ook die eerste kontak wat katkisante het in ‘n eie bou van ‘n verhouding met God. Jongmense moet dus die geleentheid gebied word om met ‘n persoonlike belydenis, van ‘n eie verhouding met God, ook hierdie soeke na ‘n eie identiteit te verwoord as deel van die outentieke bely van ‘n geloofsverhouding met Jesus Christus.

Daar bestaan ook ‘n **kompleksiteit in verhoudings** wat dit ‘n eie, unieke karakter gee vir elkeen wat in ‘n verhouding staan. As voorbeeld kan ‘n een-tot-een verhouding geneem word en die afleiding gemaak word dat daar eintlik van verskeie verhoudings gepraat word. Ek verduidelik dit soos volg. In die een tot een verhouding, dit wil sê mens tot mens kan die volgende verhoudings almal onderskei word: (verhouding van die een in die verhouding tot (i) homself/haarself; ook die persoon in verhouding, (ii) manlik of vroulik se benadering tot ‘n verhouding; dan ‘n verhouding tot die (iii) ander persoon, hetsy man of vrou). Hierdie uiteensetting wil net wys hoe kompleks verhoudings kan word. Die kompleksiteit van verhoudings moet plek maak vir ‘n groter verskeidenheid opvattings oor verhoudings. Die verskeidenheid moontlikhede of perspektiewe laat die fokus om na ‘n regte verhouding (vaste punt) te soek, nutteloos (Prins 1999:2). In die nader beweeg na die katkisant is die kompleksiteit in interpretasie van verhoudings ‘n belangrike saak. ‘n Tema wat hierby aansluit is die leefwêreld van katkisante, waaraan daar volgende aandag gegee word.

### 3.6.2 Die wêreld waarin finalejaarkatkisante leef

Wêreldwyd kry ons die verskynsel dat belydenisaflegging nie noodwendig die toetrede van entoesiastiese belydende lidmate tot gevolg het nie (Osmer 1996:xii; Davis 1986:269; Mason 1984:3). Hierdie toestand noop die Ned Geref Kerk om na oplossings te soek wat nie noodwendig in een metodiek, teologiese – of kategetiese benadering lê nie.

Die vraag kom na vore: ‘Hoe kan ‘n proses aan die gang gesit word waar jongmense formuleer wat hulle glo en glo wat hulle formuleer?’

Die antwoord behoort ‘n gesamentlike soeke te word na ‘n manier van kategese waarmee jongmense kan identifiseer. ‘n Paar identifiseerbare kenmerke van die opvattings van jongmense vandag: word vervolgens bespreek, omdat dit van belang is vir die verstaan van die vereistes vir ‘n ruimte waarbinne die kategese moet plaasvind.

*3.6.2.1 Jongmense kom ontnugterd voor*

Vanweë die onvermoë om werklik ‘n beter wêreld te skep om in te woon word jongmense groot as deel van ‘n ontnugterde geslag, aldus Du Toit (2000:51). Die ontnugtering word verder versterk deur chaotiese lewensomstandighede. Volgens Dockery (1999:13) kom 50% van jongmense in die VSA (Dockery 1999:13) uit egskeidings en gebroke huise. Die statistiek van die VSA is nog meer skokkend as gekyk word, waarmee jongmense daagliks gekonfronteer word: 13 jeugselfmoorde word gepleeg, 16 kinders vermoor, 1000 ongehude moeders skenk geboorte aan ‘n kind, 500 begin dwelms gebruik, 1000 begin alkohol gebruik en honderde word besteel, verkrag en gemolesteer. Beukes (1995:17) wys daarop dat die Suid-Afrikaanse samelewing tendense soos enkelouers, afwesige vaders en of moeders, groot diversiteit in waardesisteme, afwesigheid van ‘n uniforme samelewing, bevraagtekening en selfs verwerping van tradisies, toeganklikheid tot ander kulture en ‘n groot onsekerheid oor die toekoms, voorkom. Tog probeer die meeste jongmense, oënskynlik onhandig en onervare sin maak uit eie, religieuse geloofsoortuigings (Davis 1986:269). Die kategese moet ruimte bied vir jongmense wat op die oog af met vae, lomp en onseker religieuse geloofsoortuigings na vore kom te laat tuisvoel.

*3.6.2.2 Jongmense voel verwaarloos*

Codrington (1998) is van mening dat, as gevolg van die belewing van onbetrokkenheid van ouers by jongmense, ervaar hulle ‘n **gevoel van verwaarlosing**. Hulle kompenseer hiervoor met ‘n oorbeskermde gevoel jeens mekaar. Vernon White (1996:2) sluit hierby aan in sy boek oor die status van die individu in die westerse samelewing. White (1996:2) beweer mense raak in al groter mate onseker van hulleself binne die

westerse kultuur. Hierdie onsekerheid gee volgens hom aanleiding tot groot versteurings. Sy pleidooi gaan oor die groter fokus op die mens, as ‘mens in verhoudings’ (met God en medemens) (White 1996:106). Hierdie fokus op onderlinge verhoudings wat die jongmense se lewens beïnvloed, veroorsaak dat die kerk groter aandag aan die gemeenskap van die gelowiges sal gee en dat dit tot sy reg sal kom in die kategese. Gesinne kan veral hier ‘n baie belangrike fokus word.

#### *3.6.2.3 Jongmense soek na identiteit*

Verder belangrik is volgens Louw (1997:12), soeke na ‘n **identiteit** (wie ek is en wat is die sin van die lewe) en **intimiteit** (die wesentlike behoefte om onvoorwaardelik aanvaar te word vir wie ek is sonder die angs en onsekerheid om verwerp te word). Osmer (1996:7) beklemtoon verder die belangrikheid van die adolessente fase as die vorming van identiteit: ‘While the infantile antecedents of identity are more unconscious and the change very slowly, if at all, the identity problem itself changes with the historical period [adolessente fase]: this in fact, is its job’.

Met hierdie soeke na ‘n emosionele warmte en geborgenheid word die jeug soos volg beïnvloed (Prins 1999:2): Dit affekteer hulle (i) konsep oor God, (ii) lojaliteit teenoor die kerk word geaffekteer, en die (iii) Bybel word ook nie meer in die sentrum geplaas nie, maar wel die belangrikheid van verhoudings, waarin die katkisant staan.

Die vraag ontstaan: Sou hierdie gevolge 'n aanduiding wees dat die kerk nie daarin slaag om die geloof wat die kerk bely binne die konteks van die jongmens se leefwêreld persoonlik te maak nie? In ‘n soeke na ‘n antwoord op hierdie vraag behoort ons te kyk na watter behoeftes jongmense het en waar hierdie behoeftes hulle oorsprong het.

### 3.6.3 Opvattings van belang van die finalejaarkatkisant in die Ned Geref Kerk

Verskillende opvattings word deur jongmense gehuldig. Die belangrikheid daarvan speel ‘n rol in die nader beweeg na die jeug tydens die kategese.

### *3.6.3.1 Jongmense se konsep oor God*

God word allereers as vriend (Louw 1997:12) en metgesel gesien en nie as Skepper, Heer en Regter nie (Prins 1999:2). Om hierdie tendens te akkommodeer, behoort die Ned Geref Kerk weg te beweeg van die gereformeerde benadering om spiritualiteit slegs aan die objektiwiteit van God se beloftes te koppel. Dit is dus noodsaaklik om die genade en liefde van God daagliks, binne die ervaringsveld van die jongmens, en die hedendaagse sosiale problematiek van toepassing te maak (Louw 1997:13). Juis dit sal vir die jongmense die geleentheid bied om God in hulle alledaagse lewe ingeskryf te kry as deel van hulle lewensverhaal. Die belewing van God se teenwoordigheid in die wêreld (Louw 1997:13) lei tot die konkretisering van God. Die kategese behoort juis hierdie belewing te kan fasiliteer, want dit is die kern van die jongmens se geloofsbelydenis.

### *3.6.3.2 Jongmense se lojaliteit teenoor die kerk*

Prins (1999:3) bespreek enkele aspekte van postmoderniteit en die invloed daarvan op die jeug. Een aspek is die van individualiteit en individualisme. Met die radikale individualisme van die westerse kultuur staan die mens as selfstandig, onafhanklik en selfgemaak. Die mens het niemand nodig om volkome mens te wees nie.

Die postmoderne individualisme is ‘n reaksie hierop. By die postmoderne jeug is daar ‘n merkbare toekeer tot ander. Die behoefte aan aanvaarding en binding aan ander is prioriteit. Postmoderniteit is egter nie vry van individualisme nie. Tradisies en gebruike beïnvloed nie meer die jeug in die maak van keuses nie (Prins 1999:2). Die kerk sal dus hier akkomoderend te werk moet gaan. ‘n Ruimte moet geskep word vir die jeug se eie vorme van geloofsbelewing en beoefening. Indien die Ned Geref Kerk daarin slaag om aan jongmense wat belydenis aflê die geleentheid te gee om die lewende God van genade in hulle lewens in te skryf en dit deel met ‘n empatiese geloofsgemeenskap, kan die jongmense se lojaliteit vasgroei aan die empatiese geloofsgemeenskap. Juis hierin bestaan die spanning. Die vraag ontstaan: ‘In hoe ‘n mate kan die kerk ruimte gee aan jongmense vir ‘n eie uitdrukking van geloof, sonder om te voel die kerk verloor haar identiteit?’ Die kerk sal in die proses ‘n paradigmaskuif moet maak. Geloofslewe en geloofswaarhede moet nie outokraties meegedeel word nie (Prins 1999:6), maar, volgens my, in dialoog met jongmense

gekonstrueer word, sodat dit vir beide die kategeet en katkisant en geloofsgemeenskap moontlik is om naas mekaar te kan staan in ‘n geloofsverhouding met mekaar.

#### *3.6.3.3 Verhoudings staan in die sentrum van jongmense se lewe*

Jongmense fokus op verhoudings en vervang die Bybel as fokus vir hulle lewe. Dit beteken jongmense sal veel eerder inligting en raad wat uit een van hulle verhoudings voortspruit, aanvaar voor hulle die Bybelse riglyn oor ‘n saak sal aanvaar (Prins 1999:1). ‘n Groot uitdaging aan die kerk. Sien die kerk kans om jongmense so ruimte te gee dat selfs die Bybel die sentrale voorskriftelike posisie verloor? In hierdie verskuiwing kan daar ‘n bewussyn van God gekweek word wat in tweërlei aksies na vore tree:

- in **gebed** as gemeenskap met God, met die oog op geloofsgroei en
- in **dade** van barmhartigheid en liefde binne die sosiale praktyke met die oog op lewensvernuwing (Louw 1997:13).

Indien bogenoemde uitdaging aanvaar word, word God dus nie meer verwoord in ‘n dogma nie, maar God word beleef as ‘n lewende God in die harte en hande van mense. Dit bied ‘n geleentheid aan die kerk om ‘n deur na die jeug oop te stoot. Die fokus van die Ned Geref. Kerk op die jeug as aparte fase ter voorbereiding op die volwasse fase (Prins 1999:4) het nie daarin geslaag om die jeug entoesiasties oor die kerk te hou nie. Die kerk wil graag nog waardevolle begeleiding bied ten opsigte van hoop en dryfrigting (Nel 1998:7), maar slaag egter nie daarin om die jeug te bereik nie. Die kerk se rol word kleiner in die jongmens se leefwêreld. Die rede hiervoor is dat as geloof en die kerk prakties werk, word dit geglo en gebruik (Codrington 1998). Volgens Nel (Nel 1998:7) behoort die kerk die jongmens die ruimte te kan bied tot verandering en groei. Dit gebeur nie en wil voorkom of die kerk uit voeling is met die hedendaagse jongmens. Verskeie aanpassings om kommunikasie met die jeug op teologiese, metodologiese en kommunikasievlak te verbeter, het op min plekke die sukses gehad waarop gehoop was (Burger 1998:1). Wat die uitdaging verder beklemtoon dat veel ingrypender gekyk behoort te word na die kategesepraktyk om werklik die behoeftes van ons kerk se jongmens aan te spreek. Met die kennis oor die opvattings en leefwêreld van jongmense kan op ‘n deelnemende wyse aan 'n ruimte

gekonstrueer word, waarbinne geloof geformuleer en verwoord kan word. Die bepaling van so ‘n  ruimte word nou verder bekyk.

## 3.7 DIE NED GEREF KERK MOET RUIMTE MAAK VIR JONGMENSE

Uit die punt hierbo genoem oor die wêreld waarin jongmense leef en die opvattings wat hulle huldig, blyk dit noodsaaklik te wees om daaraan aandag te gee, sodat jongmense tuis kan voel in hulle kerk. Vervolgens bespreek ek ‘n paar sake wat oorweeg moet word vir die ruimte vir jongmense.

### 3.7.1 Dwingende omstandighede noodsaak ruimte

Jongmense verkeer in ‘n fase waar daar gesoek word na antwoorde op sekere vrae soos: Wie is ek? Waarheen is ek oppad? Hulle beleef sekere krisisse in hulle lewe, waarvoor hulle oplossings soek. Hierdie gebeure vind plaas terwyl daar ook ‘n groter bewussyn van die spirituele bestaan. Hierdie omstandighede vra na 'n plek en begeleiding waarvoor die kerk uiters geskik is.

Volgens Conn (1998:95) is die adolessente fase ‘n fase waarin gesoek word na onafhanklikheid, ‘n waardesisteem en geloof. Hierdie soeke moet deur die kerk verstaan word, sodat die kerk die jongmense ruimte kan gee om onafhanklik genoeg te voel om na ‘n eie waardesisteem en geloofsoortuiging, binne die kerklike opset, te soek.

Davis (1986:267) praat van die adolessente fase as ‘n fase vol krisis.  Verskeie krisisse is die gevolg van veranderinge, liggaamlik en emosioneel en psigologies waaraan die jongmense gedwing word om aandag te gee.  ‘n Belangrike afleiding wat Davis (1986:267) maak, is dat daar oënskynlik baie min aandag geskenk word aan die spesifieke geestelike behoeftes van jongmense in hierdie fase. In hierdie fase kom al die behoeftes van die jongmens se verlede na vore en veroorsaak ‘n soort ‘spirituele quest’ (Davis 1986:269).  Hierdie ‘quest’ word nie noodwendig langs kerklike weë onderneem nie. Volgens Davis (1986:269) poog jongmense om sin te maak vanuit hulle godsdienstige oortuigings. Hier is die geleentheid vir die kerk om die godsdienstige oortuigings van jongmense te ontgin. Deur met die jongmense in gesprek te tree oor die “spirituele quest”, rondom onafhanklikheid, ‘n waardesisteem

en geloof en dit waarmee hulle daagliks mee besig is, gebruik die kerk hierdie geleentheid.

Hierdie gesprek met jongmense moet op ‘n persoonlike vlak geskied. Die huidige, meer algemene benadering in die kategese, laat sekere temas na vore kom soos seksualiteit, ouer en mede-jongmensverhoudings en beroepsdoelwitte. Hierdie algemene temas spreek nie werklik tot die individuele tiener nie (Davis 1986:268). Juis dit laat spirituele begeleiding (the help that one gives another to enable him/her to become himself/herself in his/her faith (Davis 1986:268) as ‘n moontlikheid sterk na vore tree. Die spirituele begeleiding maak ruimte vir elke jongmens se eie behoeftes aan onder andere, onafhanklikheid, geloofsworstelinge, waardekrisisse en vermoëns (spirituele begeleiding word later verder meer volledig bespreek 4.3). Die kerk kan 'n ruimte vir die jongmens bied tot verandering en groei (Nel 1998:7) en sodoende ‘n waardevolle bydrae lewer tot die leefwêreld van die jongmens omdat hulle veilig en aanvaar voel.

In die beantwoording van die teleologiese vraag (‘waarheen is ek op pad?’) stel Prins (1999:3) voor dat die kerk die eskatologiese perspektief vir die jongmens bybring. Juis hierin ervaar die kerk ‘n probleem met haar poging, tot dusver, met die kategese. Hoe word jongmense gehelp in die formulering van die teleologiese uitgangspunt? Die kerk kan nie noodwendig help met die antwoord van die vraag nie, want in baie gevalle het die kerk tred en kontak met die meerderheid jongmense verloor. Die kerk het tred verloor om selfs die vraag te kan vra - ‘waarheen is ek oppad?’. Die kerk moet opnuut weer nader beweeg aan die jongmense langs die weg van fasilitering van prosesse om op die teleologiese vraag antwoorde te vind. Hierdie prosesse behoort deur jongmense medebepaal te word om hulle sodoende te kan help ontwikkel aan 'n ingesteldheid ten opsigte van die toekoms. Hierdie deelnemende benadering behoort in die kategese gestalte te kry en is ‘n integrale deel van die proses wat my studie voorstel.

In die beantwoording van die ontologiese vraag (‘wie is ek?’) (Prins 1999:4) kan die kerk geloof as aktiwiteit kultiveer, sodat die jongmens ‘n verband kan bewerkstellig tussen die verhoudings waarin hulle staan. Hierdie verband kan ook bydra tot die verhouding met God.

Die wêreldwye toename in spiritualiteit (Louw 1997:11) bied aan die Ned Geref Kerk die geleentheid tot betrokkenheid by jongmense se lewe. Louw praat van ‘n verskuiwing weg van dogmatiese, doktrinêre denke van wie God is, na deskriptiewe denke wat die sin van die evangelie binne empiriese verhoudinge en historiese kontekste, behels (Louw 1997:12). Spiritualiteit beklemtoon jongmense se behoefte aan ‘n ervaring van die nabyheid en teenwoordigheid van God binne praktiese lewensomstandighede, asook na die sin van die Christelike geloof binne kontekstuele en eksistensiële lewensvraagstukke (Louw 1997:11). Hierdie oplewing in spiritualiteit het nie noodwendig ‘n toeloop van jongmense na die Ned Gerf Kerk tot gevolg nie. Wat staan die kerk dan te doen?

Moet die kerk ruimte bied vir die jongmens om sy heil binne die kerk te kom vind?, of moet die kerk jongmense vind binne hulle leefwêreld, en hulle daar help heil vind? (Gerkin (1997:90). Die uitdaging vir die kerk lê daarin om vanuit ‘n algemeengeldende maatstaf van die modernisme (Dockery 1995:13) te beweeg na die terrein van die jeug, waar gelowige jongmense antwoorde in godsdienstige pragmatisme soek. Die jeug soek na ‘n spontane uitdrukking van die Christelike geloof binne verhoudinge (Louw 1997:12). Dis ‘n soeke na die soort spiritualiteit wat vorm gee aan die diepste soeke na identiteit en intimiteit (Louw 1997:12).

Vanuit ‘n narratiewe beskouing (Müller 1996:33) is die pastorale proses ‘n deelname deur alle betrokkenes om saam nuwe realiteite te konstrueer. Binne hierdie ruimte van die kategese kry hierdie benadering beslag. Die leraar, sowel as katkisante, word deel van die proses. Pastoraat mond uit in ‘n betrokkenheid by die totale narratiewe werklikheid wat ter sprake is. Dit lei tot ‘n ervaring van die geheel, van ‘n eie verhaal en ‘n totale betrokkenheid daarby (Müller 1996:61).

Die postmoderne samelewing waarin jongmense leef, nooi die kerk uit (Tielemann 1993:168) om deel van die lewe te word. In die kontak tussen die kerk en die samelewing word die kerk gevra om te help skep aan 'n geloofsgemeenskaplike taal waarmee jongmense die skep van sin kan verwoord (Gerkin 1997:103).

**Bogenoemde omstandighede daag die kerk uit om 'n nuwe ruimte te konstrueer, waarin die belydenisklas beslag kan kry**. Binne hierdie nuwe ruimte behoort die kerk ook krities na eie vooropgestelde idees te gaan kyk, byvoorbeeld, 'Wie het die kerk aangestel as bewaker van die geloof?' Indien die kerk geloof bewaak, watter spesifieke geloof word deur die kerk bewaak en die rede daarvoor, asook waarteen moet geloof bewaak word? Wie word nou ingesluit en wie word uitgesluit deur die bewaking van geloof? Indien eties daarna gekyk word, watter etiese implikasies spruit voort uit die bewaking?
Voordat die nuwe benadering vir die kategese geïmplimenteer word, moet hierdie vrae se antwoorde eers duidelik geformuleer word. Dit dien as die riglyn waarmee gesprek met die jongmens plaasvind.

**Hierdie spanning tussen die snelveranderende jeug en die gemeente vereis 'n nuwe ruimte.** Nel (1998:8) noem dit die agogiese ruimte, en sien hierdie ruimte as 'n ruimte binne die kerk. Ek sien dit nie as ruimte binne of buite die kerk nie, maar eerder as 'n oorvleueling tussen die kerk en die jeug se leefwêreld. Die rede hiervoor, soos reeds vroeër aangedui in die studie, is die jeug nie meer aktief betrokke by die kerk nie. Die kerk moet uitreik na jongmense om die kategetiese opdrag uit te voer. Jongmense daarenteen moet ook tot die insig kom dat die kerk om kerk te wees sekere vertrekpunte handhaaf. Die fyn onderskeid vanaf die kerk se kant in die nuwe gekonstrueerde ruimte is om die vertrekpunt heeltyd krities te evalueer ten opsigte van die jongmense van die dag. Hierdie ruimte(s) moet so gekonstrueer word sodat jongmens en die kerk 'n gemaklikheid in mekaar se teenwoordigheid beleef. Die ruimte word gekonstrueer en kan nie in 'n vorm gegiet word nie. Beantwoording van die vraag: 'Wie sê jy is Jesus?' vind binne 'n ruimte plaas, wat medebepaal word deur die finalejaarskatkisant, die leraar, gemeente en alle ander rolspelers wat 'n invloed het op die katkisant. Die ruimte word dan ook aangepas vir elke individu. In hierdie ruimte vind die dialoog plaas oor sekere inhoude wat bepalend is vir elke katkisant se geloofsbelydenis.

### 3.7.2 Die ruimte gevul met sekere inhoude

Om hierdie ruimte te definieer, sou baie riskant wees, vanweë die voorskriftelike aard van grense en sou reglynig wees teen my benadering. Tog van belang vir die ruimte is

wat ons binne die ruimte vind. Kategese poog onder andere om die katkisant te begelei om ‘n antwoord te formuleer op die vrae: ‘Waar kom ek vandaan?’, ‘Waarheen gaan ek?’ en ‘Waarom?’

Harris (1998:45), ‘n katoliek, beskou die kern van die kategese as die narratief/storie in Handelinge (2:22-24,32) waar Petrus die skare toespreek oor Jesus van Nasaret.

> Israeliete, luister na hierdie woorde! God het Jesus van Nasaret aan julle bekend gestel deur die kragtige dade, die wonders en die tekens wat God Hom by julle laat doen het. Daarvan weet julle self. God het besluit en dit vooruit bepaal om Hom aan julle uit te lewer, en julle het Hom deur heidene aan die kruis laat spyker en Hom doodgemaak. Maar God het Hom van die smarte van die dood verlos en Hom uit die dood laat opstaan. Dit was immers vir die dood onmoontlik om Hom gevange te hou. God het hierdie Jesus uit die dood laat opstaan; daarvan is ons almal getuies.

Hierdie verhaal word egter volgens Harris (1998:45) ook beïnvloed deur die konteks waarbinne die kategese geskied. Dit versterk my argument, dat die kategese nie losstaan van die lewensverhale van die katkisante in die kategese nie.

Harris (1998:45) fokus op die konteks waarbinne die kategese geskied, en begin met ‘n omskrywing van die inhoudelike van die ruimte. Die verhaal bly nie dieselfde nie, want die konteks help dit herskryf. Die konteks word bepaal deur die veranderlikes in die ruimte. Kategese is dus konteks sensitief.

Om die inhoudelike vas te stel, moet daar ‘n proses van kurrikulering plaasvind, waar die veranderlikes binne die konteks in ag geneem word. Harris (1998:45) het ‘n analise van die kerk in die algemeen gemaak, deur die volgende vrae te vra:
‘Wat is lewend in die geloofgemeenskap?’
‘Wat is dood in die geloofgemeenskap?’ en
‘Wat is aan die herleef in die geloofgemeenskap?’

Harris (1998:49-53) se slotsom is belangrik vir hierdie studie omdat dit die proses van kategese beïnvloed:

(i) Volgens Harris (1998:49) kwyn strukture in die geloofsgemeenskap:

Leierskapsrolle en sekere soort bedieningspatrone raak uitgedien. Hiërargiese strukture van organiseer in die kerk, moet plek maak vir konsentriese sirkels waarin ontwikkeling deelnemend kan plaasvind. Daar vind gemeenskaplike wisselwerking tussen die sentrum en perifiri plaas wat die sentrum van beheer, oor die geloofsgemeenskap, vervang. Die benadering skuif die geloofsgemeenskap vanaf ‘n uitsluitende na ‘n insluitende gemeenskap.

(ii) Die posisie van bevoorregting (Harris 1998:50) verdwyn. Die bevoorregte rol van die man bo die van die vrou, van wit bo die van swart, die van gesag teenoor die sonder gesag, word ernstig teëgewerk binne die denkwyse van die geloofsgemeenskap. Bevoorregting moet geherdefinieer word. Dit vra na ‘n hermodulering van die morele terrein en die herkenning van die verantwoordelikhede wat met voorregte gepaard gaan. Bevoorregting strek baie wyd na die sosio-maatskaplike en ekonomiese terreine van die samelewing. Die kategese moet katkisante oproep tot verantwoordelikheid vir voorregte waaroor hulle beskik. As gelowige beskik die katkisant juis oor die voorregte as kind van God en lid van die geloofsgemeenskap. Hierdie verantwoordelikheid vind beslag in die katkisant se geloofspad namate dit ontwikkel

(iii) ‘n Derde saak van belang is die dood self (Harris 1998:51). Ons lewe om te sterf. Verskeie voorvalle in die samelewing herinner ons daaraan. Siektetoestande, geweld, die afhanklikheid van dwelms en alkoholmisbruik en ook die natuur se agteruitgang vanweë wanbestuur. Hierdie sake moet deur die kategese in ag geneem word as deel van die kategetiese fokus. Die rol van die treurende gelowige, wat noodwendig deel is van die katkisant se lewe, moet individueel aangespreek word, weens die uniekheid van elke jongmens se ervaring van die lewe, wat verlies insluit.

(iv) Die getroue gelowige is die produk van die kategese en Harris (1998:52) beklemtoon die feit dat die ervarings van gelowiges ‘n bydrae maak tot die teologie. Die ervarings van getroue gelowiges verryk die leer van, en die perspektiewe op die kerk en mag daarom nie uitgesluit word nie.

(v) Die opstanding van Jesus mag nie geïsoleer word tot ‘n individuele poging nie (Harris 1998:53). Hierdie opstanding van Jesus het kosmiese dimensies. Die wêreld het totaal en onherroeplik verander as gevolg daarvan. Ons leef nou in ‘n veranderde wêreld op grond van die opstanding van Jesus Christus wat in staat is om elkeen nuut te maak en te verander wat Hom wil volg.

Die belangrikheid van ‘n ruimte, waarbinne die finalejaarskatkisante begelei word tot ‘n eerlike en outentieke geloofsbelydenis, is deur die voorafgaande sterk beklemtoon. Deelname deur finalejaarskatkisante sou hulle dan toelaat om hulle lewenstorie binne die ruimte in te bring en daar die geleentheid kry om met die geloofstorie van die gemeente, as uitgangspunt, in gesprek te tree.

### 3.7.3 Gesprek in konteks binne die ruimte

Geprekke binne die ruimte, kan gekonstrueer word rondom sekere temas in die kategese, na aanleiding van Harris se navorsing. Dit duid dus daarop dat die moontlikheid bestaan om die katkisante en die kerk in gesprek met mekaar te fasiliteer. Die volgende is die sake:

(i) Die kosmiese dimensie van die opstanding van Jesus.
Die wêreld het totaal en onherroeplik verander as gevolg daarvan. Ons leef nou in 'n veranderde wêreld op grond van die opstanding van Jesus Christus. Die voortdurende veranderings bring mee dat die kategese sensitief sal bly teenoor die konteks. As deel van die veranderende wêreld sal die katkisante se seggenskap en deelname van groter wordende belang wees.

(ii) Die huidige konteks word gekenmerk deur verhoogde spiritualiteit.
Die ruimte moet groot genoeg wees sodat die gepaardgaande kategese by die spiritualiteit wat deur die katkisant beoefen word, in sy eie leefwêreld, binne die ruimte kan inpas.

(vi) Deel van die veranderende wêreld is die voortdurende posisionering van mag. Hiërargiese strukture moet plek maak vir konsentriese sirkels. Gemeenskaplike wisselwerking tussen die sentrum en perifiri in plaas van ‘n struktuur waar daar ‘n sentrum van beheer bestaan. Insluitende

benadering eerder as uitsluiting. Die posisionering van mag het ‘n direkte invloed op die etiek van die dag. Die etiese tussen regte en verantwoordelikheid sou sterker na vore kom in so ‘n ruimte. Regte beklemtoon die outonomie van die persoon en omgee vorm die basis waarop die outonomie berus (Harris 1998:131). Outonomie bestaan uit etiek van regte en omgee berus op etiek van verantwoordelikhede.

(vii) Die rol van die dood op die planeet aarde en die gelowige se reaksie daarop, as treurende gelowige.

(v) Die beklemtoning van die ervarings van getroue gelowiges en die bydra daarvan tot die teologie.

Hierdie inhoudelike riglyne kan die ruimte se doel, naamlik om geloofsontwikkeling deelnemend met die ‘finalejaarskatkisant’ te doen, gesitueer binne hulle lewenstories, verder bevorder. Dit kan dan gelyktydig die geloofstorie van die geloofsgemeenskap, sowel as 'n eie lewensstorie insluit. Vervolgens word aan die hoe van die kategese aandag gegee.

Hierdie hoofstuk het die skuif vanuit die konfessionele benadering met kennis as klem na die voorgestelde verhoudingsbenadering verduidelik. Hierdie skuif is noodsaaklik ten einde meelewende jongmense vir die praktyk van die Christelike godsdiens te werf. Om hierdie skuif te benader het Harris (1998) hulp verskaf deur sake uit te wys waarmee begin kan word om vanuit die kerk so ‘n stap te inisieer.

## 3.8 SAMEVATTING

Met die voorafgaande bespreking van die konfessionele is die afleiding, dat daar moet iets buite ons op een of ander manier geïnternaliseer word. Kennis en intellek word tydens die kategese as voertuie daarvoor gebruik. Nou skuif die fokus na die katkisant, en in die huidige studie is die katkisant se huidige geloofsbelewing primêr. Die klem val op die outentieke aard van ‘n lewe *voor* God en *vir* God, en dat dit sy oorsprong het in die deelnemende geloofsontwikkeling, wat tydens die kategese, gesitueerd word binne die lewenstorie van ‘n jongmens. Van belang vir hierdie studie is die ervaringsklem wat gelê word. Om aan die klemtoon reg te laat geskied is dit nodig om jongmense se leefwêreld te verstaan. Die ontnugtering wat hulle beleef, die verwaarlosing wat beleef word, en onsekere gevoel in jongmense en die unieke manier

waarop jongmense hulle geloof verwoord, sal in ag geneem word waar die ruimte gesamentlik gekonstrueer word.

Daar kan aanvaar word dat sekere kennis reeds bestaan by katkisante en sekere afleidings reeds gemaak is. Hierdie opvattings moet vasgestel word deur gesprekke met jongmense te voer, sodat die geloof waaroor hulle reeds beskik, verwoord kan word. Deur middel van die lewenstories en geloofstories van katkisante, word geloof ondersoek, blootgelê en ontgin. Die dinamiese wisselwerking tussen kultuur en kennis van God in jongmense se lewe, bied geleentheid om verder ontwikkel te word deur dit te verwoord en as ’n geformuleerde geloof te definieer. Hierdie geloof word ontwikkel binne die kategese. Daarvoor is ‘n verandering van die inhoudelike en die prosesmatige van die kategese nodig. Die moontlikheid tot gesprek sodat dit kan plaasvind bestaan en word daar in die volgende hoofstuk oor die inhoudelike van die kategese gesels

# HOOFSTUK 4

## KONSTRUERING VAN KATEGETIESE RUIMTE(S) VIR DIE JEUG

### 4.1 INLEIDING

In die lig van die navorsingsprobleem, wil ek met hierdie hoofstuk nader beweeg aan die omskrywing van die kategetiese ruimte. In die voorafgaande hoofstuk was die agtergrond van die kategese belig en die slotsom was dat die konfessionele benadering nie voldoen aan die eise van die huidige konteks vir kategese nie. Die beweeg na ‘n verhoudingsgeoriënteerde benadering word voorgestaan. Hierdie hoofstuk bespreek die konstruering van ‘n kategetiese ruimte sodat ‘n eie, eerlike/outentieke geloofsbelydenis ontwikkel kan word, wat nie bloot ‘n bevestiging van ‘n voorgeskrewe belydenis is nie. Dit vra na ‘n sekere soort begeleiding wat ek as pastorale begeleiding definieer. Met pastorale begeleiding word wegbeweeg van die tradisionele benadering van kategese. By Hermans (2003) vind ek aanklank met ‘n deelnemende fokus wat meebring dat die kategese gesitueer word binne lewenstories van jongmense, sodat dit tegelykertyd die geloofstorie van die geloofsgemeenskap sowel as 'n eie lewenstorie insluit. Dit vra na ‘n sekere soort ruimte waarbinne die geloofsontwikkeling kan plaasvind. Hierdie ruimte word gedefinieer en omskrywe tydens hierdie hoofstuk. Hierdie ruimte word gevul, aan die eenkant, met ‘n begeleidende funksie vanaf die kategeet, en aan die anderkant vind daar ‘n deelnemende wisselwerking plaas ten einde die katkisant te begelei om ‘n geloofsbelydenis te ontwikkel. Met die konstruering van die kategetiese ruimte kan die volgende rolspelers geïdentifiseer word, naamlik die kerk, jongmense en die kategese self. Daarna word die rol van die pastoraat in die kategese beskryf. Die rol van die kategeet na aanleiding van die pastorale inslag verander na begeleier en die betekenis daarvan word beskryf. Volgende word die kategese langs die teologie, opvoedkunde en sosiale konstruksie geplaas.

### 4.2 ROLSPELERS IN DIE KONSTRUERING VAN ‘N KATEGETIESE RUIMTE

Die volgende beskou ek as rolspelers in die konstruering van ‘n kategetiese ruimte en hulle word elkeen afsonderlik bespreek.

#### 4.2.1 Die kerk

Die uitdaging vir die kerk lê daarin, om verby die veralgemenings van lidmaatskap van die kerk te beweeg na die terrein waar jongmense hulle bevind en met die jeug in gesprek te tree. Op hierdie manier kan die katkisant tuis en gemaklik begin voel in die kerk. Langs die weg van fasilitering van verskillende prosesse om antwoorde op teologiese vrae te kry, begin die kerk ook ‘n ingesteldheid by die katkisant ontwikkel ten opsigte van die toekoms. ‘n Toekoms wat nie voorspel of strategies beplan kan word nie. Hierdie deelnemende benadering behoort in die kategese van ons kerk gestalte te kry. Jongmense begin religieuse geloofsoortuigings krities beskou totdat dit vir hulle sin maak. Hierdie oortuigings van geloof behoort as aktiwiteit gekultiveer te word, sodat jongmense die verband daarvan kan verstaan in die verhoudings waarin hulle staan. In hierdie kontak tussen die kerk en die samelewing word geloofsgemeenskaplike taal geskep waarmee jongmense sin aan die lewe kan gee. Die kerk met ‘n eie impasse van weet en nie weet nie, kan onseker voel met hierdie soort vryheid aan die jeug. Die finalejaarkatkisant ontdek ‘n kerk wat self nog onseker rondtas, wat ook nog na antwoorde soek en identifiseer dan geredelik met die kerk. Hierdie stuk eerlikheid vanuit die kerk is ‘n vertrekpunt van nuwe waarhede wat ontdek kan word. In ‘n gemeenskaplike soeke na antwoorde vind die jongmens dat sy/haar mening ook tel. In die gesprek met die jongmense kan die kerk aan die eenkant aanduidings gee watter geloofsoortuigings geglo word. Aan die anderkant moet ruimte gegee word aan katkisante om bestaande geloofsoortuigings met vrae te toets en te evalueer en so tot eie kennis aangaande ‘n verhouding met God te kom. Hierdie eie kennis van katkisante vorm dan weer ‘n verdere uitbreiding op die geloofsoortuigings waarvoor die kerk 'n keuse maak. Hierdie ruimte waarbinne die gesprekke plaasvind, kan nie vasgepen word nie, want dit bestaan bloot omdat albei partye op ‘n verhouding met God fokus. Hierdie ruimte word op 'n unieke wyse gedefinieer deur die interaksie tussen kerk en katkisant. Volgende word op die katkisant gefokus.

#### 4.2.2 Die jongmens

Jongmense kan hulle posisie verwoord/uitdruk ten opsigte van hulle geloof, God, en die kerk en watter behoeftes hulle het binne die kerk. Op hierdie manier kan die verwagting van die jongmense as basis dien vir die kategese. Verwagtinge wat spruit vanuit die spirituele ‘quest’ van elke jongmens, asook die spontane uitdrukking van die

Christelike geloof binne verhoudinge waar gelowige jongmense antwoorde in godsdienstige pragmatisme soek, word as bronne gebruik. Hieruit word gesamentlik aan temas gekonstrueer. So word God beleef as ‘n lewende God in die harte en hande van mense. Hierdie lewende God kan dus in hulle alledaagse lewe ingeskryf word as deel van hulle lewensverhaal. Daar word beweeg van **wat** geglo word, na - ***wie*** glo *wat*. Hierdie wat geglo word deur wie, word verder geneem na wat word ***geleef***. Met ander woorde, die inhoud van jongmense se geloofsuitdrukking. Die finalejaarkatkisant raak in die ruimte betrokke by ‘n gemeentelike, kommunikatiewe geloofshandeling (Beukes 1995:14) met die oog op ‘n verhouding met God wat tot uitdrukking kom in persoonlike geloofshandelinge binne verhoudings in die gemeente en die wêreld. Die kategese as ruimte word volgende bespreek

### 4.2.3 Die kategese

Eie, onvoltooide, religieuse geloofsoortuigings van katkisante kan tuis voel binne die ruimte van die kategese. Temas vir gesprekke word nou saam gekonstrueer (sien 4.1.2) uit die spirituele ‘quest’ van elke jongmens en hul spontane uitdrukking van die Christelike geloof soos ervaar binne verhoudings waarin hulle staan. Met elf jaar se kategetiese toerusting kan die katkisant deelneem aan die dialoog van simbolekompleks en persoonlike simbolisering. Die finalejaarkategese is uiters geskik vir ‘n dialogiese verhouding. Hierdie hermeneuties-narratiewe benadering vind ons by Putman (1998:154) in sy derde model - kommunikatiewe pastoraat: In hierdie model word gepoog om die oordra van die ‘simbolekompleks’ en die persoonlike simbolisering bymekaar te integreer in ‘n dialogiese verhouding. Hieronder word verstaan dat die kerk met ‘n aantal simbole sit wat uit die tradisie van die kerk oorgelewer is (onder andere die belydenisskrifte, liturgie, kerkgeboue en simbole soos die kruis en nagmaal en doop). Hiermee saam het elke individu ook ‘n eie interpretasie van die simbole, asook eie simbole wat van geloofswaarde is. Die dialoog gaan dan rondom die twee stelle simbole en die interpretasie daarvan. Met die deelnemende karakter van Tielemannn (1995:161) en Putman (1998:154) se benaderings word daar deelnemend geïntegreer rondom die simbole.

Die deelnemende integrering behoort met groot versigtigheid hanteer te word, want dis soekende jongmense wat betrokke is. Davis (1986:267**)** beklemtoon die feit dat

jongmense met ‘n persoonlike ‘quest’ besig is. Daar behoort ‘n duidelike, etiese basis as vertrekpunt teenwoordig te wees in die saamkom van die simbolekompleks, die persoonlike simbolisering, die rol van die leraar en die katkisant in die kommunikatiewe pastorale konteks. Die pastorale gesprek bestaan as deelnemend tussen ‘n jongmens en leraar. Deelnemende bestaan, ‘participatory consciousness’ (Kotzé 2002:4), plaas die dialoog op ‘n verhoudingsvlak eerder as inligtingsvlak. Die dialoog vind dus plaas op ‘n interaktiewe vlak waar almal betrokke deelneem. Op hierdie manier word almal beïnvloed deur hierdie dialogiese verhouding. As deel van die verhouding bestaan daar ook ‘n wedersydse verantwoordelikheid om hierdie verhouding instand te hou, maar nog belangriker, daar moet groei binne die verhouding plaasvind, juis omdat elkeen tydens die gesprek beïnvloed word.

‘Connective understanding’ (Kotzé 2002:4) is verder ‘n belangrike element van die dialogiese verhouding as deelnemende bestaan. Kotzé (2002:4) beskryf dit as ‘n verfynde weefproses. Die drade van begrip, luister en reageer word verweef tot groter begrip, met die oog op heling of verandering by die katkisant. Hierdie sinvolle interaksie tussen die Christelike tradisie en die jongmense se konteks, binne die opset van pastoraal georiënteerde kategese, moet aan die ‘participatory consciousness’ (Kotzé 2002:41) voldoen. Dit behels die bevryding van onsself van kategorieë wat aan ons voorgehou word deur denkraamwerke soos objektiwiteit en subjektiwiteit. Dit daag ons uit na ‘n dieper vlak van verstaan van die verhouding ‘ons’ teenoor ‘ander’. Dit geld ook vir hierdie spesifieke verhouding en die verhouding met God.

Die interaksie, wat die dialoog hierbo beskryf, geskied deur taal. Gerkin (1998:99) noem dit die narratief-hermeneutiese. Die fokus is op die storie van jongmense met God, hoe die storie ervaar word en op watter wyse die persoon die storie vertel.

Hierdie taal is eie aan ‘n sekere gemeenskap, wat op ‘n spesifieke manier tot uitdrukking kom. Die pastorale beslag van die kategese bied aan jongmense 'n versorgende omgewing waarin hulle verhale blootgestel word aan die Christelike tradisie wat as interpretasiekader (verwysingsraamwerk) aan die jongmens voorgehou word.

Vanuit bogenoemde interaksie kan jongmense ‘n eie sienswyse en mening konstrueer, waar geloof se implisiete rol eerder as die eksplisiete rol (Tielemannn 1993:168), kan groei en ontwikkel. Implisiet, omdat jongmense medebetrokke is by geloofshandelinge en geloofsuitinge. Die klem skuif dus van buite hierdie jongmense na wat gebeur binne die leefwêreld van jongmense en hoe hulle ‘n verhouding met God konstrueer. Namate die gemeenskap, die kerk, as ruimte, waarin jongmense se eie soeke na geloof gerespekteer, gestimuleer en geaktualiseer word, sal hulle op ‘n eie manier wil deelneem (Tielemannn 1993:163).

Die katkisante behoort hierdie ruimte binne die kategese, te ervaar as ‘n geleentheid om onafhanklik genoeg te voel om ‘n eie waardesisteem en geloofsoortuiging binne die kerklike opset te soek en te konstrueer. Onderlinge gemeenskap van die gelowiges behoort tot sy reg te kom in die kategese en deur die finalejaars ervaar te word. Indien die Ned Geref Kerk daarin slaag om aan die jongmens wat belydenis aflê, die geleentheid te gee om die lewende God van genade in sy/haar lewe in te skryf en dit te kan deel met ‘n empatiese geloofsgemeenskap, sal jongmense hulle lojaliteit koppel aan die empatiese geloofsgemeenskap. Sodoende word ‘n groter betrokkenheid van jongmense by die kerk bewerk vanweë die sinvolle interaksie wat plaasvind.

Kenmerkend aan hierdie benadering van die kategese, is ‘n gesamentlike soeke na ‘n wyse van kategesebeoefening, waarmee elkeen wat deelneem, kan identifiseer. Die belydenisjaar se belydenisontwikkeling skep ‘n verbale ritueel waardeur katkisante, met die belydenis wat afgelê word, die gemeente oproep om die katkisante, vir die belydenis verantwoordelik te hou, omdat dit persoonlik gekonstrueer is. Hierdie ruimte wat lei tot ‘n persoonlike belydenis, dra ‘n pastorale karakter en dit word volgende bespreek.

## 4.3 PASTORALE HANDELING BINNE DIE RUIMTE AS MANIER VAN WERK

Die vraag ontstaan hoe behoort pastoraal, kategetiese begeleiding daaruit te sien. Daar word met die aanname gewerk dat, indien die katkisant betrek word in die kategese by die formulering van ‘n eie geloofsbelydenis, dit sal lei tot ‘n beter verstaan van God, met ander woorde insig in hulle ervaring van God via geloof en dat hierdie ervaring

geloofsgroei sal stimuleer. ‘n Sentrale motief van die pastoraat is geloofsopbou en geloofsvolwassenheid (Louw 1993:57). Dit word volgens hom as ‘n groeiproses voltrek wanneer die gelowiges leer om onderling op mekaar ingestel te wees.

Die woord van God kom met beloftes na die mens en word deur die mens as voltrekking beleef binne die gebeure van ‘n ontmoeting. Te midde van die ontmoeting word die mens ook in aanraking met die waarheid van sy bestaan gebring en sodoende vind konfrontasie plaas. Hierdie konfrontasie help met die groei na geloofsvolwassenheid. In die ontmoeting is daar ‘n ingesteldheid om die gelowige te ontwikkel met die oog op verantwoordelikheid, diensbaarheid en doelgerigte gedrag.

### 4.3.1 Pastorale begeleiding word van naderby omskryf

Die studie oor die proses van ‘n groep van nege-en-twintig jongmense wat met waagmoed hulle vermoeë, vaardighede en geloofsoortuigings gebruik het om ‘n eie geloofsbelydenis te ontwikkel, moes ‘n veilige omgewing gebied word om waagmoed te laat ontluik. Die kategese kan uiters geskik wees daarvoor. Die uitdaging is egter om die kategeseproses te omskep in 'n pastorale handeling wat jongmense sou help om die Christelike geloof deel te maak van hulle lewens.

### 4.3.2 Pastoraat vanuit die praktiese teologie

Schleiermacher verdeel die take van die teologie in drie, naamlik filosofiese teologie, historiese teologie en praktiese teologie. Schleiermacher sien die doel van praktiese teologie as die instandhouding en bewaring van die geloofgemeenskap se identiteit. Juis binne die praktiese teologie fokus die pastorale teologie op die ‘cure of souls’ en ‘n teologie van bedieninge. Sedertdien het die fokus egter geskuif van ‘n praktyk van Teologie na ‘n Teologie van die Praktyk. Hiltner, Oates en Wise praat van die kritiese dialoog tussen die teologie en die praxis. Heitink (1993:105) sluit hierby aan deur te praat van die handelingsvelde van die praktiese teologie. Dit bring ons by ‘n baie belangrike vraag vir die kategese en veral die finalejaars uit, naamlik ‘Hoe werk die geloof van die kerk in die praktyke van die wêreld?’ Volgens Browning (1991:5), wat vanuit die praktiese wysheidfilosofie redeneer, is die praktiese teologie ‘n strategiese, praktiese teologie en die teologie bevat die volgende elemente: religieuse onderrig, pastorale sorg, prediking, liturgie, sending, evangelisasie, en sosiale bedieninge. Vir

die huidige is die plasing van die kategetiese onderrig, volgens Browning, onder die pastorale sorg belangrik, want dit maak van die kategese ‘n strategie om iets te bereik en in die geval die bevordering van geloofsontwikkeling by die finalejaarkatkisant.

Ons kan praat van die pastorale sorg in terme van gesprek. Onder die Rogeriaanse invloed, word pastorale sorg gesien as die gesprekke van mense wat op soek is na betekenis in hulle lewe (Louw 1993:108). Die pastoraat kan dan as proses, soos volg beskryf word: ‘Die pastor raak betrokke by die gesprekke van mense, asof daar geen God is nie, maar die pastor moet ten volle daarvan bewus wees dat daar meer agter die gesprek sit as wat op die oog af duidelik is’. Die pastor raak betrokke, soos ‘n kunstenaar en bevorder refleksiewe gesprekke, insluitend oor die Bybel, sodat mense gehelp kan word om die bedoeling en sin van hulle ervarings te ontdek en te verbind met die Christelike tradisie. Dit is baie individualisties, as gevolg van die Rogeriaanse invloed, maar tog, voor die baba met die badwater uitgegooi word, wil ek juis hierby aansluit met die ontwikkeling wat die sosiale konstruksieteorie vir ons bied. Dit maak die gesprek deel van die sosiale gesprek oor God. Later word daar meer hieroor gesê.

Waardevolle kritiek Rogers op vind ons by Browning (1991:6), wat die etiese basis vir die gesprekke bevraagteken. Juis hier sou die narratief vir ons ook ‘n uitkoms bied. Verder kan kritiek op Rogers wat die rol van die breër gemeenskap mis, met die sosiale konstruksie verantwoord word.

### 4.3.3 Pastoraat en kategese

Die konteks waarbinne jongmense verkeer, word deurentyd in gedagte gehou. Die pastorale hoek waaruit jongmense se konteks benader word, moet hier aanvullend tot die leerkonteks van die kategese as uitgangspunt gestel word.

Tans word die belydenis van die jongmens onder kategetiek, in die praktiese teologie geplaas. Die klem lê dus op die didaktiese aard van die kategese. Met die nuwe uitdaging aan die kerk met die akkomodering van jongmense, moet ook die pastorale bediening meer aandag kry. Veral omdat die jeug verhoudingsgeoriënteerd is. Warren (1989:13) skryf vanuit die katolieke kerk dat die kerk alreeds in 1971 die kategese onder die pastoraat plaas: ‘Within the scope of pastoral activity, catechesis is the term

to be used for that form of ecclesial action which leads both communities and individual members of the faithful to maturity of faith’. Hy lei hieruit af dat kategese ‘n terapeutiese handeling is om die korporatiewe gesondheid van die gemeente te bevorder. Dit is ‘n uitbreiding en verdieping van die kennis van God en sy verlossingsplan met Jesus Christus as die middelpunt van die plan. Dis die opbou en verryking in die geloof deur dit met ander te deel wat dit ook wil besit. Dit gaan om vir die jeug plek te vind binne die ruimte en tussen die mense op wie die bedieninge gerig is naamlik, die gemeente (Nel 1998:11). Elke bediening is ryk aan potensiaal vir jeugbediening. Dit maak die pastorale hoek uiters geskik vir die kategese.

Verder is die pastoraat aktief gerig op singewing (Tielemannn 1993:161). Vir die ervaring van sin bied die pastoraat ‘n versorgende omgewing aan die jongmens waarin hulle kan groei en ontwikkel tot hulle volle potensiaal (Gerkin 1997:88). Met die oog op groter deelname van jongmense aan die proses van geloofsontwikkeling in die kategese, bied die deelnemende pastoraat, teenoor die simboliese pastoraat (Tielemannn 1993:163), ‘n groter ingesteldheid op die verstaan en ondersteuning van subjektiewe simbolisering van die jongmens as op die oordrag van geobjektiveerde simbolekompleks (wat geleer behoort te word). Juis vanuit die deelnemende pastoraat ontmoet die pastor jongmense en word hulle dan begelei na 'n geloofsidentiteit. Die ontwikkeling van ‘n geloofsidentiteit vind plaas sodat die evangelie binne verhoudings die innerlike lewe ondersteun en begelei en waar momente van openbaring plaasvind (Gerkin 1997:88). Wat gesê word in die pastorale gesprek of in die pastorale verhouding plaasvind, het verband met die innerlike geskiedenis van die jongmens op 'n nuwe en transformerende wyse (Gerkin 1997:89). Hierdie wisselwerking kan met groot vrug in die kategese plaasvind. Bykomend is die hele verskuiwing in die pastoraat wat tans op die samelewing gerig is (Tielemann 1993:165), waar singewing sosiaal gekonstrueer raak.

Pastoraat het die rehabilitasie van die verhaal van jongmense ten doel. Die rehabilitasie lê in die sin gee aan die lewe, vanuit die Christelike tradisie wat as interpretasiekader (verwysingsraamwerk) aan jongmense voorgehou word. Geloof se implisiete rol, eerder as eksplisiete rol, word hiervoor gebruik (Tielemann 1993:168). Hierdie religieuse verwysingsraamwerk bied 'n konteks vir religieuse ervarings (Heitink 1997:117). Die verwysingsraamwerk bestaan uit kognisies waarby sekere ervarings

verklaar kan word en die verklarings lei tot singewing (Heitink 1997:117). In die verloop van die lewe ondergaan die verwysingsraamwerk sekere aanslae en toetse. Hierdie aanslae dra by tot die herstrukturering van die verwysingsraamwerk. Juis in die adolessente fase word daar van 'n fase van alles glo wat gesê word, beweeg na 'n eie, godsdienstige keuse (Heitink 1997:117), waarmee die bestaande verwysingsraamwerk van elke jongmens aan kritiese evaluering blootgestel word. Tydens die finalejaarskategese word hierdie religieuse raamwerk blootgestel aan ‘n groter konteks met meer moontlike interpretasies wat noodwendig lei tot eie godsdienstige keuses.

Tielemann (1995:168) onderskei in die Christelike geloofstradisie tussen verskillende interpretasies, omdat dit in 'n bepaalde tyd verstaan word en op ‘n sekere wyse gestalte kry binne die geloofspraktyk van mense. Om dus met verskillende interpretasies te werk in die kategese is deel van die Christelike geloofstradisie. Die spanning tussen die lewenstories van mense en die christelike storie vra na bemiddeling. Die bemiddeling vind binne die pastorale sorg plaas. Deur dialoog moet die lewenstories van mense met die christelike storie verweef word. Dit is die dryfveer vir die pastorale sorg (Gerkin 1997:112). Tydens die kategese vind hierdie bemiddeling by uitstek plaas deur middel van geleenthede vir gesprekke wat gekonstrueer word.

Vanuit die narratiewe beskouing (Müller 1996:45) is die pastorale proses ‘n deelname deur alle betrokkenes om saam nuwe realiteite te konstrueer. Die navorser word deel van die proses. Pastoraat mond uit in ‘n betrokkenheid by die totale, narratiewe werklikheid wat ter sprake is, want die ervaring van die geheel van die verhaal is ‘n totale betrokkenheid daarby (Müller 1996:61), deur beide kategeet en katkisant.

Die pastoraat bring sekere dimensies by wat die kategese verder verryk. Met singewing as spesifieke fokus (Tielemann 1993:161), word jongmense begelei na antwoorde op ontologiese en teleologiese vrae. Die versorgende fokus van die pastoraat bied geleentheid vir jongmense tot die ontdekking van ‘n eie identiteit. Met die singewing van verhale as fokus, kan pastoraat jongmense sin gee vanuit die Christelike tradisie. Vanuit die narratiewe beskouing (Müller 1996:45) is die pastorale proses ‘n deelname deur alle betrokkenes om saam nuwe realiteite te konstrueer. Met die plaas van die belydenisgroep onder pastoraat word die belydenisvorming meer ‘n

geïntegreerde proses waarin die geloof deel word van die beleweniswêreld van die jongmens. Vanuit die pastoraat, word die geloof gesitueer binne die verhaal van die werklikheid van die alledaagse lewe van die jongmens. Vanuit die pastoraat val die fokus nou op begeleiding as 'n verdere verryking van die pastorale kategese. Dit laat ons wegbeweeg van die didaktiese aard van die kategese na 'n begeleidende proses van geloofsvorming.

### 4.3.4 Pastorale gelooofsbegeleiding as metode in die kategese

Die kritiese evaluering van die huidige kategetiese opset, lei tot 'n voorstel van pastorale kategetiese begeleiding. Hierdie begeleiding vanuit 'n pastorale benadering word aanvullend tot die leerkonteks van die kategese as uitgangspunt gestel. Tans word die belydenis van die jongmens onder kategetiek in die praktiese teologie geplaas. Die klem val, met die plasing onder kategetiek, op die didaktiese aard van die kategese. 'Wat behoort die finalejaarskatkisant verder te leer?' is 'n vraag wat tereg gevra kan word. Met die nuwe uitdaging vir die kerk voor die deur met jongmense, wat al meer 'n rariteit word in die Ned Geref Kerk, moet die klem verskuif na die praktiese toepassing van 11 jaar se kategese, eerder as die oorbeklemtoning van die didaktiese. Die aandag verskuif na die pastorale bediening, veral met die verhoudingsgeoriënteerde fokus wat die jeug van vandag huldig.

Warren (1989:13) wys daarop, vanuit die katolieke kerk, dat die kerk alreeds in 1971 die kategese onder die pastoraat plaas. Die afleiding wat hy maak, is dat kategese 'n terapeutiese handeling is om gemeentegesondheid te bevorder. Indien daar van terapeutiese handeling gepraat word en singewing die fokus is, behoort die Christelike tradisie (Gerkin 1997:88) die verwysingsraamwerk te vorm. Dit sal die invalshoek wees om die jongmense weer aktief by die kerk te betrek.

In die Reformasie is kategese gesien as 'heilige onderrig' (Beukes 1995:14). Sedertdien het daar hervorming ingetree (Beukes 1995:14). Beide Van der Ven en Abbing in Beukes (1995:15), asook Dingemans (1986:233) beweeg weg van die kennis as hoofdoel van die leer van die kerk. Kategese het verskuif as deel van die didaktiese handelingsveld van die kerklike bediening, na pastoraat (Beukes 1995:15). Volgens Beukes (1995:15) gaan Prins verder en definieer kategese as

‘kommunikatiewe geloofshandelinge in diens van die evangelie, gerig op die kinders van die kerk en hulle wat tot die kerk wil toetree’.

Met kommunikatiewe geloofshandelinge (sien Hoofstuk 2.1.1; 2.2) word op die konteks van jongmense gefokus. Die skep van ‘n ruimte waarbinne die jongmense in dialoog kan tree met die geloofsgemeenskap, die nie-geloofsgemeenskap en met hulleself, word gestalte gegee. Nou kan geloofsontwikkeling deelnemend binne die kategese met die finalejaarkatkisant gedoen word.

Oorspronklik is leer en onderrig die uitgangspunte van die huidige kategese. Die kerk moet toegerus word sodat leer deelnemend kan plaasvind binne die kerk. Die kategese as ‘n pastorale begeleiding, met leer as oogmerk, laat beide die kategese en die pastoraat, ‘n plek langs mekaar inneem. Daar behoort nie net op die individu gefokus te word nie, maar ook op die sosiale omgewing rondom die individu (Gerkin 1997:90).

Leer is 'n lewenslange proses. Om te leer, verwys nie net na verwerwing van kennis en vaardighede nie, maar na elke handeling wat beïnvloed word deur vorige ondervindinge in die vorm van oefening, onderrig en lewenservaring. Dit behoort tot gedragsverandering te lei, slegs dan het effektiewe leer plaasgevind (Van der Spuy 2000:3). Leer is opvoedkundig ook die verandering in 'n persoon se gedrag of gedragpotensiaal in 'n gegewe situasie wat aangehelp is deur die persoon se herhaaldelike ondervinding in daardie situasie, met die voorwaarde dat gedragsverandering nie plaasvind as gevolg van ryping of enige tydelike staat van bewussyn nie (Van der Spuy 2000:4). ‘n Ingesteldheid om die gelowige te ontwikkel is tydens die kategese teenwoordig, met die oog op verantwoordelikheid, diensbaarheid en doelgerigte gedrag. Die teenwoordigwees het ‘n pastorale karakter wat begeleidend openbaar word. Hierdie twee kenmerke bring pastoraat en kategese saam as pastorale kategese. Vir die pastorale kategese verander die rol van die kategeet na begeleier en medegespreksgenoot. Daaraan word volgende aandag gegee.

## 4.4 BEGELEIDING IN DIE KATEGESE

Die huidige hoofstuk stel ‘n kategetiese benadering voor om die belydenisjaar vanuit ‘n pastoraal kategetiese begeleiding en met behulp van die sosiale konstruksie, katkisante te begelei tot ‘n persoonlike geloofsbelydenis. Hierdie begeleiding word vervolgens belig. Die belydenisaflegging se uitdaging lê in die gedragsverandering wat plaasvind en getaal word deur ‘n persoonlike belydenis.

Begeleiding (guidance) in geloofsontwikkeling is sedert 356 na Chiristus, reeds deel van die Christelike godsdiens. Sedertdien is daar heelwat oor hierdie onderwerp geskryf en deesdae is daar weer hernude belangstelling in spirituele begeleiding. Dit staan onder verskeie name bekend, onder andere as spirituele begeleiding (Edwards 2001:18; Newfelder & Coelho 1982:xv; Anderson & Reese 1999:20). Hierdie begeleiding se wortels is die duidelikste sigbaar in Jesus se bediening op aarde (Edwards 2001:6) en is voortgesit in Paulus se bediening waar die woord "navolger" baie voorkom (Edwards 2001:7).

Volgens  tradisie is 'n geestelike begeleier iemand wat 'n alleenbestaan voer op die rand van die samelewing. Dit was regdeur die geskiedenis van die kerk 'n bekende verskynsel. Dit word vandag nog as praktyk sterk beoefen in die Koptiese, Oosters Ortodokse en Ethiopiese Kerke (Edwards 2001:17). Die geestelike begeleiding wat in hierdie studie van belang is, is die geestelike begeleiding van een persoon teenoor 'n ander, in ‘n mentor protogetipe verhouding. Hierby wil ek graag aansluit en  beginsels neem vanuit hierdie praktyk van geestelike begeleiding en dit van toepassing maak op die kategese vir die finalejaarskatkisant se geloofsontwikkeling.

Hierdie begeleiding word gebaseer op integrering van morele en geestelike afleidings, tydens dialoog, wat die ‘protoge’ begelei om toe te pas op sy/haar lewe. Die geestelike begeleiding vir die jongmens se geloof en lewe vind plaas te midde van die ‘common human life’ (Newfelder & Coelho 1982:xv). Die begeleiding se uitgangspunt is, dat die begeleide persoon, in die geval die katkisant in die finalejaar, in kontak is met die Goddelike misterie, binne die Christelike tradisie, in die hart van die realiteit van elke dag (Edwards 2001:4).

Die verhouding van geestelike begeleiding vorm 'n triade tussen die begeleier, die begeleide en die Heilige Gees (Anderson & Reese 1999:12). Die uitdaging van geestelike begeleiding is om die taal van geloof oor te dra, te leer en te laat leer (Anderson & Reese 1999:20). Hierdie uitdaging vereis verdere verduideliking. Die gesindheid waarmee begelei word speel ‘n deurslaggewende rol in hierdie begeleiding. ‘n Sensitiewe gesindheid vir wie die katkisant is, die konteks waarbinne die katkisant beweeg en die vrae waarmee die katkisant sit is alles dinge wat na ‘n gesindheid van empatiese  betrokkenheid vra. Dit word nou verder beskryf

Belangrik vir hierdie doel van die kategese, is die ingesteldheid en die verbintenis tot begeleiding. Dit word verwoord as ‘n soort ingesteldheid teenoor die proses in die beskrywing van die begeleiding. Hierdie ingesteldheid wil ek soos volg verwoord: ’n Ingesteldheid van beskikbaarheid is, sonder om oor te neem, ‘n betrokke wees sonder om in te meng, ‘n empatiese ingesteldheid sonder om emosioneel verstrengel te raak. Dit bring mee dat jongmense tot vryheid van ‘n eie geloofstem begelei word.

Deur die ontdek van 'n eie stem in diens van die koninkryk van God, ontwikkel die jongmens 'n intieme verhouding met God. Dit lei tot die bemagtiging van jongmense tydens die belydenisaflegging. Die eie stem van die jongmens kom na vore in die verwoording van 'n eie geloofsbelydenis.

‘n Verdere gevolg van hierdie benadering is die ontwikkeling van 'n eie identiteit, spesifiek as kind van God (Anderson & Reese 1999:13; Edwards 2001:172,173). Hierdie identiteit gee nuwe betekenis aan die verhoudings waarin jongmense staan. Dit is vir jongmense belangrik hoe hulle maats hulle ervaar en ook hoe hulle oor hulleself voel (Conn 1998:96). Hierdie begeleidingsproses sorg dat jongmense vertroue in hulleself kry en met selfvertroue oor hulle geloof in God kan praat. Hierdie verhouding steun op meer as gesindheid, hoewel dit die belangrikste klem dra is daar ook sekere eienskappe wat merkbaar na vore kom.

### 4.4.1 Die verhouding wat voortspruit uit die begeleiding behoort ook oor sekere eienskappe te beskik

Hieronder bespreek ek kortliks 'n paar van die belangrike eienskappe:

(i) Daar moet 'n groot mate van aanvaarding bestaan tussen die begeleier en die jongmens. Jongmense moet deur die begeleier se lewenswyse nadergetrek word (Anderson & Reese 1999:13; Newfelder & Coelho 1982:22). Modelering word hier as belangrik beskou.

(ii) Respek, luistervaardigheid, die skep van 'n ruimte vir die verhouding om te groei (Anderson & Reese 1999:13; Newfelder & Coelho 1982:85), vorm deel van die verhouding.

(iii) Die gesprekke moet motiveer en daar moet oor die formaat van begeleiding ooreengekom word. Sake soos verantwoordbaarheid (accountability), vertroulikheid, evaluering en wanneer en hoe afgesluit sal word met die verhouding (Anderson & Reese 1999:13), moet bepaal word.

(iv) Die verhouding is 'n responsiewe verhouding. Beide die begeleier en die jongmense neem aktief deel aan die proses om te leer. Die keuse word gemaak vir leer, die wil om te leer en te luister na mekaar. Die begeleier fasiliteer eerder as beveel, deur voorstelle, verduidelikings en motivering. Die dryfveer om te leer, kom van die jongmense (Anderson & Reese 1999:101). Die keuse tot transformasie, deur die leer wat plaasvind, moet deur die jongmense gemaak word. Die begeleidingsproses voorkom dikwels dat daar 'n innerlike konflik ontstaan met waardes, gewoontes en lewenstyl (Anderson & Reese 1999:102). Juis hierin speel eie ervaring die rol van evaluering en internalisering.

(v) Die verhouding is gebou op aanspreeklikheid. Jongmense behoort verantwoordelikheid te neem vir geloofsgroei en om te lewe vanuit 'n goddelike middelpunt in hulle lewe. Die begeleier neem verantwoordelikheid saam met die jongmense vir groei, spirituele oefening, refleksie oor die groeiproses en onderskeidingsvermoë (Anderson & Reese 1999:127).

Die geestelike begeleidingsfunksie vra 'n openheid sodat ook die geestelike gedeel kan word (Newfelder & Coelho 1982:64; Edwards 2001:2). Die uitdaging van geestelike begeleiding is om ‘n taal van geloof te konstrueer waarmee in die kategese gewerk kan word. Daar word met die aanname gewerk dat, indien die katkisant betrek word in die

kategese by die formulering van ‘n eie geloofsbelydenis, dit sal lei tot ‘n beter verstaan van God. Insig in hulle ervaring van God via geloof, sal geloofsgroei stimuleer. Die begeleidingsproses is hierbo uiteengesit. Vervolgens word daar gekyk na waarheen die begeleiding lei, met ander woorde wat is die doel van die begeleiding.

### 4.4.2 Waartoe behoort die begeleiding te lei

Vanuit die interaktiewe kategese (Dingemans 1986:237) waar kontak breër gedefinieer word, speel die samelewing en ook die kultuur 'n ingrypende rol in die vorming van geloofsopvattings waarmee katkisante die belydenis ontwikkel. Met hierdie interaksie, tesame met begeleiding, ontwikkel die volgende verder:

(i) Ervaring (Dingemans 1986:37) wat die verbreding en verdieping van eie, religieuse ervaring tot gevolg het, met die hulp van sosialiseringsprosesse (Dingemans 1986:237).
(ii) Kennis van bestaande sisteme van waardes en norme en
(iii) Die keuse vir die ontwikkeling van ‘n eie waardesisteem

In teenstelling met Dingemans se standpunt, word tydens die kontak met ‘n sisteem van waardes en norme nie ‘n keuse vir die een of die ander gemaak nie, maar word ‘n eie, kongruente waardesisteem sosiaal gekonstrueer. Hierdie ontwikkeling van ‘n eie waardesisteem vind plaas as deel van die deelnemende pastorale begeleiding.

Tielemann (1993:160) verduidelik pastoraat se verskuiwing van kerugmaties na deelnemende pastoraat. Met die **kerugmatiese pastoraat** kry ons, volgens Tielemann (1993:161; Putman 1998:152) die *oordrag* van die geopenbaarde waarheid (kompleks van simbole). Die uitgangspunt by kerugmatiese pastoraat is ‘n stel objektiewe simbole wat bestaan, wat oorgeneem moet word deur gelowiges. Aan die anderkant is **deelnemende pastoraat** die ondersteuning van ‘n persoonlike proses van simboolvorming (Putman 1998:153). Die tweede perspektief (deelnemende pastoraat) sluit meer aan by die gedagte dat God se heilshandelinge in unieke mense voltrek en dat die pastor slegs ‘n instrument is in die ontdekking daarvan. Die deelnemende pastoraat is aktief gerig op singewing (Tielemann 1993:161). Die temas in die kategese wat ontwikkel is uit jongmense se persoonlike ervarings, getuig daarvan. Die

begeleidingsproses neem dus deel aan die eie proses van elke katkisant se simboolvorming.

'n Verdere uitbreiding op die deelnemende pastoraat is die **hermeneutiese pastoraat.** Volgens Tielemann (1993:15) is die pastorale fokus op soek na ‘n rekonstruksie van lewensverhale vanuit ‘n dubbelenarratiewe struktuur (1) die eie lewensverhaal en (2) die gemeenskap en geskiedenis van ander verhale. By die laasgenoemde is geloofsverhale van eie en medegelowiges en die van ongelowiges teenwoordig. Hierdie hermeneuties-narratiewe benadering, gepoog om die oordra van die ‘simbolekompleks’ en die persoonlike simbolisering met mekaar in verband te bring in ‘n dialogiese verhouding (Putman 1998:154). Begeleiding tydens die finalejaarkategese gee geloofsverhale geleentheid om na vore te kom en in die proses geleenthede te skep waar katkisante eie lewensverhale kan rekonstrueer.

### 4.4.3 Die ruimte van die kategese word spirituele begeleiding

Die unieke heilshandelinge van God gebruik mense om vir mense God te laat ontdek. Hierin is die leraar instrumenteel. Die term spirituele begeleiding bied my die beskrywing vir die rol van die leraar. Spiritualiteit behels persoonlike keuse, verantwoordelikheid en kreatiwiteit (Hudson & Kotzé 2002:271). Dit beklemtoon die behoefte aan ‘n ervaring van die nabyheid en teenwoordigheid van God binne praktiese lewensomstandighede. Die verantwoordelikheid om die sin te soek van die Christelike geloof binne kontekstuele en eksistensiële lewensvraagstukke, word nagekom binne die kategese, deur die maak van persoonlike keuses. Dit word gedoen deur geleenthede te skep wat die uniek heilshandelinge van God beslag gee in katkisante se lewe, waarop hulle dan persoonlike keuses kan baseer.

Die kategese raak betrokke by die soeke na sin deur middel van ‘spirituele begeleiding’. Hierdie soort begeleiding maak ruimte vir elke jongmens se eie behoeftes, worstelinge, krisisse en vermoeëns. Dis ‘n begeleiding na ‘n Christelike spiritualiteit wat vorm gee aan hulle diepste soeke na identiteit en intimiteit. ‘The Christian life is portrayed as an ongoing journey in which openness and risk are important as certainty and commitment. **Confirmation is an important step, but only one step on an ongoing journey of faith’** (Osmer 1996:32). Die spirituele begeleiding

fokus op die katkisant wat persoonlike keuses maak ten opsigte van die heilshandelinge van God binne hulle lewe. Na die keuse gemaak is lê die uitdaging daarin om gedragsverandering te openbaar wat kongruent is met die keuse en getaal kan word binne ‘n persoonlike belydenis. Dit beteken dan om ruimte te laat vir die kreatiewe keuses wat katkisante kan maak wat verrykend tot die geloofsverstaan kan bydra.

## 4.5 TEOLOGIESE GESIGSPUNTE OP DIE RUIMTE

Die kerk en jongmense binne die raamwerk van die kategese vind mekaar rondom die pastorale inslag van die begeleiding binne die ruimte. Hoe daar teologies omgegaan word binne die ruimte, word volgende bespreek. Die rol van vryheid van keuse, asook Christus se posisie en geloof se inhoud word bekyk. Hierdie is egter bloot ter verheldering en nie uitgewerkte teologie oor al die sake nie. Dit word bloot aangeraak om die ruimte beter te beskryf.

### 4.5.1 Die vrye keuse van die katkisant

Vir Dingemans (1986:227) gaan vryheid oor die ontplooiing van die mens se eie, religieuse ervaring. Soos Dingemans dit hier stel, klink dit asof katkisante onbeperkte vryheid sou kon besit. Hierdie vrye deelname verskil van westerse individualisme omdat dit steeds gekoppel bly aan die geloofgemeenskap. Die deelname is steeds ‘n sosiale gemeenskapsproses (Dingemans 1986:228). Die gemeente word beskou as die draer van die waarheid, waarteen die belydenis van die katkisant teruggekaats word na die katkisant toe vir herevaluering (Dingemans 1986:228). Hiervolgens is die finalejaarkatkisant se vryheid beperk tot die mate wat dit konformeer met ‘n waarheid soos deur die gemeente bepaal. Met ander woorde, hulle moet konformeer na ‘n gegewe vorm. Die gemeente word gesien as die instansie van mense waar die waarheid bewaar word. Met die woorde ‘waarheid bewaar word’ val Dingemans (1986:228) terug op ‘n waarheid wat iewers geweet kan word soos in die Bybel en die belydenisskrifte van die kerk vervat is. Ek is van mening dat daar wel van die waarheid geweet kan word en verstaan word, maar daar moet met groot versigtigheid gepraat word van die waarheid, want dit bly steeds geïnterpreteerde waarheid.

Kategese is ‘n helpende proses vir ‘n mens om homself te vind (Beukes 1995:15). Die vrye beslissing van katkisante in hulle verhouding met God, Christus, die Bybel, die kerk en die wêreld is van groot belang, binne hierdie studie. Die leerproses met kategese is nooit outoritêr, indoktrinerend of dwingend nie. In die aanbieding van die stof en in die organisasie van die leerproses, en in die begeleiding van katkisante, gaan dit oor die optimale, vrye deelname van die katkisant. Dan kan ‘n katkisant by ‘n selfontdekking in ‘n verhouding met God uitkom. Die geleentheid tot selfontdekking dra by tot die vryheid van katkisante.

Hierdie vryheid wat jongmens besit binne die kategetiese ruimte, kan ondersteun word in die deelnemende leerproses oor die funksie(s) van geloof. Dit geld vir beide die kategeet en die katkisant. Hierdie gesamentlik leerproses word ‘n deelnemende bewus wees van mekaar (Kotzé 2002:4), wat beteken om bewus te raak van die wedersydse soeke en gesamentlike of aparte ontdekking van geloofsfunksies te maak. Hierdie vryheid bied geleenthede om met geloof te eksperimenteer. Hierdie eksperimentering van geloof ondersteun die vryheid van katkisante in die finalejaar verder.

Die vryheid hier ter sprake lê in die gewilligheid om ‘n eerlike soeke na geloof se werking in jongmense se lewe toe te laat. Dit behels etiese implikasies. Leraar en katkisant moet beide deel uitmaak van die groter deelnemende bewussyn van geloof, terwyl hulle onderling deel vorm van die hermeneutiek van gebondenheid (Heshusius 1994:131). Dit is die besef dat die leraar en katkisant besig is met iets groter as net hulle eie ervarings en opvattings oor geloof, maar daarmee saam so verbind is tot geloof se werking dat hulle intens betrokke wil bly terwille van ‘n eerlikheid teenoor geloof. Die leraar en katkisant vind in hulle verhouding met mekaar ‘n ‘common ground –participatory consciousness’, waar geloof se werking na vore kom. So word geloof ontsluit. Hierdie momente van geloofsontsluiting word as heilige grond beleef en maak ‘n diep indruk op beide die kategeet en katkisant. Dis om vry te kom van vooropgestelde (Heshusius 1994:15) idees van geloof en ‘n openheid te bereik wat sy noem ‘profound openness and receptivity’. Geloof word ontdek, net om weer later herontdek te word en nooit is dit dieselfde wat ontdek word nie, want ons het met ‘n dinamiese verhouding te doen. Hierdie oop en eerlike soeke na geloof se werking in die lewe van die kategeet en katkisant, kan lei tot groter begrip van God en as reaksie op God, ‘n groter bereidheid om God te dien, of nie te dien nie, en so vind leer plaas.

Vanuit die kategese sou die ideaal wees dat die groter begrip vir God sal lei tot ‘n groter bewondering (aanbidding) van God en ‘n bereidheid om God nog meer te dien.

Die vryheid van die katkisante lei tot selfontdekking waarby elke katkisant betrokke kan raak. Terselfdertyd kan hierdie selfontdekking ook eksperimenteer met geloof. Hierdie vryheid spruit voort uit ‘n eerlike soeke na die effektiewe werking van geloof in elke katkisant se lewe. Hierdie geloof het Jesus Christus as inhoud.

#### 4.5.2 Christus, die kerk en geloofsleer

Belydenis, as amptelike gebruik, vind plaas tydens die hervorming en was gebaseer op die verbond en die genade wat sigbaar gemaak was deur Jesus Christus. Dit word beskryf as ‘n individu se bevestiging van die voorwaardes van die verbond waarin die persoon as ‘n baba gedoop was (Osmer 1996:31). Die daad was beskou as baie persoonlik en was gesien as ‘n totale verbintenis van hart en denke. Dit het 'n verklaring van vertroue in die Here, geloof in Jesus Christus en ‘n belofte tot lojaliteit en gehoorsaamheid bevat. ‘The primary goods attached to confirmation understood in this way centered on the individual’s personal response to God’s claim upon her or his life’ (Osmer 1996:31). Die Christelike perspektief laat hierdie uitgangspunt ‘n bepaalde belangrikheid beklee in die Christen se lewe.

Die katkisant het Jesus as verwysing, die leer van die kerk en die gemeente, waarmee die geloofsverhouding verder, in hulle eie lewe, ontwikkel word. Die spanning tussen die vryheid om enigiets te kan besluit en ‘n verhouding met God te hê word veroorsaak deur keuses. Hudson & Kotzé (2002:271) beskryf Wright se analogie oor hoe ons die geloofsontwikkeling kan sien. Die analogie is dat, indien daar ‘n onvoltooide Shakespearestorie ontdek word en net vier van die vyf dele is volledig, dan ontbreek die vyfde en finale deel. Die voorstel is om die rolle aan hoogsbegaafde Shakespeare akteurs te gee om in te studeer en hulle dan te vra om die finale hoofstuk ook op te voer, met hulle eie vertolking van wat dit sou wees. Indien dit van toepassing gemaak word op die finalejaarskategese, sou dit beteken dat vir die meeste katkisante daar ‘n klomp jare kennis en ervaring en ondervinding van die kerk, Christus en die geloofsleer bestaan. Nou, in die finalejaar, word daar aan hulle gevra, om te begin

skryf aan hulle eie voltooiing van die verhaal - hoe inkorporeer en internaliseer hulle die verhaal, sodat ‘n slothoofstuk geskryf kan word?

Die gelowige leef met die kennis van die vier hoofstukke van die Shakespeareverhaal. Die Nuwe Testament kan gesien word as die eerste bedryf van die laaste hoofstuk en nou word daar van die gelowige gevra om die laaste hoofstuk te leef as deel van die slot van die verhaal.

Die katkisant kom voor die uitnodiging te staan om homself en haarself aan die reeds bestaande verhaal se ‘gesag’ te onderwerp (Hudson & Kotzé 2002:271) en ‘n lewe te improviseer met die riglyne soos hierbo genoem, wat reeds beskikbaar is, as deel van die verhaal se slothoofstuk. Verhaal word geskryf deur die lewe wat onder die besef is dat dit oor God se bevrydende handelinge met die wêreld gaan en dat ek deel is van die wêreld. Die wêreld moet koninkryk word - dat mense die heil van God sal ervaar as persoonlike, politieke en maatskaplike bevryding. In die skryfproses gaan dit nie alleen om persoonlike heil nie, maar oor die heil vir die wêreld.

Die uitgangspunt laat die klem van oortuigingswerk terugskuif na die Heilige Gees en nie die mens se gesagvolle proklamering van waarhede nie. Die lewe word geskryf as deel van die groter verhaal onder leiding van die Heilige Gees. Die posisie van die kategeet, met hierdie uitgangspunt, maak van die kategeet ‘n mede-outeur. Die kategeet is nie die een wat nie al die antwoorde het en dit uitdeel soos gevra word nie. Dit verleen groter geloofwaardigheid aan die hele proses. Gerkin (1991:61) praat van ‘participant observer’ deelnemende skrywer in die geval. Die kategeet word ‘n deelnemer aan die geloofsontwikkelingsproses deur self te ontwikkel en ontwikkeling waar te neem in ander. Kategete is self besig aan die voltooiing van ‘n eie verhaal as deel van die groter verhaal. Beide die kategeet en katkisant skryf aan ‘n eie slothoofstuk oor hulle verhouding met Jesus Christus.

Uiteraard is hierdie hoofstuk gevul met eie ervarings en eie interpretasies. Met die finalejaarkatkisant behoort dit nie ‘n konfrontasie met eie ervaring te wees nie, maar ‘n ontmoeting tussen eie ervaring en die tradisie van die kerk (Müller 1996:28). Met die ontmoeting tussen die katkisant (met ‘n eie ervaring, agtergrond en persoonlikheid), en die Here (soos Hy gestalte kry in die Bybel, die geloofstradisie en hoe die plaaslike

gemeente daaraan vorm gee), ontwikkel ‘n posisiebepaling by die katkisante. Hierdie posisiebepaling is nie ‘n vaste posisie nie, maar word bepaal deur die verhouding dan en later, met Jesus. Dit is ‘n groeiproses wat bestaan uit voortdurende beslissings maak, dinge opweeg teenoor mekaar en die voortdurende posisionering van die self in die kategetiese ruimte. Die groei na die nuwe het maniere van ander maniere van doen en keuses maak as moontlikhede bygekry.

*Nuutgemaak,* deur God 2 Kor 5:17.

Die nuutgemaak veronderstel ‘n proses wat in die konteks van verhoudings staan. Godsdiens gaan oor verhoudings, nie oor voorskrifte en bepalings nie (Sweet 2000). Hierdie nuutgemaak impliseer ‘n nuwe verhouding met Jesus. In verhouding met Jesus behoort die klem op die vraag ‘Hoe?’ van die regte verhouding, nie die ‘Wat?’ nie. Katkisante konstrueer regte verhoudings tot Jesus en mekaar, wat ook handelinge insluit.

Die kennis waaraan jongmense blootgestel word in die kategese, stel hulle in staat om oor hulle verhoudings met Jesus, mekaar, medegelowiges en die gemeenskap te reflekteer. Die kategese het dan as uitgangspunt die konstruering van geloofsverhouding met God en voortspruitend daaruit, verhoudings met ander gemeenskappe. Die inligting wat die katkisant in die kategese bekom, help om in beter verhoudings met Jesus, mekaar, medegelowiges en die gemeenskap te staan.

Die doel van die finalejaarkategese is meer as kognitiewe leer. Dit behels breër kennismaking met die wêreld van God, geloof, kerk en alles wat daarmee verband hou. Die metafore van Bybelse narratiewe oor God se teenwoordigheid en aktiwiteit in die wêreld, word langs jongmense se eie metafore en narratiewe geplaas as mede-outeurs (Hudson & Kotzé 2002:270). Hierdie mede-outeurs help vorm aan ‘n normatiewe wyse van lewe, sonder dat daar van die kategeet se kant, ‘n sekere vaste vorm of voorskriftelike wyse van integrering van die metafore verwag word. Dit gee katkisante die geleentheid om hulle eie storie te kan nestel in die Bybelse narratief oor God (Hudson & Kotzé 2002:271). Sodoende leef elke katkisant die verhaal van God verder in sy/haar eie lewe uit. ‘n Geleentheid word gebied vir elkeen, wat belang het, om te kom deelneem, aan die proses van geloofsontwikkeling. Die geloofsontwikkeling, wat verwoord word in ‘n geloofsbelydenis, lewer 'n bydrae aan

die gemeenskap en is nie net tot die katkisant beperk nie. Met die aanhoor van die belydenis sit die gemeenskap met die vraag: Wat beteken dit vir ons? En nie, soos voorheen, 'wat moet dit vir jou, as katkisant, wees nie?'

.

### 4.5.3 Die gemeente

Die gemeente waarby die katkisant betrokke is, bied aan jongmense 'n versorgende omgewing, waarin hulle kan groei en ontwikkel en tot hulle volle potensiaal ontwikkel (Gerkin 1997:88).

Wie is die gemeente? Volgens Dingemans (1986) is die gemeente die bedding waarbinne die onderrig plaasvind. Hierdie uitgangspunt van Dingemans (1986) vervreem jongmense van die gemeente. Dit word teenoor jongmense gestel. Vanuit die kerugmatiese pastoraat sou die gemeente gesien word as die **bewaarder van die tradisie** as werklikheidsdefinisie van Bybelse oorsprong (Müller 1996:8).

Die deelnemende pastoraat (Tielemann 1993:163) is meer ingestel op die verstaan en ondersteuning van subjektiewe simbolisering deur die jongmens, as op die oordrag van geobjektiveerde simbolekompleks. Met die deelnemende pastoraat word **die ontmoeting tussen pastor en jongmens** beklemtoon. Hierdie beklemtoning laat die fokus op die verhouding tussen pastor en jongmens val. In die ontmoeting tussen die leraar en die katkisant, vind die evangelie neerslag wanneer die innerlike lewe aangespreek voel en 'n moment van openbaring plaasvind (Gerkin 1997:88). Die gemeente wat daarin slaag om hierdie wisselwerking te laat plaasvind, gee jongmense geleentheid tot die ontwikkeling van 'n geloofsidentiteit.

Die deelnemende pastoraat gee die geleentheid om aan die persoonlike proses van simboolvorming ondersteuning te gee (Putman 1998:154). **Die gemeente in die versorging van finalejaarskatkisante behoort die persoonlike proses van simboolvorming te respekteer en te kultiveer**. Hierdeur kry die gemeente die geleentheid om simbole eie aan die kerk te verryk. Die geloofservarings wat nodig is vir simboolvorming, vind in die jongmens se leefwêreld plaas, wat baie wyer strek as die gemeente. Juis wyer blootstelling dra nuwe simbole die gemeente binne wat 'n bydrae kan lewer tot nuwe simbolekonstruksies. Hierdie dinamiek veroorsaak dat daar

ook in die gemeente geloofsontwikkeling kan plaasvind, want God word net duideliker omdat meer simbole oor God, meer sê van God.

**‘n Gemeente wat pastoraal georiënteerd is, sal baie sensitief staan teenoor die verhale van mense**. Pastoraat het die sinvolheid van die verhaal van jongmense ten doel. Dit lê in die sin gee aan die lewe, vanuit die Christelike tradisie, wat as interpretasiekader (verwysingsraamwerk) aan jongmense voorgehou word (Tielemann 1993:168). Die rede vir pastorale sorg word deur Gerkin (1997:112) soos volg uitgedruk: Die spanning tussen die lewenstories van mense en die Christelike storie het bemiddeling nodig. Die bemiddeling vind binne die pastorale sorg plaas. Deur dialoog word die lewenstories van mense met die Christelike storie verweef.

Die evangelie is altyd in samehang met die gemeenskap van gelowiges. Die hele verskuiwing in die pastoraat is tans na die samelewing (Tielemann 1993:165). Geloofservarings is nie beperk tot die Christelike gemeenskap nie. Vanuit die narratiewe beskouing (Müller 1996:45) is die pastorale proses ‘n deelname deur alle betrokkenes om saam nuwe realiteite te konstrueer. Die navorser word deel van die proses. Pastoraat mond uit in ‘n betrokkenheid by die totale, narratiewe werklikheid wat ter sprake is. Dit is dus die ervaring van die geheel van die verhaal en ‘n totale betrokkenheid daarby (Müller 1996:61).

Die gemeente verskaf ‘n **religieuse raamwerk**, as konteks, vir religieuse ervarings (Heitink 1997:117). Binne die gemeente behoort daar ruimte te wees waar die verwysingsraamwerk wat bestaan uit kognisies, aan jongmense verduidelik kan word. Hierdie verduidelikings, wat sekere ervarings van jongmense verklaar, kan indien die verklarings duidelik verstaan word, lei tot singewing (Heitink 1997:117). Waar Heitink werk vanuit ‘n sekere verwysingsraamwerk, wil my studie dit verder neem en verwys na ‘n deelnemende raamwerk van verwysing, waaraan saam gekonstrueer is tydens die kategese. Hierdie verwysingsraamwerk beleef deur die loop van die lewe sekere aanslae en toetse, wat daartoe bydra dat die herstrukturering van die verwysingsraamwerk, beide van lede van die gemeente, asook die gemeente as instituut plaasvind. Tielemann (1993:168) maak 'n onderskeid in die Christelike geloofstradisie tussen die wyse waarop dit in 'n bepaalde tyd verstaan word en die gestalte wat dit binne die geloofspraktyk van mense kry. Hierdeur beklemtoon ook hy

die verskil in verwysingsraamwerke wat ontstaan. Juis in die adolessente fase word daar van 'n “glo alles sonder vrae”, beweeg na bevraagtekening. Dit bring eie godsdienstige keuse mee (Heitink 1997:117).

### 4.5.4 Afleidings vanuit die teologiese perspektiewe

As ‘n mens in meer besonderhede gaan kyk na die literatuur wat in die laaste veertig jaar in die Protestantse wêreld oor die proses van geloofsvorming en jeugwerk verskyn het, is dit moontlik om ten minste ses groot prosesbenaderings te onderskei. Dit is weer eens so dat die benaderings mekaar nie uitsluit nie en in kombinasies gebruik word (Burger 1998:2). Volgens Burger (1998:3) is die ses prosesbenaderings:

(i) die rol van leiers wat met die jeug werk;
(ii) die proses van geloofsinternalisering en geloofsgroei;
(iii) rol van die geloofsgemeenskap;
(iv) die rol van die leerprosesse;
(v) sosiale verantwoordelikheid en lewensbetrokkenheid;
(vi) nuwe maniere om die skrif en rasionele verstaan weer te ondersoek

In my benadering tot die kategese behoort daar kennis geneem te word van bogenoemde benaderings en daaruit verder gebou word aan ‘n kategetiese proses, waarbinne geloofsgroei kan ontplooi. ‘n Kort bespreking van elk van die benaderings werp verder lig op die afleidings se implikasies vir die inrigting van kategese.

#### *4.5.4.1 Die rol van die leier*

Die kategeet se rol is ‘n baie belangrike saak en vorm 'n kerndeel van die hele kategetiese proses. In hierdie proses staan verhoudings voorop. Dinge soos persoonlike geloof, aktiewe deelname en persoonlike inset in die samelewing, kry groter klem. Van die eerste insigte wat gekom het toe kenners meer bewustelik oor die proses van geloofsvorming begin nadink het, was dat benewens die materiaal of handboek waarmee gewerk word, ook die **persoon** wat met die jeug werk ‘n baie wesentlike rol speel (Burger 1998:3). Geloofsoordrag is primêr deur 'n mens aan 'n ander mens.

Hierdie benadering se klem op die kategeet plaas die geloofstoestand van die kategeet onder die vergrootglas.

(i ) Geloofsingesteldheid van die kategeet bepaal wat vir die kategeet belangrik is om oor te dra aan die katkisant.

(ii) Die persoonlikheid van die kategeet bepaal hoe dit oorgedra word.

(iii) Die ingesteldheid van ‘n kategeet, vir die finalejaarsklas, moet een van nuuskierigheid wees. Die kategeet probeer ontdek watter soort geloof vir die katkisant werk, hoe dit bydra tot ‘n godsbeeld en hoe die betrokke katkisant elke dag daarmee omgaan.

(iv) ‘n Verdere belangrike saak sou die ingesteldheid van die kategeet wees teenoor leer, en in die geval selfleer. Die kategeet moet oop wees om self te verander en te leer by jongmense, en nie hom/haarself sien as iemand wat bloot die kennis van die kerk en belydenisskrifte moet weergee nie. Geloofsontwikkeling is wyer as net die finalejaarkatkisant.

*4.5.4.2 Die proses van geloofsontwikkeling en geloofsgroei*

Deelname is aktief en dus val die klem ook op die katkisant, wat 'n eie aard, behoeftes en geloofsontwikkeling en geloofsgroei beleef. Die katkisant se vryheid, selfontplooiing en geloofsbelewing, speel 'n sterk rol. In die leerproses bring alle katkisante hulle eie doelstellings mee. Katkisante word in aanraking met Christus gebring via die Bybel, die kerk en die geloofsleer. Uit hierdie kontak ontwikkeling 'n posisiebepaling by die katkisant ten opsigte van God. Indien die katkisant besef dat dit oor God se bevrydende handelinge met die wêreld gaan, en dat ek (katkisant) deel is van die wêreld, word die katkisant gekonfronteer met die besef dat ‘n posisionering ten opsigte daarvan, gevra word.

Die slagspreuk, volgens Burger (1998:2) is ‘understanding the youth’. My eie bedoeling is nie om die teologiese werklikheid van God se werk te bevraagteken nie, maar om die menslike betrokkenheid by die proses so goed as moontlik te definieer, met die slagspreuk ‘participating with the youth’. Die skuif van verstaan na deelneem, beteken dat jongmense anders geposisioneer word binne die kategese. Hermans (2003:269) praat van leer as deelname**.** In die bewering dat leer deelnemend is, word

daar wegbeweeg van ‘n individualistiese, formalistiese en intrapsigiese benadering, waar die mens se brein en inligting bymekaar gebring was (Hermans 2003:270). Die gronde vir deelname lê in die siening van die menslike brein. Indien dit nie soos ‘n rekenaar net met inligting gestoor kan word nie, beteken dit dan dat die brein ook as teks benader kan word (Hermans 2003:270). Leer het dan te make met tekstuele interpretasie vanuit die kulturele konteks. Die afleiding van Hermans (2003:271) is dat ons dan met narratiewe denke te make het. Leer het te make met die konstruering van stories. Stories trek die verbeelding by as hulpmiddel vir die konstruksie van ‘n leerstorie. Met die bytrek van verbeelding ontstaan dialoog. **‘**The truth of imagination is dialogical’ (Hermans 2003 :271). Tydens die dialoog word daar met ‘n sekere posisies en/of opposisies ten opsigte van ‘n sekere saak gewerk. Dit lei tot interpretasies van sake. Hierdie interpretasies kan geherinterpreteer word. Deelname aan herinterpretasies skep die forum vir ‘participating’ saam met die jeug aan herinterpretasies van geloofsopvattings.

In ‘n leerproses waar daar gefokus word op die menslike betrokkenheid, sal elke katkisant ‘n eie doelwit uniek aan homself/haarself definieer. Hierdie doelstellings is legitiem vanwee die leerproses wat nie outoritêr, indoktrinerend of dwingend is nie. Sodoende word ‘n ontmoeting tussen eie ervaring van die katkisant en die tradisie van die kerk gefasiliteer. Vanuit hierdie ontmoeting ontwikkel ‘n proses waarin katkisante voortdurend beslissings maak ten opsigte van hulle posisie ten opsigte van hulle geloof in God. Hierdie beslissings lei tot ervarings waaruit nuwe leer plaasgevind het. Geloofsonderrig gaan om meer as die kognitiewe. Dit gaan in die leerproses oor die verhale van mense wat as vertrekpunt gebruik word. Dit gaan dus in die leerproses om meer as die persoonlike heil, dit gaan ook oor die heil van die wêreld. In die geloofsonderrig bou daar 'n spanning op tussen die vryheid van besluitneming en om 'n verhouding met God te beleef. By hierdie proses sluit ek aan met die deelnemende kategese, wat verder toegelig word.

*4.5.4.3 Die rol van die geloofsgemeenskap*

Die gemeente is die leergemeenskap waarin mense groot word en waar hulle geloofservaringe opdoen. Dit geskied deur middel van sosialisering, inoefening van gebruike, die etos en oortuigings van ‘n geloofwaardige geloofgemeenskap. Ons beste

kans om ons kinders tot geloof te help, so word aanvaar in hierdie benadering, is om hulle te laat groot word binne ‘n geloofsgemeenskap waar die kwaliteit van Christelike lewe werklik positief en oortuigend is (Burger 1998:5). Die dringendheid om veel meer te maak van allerhande soorte nie-verbale kommunikasie tree sterk na vore, met die klem op die affektiewe/intuïtiewe in die leerproses (Burger 1998:3). Die geloofsgemeenskap vind plaas binne die leefwêreld van mense, elk met sy eie verhaal. Hierdie verhale van mense verryk die geloofsgemeenskap. Die geloofsgemeenskap moet ‘n ruimte word waar ‘n dinamiek ontstaan om voortdurend die godsbeelde en simbole te verryk, uit die verhale van gemeentelede. Daar behoort doelbewus gesoek te word na die rekonstruksie van lewensverhale vanuit die eie lewensverhaal, in samehang met die gemeenskap en geskiedenis van ander verhale (Müller 1996:9). Nie net vind daar rekonstruksie plaas na die individu nie, maar rekonstruksie van die gemeenteverhaal vind ook plaas. Geloof is nie ‘n individuele saak nie. Die deelname en betrokkenheid van lidmate strek ook verder as net die geloofsgemeenskap. Die doel is om krities, bevry, diensbaar en betrokke deel te neem aan die vormgewing van die samelewing, vanuit die Christelike etos soos deur die gemeente gekonstrueer. Dis ‘n voortdurende proses wat nooit afgehandel kan word nie.

#### *4.5.4.4 Sosiale verantwoordelikheid*

Sosiale verantwoordelikheid en lewensbetrokkenheid word gesien as 'n belangrike doel van die kerklike geloofsvorming. Daar is 'n groeiende oortuiging by Protestante dat die horisontale of medemenslike dimensie van geloof, vroeër betrek moet word in die geloofsvormingsproses (Burger 1998:3). Die gedagte is dat kinders nie net in 'n klas moet sit en teoretiese geloofsinhoude geleer word nie, maar dat hulle die geleentheid moet hê om saam met die gemeente deel te neem aan diensprojekte. Die uitgangspunt hieragter is dat geloof nie net geleer word deur te verstaan en dan te doen nie, maar dat die orde kan omkeer, of selfs gelyktydig kan plaasvind.

#### *4.5.4.5 Die Bybel*

Dingemans (1986) sien die Bybel as een van die direkte media tussen God en die mens. Net soos die hele gemeente ook 'n medium is, staan die Bybel sentraal in die kerklike onderrig en gaan dit oor die leer en verstaan van die Bybel. Juis met hierdie

uitgangspunt van Dingemans (1986) verskil ek. Hierbo (4.3.3) is opgemerk dat jongmense verhoudings in die sentrum plaas en indien ons jongmense wil akkommodeer, behoort ons ook in die kategese te herbesin oor die rol van die Bybel in die kategese. Verder was beklemtoon dat jongmense pragmatiese Christenskap verlang, die uitleef van Christenwees elke dag.

Hudson & Kotzé (2002:271) bepleit ‘n narratiewe verstaan van die Christelike lewe. Hudson & Kotzé (2002:271) haal Clapp aan wat die Bybel nie toegepas sien nie, maar dat die Bybel eerder uitgeleef word deur die lewe van mense. So word die Bybel gesimboliseer. Die Bybel word geïmplementeer in die lewens van mense. Dit bied meeste jongmense geleentheid om God in hulle alledaagse lewe ingeskryf te kry, as deel van hulle lewensverhaal. Die belewing van God se teenwoordigheid in die wêreld (Louw 1997:13) lei tot die konkretisering van God. Met hierdie soort improviseer van die Bybel word ruimte gemaak vir persoonlike keuses, verantwoordelikheid en kreatiwiteit (Hudson & Kotzé 2002:271). Die implementering is geensins in westerse, individualistiese wyse nie, maar is sterk op die etiese gebaseer. Die etiese word weerspieël in ‘n kritiese refleksie van ons keuses en aksies sowel as die invloed daarvan op die lewens van die rondom ons (Hudson & Kotzé 2002:272). Juis in die reflektering op persoonlike keuses en dade, word gapings geskep vir etiese onderskeiding en die fasilitering van ‘n etiese lewe, waarvoor die Bybel riglyne bied, - ‘n goeie geleentheid vir die kategeet as begeleier en fasiliteerder.

Feitlik al die ontwikkelings waarna bo verwys is, is die gevolg van die Protestantse kerk se eensydige beklemtoning van die rasionele leermoment in die geloofsvormingsproses. Kennis van die leer van die kerk, was vir lank die hoofdoel (Beukes 1995:14). Die gevoel is dat lering te skolasties verstaan is. Moeite moet gedoen word om ander momente van die opvoedingsgebeure sterker na vore te bring (Burger 1995:4). Beukes (1995:13) noem onder andere die affektiewe en die handelinge van die katkisant wat verwaarloos word. Hierbo is ‘n poging om ‘n ruimte te konstrueer waar daar juis aan die affektiewe, asook die handelinge aandag gegee word.

Met die kategese het ons ook met die leerkomponent te make. Hierdie klemverskuiwing, om vanaf die leermoment na die affektiewe en handelinge van die

katkisant te beweeg is die uitdaging wat verder ontgin moet word. Waar sou opvoedkunde binne so ‘n ruimte inpas? Hierdie tema word volgende beskryf.

## 4.6 OPVOEDKUNDIGE GESIGSPUNT OOR DIE RUIMTE

Die HAT definieer dat die aard en omvang van menslike kennis nie slegs deur hoedanighede van bekende voorwerpe bepaal word nie, maar wel deur toestande, verbande en vergelykings.

### 4.6.1 Volgens die opvoedkunde moet voortdurende ontwikkeling en groei plaasvind

Drie sake tree na vore wanneer daar oor groei en ontwikkeling gepraat word binne die religieuse konteks. Wat is dit wat ontwikkel? Hoe vind kennisoordrag plaas en wat dien as motivering vir die groei en ontwikkeling om plaas te vind?

#### *4.6.1.1 Wat is dit wat ontwikkel?*

Binne die kultuur en ontwikkeling van ‘n religieuse self is die individu 'n deelnemer in sosiokulturele praktyke (Hermans 2003:270). Dit beteken dat die ontwikkeling nooit los gesien kan word van die sosiale omgewing van elke katkisant nie. Die bemeestering van die kulturele konteks is die uitkoms van die ontwikkeling wat plaasvind. Elke individu se kapasiteit gaan optimaal gebruik word. Kapasiteit ontwikkel en sodoende vind ontwikkeling in die bemeestering van die kulturele konteks plaas (Hermans 2003:283).
Cole (1978:6) bespreek Vygotsky se bydrae en wys daaarop dat die **sosiaal-kulturele omgewing** groter klem kry as die biologiese faktore. Binne die sosiaal, kulturele omgewing is jongmense besig om te leer hoe om die omgewing te hanteer deur middel van hulpmiddels wat hulle identifiseer. Deur hierdie deelname gaan betrokkenes sekere inligting ontdek. Hierdie inligting bevorder sekere wysigings van gedrag, wat dan lei tot transformasie wat deur middel van die interaksie plaasgevind het. ‘Learning implies change in the nature of participation in a practice’ (Hermans 2003:276).

#### *4.6.1.2 Oordrag van kennis*

Ontwikkeling kan net plaasvind as kennis van een situasie na ‘n ander oorgedra word. Deelname impliseer dat mense betrokke is by ‘n aktiwiteit. Hierdie aktiwiteit bestaan uit ‘n sekere inhoud, waarmee interaktief omgegaan word. Deelname het te make met die interaksie tussen die deelnemers terwyl hulle gesamentlik aan die leeraktiwiteit deelneem (Hermans 2003:275). Deelname beskryf ook die interaksie met die stof (inhoudelike) en simbole (taalbegrippe, houdings, waardes en norme) binne ‘n situasie (Hermans 2003:276).
Vygotsky (1977) identifiseer die volgende veranderlikes in die onderrigsituasie wat ‘n invloed het op die oordrag van kennis:

(i) die sone van naaste ontwikkeling;
(ii) die aard en kwaliteit van onderwyser-leerling interaksie;
(iii) die interaksie tussen die leerlinge self.

Weet en leer is ook gebonde aan die gereedskap waaroor die leerder beskik, byvoorbeeld, die vaardigheid van die leerder met die gereedskap en hoe vertroud die leerder daarmee is. Die kultuur verskaf hierdie gereedskap tot leer. Hierdie vaardighede word nie passief ontvang nie, want daar bestaan ‘n wedersydse wisselwerking tussen gereedskap en leerder.

#### *4.6.1.3 Die bron van motivering*

Om by die antwoord op die bostaande vraag uit te kom, speel motivering ‘n belangrike rol in die eksplorering van die sosiaal-kulturele omgewing. Die nuuskierigheid en die aktiwiteit van die kind, sowel as die ywer van die volwassene om te onderrig vorm die vertrekpunte van motivering. Die hoek waaruit die geloofsbelydenis benader word, is baie belangrik vir die motivering. Die verantwoordelikheid wat die jongmens het om 'n eie geloofsbelydenis te skryf, teenoor die leer van sekere stof vir toelating, was goeie motivering, wat bewys is uit die klasbywoning wat nooit gedaal het nie.

### 4.6.2 ’n Vergelyking van Piaget en Vygotsky se standpunte rakende opvoedkundige sleutelkwessies

Van der Spuy (2000:17) tref 'n vergelyking tussen Piaget en Vygotsky ten opsigte van wat opvoedkundig ontwikkel. Tweedens watter motivering bestaan daar vir hierdie opvoedkundige ontwikkeling. En laastens wat laat oordrag van kennis plaasvind.

(i) **Wat is dit wat ontwikkel?** Volgens Vygotsky is dit die vermoë om in sosiale konteks die instrumente wat ontwikkeling bevorder, te gebruik. Paiget sê die vermoë om logies te redeneer, ontwikkel.

(ii) Vygotsky plaas groter klem op die **sosiaal-kulturele omgewing** as op biologiese faktore. Paiget beskou die fisiese omgewing en biologiese faktore as ewe belangrik.

(iii) Die **bron van motivering** vir Vygotsky is die nuuskierigheid en die aktiwiteit van die kind, sowel as die ywer van die volwassene om te onderrig. Piaget sien die kind as intrinsiek gemotiveerd om kognitiewe struikelblokke uit die weg te ruim.

(iv) **Oordrag van kennis** van een situasie na ‘n ander vind volgens Vygotsky na aanleiding van onderrig plaas. Piaget se oordrag sal plaasvind sodra kognitiewe ryping plaasgevind het. Dit staan dus onafhanklik van onderrig.

(v) Vygotsky identifiseer die volgende **veranderlikes in die onderrigsituasie**: die sone van naaste ontwikkeling; die aard en kwaliteit van onderwyser-leerling interaksie; die interaksie tussen die leerlinge self. Volgens Piaget is die veranderlikes as volg: die kind se redeneervermoë; omgewingsfaktore wat kognitiewe dissonans veroorsaak.

Opvoedkundige ontwikkeling is sopas bespreek deur na Vygotsky en Piaget vergelykend te verwys. In die opvoedkunde het stimuli 'n groot invloed. Daarna word volgende gekyk.

### 4.6.3 Die rol van stimuli in ontwikkeling

Vir die doel van belydenisvorming word Vygotsky (Van der Spuy 2000:18) gebruik met die belangrike vraag: 'Hoe kan jongmense word wat hulle nog nie is nie?' Wat vir my studie slegs ontwikkeling beteken en nie 'n spesifieke eindresultaat nie. Hierdie vraag bring ons by die kernsaak, naamlik deelnemende leer van. Volgens Hermans (2003:278) bied Vygotsky 'n goeie grondslag vir die ontwikkeling van die gedagteprosesse wat plaasvind binne die mens.

Vygotsky (1967;1977) gebruik die behavioristiese benadering van stimulus en respons, maar ontwikkel die liniêre verhouding verder. Volgens hom is dit 'n te simplistiese siening. In die interaksie met ander en met die omgewing vind sekere prosesse plaas. Met die interaksie bestaan daar 'n stimulus respons reaksie op die verskillende reaksies waarmee 'n jongmens te doen kry. Hierdie respons van die mens 'arises out of the direct influence of external stimili upon human beings' (Vygotsky 1967:38).

Vygotsky (1977:39) wys egter op 'n baie belangrike saak, naamlik dat die mens die vermoë het om eie simbole te skep. Hierdie simbole 'symbols' word alternatiewe binne die mens, wat self gekonstrueer word, waarop die mens reageer, sonder stimulus van buite. Interaksie beweeg na 'n ander vlak as bloot stimulus/respons. Interaksies is en word meer kompleks as gevolg van die eie, unieke "symbols" van elke mens. Die mens is in staat om 'n tussenganger element "symbol" te skep tussen stimulus en respons. Hierdie tussenganger element veroorsaak dat 'n nuwe verhouding tussen stimulus en respons ontstaan (Vygotsky 1977:39). Hierdie nuwe element/teken het 'n invloed op die persoon, sonder dat dit direk in wisselwerking met die omgewing is. Die gewone elementêre stimulus respons reaksie word nou vervang met 'n komplekse meditatiewe proses (Vygotsky 1977:40) tussen die persoon, die tussenganger element en die eksterne stimulus. Die onmiddellike impuls om te reageer op stimulus word geïnhibeer en 'n alternatiewe stimulus word geskep waarop gereageer word. So beheer die mens sy gedrag deur middel van plaasvervangende stimuli. 'n Voorbeeld hiervan is dat indien 'n jongmens sou besluit om sy lewe onder die heerskappy van Christus te plaas, dan word Christus die geskepte stimulus wat die jongmens se gedrag beïnvloed. Die jongmens bepaal die stimulus se invloedsfeer, en sy/haar eie reaksie daarop. Hierdie reaksie is dan ook uniek aan elke katkisant.

Die kern van die hoofstuk is dus nou om ‘n raamwerk daar te stel, sodat geloofsontwikkeling deelnemend gedoen word binne die kategese. 'n Raamwerk wat die geleentheid bied om God in hulle alledaagse lewe te skryf as deel van hulle lewensverhaal en dit wat lei tot die belewing van God se teenwoordigheid om sodoende God sinvol te kan konkretiseer (Louw 1997:13).

**Die voorstel is ‘n deelnemende, kategetiese benadering van pastorale begeleiding, waarmee katkisante begelei word tot 'n persoonlike geloofsbelydenis.** So ‘n raamwerk steun sterk op die sosiale omgewing en die rol van stimuli daarin, asook die konstruering van ‘n lewensverhaal met God daarin geskryf. Vervolgens word aan die opvoedkunde, vanuit die konstruktivisme, aandag gegee. Volgens die opvoedkunde moet daar noodwendig leer plaasvind nadat kennis oorgedra is en wat deur die katkisant gekonstrueer is.

### 4.6.4 Konstruktivistiese aannames oor leer

Die verband tussen leer en die konstruktivisme word van nader bekyk.
***Objektivisme*** huldig die mening dat kennis oor die wêreld ingewin word deur 'n persoon se ervaring van die wêreld. ***Konstruktivisme*** verskil hiervan en huldig die mening dat 'n persoon sy kennis konstrueer in 'n poging om betekenis aan sy wêreld te gee (Van der Spuy 2000:17). Die jongmens is dus aktief betrokke by die proses. Die kennis-konstruksies wat die jongmens maak, hoef nie noodwendig te strook met die realistiese wêreld buite hulle nie. Die leerder toets telkens hierdie gekonstrueerde-kennis met die van ander, veral met volwassenes en maats wat beter as hulle toegerus is. Die eie, gekonstrueerde kennis kan dus hersien en aangepas word - 'n voortdurende proses.

### 4.6.5 Leerdoelwitte van konstruktivisme

Daar kan verskeie doelwitte geïdentifiseer word, waaronder die belangrikste die volgende is:

- leer in konteks
- leer vind plaas deur middel van aksies binne gegewe situasies;

- leer is gerig op kritiese denke, onder andere oorredende skryfwerk, informele redenering, verband tussen teorie en praktyk in Wetenskap en probleemoplossing in Wiskunde;
- die behou, begrip en toepassing van kennis;
- kognitiewe soepelheid en
- kritiese reflektering oor kennis (Van der Spuy, 2000:18).

Bogenoemde doelwitte stem feitlik ooreen met die doelwitte van ander leerteorieë. Die konstruktivistiese onderrigmetodes wat aangewend word om hierdie doelwitte te bereik, verskil egter aansienlik met die van ander leerteorieë en dis juis die onderrigmetodes waarop hierdie studie dan fokus.

### 4.6.6 Konstruktivistiese voorwaardes vir leer

**Konstruktivisme se fokus is op die proses van leer en nie op die produk van leer nie**. Hulle leervoorwaardes is dan ook daarop gerig om hierdie proses aan te moedig. Vir die kategese sou die fokus op die proses van kategese wees (Van der Spuy 2000:18). Die vraag is nou:

(i) Hoe die proses deelname bevorder?

(ii) Hoe die proses geloofsontwikkeling bevorder?

Die leervoorwaardes kan saamgevat word onder die volgende hoofpunte:

(i) **Die voorsiening van komplekse leeromgewings wat aktiwiteite inkorporeer**. Daar kan nie van die jongmense verwag word om komplekse probleme uit te werk as hulle nie die geleentheid kry om komplekse probleme aan te pak nie. Die kategese is uiteraard kompleks omdat die teologie ‘n besondere eksklusiewe waarheidsaanspraak verdedig, naamlik die openbaring van God soos dit tot ons kom in die Bybel (Van Huyssteen 1998:25). Teologie word bedryf as ‘n eiesoortige wetenskap, wat opereer vanuit ‘n geloofsverbintenis, waaragter nie teruggevra word nie (Van Huyssteen 1998:25). Vanuit die geloofsverbintenis word in gehoorsaamheid ‘n geloofsleer ontvou, oor die openbaring van God, wat gesagvol alle teologiese refleksie feilloos begelei (Van Huyssteen 1998:25). (Hoofstuk 5 word in groter detail

hierna verwys). Dit is dan ook die ruimte binne die kerk waar begeleiding met die katkisant plaasvind.

(ii) **Die voorsiening van sosiale onderhandeling as 'n integrale deel van die leerproses**. Vygotsky (1977:45) beskou leer as ‘n gemeenskaplike aktiwiteit waardeur 'n mens se kultuur oorgedra en gedeel word. Geloof ontstaan altyd binne 'n geloofsgemeenskap, omdat geloof gerig is op een God wat Hom deur mense laat ken. Dingemans (1986:119) noem die proses sosialisasie. Sosialisasie kan nooit die einddoel van leer wees nie, maar wel deel van kategese. Om mens te word tussen mense beteken eie opvatting, interpretasie en oordele van sosialisering met mense. In die kategese word hierdie opvattings, interpretasie en oordele blootgestel aan ander opvattings, interpretasies en oordele en die wisselwerking lei tot leer by die katkisant.

(iii) **‘n Onderrig-konteks waarbinne die inhoud geleë is en wat die geleentheid bied om dieselfde inhoud op verskeie maniere te ervaar.** Die gedeeltelike verstaan van kennis en die ontstaan van wanopvattings kan vermy word, deur dieselfde inhoud uit verskeie perspektiewe en deur verskeie metafore te beskou. Met die deelnemende kategese en geloofsontwikkeling wat gesitueerd is binne elke jongmens se eie lewensituasie kom hierdie verskeidenheid ervarings en perspektiewe ter sprake. Sodoende word daar aandag aan hierdie voorwaarde gegee.

(iv) **Die aanmoediging en beklemtoning van die belangrikheid van refleksie oor kennis**. Deur te reflekteer word nie slegs meta-kognisie aangemoedig nie, maar ook 'n kritiese ingesteldheid teenoor eie en ander se konstruksies van kennis. Hierdie kritiese ingesteldheid is belangrik met die oog op die bereiking van die leerdoelwitte. (Van der Spuy 2000:16)

(v) **Die fokus op leerling-gesentreerde onderrig**. Leerling-gesentreerd beteken dat die fokus gerig is op die leerling se bemeestering van die leerinhoud. Die leerling kan makliker betekenis gee aan leerinhoude wat binne 'n bekende konteks geplaas word (Driscoll 1993:359). Juis in die skryf van 'n eie belydenis kom hierdie element sterk na vore, omdat

hierdie nuwe benadering juis op die katkisant as leerder met sy ervaring fokus.

Die aanname is, dat indien die katkisant betrek word in die kategese, by die formulering van ‘n eie geloofsbelydenis, dit sal lei tot ‘n beter verstaan van God. Die katkisant verkry insig in sy/haar ervaring van God via geloof, en sodoende word geloofsgroei gestimuleer. Die **gemeente** vorm die bedding waarbinne die proses plaasvind. Begeleiding as opvoedkundige beginsel help die leerder oor die leerinhoud reflekteer en die onderrig/kennis wat reeds oorgedra is, word dikwels in hierdie fase herhaal. Met wedersydse dialoog en gesprek, word die kennis dan geïnterpreteer en verstaan. Die leerling plaas dit binne ‘n eie ervaringsveld sodat die leerinhoud kan internaliseer en daarmee identifiseer kan word.

## 4.7 SOSIALE KONSTRUKSIE, KONSTRUKTIVISME EN LEER

Na Vygotsky ('n Russiese opvoedkundige) se dood is daar opgemerk dat die Amerikaanse navorsers fokus op hoe die kind geword het wat hy is, terwyl die Russiese navorsers fokus op hoe die kind kan word wat hy nog nie is nie (Van de Spuy 2000:14). Die hele Christelike godsdiens het soortgelyke benadering as uitgangspunt - om te word wat jy nog nie is nie. Hierdie uitgangspunt laat die fokus val op ontwikkeling. Vir die bespreking staan ek kortliks stil by konstruktivisme en sosiale konstruksieteorie. Die voorafgaande opvoedkundige bespreking het sterk gesteun op die konstruktivisme. Vir die doel van hierdie studie word daar gesteun op die sosiale konstruktivisme vir die bespreking rondom geloofsontwikkeling. Die konstruktivisme en sosiale konstruksieteorie word volgende bespreek

### 4.7.1 Konstruktivisme

Die grondpostulaat van konstruktivisme is dat mense aktief hul eie kennis konstrueer, eerder as om dit passief te absorbeer. Hieruit is die afleiding dat die ‘word’ funksie in die hande van die jongmens sou wees. Die kennis-konstruksies van jongmense, hoef nie noodwendig te strook met die realistiese wêreld buite hom/haar nie. Die mening, wat die konstruktivis huldig, is dat 'n persoon eie kennis konstrueer in 'n poging om betekenis aan ‘n eie wêreld te gee. Konstruktivisme bied ‘n geleentheid om deelnemend te werk te gaan, daarom is dit relevant vir die studie. Die jongmens is dus

aktief betrokke by die proses. Maar jongmense toets hierdie gekonstrueerde kennis met die van ander, veral met volwassenes en maats wat beter as hulle toegerus is. Die eie, gekonstrueerde kennis kan dus na die toetse hersien en aangepas word (Van der Spuy 2000:17). Hierdie bogenoemde toetsingsproses laat die fokus na die sosiale omgewing, waarbinne katkisante hulle bevind, skuif.

Konstruktivisme se fokus is op die proses van leer en nie op die produk van leer nie (Van der Spuy 2000:18) Eie idees en opvattings word geskep en herskep, so word elkeen ‘n (eie) selfskepper en herskepper van kennis. Dit is ook die rasionaal agter die definiëring van Vygotsky (1995:322) se sone van naaste ontwikkeling. Die gekonstrueerde kennis ontwikkel net tot die volgende sone waarvoor die jongmens gereed is. Om te kan glo soos Jesus, vir ’n pas bekeerde tot die Christelike geloof, is so ver verwyder van die sone van naaste ontwikkeling, dat dit bloot as ‘n bloudruk gestoor kan word vir latere gebruik. Waar om te kan glo soos die tollenaar wat sê “Ek glo Here kom my ongeloof te hulp”, baie nader aan die sone vir naasteontwikkeling vir so ‘n persoon lê. Vygotsky glo ook dat die volwassenes en kinders in die meeste omgewings saamwerk om die kind geleidelik van sy aanvanklike vlak van bemeestering van inligting en vaardighede na die hoogste vlak van onafhanklike funksionering wat die kind kan bereik, te laat vorder (Demtre 1995a:327). Hierdie verskuif van sones kan soos volg verduidelik word:

- Die proses begin waar die volwassene aanvanklik die meeste van die kognitiewe funksies uitvoer.
- Dit word gevolg deur 'n fase waar die kind en die volwassene verantwoordelikheid deel.
- Uiteindelik sal die kind in staat wees om onafhanklik te funksioneer ten opsigte van ‘n spesifieke taak. Hierdie proses word egter regdeur die lewe van mense herhaal met elke soort vaardigheid wat onder leeromstandighede aangeleer word.

‘n Proses waar die werking van die sones na vore gekom het, het ook in die belydenisgroep gekristalliseer.

(i) In die belydenisgroep was daar aan die begin insette gewees vanuit die voorgeskrewe werk van die finalejaarskategese,

(ii) Geleidelik is daarvan wegbeweeg en oorgegaan na ‘n meer informele gesprek oor die kennisinsette.

(iii) ‘n toepassing van die kennis in die vorm van ‘n belydenisformulering, waar die katkisante onafhanklik formuleer aan ‘n eie unieke belydenis.

Die aanvanklike formulering van die katkisante se eie belydenisse was bespreek met die vooggroepe en dan na aanleiding van die insette in die vooggroepe is weer gaan bou aan die eie belydenis. Dit is juis by die onafhanklike geloofsfunksionering waar die belydenisontwikkeling wil uitkom. Met Vygotsky se sones van naaste ontwikkeling word die kind wel uitgedaag na 'n hoër vlak van funksionering, maar dit geskied altyd met ondersteuning. Die kind word nooit buite sy sone van naasteontwikkeling uitgedaag en aan sy/haar eie lot oorgelaat nie. Kinders word ook nie geëvalueer voordat hulle gereed is nie (Van der Spuy 2000:15)

(iv) Elke katkisant het aansoek gedoen sodra hulle gereed was vir die belydenisaflegging.

Nooit was daar druk om dit af te handel nie. Dit neem die soek na 'n ideale geloofsbelydenis in die finalejaar weg en maak dit vermoë gebonde. Die ‘word’ wat jy nog nie is nie, is dus vermoëgebonde.

Onderrig in die sone van naasteontwikkeling sit verskeie prosesse van bemeestering binne die kind aan die gang (Demtre 1995a:325). Hierdie prosesse is geleë in die interaksie van die jongmense met 'n ander toegeruste volwassene of maats en die omgewing, wat die ouerhuis insluit, asook ander belangrike persone in die jongmens se lewe. Jongmense internaliseer hierdie prosesse. Om te ‘word’ wat ek nog nie is nie, is dus ‘n proses wat vermoëgebonde is.

### 4.7.2 Sosiale konstruksieteorie

Langs die konstruktivisme kry ons die **sosiale konstruksieteorie**. Die teorie plaas die klem op verhoudings en gemeenskaplike of kommunikale interaksie tussen mense, van waar alle verstaansprosesse ontwikkel (Dill 1996:7). Die sentrale metafoor vir die geloofsontwikkeling verander dus van onderrig na gesprekke. Die kategese word gebed in 'n deelnemende dialoog. Hierdie verdere ontwikkeling op die konstruktivisme, naamlik sosiale konstruksie teorie, word as baie belangrik gesien vir

die finalejaarkategese. Met die omgewing betrokke by die jongmens se lewe, betree ons die etiese aspekte van ‘word wat ek nog nie is nie’. Die word wat ek nog nie is nie, word blootgestel aan kritiese refleksie (Hudson & Kotzé 2002:272). Die jongmense se eie konstruksies en stories word ondersoek, deur te bepaal wat is die effek van my ‘word’ op myself en ander rondom my. Hierdie refleksie skep potensiaal vir etiese onderskeiding en fasiliteer ‘n etiese leefwyse. Uit die interaksie met die sosiale, word die breër sosiopolitieke konteks ook verreken. Hierdie etiese proses is nie net ‘n persoonlike proses nie, maar ook ‘n sosiale proses (Hudson & Kotzé 2002:273). Daar vind interaksie plaas tussen ‘n eie wordingstorie, hoe dit oorgedra word, en ander wordingstories en hoe dit ontvang word. In die vertel van die stories neem jongmense verantwoordelikheid vir hulle eie stories van ‘word’, maar teselfdertyd word hulle sensitief vir ander se wordingstories.

Die verskil tussen die twee benaderings is dat met die konstruktivisme die leerder in reaksie op kontak met die omgewing konstrukte, aannames maak. Hierteenoor sien die sosiale konstruksie teoretici idees, konsepte en herinnerings wat ontstaan as gevolg van sosiale interaksie en die verdere bemiddeling hiervan deur taal (McNamee & Gergen 1992:9).

Die **geïntegreerde taalbenadering** is gebaseer op die perspektief dat betekenisvolle leer ‘n resultaat is van ‘n proses waarin die leerling aktief betekenis konstrueer. Die leerder is met die doel om te leer, self aktief in interaksie met die omgewing, wat sowel mense en boeke insluit. Die onderwyser fasiliteer die leerproses en leer saam met die leerders terwyl hulle saam betekenis konstrueer, bevraagteken en herkonstrueer. (Van der Walt 1999:2)

Die optimalisering van ontwikkeling het sekere vereistes (Van der Spuy 2000:15) en dit word kortliks bespreek want dit gee riglyne vir die inrigting van die kategetiese ruimte, met die oog op geloofsontwikkeling:

- Onderrig moet 'n veilige platvorm voorsien waarvandaan kennis gekonstrueer kan word. Dit word bewerkstellig deur die uitruil van kennis tussen die leerlinge en die onderwyser te fasiliteer. Hierdie uitruil van kennis geskied binne die raamwerk van wedersydse respek, en die kritiese aanvaarding van ander se kennis en ondervinding.
- Leer en onderrig moet sinvolle, sosiaal-georiënteerde aktiwiteite wees.

- Onderrig moet die geleentheid vir leerlinge bied om deur gerigte aktiwiteite binne hulle sones van naasteontwikkeling kennis te konstrueer.

Die bogenoemde vereistes vanuit die opvoedkunde bied 'n riglyn vir die inrigting van die kategetiese ruimte

## 4.8 METODES VIR DIE KATEGESE OM LEER TE LAAT PLAASVIND

Dingemans (1986:237) maak melding van verskeie metodes by die operasionalisering van teologiese doelwitte om leer te laat plaasvind. Met sosialiseringsprosesse is dit die bestaande wat deur die katkisant geïnternaliseer word. Ervaringskategese, waarmee hy die katkisant se eie ervaring sentraal stel en Interaktiewe kategese - waar jongmense in kontak gebring word met die evangelie, met Christus, met die kerk en samelewing. Juis hierdie kategetiese uitgangspunte van Dingemans(1986) bied 'n geleentheid om verder uit te brei oor die kategese. Uit die opvoedkunde word sekere uitgangspunte bygetrek om die saak van leer binne die kategese, as pastorale handeling, verder toe te lig.

### 4.8.1 Sosialisasieprosesse

Vanuit die tradisionele siening word sosialisering gesien as die oorneem van 'n bepaalde sisteem van waardes en norme en leer. Die ervaring van die katkisant word net gebruik as motiveringsmetode om by die stof uit te kom (Dingemans 1986:239). Vir die huidige studie is dit nodig om hierop uit te brei. Die feit dat sosialisering gesien word as die internalisering van 'n bestaande sisteem van waardes en norme, verskraal vir my die hele proses van sosialisering in terme van die geloofsontwikkeling by die finalejaarkatkisant.

Sosialisering is wyer as die siening van Dingemans (1986:239), dit bestaan uit kontak met die sosiale omgewing. Vygotsky (1977:313) beskryf vanuit die behaviouristiese model, dat die sosialiseringsproses die wisselwerking tussen taal en aksie is. Deelname op sosiale vlak het te make met die interaksie tussen die deelnemers terwyl hulle gesamentlik aan die leeraktiwiteit deelneem (Hermans 2003:275).

Deelname beskryf ook die interaksie met die stof (inhoudelike) en simbole (taalbegrippe, houdings, waardes en norme) binne ‘n sosiale opset (Hermans 2003:276).

Die taal dra verder by tot die omskrywing van begrippe. Die begrippe beïnvloed voorkeure van optrede deur die katkisant. Sodoende kry ons by katkisante dat hulle sekere begrippe rondom God, die kerk en gelowig wees, huldig, wat bydra dat daar sekere voorkeure van optrede by die katkisante bestaan.

Volgens Demtre (1995a:313), beskou Vygotsky sosialisering verder as die potensiaal tot verandering. Sosialisering neem ook voorkennis in ag. Daar word nooit gewerk vanaf ‘n blanko vertrekpunt nie, want gedrag word verryk deur ‘n geloofsopvatting waaroor ‘n katkisant reeds beskik (Putman 1998:195). As deel van die sosialisering moet daar ook deeglik kennis geneem word van die reeds verworwe opvattings. Die dinamiek van die sosialiseringsprosesse veroorsaak ook verandering aan die afleidings wat gemaak word uit die voorkennis en moet daar ruimte wees dat die opvattings, wat reeds bestaan, deur jongmense krities geëvalueer kan word.

Modelering, as sosiale aksie, is volgens Vygotsky ( Demtre 1995a:311) ‘n baie belangrike aspek van leer. Dit speel ‘n groot rol by sosialisering. Met modelering kom ‘n jongmens in kontak met meer en moeiliker menslike modelle, as voorbeelde van geloof in aksie, wat bokant die huidige begrip van die ontwikkelende (wordende) jongmens is, maar hierdie kontak dra by tot die verfyning van huidige tegnieke en dien as bloudrukke vir aksies in die toekoms (Demtre 1995a:311). Die voorbeelde van bepaalde gedrag dra uiteindelik by tot die geloofsontwikkeling van die katkisant, omdat modelle, deur evaluering en gesprek, of aanvaar of teëgestaan word. Ouers en ander belangrike persone in ‘n jongmens se lewe kan as modelle dien vir geloof en geloofsvaardighede.

Vanuit die narratief (Müller 1996:20) waar konteks van verhale ook sosialiseringsverhale is, sou dit die hele proses verskraal deur dit te beperk tot net een bestaande sisteem van waardes en norme. Dikwels word katkisante blootgestel aan ander sisteme. Die netwerk (Müller 1996:21) van persoonlike stories, asook die van betekenisvolle gemeenskappe, waarbinne die jongmense beweeg, dra by tot die sosiale

konteks vir geloofsontwikkeling. Daar word meer breedvoerig hieroor in Hoofstuk 7 waar die lewenslyn bespreek word, bespreking gevoer.

### 4.8.2 Ervaringskategese

Dingemans (1986:240) se ervaringskategese handel oor die verdieping van katkisante se eie, religieuse ervaring. Die doel van hierdie kategetiese les sal wees dat die katkisant met die aanvang van die gesprek, eers sy eie ervaring sal deel ten opsigte van die lesonderwerp. Dingemans (1986:240) se ervaringskategese is nog te skraal in omvang en behoort verbreed en verdiep te word met behulp van die ervaring van ander, byvoorbeeld, Bybelfigure, wat dikwels as voorbeeld gegee word.

Indien daar op ‘n katkisant se eie, religieuse ervaring gefokus word, behoort die vorming van ervaring verstaan te word. Vygotsky (1977:14) praat van die vorming van ervaring as bemiddeling. Met ander woorde, die bemiddelingsproses van ‘n persoon om ‘n taak afgehandel te kry. Dit beteken dat die sosiokulturele konteks die basis verskaf waaruit geken en geweet word. Hermans (2003:277) se afleiding is dat weet en leer domein gebonde is. Dit beteken dat die wyse waarop geleer gaan word, is gebonde aan die vaardighede van die leerder. Wat geleer word, word weer beïnvloed deur wat op daardie tydstip beskikbaar is om te leer. Weet en leer is ook gebonde aan die gereedskap (tools) waaroor die leerder beskik, byvoorbeeld, die vaardigheid van die leerder met die gereedskap en hoe vertroud die leerder daarmee is. Die kultuur verskaf hierdie gereedskap tot leer. Hierdie vaardighede word nie passief ontvang nie, want daar bestaan ‘n wedersydse wisselwerking tussen gereedskap en leerder. Die gereedskap wat gebruik word, transformeer die hanteerder van die gereedskap. Daar is gelyktydig ‘n transformerende invloed vanaf die hanteerder na die kulturele gereedskap. Hierdie bemiddeling hou verband met die persoon se eie ervaring en ontwikkeling, asook die gereedskap tot beskikking van die jongmens.

Die uitdaging sou wees om nie ‘n wyse van bemiddeling aan ‘n jong katkisant voor te stel nie, maar ruimte te laat vir ‘n eie bemiddelingsproses om te ontwikkel. Uiteindelik behoort die ervaringsvorming, wat uit bemiddelingsvaardighede aangeleer en bemeester word, te lei tot ‘n praktiese geloofsuitlewing.

### 4.8.3 Interaktiewe kategese

Die doelstelling van Dingemans (1986:241) kom met hierdie metode van kategese meer tot sy reg, daarin dat katkisante op ‘n eie, unieke wyse geloof vir hulle laat sin maak. Die doel is om mense in kontak te bring met die evangelie, met Christus, met die kerk en samelewing. Interaksie en deelname is makliker met hierdie interaktiewe manier van kategese. Katkisante moet self aan die woord kom. Hulle moet in kontak kom met die Bybel, die tradisie en die geloofsgemeenskap. Die kategeet behoort stap vir stap saam met die leerlinge die leerstof en die leerproses uit te klaar. Hierdie metode bied ‘n aanknopingspunt vir my studie daarin dat dit deelname belig. Die deelnemende jongmense se ervaring van God in hulle lewens vorm deel van die konteks van waaruit die konstruering van ‘n geloofsbelydenis bespreek word. Deelnemers ontdek dat eie geloofsoortuigings gevorm was deur preke, ouers, vriende en ander belangrike volwassenes in hulle lewe. Vanuit hierdie kulturele agtergrond het die katkisant ‘n eie beeld van God gevorm. Die bevrydende gedagte, dat hierdie gevormde godsbeeld kan ontwikkel, groei en verander, het ook by hulle posgevat. Die waarde van interaktiewe kategese word verder in hierdie studie belig deur die deelnemers as gelyke gespreksgenote te sien.

## 4.9 SLOT

Met die skuif van die leer na die leersituasie (Pieterse 1993:10), is die fokus op die wat leer (katkisant en die se konteks) en nie wat (inhoudelike) geleer word nie, ‘n belangrike uitgangspunt in my studie. Dit beteken dat die ontwikkeling nooit los gesien kan word van die sosiale omgewing van elke katkisant nie. Die bemeestering van die kulturele konteks is die uitkoms van die ontwikkeling wat plaasvind. Binne die sosiaal-kulturele omgewing is jongmense besig om te leer hoe om die omgewing te hanteer deur middel van hulpmiddels wat hulle identifiseer.

Die begeleiding om ‘n eie, eerlike/outentieke geloofsbelydenis te ontwikkel wat nie bloot ‘n bevestiging van ‘n voorgeskrewe belydenis is nie, vra na ‘n sekere soort begeleiding wat ek as pastorale begeleiding definieer. Die pastorale begeleiding fokus op deelname wat meebring dat die kategese gesitueer word binne lewenstories van jongmense, sodat dit tegelykertyd die geloofstorie van die geloofsgemeenskap sowel as 'n eie lewenstorie insluit. In hierdie kontak tussen die kerk en die samelewing word

geloofsgemeenskaplike taal geskep waarmee jongmense sin aan die lewe kan gee. Die sin word gekonstrueer van verwagtinge wat voortspruit vanuit die spirituele ‘quest’ van elke jongmens, asook die spontane uitdrukking van die Christelike geloof binne verhoudinge, waar gelowige jongmense antwoorde in godsdienstige pragmatisme soek. Hieruit word gesamentlik aan temas gekonstrueer waarmee geleef kan word. So word God beleef as ‘n lewende God in die harte en hande van mense. Hierdie lewende God kan dus in hulle alledaagse lewe ingeskryf word as deel van hulle lewensverhaal.

Vir die bogenoemde om te kan plaasvind is ‘n sekere soort ruimte nodig waarbinne die geloofsontwikkeling kan plaasvind. Hierdie ruimte word gevul, aan die eenkant, met ‘n begeleidende funksie vanaf die kategeet, en aan die ander kant vind daar ‘n deelnemende wisselwerking plaas ten einde die katkisant te begelei om ‘n geloofsbelydenis te ontwikkel. Die woord van God kom met beloftes na die mens en word deur die mens as voltrekking beleef binne die gebeure van ‘n ontmoeting.

Hierdie ontmoeting vind plaas binne die pastorale begeleiding. Met die ontmoeting tussen die katkisant (met ‘n eie ervaring, agtergrond en persoonlikheid), en die Here (soos Hy gestalte kry in die Bybel, die geloofstradisie en hoe die plaaslike gemeente daaraan vorm gee), ontwikkel ‘n posisiebepaling by die katkisante. In die aanbieding van die stof en in die organisasie van die leerproses en in die begeleiding van katkisante gaan dit oor die optimale vrye deelname van die katkisant. Dan kan ‘n katkisant by ‘n selfontdekking in ‘n verhouding met God uitkom. Binne die kultuur en ontwikkeling van ‘n religieuse self is die individu 'n deelnemer in sosiokulturele praktyke (Hermans 2003:270). Dit beteken dat die ontwikkeling nooit los gesien kan word van die sosiale omgewing van elke katkisant nie. Die bemeestering van die kulturele konteks is die uitkoms van die ontwikkeling wat plaasvind.

In aansluiting met bogenoemde word daar in die volgende hoofstuk veral aandag aan die lewenstorie van katkisante gegee. Hoe die kategese verder verryk kan word en die kategetiese proses aangepas kan word vir die lewenstories van jongmense.

## HOOFSTUK 5

## GELOOFSONTWIKKELING GESITUEERD BINNE DIE LEWENSTORIES VAN JONGMENSE

### 5.1 INLEIDING

Die kerk het die taak en verantwoordelikheid om jongmense te begelei op hulle geloofspad. Jongmense se verhale en kennis vorm boustene van die finalejaarskategese. Die deelnemende jongmense se ervaring van God in hulle lewens vorm deel van die konteks van waaruit die konstruering van 'n geloofsbelydenis bespreek word. Die huidige hoofstuk stel 'n benadering voor, om vanuit die lewenstorie van jongmense, 'n persoonlike geloofsbelydenis, oor 'n verhouding met Jesus Christus, te ontwikkel. Dit gee 'n agtergrond tot die proses wat gevolg was met die kategese, waarvan die praktyk in Hoofstuk 6 bespreek word. Die definisie van Hermans (2003:209) wat religie definieer as 'n praktyk waar die beoefening van godsdiens 'n sosiale konstruk is, wat gekontamineer is met kulturele- en sosiale opvattings, bring die tema van lewenstories na vore. Hierdie stelling ondersteun die doel van hierdie hoofstuk daarin dat dit die kulturele en sosiale opvattings in ag neem deur op die lewenstorie van jongmense te fokus. Sodoende word by jongmense, in die kategese, aangesluit by hulle eie lewensverhale. Die aansluiting kan gesien word as 'n dialogiese aansluiting, waar die lewenstorie met ander stories in gesprek tree soos onder andere die kerk en ander gespreksgenote. Die effek van die dialoog op die lewenstorie van die katkisante word ook aangetoon.

Die fokus van die hoofstuk is geloofsontwikkeling gesitueer binne die lewenstorie van jongmense. Die kernvraagstuk van die hoofstuk is dus: 'Hoe kan die lewenstorie van jongmense benut word binne die kategese in die konstruering van 'n geloofsbelydenis?'. Lewenstorie as begrip word onder 5.4 bespreek. Die lewenstorie van jongmense kan benut word, want dit maak gebruik van metafore. Metafore bied aan die kategeseproses toegang tot die lewenstories van die katkisante en maak sieninge oor God toeganklik in die gesprekke daaroor en terselfdertyd oorbrug dit grense tussen die jongmense, gemeentelede en die tradisie van die kerk.

Die term geloofsoortuiging is ‘n baie algemene gebruik in geloofsopvattings (sien Hoofstuk 7). Vir die doel van hierdie studie word geloofsoortuigings met metafore in verband gebring om aan te dui dat geloofsoortuigings ook kan ontwikkel en verander. Hierdie uitgangspunt dat geloofsoortuigings kan verander, bied ‘n gemeenskaplike basis vir die interaksie tussen jongmense se geloofsoortuigings en die kerklike geloofsoortuigings. Aan die kerk se rol word aandag gegee onder die punt van geloofsoortuigings van die kerk (sien Hoofstuk 8). Tielemann (1993), soos reeds aangedui (sien 1.2; 3.7.1), is van mening dat die samelewing die kerk uitnooi om deel te neem aan die skep van geloofstaal. Die wyse waarop daar begin word in die skep van nuwe geloofstaal is deur dubbele luister, ‘n begrip wat Leonard Sweet (2000:xvi) gebruik. Wanneer geloofsoortuigings as geloof in taal bymekaar gebring word tydens die kategese, ontstaan gesprekke. Die volgende elemente word in die gesprek onderskei (sien 5.8) naamlik: (i) Kernwaarhede en periferiese; (ii) luister; (iii) deelnemende dialoog wat plaasvind; (iv) rituele word saam gekonstrueer; (v) die leer vind wederkerig plaas; (vi) ook die kerk se rol word beskryf in die gesprek, (vii) die hermeneutiese kenmerke van die gesprek sluit die kenmerke af. Die samevatting vorm die slot van die hoofstuk (sien 5.9).

'n Belangrike opmerking, om die leser te oriënteer ten opsigte van die hoofstuk is dat in die hoofstuk tree die stemme van die katkisante op as bron. Dit word kursief gedruk om dit te onderskei as komende van die katkisante. Vervolgens word aan die belangrikheid van metafore aandag gegee as 'n oriëntering tot die res van die hoofstuk waar die tema sterk beredeneer gaan word.

## 5.2 METAFORE

Die skuif vir die kategese was vanuit die konfessionele na 'n deelnemende karakter. In hierdie skuif het metafore 'n beduidende rol gespeel. Hierdie bespreking van metafore vorm 'n oriëntering ten opsigte van metafore vir die res van die hoofstuk waar die metafore se gebruike verder bespreek word.  Metafore bied 'n wyse waarop daar deelnemend te werk gegaan is binne die kategese met die lewenstories van jongmense ten einde by geloofsontwikkeling uit te kom. Louw (1993:180) noem die volgende vier kwaliteite in geloofsontwikkeling: soteriologiese, etiese, eskatologiese en koinoniale kwaliteite. Die soteriologiese handhaaf 'n sekere mening of standpunt oor Christus. Die

etiese bepaal my optrede, wat die rol van gawes en die Heilige Gees belig, wat saamkom om aan 'n voornemende gedrag gestalte te help gee. Die eskatologiese het te doen met die hoop wat daar in die harte van jongmense leef, wat deur die Bybel en die denke oor God gevestig word. Hierdie hoop dra by om sin aan die lewe te gee. Die koinonia is die ondersteuning wat jongmense beleef binne die gemeente.

In die ontwikkeling van bogenoemde kenmerke speel metafore 'n bepalende rol. Putman (1998) wys op verskeie kenmerke van metafore wat dit geskik maak vir gebruik in hierdie studie.

(i) Metafore bring nie net die bekende en onbekende bymekaar nie, maar stel ook verskillende tale in staat om deel te neem aan 'n gesprek (Putman 1998:76). Dit beïnvloed die soteriologiese menings en standpuntvorming van die deelnemende katkisante. Hierdie saak word ook verder bespreek onder die gebruik van metafore binne die lewenstories van deelnemende katkisante (sien 5.4.1).

(ii) Metafore moet ook aan verandering onderwerp kan word. Dit bring ons by die belangrikheid van konstruksie en dekonstruksie van die metafoor (Putman 1998:80) (sien 5.5.3).

(iii) Juis die onkonvensionele en verrassende karakter van die metafoor roep die wat daarna luister op tot refleksie (Putman 1998:76). Binne die koinoniale verband speel hierdie wisselwerking ‘n belangrike rol soos later ook aangedui word met die bespreking van die kerk se rol (sien 5.7).

(iv) Metafore bring ‘n eie verhaal (biografie) op 'n betekenisvolle manier met die verhaal van God in gesprek (Putman 1998:79). Hierdie gesprek bring hoop in die deelnemende katkisant se lewe.

(v) God word toeganklik vir die sintuie en ervaringsveld (Putman 1998:78) deur middel van metafore, en sodoende word God nie beperk nie.

Putman (1998:77) is daarvan oortuig dat die mens kognitief, metafories georiënteerd is. Juis deur die gebruik van metafore, kry jongmense kans om self aan die woord te kom. Metafore kry werklik betekenis indien 'n persoon sy eie hoop, wanhoop, onmag, verlange en verdriet kan verbind met 'n beeld van God wat in metafore uitgedruk kan word (Putman 1998:78). Putman gebruik die term *godsbeeld* om die metafore aan te toon wat deur die studente in sy studie gebruik word om God in hulle lewe in te skryf.

Om verwarring te voorkom met die gebruik van metafore en godsbeelde, maak ek van die term *godsmetafore* gebruik om die metafore aan te dui wat gebruik word om God binne ‘n verhouding getaal te kry.

Die goue draad van my navorsing is: Die uniekheid van die tiener-individu se ontwikkeling in geloofsverstaan en geloofshandeling en hierdie hoofstuk belig die rol van die lewenstorie en die gebruik van metafore daarin. Die volgende afdeling bespreek die uitreik deur die kerk na die jongmense.

## 5.3 DIE UITREIK NA JONGMENSE

Codrington (1998) verdeel die mensdom in generasies as ‘n manier om optrede te verklaar en te voorspel. Die generasie X- jongmens, die indeling vir die huidige jongmense van 15-25 jaar, kan, volgens hom, as ‘n generasie van chaos bestempel word. Hulle kom uit gebroke huise, beleef moord, selfmoord, dwelmmisbruik, rooftogte, verkragtings en word gewelddadig aangeval (Dockery 1995:13). Volwassenes om na hierdie geslag uit te ryk, het die taak om nuwe maniere van betrokke wees by jongmense te ontwikkel. 'n Benadering wat na jongmense uitreik, sodat jongmense beleef dat die kerk lewe gee. So ‘n benadering noem Sweet (2000:28) ‘epic’. Hy bespreek dit as 'n wyse hoe die kerk by jongmense betrokke kan wees (Experiental; Participatory; Image driven; Connected). Met die ‘experiental’ behoort daar 'n deelnemende ervaring te ontstaan waar beelde gebruik word en aan jongmense geleentheid gegee word om in te skakel by die kerk. Hierdie ervaring, wat beleef word, moet mense transformeer (Sweet 2000:36) van skeptiese, chaotiese, wantrouige mense na mense wat deur hulle belewenis van God en die geloofsgemeenskap, ‘n vredevolle toeganklike God beleef. Om dit te bewerkstellig, vra ‘n metode om met die jongmens om te gaan.

Vroeër was daar vanuit die tradisie verklarings gesoek om vir die huidige voorskrifte te stel oor hoe die vertolking van die konteks moet wees (Sweet 1999:23). Tot dusver was hierdie benadering nie geslaag nie. Met die huidige uitdaging van 75% jongmense wat die Ned Geref Kerk verlaat vir ander kerke, moet daar minder aan die tradisionele verklarings aandag gegee word en meer aan die huidige wêreld waarin die jongmense lewe. Terugkyk is nie die antwoord nie, ‘n alternatief is om vorentoe te kyk. Sweet

(1999:23) is van mening dat die terugkyk na die tradisie vir verklarings nie die antwoord is vir die kerk van die toekoms nie. Sweet (1999:23) vergelyk dit met die duif van Noag se ark, wat vir die kerk die toekoms in vlieg en bewyse kom gee van wat kan werk en wat nie. Die paradigma van terugkyk na die tradisie vir verklarings van die huidige, en daaruit voorspellings vir die toekoms te maak, is volgens Sweet (1999:23) nie meer toepaslik nie. Hy bepleit 'n benadering van 'futuring' (nie toekomsvoorspelling nie). Hierdie benadering vra van die kerk om uit te gaan, die horisonne te gaan bepaal, alternatiewe scenarios te ondersoek, die beelde van die toekoms te bestudeer en dan nuwe opsies te genereer en ander moontlikhede te beding. Dit beteken om vanuit die hede, toekomstige potensiaal en beloftes voor te berei (Sweet 1999:25). Hierdie studie wil vorentoe kyk en met voorstelle die toekoms van die kerk verryk, met 'n benadering van deelnemende pastorale kategese, waar daar gekonsentreer word op die katkisant en die se unieke geloofsontwikkeling. Met die oog op 'futuring' sou die volgende vrae aan die deelnemende katkisante gevra kan word: 'Wat wil jy **wees** wat jy nog nie is nie?' en 'Wat wil jy **glo** wat jy nog nie glo nie?' en 'Wat wil jy **weet** wat jy nog nie ontdek het nie?' Met die vorentoe kyk, val die fokus op die toekoms van jongmense en wat hulle daarin sien, nie op wat veronderstel word hulle toekoms behoort te wees nie.

'n Geleentheid tot 'n lewe in volheid is vir elke katkisant beskikbaar. Daarvoor benodig die kerk mense met die gawe van heling, vredemakers, storievertellers en mense wat inligting kan deel met ander (Sweet 2000:42). Die postmoderne mens leef in 'n interaktiewe, interafhanklike etos, waar elkeen, terselfdertyd, 'n deelnemer en toeskouer is (Sweet 2000:54). Elke jongmens behoort geleentheid te hê om die geloofswaarhede wat relevant is vir sy of haar eie lewe, uit te klaar met die kategeet en mede-katkisant. Hierdie bostaande bespreking wys hoe belangrik dit is om by die lewenstorie van jongmense uit te kom in die ontwikkeling van hulle geloof.

## 5.4 DIE BELANGRIKHEID VAN JONGMENSE SE LEWENSTORIE

Vir die vraag van hierdie hoofstuk, oor hoe geloof ontwikkel word binne die lewenstories van jongmense, is dit belangrik om kortliks te omskrywe wat, binne die studie, verstaan word onder die begrip lewenstorie. Ek bespreek kortliks enkele gesigspunte:

Vanuit die terapeutiese definisie van Morgan (2000:5) word ‘n storie gesien as bestaande uit gebeure wat opeenvolgend plaasvind oor verloop van ‘n tydperk na aanleiding van 'n sekere, belangrike gebeurtenis:

> ‘As humans, we are interpreting beings. We all have daily experiences of events that we seek to make meaningful. The stories we have about our lives are created through linking certain events together in a particular sequence across a time period, and finding a way of explaining or making sense of them. This meaning forms the plot of the story. We give meanings to our experiences constantly as we live our lives. A narrative is like a thread that weaves the events together, forming a story’.
>
> (Morgan 2000:5)

White (White & Epston 1990:79) beskryf stories as die weergawe van ervarings wat in stories verwoord word. Hierdie stories beïnvloed weer die lewe en verhoudings van die persoon. Stroup (1981:79) noem storie ‘n narratiewe verslag wat gebeurtenisse en keuses saambind tot 'n verstaanbare patroon. Müller (1996:21) sien storie as ‘n netwerk stories waarmee ons sin maak in ons bestaan. Die storie het ook 'n herkenbare struktuur, naamlik ‘n inleiding, middel en 'n slot (Brueggemann 1993:325).

Lewenstories in die konteks van die hoofstuk het te make met die katkisant wat as outeur ‘n lewe leef in verhouding met ander. Die katkisant se lewe bestaan uit opeenvolgende gebeurtenisse waaruit die katkisant keuses maak, of die gebeurtenis deel sal uitmaak van die netwerk eie stories. Hierdie netwerk eie stories beïnvloed keuses en optredes. Daar is nie net een storie nie, maar ‘n veelvoud stories wat tegelykertyd vra om aandag. Stories is nie net ‘n verslag nie, maar ook 'n verklaring, want dit bring die stories van mense ook voor die onverklaarbare wat verklaar moet word - wat die woord ‘God’ na vore laat kom (Müller 1996:21).

Tesame met die lewenstories van jongmense het die kategese ook ‘n eie storie (Osmer 1996:29). Die kategese se storie het oor verloop van tyd ontstaan en beïnvloed die prosesse binne die kategese. Harris (1998:45), belig ‘n verdere aspek, naamlik die konteks waarbinne die kategese afspeel. Sy beskou die kern van die kategese as die

narratief/storie in Handelinge 2:22-24,32 waar Petrus die skare toespreek oor Jesus van Nasaret (sien 3.7.2). Hierdie verhaal word egter volgens haar ook beïnvloed deur die konteks waarbinne die kategese geskied. Dit versterk my argument dat die kategese nie losstaan van die lewensverhale van die katkisante in die kategese nie, maar beïnvloed word deur die lewenstories van deelnemende katkisante. Die beïnvloeding van die kategese deur die lewenstories van die deelnemende katkisante het ook ‘n teenkant, naamlik ‘n invloed van die kategese op die lewenstories van die deelnemende katkisante. Ons kan praat van wedersydse beïnvloeding op mekaar.

Die kategese as ‘n verhaal, vra as gebeurtenis wat plaasvind, van die katkisant ‘n keuse, naamlik: ‘maak dit deel van jou eie netwerk stories’. Hierdie keuse wat die katkisant uitoefen om die kategese gebeurtenis deel te maak van die eie netwerk stories, het tot gevolg dat eie keuses en optredes weer deur hierdie keuse vir die kategese beïnvloed word.

Soos reeds genoem, is kategese ‘n storie opsigself, wat as gebeurtenis van die katkisant 'n keuse vra om dit deel te maak van die netwerk eie stories en wat dan ook weer keuses en optredes beïnvloed. Die verhaal bly nie dieselfde nie, want die konteks help dit herskryf. Die konteks word bepaal deur die veranderlikes in die kategetieseruimte. Kategese is dus konteks-sensitief. Die lewensverhale van jongmense in die kategese maak deel uit van die konteks. Daarom help lewenstories medebepaal aan die inhoudelike van die kategese.

### 5.4.1 Die lewenstorie van jongmense tree in wisselwerking met die konteks, op soek na metafore vir geloof in God

‘n Storie as 'n beskrywing en verklaring vir waarom dinge is soos dit is, vorm deel van ‘n eie netwerk stories wat sin aan ons bestaan verskaf. Hierdie netwerk stories bestaan uit eie, persoonlike stories, sowel as die van betekenisvolle gemeenskappe waarin ons lewe. Hierdie stories is ‘n narratiewe verslag wat gebeurtenisse en mense (Müller 1996:21), binne die konteks van elke jongmens, saambind tot ‘n verstaanbare patroon. Lewenstories is konteksgebonde en kan daarom nie sonder elke katkisant se konteks verstaan word nie.

Die dialoog met die kulturele konteks waarbinne elke storie gebed is, het deur gesprekke met verskeie rolspelers plaasgevind. Vir die Ned Geref Kerk-jongmens bestaan dit uit die aanhoor van gesprekke oor God, hetsy by die ouerhuis, deur preke, kategese of veral deur te gesels met maats. Die interaksie wat die dialoog hierbo beskryf, geskied deur taal. Gerkin (1991:99) noem dit die narratief-hermeneutiese. Die fokus is op die storie van jongmense met God, hoe die storie ervaar word en op watter wyse die persoon die storie vertel**.** Hoofstuk 6, waar die proses bespreek word, brei hieroor uit deur te verwys na 5 persone wat genader moes word met die vraag: ‘Wat beteken God vir jou?’ Vanuit hierdie gesprekke bou jongmense ‘n eie godsmetafoor op en werk jongmense met eie metafore oor God (Putman 1998:195). Vanweë die keuses wat katkisante maak ten opsigte van die verskeidenheid gebeurtenisse om hulle lewenstories op te maak, vind dieselfde keuseproses plaas met metafore. ‘n Paar voorbeelde word volgende bespreek:

(i) Lewenstories beïnvloed die keuse tot metafore en metafore beïnvloed weer die keuses van gebeurtenisse tot die netwerk van eie stories. Tydens ‘n onderhoud het 'n katkisant haar keuse vir ‘n metafoor vir God as Vader soos volg uitgedruk: (Deurgaans word daar van die katkisante se taal gebruik gemaak en wil ek hulle repekteer daarom word dit net so weergegee sonder taalkundige veranderings.)

*‘...die Here my kan oortuig om te sê ek is lief vir Hom.*
*Dat Hy soos my pa is ....’.* (R)

Hierdie opmerking verwoord ‘n sekere godsmetafoor ‘*pa’*. Die metafoor van oortuiger en ook werker met mense, was gebruik om God te storie in haar lewe. Die gebruik van die metafoor ‘*pa’* hou ‘n emosionele betekenis vir haar in. Hierdie emosionele betekenis maak God in haar lewe sinvol.

(ii) Metafore bring ‘n eie verhaal (biografie) op 'n betekenisvolle manier met die verhaal van God in gesprek (Putman 1998:79). Hierdie gesprek bring hoop in die deelnemende katkisant se lewe.

*Ek ervaar nou dat God elke oomblik van die dag langs my is. Alles wat ek doen, doen ek tot eer van Hom. Hy is soos my boyfriend. Alles wat ek doen, doen ek vir Hom. Ek het niemand anders nodig as die Here naby my is nie.* (R)

Juis die onkonvensionele en verrassende karakter van die metafoor, roep die wat daarna luister op tot refleksie (Putman 1998:76). Die metafoor wat sy hier gebruik, maak God toeganklik vir haar en ‘n werklikheid vanweë keuse vir die metafoor en die verduideliking wat sy daarby plaas. God word toeganklik vir die sintuie en ervaringsveld (Putman 1998:78) deur middel van metafore, en sodoende word God nie beperk nie. Sy het niemand anders nodig as die Here naby is nie.

(iii) Metafore bring nie net die bekende en onbekende bymekaar nie, maar stel ook verskillende tale in staat om deel te neem aan 'n gesprek (Putman 1998:76). Uit die belydenis van ‘n katkisant die volgende:

*Die Heilige Gees is ‘n lifejacket om my te help om bo te bly as ek sukkel.* (PK)

Geen van die bogenoemde metafore is ooit volledig, helder en duidelik nie. ‘n Verdere eienskap van metafore is dit is meestal gefragmenteeerd. Dit kan nooit volledig beskryf watter impak God op iemand se lewe het nie. Dit probeer dit ook nie doen nie. Hierdie gefragmenteerde gedeeltes word gebruik om kennis en persepsies en die manier waarop dinge beleef word te organiseer. Dit kan beide feite, waardes en norme wees wat gebruik word om ‘n geheelbeeld van dinge op te bou (Gerkin 1997:19). Hierdie opbou van ‘n geheelbeeld uit die gebruik van metafore, het plaasgevind in besprekings wat tydens die byeenkomste plaasgevind het.

(iv) Tydens ‘n onderhoud is die volgende deur een van die katkisante opgemerk:

*Want vir 11 jaar het ek gevoel hoekom het God dit nie vir my beter gemaak nie. Toe sê my tannie vir my daar is ‘n*

*God, Hy beantwoord net nie altyd dadelik jou gebede nie.*
*Hy wil hê jy moet iets leer voordat Hy dit verander*. (P)

Hier het ons te doen met ‘n storie oor God wat die jongmens moedeloos en hooploos gelaat het. Hierdie storie is op soek na ‘n metafoor wat God toeganklik vir haar kan maak. Dit was ‘n storie van die katkisant, gekonstrueer vanuit sekere ervarings in haar lewe. Die beeld verwoord haar keuse vir God as ‘n onregverdige God. Hierdie beeld van God word egter verryk met ‘n ander beeld wat uit ‘n ander konteks (tannie) kom, en lei tot die konstruering van ‘n nuwe beeld.

Uit hierdie voorbeeld kan die volgende **proses** onderskei word: lewenstorie + ervaring = metafoor oor God. Hierdie metafoor word gebruik in die kulturele, sosiale omgewing en konfrontasie vind plaas tussen metafore (dogter, tannie). Die tannie, duidelik ‘n beduidende rolspeler in die dogter se lewe, skep ‘n nuwe metafoor as alternatief vir die dogter se verhaal. Die dogter maak ‘n keuse om ‘n alternatiewe metafoor deel van haar netwerk stories te maak en ‘n nuwe metafoor word daardeur gekonstrueer. ‘n God wat my wil leer. Hierdie is ‘n voorbeeld van ko-konstruksie waar die kultuur en konteks deel vorm van nuwe, geformuleerde geloofsuitinge.

(v) Uit die geloofsbelydenis van ‘n katkisant kom die volgende:

*Ek bely heeleerstens dat God soos ‘n anker is in my lewe,*
*dus kan ek my ten volle oopmaak voor hom.* (SP)

Hierdie gekose metafoor word dan vir die persoon ‘n siening van die hele lewensituasie, soos hierbo na verwys, wat dan gebruik word as sleutel om die onderwerp onder bespreking, geloof in God in die geval, te verstaan (Gerkin 1997:19).

Sosiale konstruksie dra by tot verbreding en verryking van die gefragmenteerde siening van ‘n saak by elke jongmens. Hierdie siening wat as ‘n belangrike siening deur ‘n jongmens aanvaar word, word as

sleutel gebruik om ‘n klomp ander sake binne 'n sekere perspektief te plaas soos in die voorbeeld hieronder genoem word. Sodoende word die konteks ‘n belangrike bron vir metafore om geloof in God te verwoord.

(vi) ‘n Verdere bewys van die wisselwerking met die konteks op soek na metafore vind ons in die volgende aanhaling:

*As God nie daar was nie, sou die negatiewe ervarings baie meer negatief gewees het en sou die dood van my ouma nie ‘n positiewe ervaring gewees het nie.* (M)

Hier was die rol wat ‘n leraar en ouers gespeel het in die vind en gebruik van ‘n godsmetafoor baie bepalend. Haar lewenstorie was beïnvloed deur haar verhouding met die mense om haar. Belangrike mense in haar lewe gee alternatiewe metafore aan haar deur. Die metafore word deur die dogter verruim, en vanweë haar goeie verhouding met haar ouers en die betrokke leraar, word die dood van haar ouma as ‘n positiewe ervaring beleef.

(vii) Uit die belydenis van ‘n katkisant:

*Die hemelse Vader sal my nooit verstoot nie, hy is soos my enigste Pappie wat ek weet altyd daar sal wees vir my en my hand sal vashou.*

Die lewenstorie as deel van die groter konteks bewerk verandering en vernuwing deur sosiale konstruksie. Deur hierdie konstruksieproses word die lewenstorie verruim en word bestaande metafore met nuwes vergelyk en gemeet en verruim. Dit vind daagliks plaas as deel van ons bestaan. Die geloofstorie as deel van die groter lewensstorie vorm deel van ‘n groter kulturele konteks.

Die blootstelling aan metafore bring elkeen voor keuses ten opsigte van die metafore. Die wyse waarop daar vir sekere metafore gekies word, noem Dockery (1995:12) ‘assessering’. Voortdurende assessering van die wêreld vra 'n kontekstuele eksaminering. Dit beteken die konteks word voortdurend krities geëvalueer en beoordeel ten opsigte van geskikte metafore. Ons is deel van die konteks wat meebring

dat elke evaluering ‘n direkte invloed het op my lewenstorie en my lewenstorie weer invloed het op die soort evaluering wat gemaak word.

Soos hierbo bespreek, tree die lewenstorie van jongmense in wisselwerking met die konteks. Hierdie wisselwerking bring blootstelling aan verskeie metafore. Die keuse tot spesifieke metafore beïnvloed die lewenstorie van jongmense en netso beïnvloed die lewenstorie weer die keuse vir spesifieke metafore. Hierdie keuse beïnvloed die geloofstorie as deel van die lewenstorie en daardeur beïnvloed dit ook die godsmetafoor wat opgebou word binne die geloofstorie van jongmense.

Postmoderne denke wil wegbeweeg van veralgemeende, dominante verhale (grand narratives). Moderne denke weer, wil veralgemeen en is daartoe geneig om mense en gebeurtenisse binne algemene rame te plaas. In die proses word daar dikwels van uitsonderings vergeet. Daarom is die uitgangspunt dat iets van die eie menswees ingedra word in die bogenoemde eksaminering. Postmoderne denke vra epistemologies: ‘Hoe weet ek wat ek weet?’ ‘Hoe het ek tot 'n sekere insig gekom?’ Die wisselwerking van metafore bied ons ‘n manier om daarop te antwoord deurdat dit ons sieninge oor die konteks waarin ons leef en die keuses wat ons uitoefen, beïnvloed. Metafoorkeuses berus op ervarings en dit word vervolgens bespreek.

### 5.4.2 Ervarings as betroubare bron in die vind van metafore

Die lewenstories van jongmense is ‘n baie persoonlike ervaring wat deur denkprosesse in ‘n storievorm gegiet is. Hierdie persoonlike ervarings sluit ook ervarings met God in. Hierdie ervarings met God binne die lewenstorie van die mens kan ook as openbaring van God aan die individu gesien word. Daar ontstaan godsmetafore waarmee elke jongmens werk as spesifiek deel van die storie met God. Openbaring van God binne die lewenstorie van jongmense lê in ervaring, as openbaring. Sweet (2000:14), in sy bespreking van die uitdagings vir die kerk om jongmense te bereik, skryf dat hierdie ervarings baie persoonlik is. Sweet (2000:14) lei af dat hoe persoonliker die openbaring is wat jongmense ervaar, hoe aktiewer die deelname van jongmense aan ‘n geloofspraktyk. Indien ervaring so belangrik is, wat is die verhouding tussen openbaring en ervaring?

‘Is openbaring net informasie of net ervaring?’ (Richards 1970:115). Richards (1970:115) antwoord hierop dat openbaring op informasie alleen berus en bespreek verder ook die ‘nuwe ortodoksie’, soos hy die klem op ervaring noem, as ervaringgedrewe openbaring. Volgens Richards (1970:116) poog die nuwe ortodoksie om vir die vraag, waarom die kategese nie getransformeerde, toegewyde Christus gesentreerde lewens tot gevolg het nie, te antwoord deur 'n bydrae te maak oor wat openbaring beteken en hoe God hom openbaar. Openbaring is volgens die nuwe ortodoksie waar God, as Persoon, homself openbaar aan 'n mens en die mens deur subjektiewe gewaarwording nou persoonlik met God te doen het (Richards 1970:21). Die subjektiewe ervaring is die hele openbaring. Sonder kommunikasie of informasie word God ervaar. Die klem val op die ervaring. Richards (1970:22) maak 'n definitiewe onderskeid tussen twee soorte openbarings, die informasie as openbaring van God, of die ervaring as openbaring van God. Die twee uiterstes is nou, of informasie oor God, of ervarings met God. ‘n Keuse vir of die een of die ander standpunt moet gemaak word. Ek sou nie ‘n keuse wou maak nie. Ervaring as ‘n betroubare bron van informasie kan gebruik word as ‘n belangrike interpretasieraamwerk vir jongmense. Sodoende het jongmense steeds die ruimte om godsdiens hul eie te maak, deur middel van ervarings sonder dat dit moet voldoen aan sekere kriteria om aanvaarbaar of geloofwaardig te wees. Sweet (2000:xxi ) wat homself as postmodernis beskou, onderstreep dat die rasionele klem op godsdiens, na ervaring van die godsdiens moet beweeg. Fokus op kennis vir geloofsekerheid, skuif na wat beleef word uit my geloof in God. Hierdie klemverskuiwing van kennis na ervaring moet uitgebrei word na deelnemende geloofshandelinge, in plaas van bloot net verteenwoordigend wees.

Dit kan soos volg verduidelik word: tans tree die leraar as verteenwoordiger van die gemeente in die erediens op en dit beperk gemeentelede se aksies. ’n Verdere voorbeeld is die gebruik van net woorde wat met die gebruik van metafore vervang kan word. Geloofsuitinge met die opsê van die Apostoliese Geloofsbelydenis kan met interafhanklike geloofshandelinge vervang word. Verder is dit belangrik om kennis te neem dat informasie uit bronne van die kultuur en konteks kan kom en nie altyd net uit die Bybel nie. Juis in die nadenke oor die openbaring van God moet ‘n groter openheid aan die dag gelê word vir die akkomodering van ervarings, want ervarings is waarmee jongmense werk. Ervarings is feite (Du Toit 2000:67). Die feite kan bevraagteken,

geëvalueer en geïnterpreteer word en mee gewerk word. Hiermee word ervarings nie verhef tot die enigste feite nie, maar naas ander feite, soos byvoorbeeld, die kennis van die Bybel en kennis van die geloofsgemeenskap. Die interpretasiewaarde bly egter afhanklik van waardes en norme van die interpreteerder (Dockery 1995:12).

### 5.4.3 Ervarings en die Heilige Gees se rol in metafore

Pieterse (1993:5) beklemtoon die werking van die Heilige Gees in die vraagstuk inligting/ervaring. Volgens hom neem God die inisiatief as ‘n genadige God en openbaar God Hom as die lewende, sprekende God. Die hoogtepunt van Sy openbaring is die versoeningswerk van Jesus Christus (Pieterse 1993:5). In die Skrif openbaar God, Hom as die sprekende God. Hierdie spreke van God maak elke gedagte wat oorgedra word, ‘n eie persoonlike ervaring in die lewe van die leser. Met die reëls van kommunikasie word die gedagte binne ‘n eie konteks geïnterpreteer wat eie is aan elke jongmens. Die Heilige Gees se rol as vertolker, moet volgens my wyer gesien word as net Skrifvertolker. Die pneumatologiese teologie (Dingemans 1986:42,43) sien die werk van God en die inspanning van die mens ineenvloei. Die Gees werk in en deur die mens. Deur die uitstorting van die Heilige Gees word die innerlike metodes en werksaamhede van mense beïnvloed deur die Gees. Dingemans (1986:43) praat van die veelkleurige pluraliteit wat na vore kom, soos wat die Gees en menslike inspanning ineenvloei. Teologie is kontekstueel vanuit die pneumatologiese teologie. Geloof en die gestalte van die werk van God soos dit sigbaar word in die verskillende kulture en tye, is kontekstueel. Die Gees werk veranderend en vormend en bevrydend te midde van al die verskillende kontekste. Die herskeppende funksie van die Gees gebruik die konteks en metafore om geloofsontwikkeling op ‘n eie unieke wyse binne die bestaan van elke jongmens te bewerk. Hierdie sienswyse van die Heilige Gees maak die Gees nie ‘n passiewe meeloper nie, maar soos die voorbeeld wat Dingemans (1986:45) gebruik, is die Gees soms die kaptein van die skip, soms die stuurman en soms net ‘n matroos.

Bogenoemde verduideliking plaas die menslike ervaring ook as deel van die kader van die Gees se werking. Met die klem op die Heilige Gees, kan daar die gevolgtrekking gemaak word dat elke persoonlike ervaring van God, legitiem sou wees, vanweë die rol wat ook die Heilige Gees daarin speel. Dit sluit die finalejaarskatkisant se ervarings

in. Hierdie ervarings word uitgedruk in woorde waarvoor metafore gebruik word. 'n Metafoor kry werklik betekenis indien 'n persoon sy eie hoop, wanhoop, onmag, verlange en verdriet kan verbind met 'n beeld van God wat in 'n metafoor uitgedruk kan word (Putman 1998:78). Die belydenis van finalejaarskatkisante is ‘n vertolkende verhouding met God. Pieterse (1993:5) gebruik die woord ‘vertolkende verhouding’, om die interpretasie van ‘n gelowige oor God se opdragte en die aksie wat daaruit voortspruit, te beskryf. Hier gebruik ek dit om die interpretasie van jongmense oor wie God vir hulle word en hoe hulle daarop wil reageer, uit te druk. Sodoende word die verhouding tussen jongmense en God uitgedruk in metafore.

Dingemans (1986:25) se pneumatologiese benadering, waar die gemeente, as geloofsgemeenskap, elke individu die geleentheid gee om ‘n eie geloof te kan ontwikkel, belig dit verder. Die pneumatologiese benadering gee ook ruimte vir individuele verskille en gawes in diens van die geloofsgemeenskap. ‘n Metafoor as 'n manier van selfekspressie wat 'n outentieke persoonlike lewensituasie artikuleer (Putman 1998:78), word onder leiding van die Heilige Gees ontwikkel wat die metafoor uniek en persoonlik van aard maak. Dit gee juis ruimte vir dialoog (Dingemans 1986:42), want verskillende individue met verskillende metafore oor dieselfde saak tree in gesprek met mekaar. Dit sluit aan by die etiek van die dag wat as ervaringsetiek bekend kan staan (Sweet 2000:46). Hierdie etiek gee ruimte aan individue om met verskillende ervarings uitgedruk in metafore met mekaar in gesprek te tree as gelyke gespreksgenote. Met die voorafgaande bespreking van die uniekheid van katkisante deur die gebruik van metafore onder leiding van die Heilige Gees, gaan ek nou aandag gee aan identiteit en die verband met die lewenstorie van katkisante.

#### 5.4.4 Lewenstorie en identiteit

In hierdie onderafdeling bespreek ek identiteit kortliks deur aan te toon watter take identiteit onderskei. Identiteit het ook ‘n invloed op die verhouding met die Here en die ontwikkeling van ‘n religieuse self. Verder word die voortdurende vorming van identiteit bespreek en hoe dit toegepas was tydens die studie.

Du Toit (1997:943) praat van ‘n geloofwaardige kerk wat die lewenswyse van mense beïnvloed. Daarmee lê hy klem op die aard van die kerk, dat indien die kerk 'n

empaties pastorale karakter besit, sal die kerk geloofwaardig oorkom na die samelewing. Met hierdie beïnvloeding konstrueer die kerk sekere prototipes optredes waarmee geïdentifiseer kan word. Hierdie prototipes kan soekende jongmense help in die formulering van hulle eie identiteit. Jongmense opsoek na ‘n identiteit, moet die geleentheid gebied word om met ‘n persoonlike belydenis ook hierdie soeke te verwoord, as deel van die outentieke bely van geloof in Jesus Christus.

Identiteit het te doen met vrae soos: ‘Wie is ek?’; ‘Waarheen is ek oppad?’. Anthony (2004:66) sien laat-adolessensie as die tydperk wanneer die belangrikste aspekte rondom identiteit ontwikkel word. Dit dra by tot die uniekheid van elke persoon. Sake soos persoonlike verbintenis, persoonlike waardesisteem en persoonlike standaarde ontwikkel dan. Identiteit ontwikkel vanweë blootstelling aan alternatiewe verbintenisse, alternatiewe waardesisteme en alternatiewe standaarde waarmee jongmense te doen kry. Uit die alternatiewe word keuses gemaak vir óf die een óf die ander en dit lei tot ‘dis wie ek wil wees’, op grond van die keuses wat gemaak is (Anthony 2004:223). Identiteit, so omskrywe, maak dit ‘n voorneme waaraan daagliks aandag gegee word om dit uit te leef. Dit is ‘n verklaarde voorneme wat dan daagliks uitgeleef word deur die verklaarder daarvan. Hermans (2003:218) plaas identiteit in ‘n narratiewe raamwerk:

> ‘The narrative trend in psychology in the 1980s translated the distinction between I and Me into a narrative framework. The I represents the author of the story, and the Me the actor or other character in the story. A person is identified as a motivated storyteller. The narrative element incorporates contextuality into the self.

Hierdie kontekstuele beklemtoning is ‘n belangrike onderskeiding van die self. Dit beklemtoon die vrye menslike wil. Daarom kan ‘n stelling soos; ‘Al jou probleme word veroorsaak deur die manier waarop jy godsdienstig groot gemaak is’, nie gehandhaaf word nie. Die diskriminasie van ‘n mens deur die ontwikkeling te beperk, kan ook nie plaasvind nie. ‘n Stelling soos: ‘Indien jy meer geestelik volwasse was, sou jy dit verstaan het,’ kan nie meer gebruik word nie. Hierdie beklemtoning van die mens se vrye wil en ontwikkelingspotensiaal is baie relevant vir hierdie studie wat juis die uniekheid van die tiener-individu se ontwikkeling in geloofsverstaan en geloofshandeling belig.

Hermans (2003:298) onderskei verskillende soorte identiteite onder andere: Christelike identiteit, kulturele identiteit, groep identiteit, individuele identiteit, persoonlike identiteit en sosiale identiteit wat ‘n polifoniese self uitmaak. Dit beteken dat identiteit uit veelvuldige komponente bestaan. Dit bring mee dat identiteit ook met ‘n metafoor beskryf kan word. Een so ‘n metafoor is wat Hermans (2003:298) noem die religieuse self. Hy bespreek in detail die ontwikkeling van religieuse self. Die religieuse self bou 'n storie deur gebruik te maak van elemente uit die religieuse praktyke byvoorbeeld simbole, aksies, gebruike en metafore. Die persoon sal dan met behulp van wat Hermans (2003:298) ‘a collective voice’ noem keuses uitoefen rondom 'n religieuse identiteit. Hierdie ‘collective voice’ in die katkisant se lewe wat sekere gebruike, waardes en norme van die geloofsgemeenskap beklemtoon is die geloofsgemeenskap se stem. Byvoorbeeld, die ‘collective voice’ kan die gemeente as 'n omgeegemeenskap beklemtoon. Hierdie benaming kan dan deur die katkisant oorgeneem en sy eie gemaak word. Nou benoem die katkisant homself/haarself as 'n omgeemens. Hierdie vorming van die religieuse self is belangrik, want die geloofsbelydenis verbaliseer hierdie soort definiëring van die religieuse self (Hermans 2003:299).

Vernon White (1996:59) bespreek individualiteit wat gevorm word deur die bewuste en onbewuste verhoudings waarin persone is, die verlede van die persoon, asook persone met wie hy/sy in kontak kom en die sosiale realiteite van die huidige opset waarbinne die persoon verkeer. White (1996:60) druk dit soos volg uit: ‘….the matrix of human individuality is a cultural environment in which people are formed as choosers with responsibility for their actions’. Individualiteit word vanuit gesamentlike gene en sosiale nalatenskappe gevorm, ‘…it is simply an arbitary function of our particular social structure and language with no more claim to truth than that of any other culture which produces radically different sence of self’ (White 1996:63).

Die groot klem op super-individualiteit word deur hierdie stellings van hom afgemaak en die klem val op die sosiale invloede wat vormend op die self en individualiteit ingewerk het. Van belang vir hierdie studie is die klem op die sosiale invloed wat daar op die individu inwerk ten einde 'n identiteit te kan ontwikkel. ‘The respect for the unique individual in his or her concrete reality depends on full acknowledgement of the unique nexus of relationships in which individuals are consituted’ (White 1996:72).

Met hierdie klem op die omgewing en die invloede daarvan op die individu, beweeg White (1996:72) weg van die westerse ‘self made man’ na 'n meer sosiaal gekonstrueerde identiteit. White (1996:72) bly egter nie net by die sosiaal gekonstrueerde nie, maar sien individualiteit as 'n identiteit wat eerstens gevorm word binne die sosiale konteks, maar dat daar sekere ontwikkel plaasvind binne elke persoon self. Hy praat dan ook van die respek wat daar moet wees vir die self-realisering van elke mens, tesame met die sosiale karakter van die individu.

Binne die kategese kon juis hierdie ontwikkeling plaasvind vanweë die klem op die lewenstorie van deelnemende jongmense. Met die alternatiewe waaraan jongmense blootgestel was tydens die kategese, kon hulle wel keuses uitoefen ten opsigte van die take waarop Anthony (2004:66) gewys het, naamlik, persoonlike verbintenis, persoonlike waardesisteem en persoonlike standaarde. Hermans (2003:299) se aandag aan die religieuse self wat ‘n storie bou deur gebruik te maak van elemente uit die religieuse praktyke, byvoorbeeld, simbole, aksies, gebruike en metafore, kon die deelnemende katkisante gebruikmaak van metafore om die verhouding met God uit te druk. Die belydenis van geloof was as ritueel en simbool daar om verder by te dra tot die konstruering van ‘n religieuse self. Met behulp van wat Hermans (2003:299) ‘a collective voice’ noem, kon keuses uitgeoefen word rondom 'n religieuse identiteit.

Die volgende drie afleidings is van belang vir die studie (White 1996), in die sin dat dit drie sake aanraak wat aandag moet kry vir die vorming van ‘n individu se identiteit:

(i) ‘All individual persons must be valued (equally) in and through their supporting network of social relations’ (White 1996:162). Hierdie standpunt stel almal gelyk, maar beklemtoon dat almal nie dieselfde is nie. Almal is gelyk geskape, daarom in die waardering van mekaar, gee ons gehoor aan die oproep om die gefragmenteerdheid en isolasie rondom ons tee te werk.

(ii) ‘No indivudual person must ever be valued only according to their existing network of social relations’ (White 1996:162). Hierdie standpunt beweeg weg van die ideale verhoudingsamestelling vir die mens. Dit erken die selfstandige potensiaal van elke persoon. Aan die

ander kant gee dit ook ruimte dat die mens meer is as die verhoudings waarin hy/sy staan.

(iii) ‘All individual persons must be valued as continuous selves according to the complete narrative of their lives’ (White 1996:162). Alle pogings om die persoonlike te rekonstrueer, kan van hierdie uitgangspunt gebruik maak. Die Christelike narratief is by uitstek geskik om God se liefde binne hierdie stelling ten volle geleentheid te gee om in 'n diep verhouding met die individu te leef, selfs na die aardse dood.

Die praktiese implikasie van bogenoemde standpunte vir die doel van hierdie studie word vervolgens bespreek. Geen mens mag gemarginaliseer word as daar na die eerste stelling gekyk word nie. Ou mense mag nie, omdat hulle oud is, minderwaardig geag word nie. Jongmense mag nie net bloot as ontvangers van inligting tydens die kategese gesien word nie. Die primêre waarde van jongmens kan nooit gekompromitteer word nie.

Met die tweede standpunt word die mens nie net gevalideer op grond van die verhoudings waarbinne hy/sy staan nie. Alhoewel verhoudings help bepaal het aan die persoon, is die waarde van die persoon groter as die bepaalde verhoudings. Geskeide ouers maak nie die katkisant wat uit so ‘n huis kom bloot ‘n kind uit ‘n geskeide huishouding nie. ‘n Katkisant uit ‘n ongelowige huis reduseer nie die katkisant tot ‘n kind uit ‘n gelowige huis nie.

Die derde standpunt beklemtoon dat die self nie los gesien kan word van vorige verhoudings nie. Geen persoon kan in isolasie gevalideer word nie. Soos elke laag van die ui ‘n ui is. Die bejaarde was ook eens op ‘n tyd ‘n kleuter wat aan ouers vreugde verskaf het, ‘n jongmens met drome en ideale, ‘n vreugdevolle ouer met kinders, ‘n oupa en ouma wat vreugde van kleinkinders kon beleef. Jongmense was ook kleuters, is kinders van hulle ouers, is ‘n broer of ‘n suster, ‘n vriend of vriendin van iemand, ‘n katkisant van ‘n gemeente.

Identiteit ontstaan binne verhoudings met ander mense en word ook kreatief ontwikkel binne die persoon. Tydens byeenkomste met finalejaars was die lewenslyne (sien Hoofstuk 7) ‘n praktiese wyse waarop die identiteit van katkisante na vore gekom het

en bespreek kon word. Die lewenslyn vorm dikwels die basis van die katkisant se lewenstorie. Dit vervat ook stellings en standpunte oor wie hulle is en waarheen hulle oppad is. Die lewenslyn het nie te doen met die hele lewe nie, maar weerspieël net die deel waar hulle voel dat die geloof in God ‘n pertinente rol in hulle lewe gespeel het (geloofslewenslyn). Daar was geen grense gestel van hoe die lewenslyn moet lyk nie, maar moes net duidelike hoogtepunte en laagtepunte in sy verhouding met God, visueel voorstel, indien daar enige was. Die lewenslyn was gebruik om keusemomente ten opsigte van hulle geloofskeuses, visueel, te reflekteer. In die uitoefening van keuses moes daar ook iets van die identiteit sigbaar wees. Hierdie bespreking rondom identiteit tesame met die lewenslyn se belangrikheid, maak die bespreking van lewenstories relevant. Dit word volgende bespreek.

## 5.5 LEWENSTORIES GEBRUIK METAFORE IN DIE FORMULERING VAN INHOUD

Metafore word deel van die lewenstorie van jongmense en is beide ervaring en kennis, wat jongmense help om dinge op ‘n eie, unieke manier beter te begryp. Inligting waaruit metafore oor God gevorm word, word nie net uit die Bybel verkry nie, maar ook vanuit die kultuur waarin jongmense grootword. Jongmense het 'n unieke lewenstyl, met eie metafore oor God wat as godsmetafore in hulle gedagtes funksioneer. Hierdie metafore oor God belig sekere belangrike elemente in jongmense se denke oor God. Terselfdertyd verberg metafore sekere sake wanneer dit gebruik word. Wanneer jongmense attent gemaak word op die verskuilde kant van die gebruikte metafoor, stimuleer dit verdere nadenke oor God, geloof en 'n eie geloofsontwikkeling (Freedman & Combs 1996:2). Persoonlike ervaring van jongmense oor God vind uitdrukking in metafore, om sodoende die ervaring van die onbekende te bed in die bekende deur middel van metafore. Metafore bevat inligting en bemiddel kennis wat nie sommer op 'n ander manier verwerf kan word nie (Putman 1998:77). Vanuit kontak met God groei kennis en ervaring wat aangehelp word deur die gebruik van metafore (Putman 1998:77).

Met die vraag van ‘Wie is God vir jou?’ moes elke deelnemende katkisant met persone daaroor gaan gesels. Hieronder volg ‘n opsomming van een katkisant se terugvoer wat

aantoon hoe metafore gebruik word om ‘n verhouding met God uit te druk. Hierdie opdrag het ook katkisante in kontak gebring met ander metafore oor God.

Die voorbeeld was deur een van die katkisante gedoen oor die gesprekke wat gevoer was, asook ‘n eie gevolgtrekking daaroor deur die katkisant:

> *Onderwyser: God is 'n groot bal wat lig uitstraal en wat soos ons almal lyk, lyk Hy. Hy stuur die strale uit om die mense wat klaar hulle taak vervul het op aarde na Hom toe terug te bring en die te help wat nog besig is. Hy is alles (RL)*
> *Ouers: My ma het dieselfde as die onderwyser gesê: Jy moet in God glo 7dae per week en 24 uur per dag.*
> *Kerkraadslid: Hy sien God as genadig, barmhartig, God om te vrees, regverdige God en God van liefde*
> *Familielid: Sy het my verwys na die Bybel, waar God, Vader Leier, Heerser, Beskermer en nog veel meer is.*
> *Die katkisant het die volgende opsomming gegee oor die sieninge:*
> *Ek sê God is my Vader. Hy laat my in di oggend opstaan en in die aand gaan slaap. Hy leef in my ouers sodat hulle vir my sorg. Hy is orals, want hy is alles rondom ons. God is liefde..*

‘n Metafoor om God te beskryf as die son en die son se eienskappe te neem toepaslik op die lewe te maak, bevestig die waarde van metafore om God te beskryf binne ons bestaan in sodat dit vir ons sinvol is om te glo in God. Hierdie voorbeeld hierbo is ook ‘n goeie voorbeeld van watter konstruktiewe rol die sosiale speel in die vorming van metafore.

### 5.5.1 Lewenstories en metafore verweef in formulering

Willem Putman (1998:195) het navorsing gedoen oor die godsbeeld van teologiese studente aan 'n universiteit in Holland. Die volgende afleidings word deur hom gemaak na aanleiding van sy navorsing:

(i) Daar is gevind dat die godsbeelde en lewensverhale van die deelnemers verweefd was. Vanuit die lewensverhale het daar meestal ‘n godsmetafoor ontwikkel.

(ii) Belangrike persoonlike lewenstemas is verkry uit die studente se godsmetafore.

(iii) Die sistematiese refleksie oor die godsbeelde het weer betekenis gekry in die deelnemers se eie lewensverhale.

Die gevolgtrekking waartoe hy kom, is dat die deelnemers hulle geloofsbelydenisse, sonder hulle lewensverhale, nie sou begryp nie, en dat die lewensverhale sonder die geloofsverhale onvolledig sou wees (Putman 1998:195). Vir hierdie studie is die volgende stelling van groot belang en word daarop gefokus in hierdie hoofstuk. Die persoonlike voorstelling van die katkisant se godsbeeld kan nie begryp word sonder om die persoon se lewensverhaal te ken nie (Putman 1998:195).

Katkisante was nou vanuit 'n eie lewensituasie, aktief en kreatief betrokke by die skep van eie godsmetafore en geloofsverhale (Putman 1998:195). Met die snap van hierdie werkswyse, het jongmense meer aktief tot die geloofskommunikasie in die groep toegetree. Dit laat katkisante subjek word in die geloofskommunikasieproses. Putman (1998:195) praat daarvan as hy verwys na die aktiewe rol wat die deelnemers gespeel het, tydens sy navorsing, dat hulle die subjek geword het.

Met 'n eie narratief word jongmense in kontak gebring met die narratiewe van die gemeente, die Bybel en die tradisie. Met narratief word hier verstaan 'n nie-veroordelende, benadering, wat mense, (in hierdie studie se geval) jongmense, die middelpunt maak as kundiges van hulle eie lewe. Hierdie lewe van mense is 'n storie en in die konteks van hierdie hoofstuk en studie is daar ook stories van die gemeente, die Bybel en tradisie teenwoordig. Die volgende kan onderskei word as bydrae wat die narratief tot die bespreking maak:

(i) Hierdie verhale lê verbande (Müller 1996:20) en plaas verhale van mense binne die breër verstaanbare konteks. In die narratief kom die bestaanvrae en antwoorde na vore. Ons kan aflei dat die weg van selfverstaan loop deur die verhaal (Vos 1995:42).

(ii) Met die narratief moet katkisante in multivlakke dink (Clandinin & Connelly 1991:265). Die mens se vermoë om terselfdertyd bewus te wees van verskillende rolle wat vertolk word, asook die verskillende verhoudings waarin ‘n persoon terselfdertyd staan, kleur die narratief pluriform.

(iii) Persone leef hulle stories in ervarings. Ervarings dek ‘n wye spektrum van die lewe. Daarom kan die storie nooit stagneer nie. Mense vertel

ook hulle stories in woorde terwyl hulle oor die lewe reflekteer en hulleself aan ander verduidelik.

(iv) Katkisante beweeg verder na 'n denkbeeldige toekoms en gebruik herkonstruering van hulle storie om aanpassings volgens hierdie toekoms te maak. Stories vertel nie net oor die lewe nie, maar word die lewe wat deur die katkisant geleef word. Eenvoudig gestel - 'n mens is terselfdertyd besig om te lewe, dit wil sê te storie (vertel van die storie), her-storie en aangepaste storie te storie (Cladinin & Connelly 1991:256).

(v) Sekere stories vertel van oorwinning oor swaarkry, vooruitgang na beter omstandigheid, of oor die tragiese reduksie onder omstandighede. Die stories word nie net vertel nie, maar die stories word geleef, bewustelik en onbewustelik (Clandinin & Connelly 1991:259).

(vi) Die toekoms van die storie word met jongmense geantisipeer. Hulle stories is dominant in hulle lewe en jongmense se optrede word daarvolgens beïnvloed, dat die verwagtings van die dominante storie realiseer.

(vii) Die narratiewe konstruksie bly prakties, want dit handel oor 'n persoon se ervaring in tyd (Clandinin & Connelly 1991:264).

Vanuit die narratiewe wat in gesprek tree met mekaar, word 'n sosiale konstruk gevorm, binne die kategese, van wat geloof beteken en wat geloofsbelydenis sou behels. Dit stel jongmense weer in staat om verder te fokus op wat die invloed van die sosiale konstrukte op hulle eie lewe is. Vanuit die sosiale agtergrond van jongmense ontwikkel daar dus 'n godsmetafoor. Soos wat die sosiale omgewing verander, kan die godsmetafoor ook ontwikkel. Die bevrydende gedagte dat die godsmetafoor kan ontwikkel, groei en verander het geloofsgroei en ontwikkeling moontlik gemaak by die jongmense. Hierin het metafore aan katkisante die vermoë gegee om God en hulle geloof in God in taal uit te druk. Metafore help om die geloofstaal tot outentieke selfekspressie te bring (Putman 1998:78). Dit vind plaas waar jongmense 'n eie verhaal (biografie) op 'n betekenisvolle manier met die verhaal van God in gesprek bring (Putman 1998:79).

### 5.5.2 Metafore maak God toeganklik in taal

Met metafore oor God, word God toeganklik vir ons sintuie en ons ervaringsveld (Putman 1998:78). Hierdie toeganklikheid tot God wat beleef word deur katkisante, beperk egter nie God nie omdat dit nie die finale woord oor God is nie. God word deur middel van metafore op ‘n sinvolle wyse getaal binne die lewenstorie van jongmense. Metafore is 'n manier van selfekspressie, wat 'n outentieke persoonlike lewensituasie artikuleer (Putman 1998:78). Deur die metafore wat vir God gebruik word sê jongmense eintlik wat ‘n eie verhouding met God vir hulle as jongmense behels. ‘n Verhouding met God word op hierdie manier inhoud gegee. Metafore kry werklik betekenis indien 'n katkisant onder andere hoop, verlange en verdriet kan verbind aan 'n metafoor vir God (Putman 1998:78). Juis met metafore kom jongmense tot selfekspressie en verklaar wie hulle wil wees (Putman 1998:78). Metafore bied jongmense om op ervaringsvlak die verhouding met God sinvol te beleef, want metafore weef hulle en God in ‘n sinvolle verhouding saam.

‘n Katkisant het dit soos volg uitgedruk:

> *Party dae wil ek vra: Hoekom Here? Maar dan, ten spyte van die vraag, wil ek die Here dien en deel wees van die Vader se liefde ook vir my. Die Here is baie naby aan my en ek voel naby aan Hom. (M)*

Hierdie beeld van God as vader bied aan die katkisant ‘n sinvolle verhouding met God. Dit skep hoop te midde van wanhoop. Die konteks was dat die ma ‘n jaar gelede aan kanker dood is. ‘n Verhouding met God help dra aan die verlange en verdriet van die katkisant. Tog, te midde van hierdie verklaring, vind ons nog steeds die hoekom vraag wat nie ophou omdat daar ‘n verhouding met God bestaan nie. Metafore bied geleentheid om die kloof tussen die segbare en die onsegbare oor God te oorbrug (Putman 1998:79). Juis met die metafoor kan jongmense uitdrukking gee aan God binne hulle eie lewensverhaal.

Die uitdaging (Putman 1998:79) is dat die kerk ook moet soek na nuwe metafore oor God en sodoende maniere soek om God meer toeganklik te maak. Deur middel van die kategese kry jongmense geleentheid om 'n eie geloof te verwoord met metafore oor God wat op 'n outentieke manier God se bestaan in hulle eie lewe gestalte gee. Hierdie metafore van die jongmense lewer dan ‘n bydrae tot die metafore oor God binne die geloofsgemeenskap. Die kerk moet sorg dat een metafoor nie te veel klem bo ander kry

nie (Putman 1998:80). Met ‘n hiërargie van metafore sou dit jongmense die gevoel gee dat hulle eie metafoor verlaag word en eie ervaring en ondervinding van kontak met God nie belangrik genoeg geag word nie. Bogenoemde is ‘n belangrike saak wat aangespreek moet word omdat ‘n eienskap van jongmense, as tieners, juis is dat hulle wil behoort.

In deelnemende geloofsontwikkeling kan die metafoor, as gemeenskaplike noemer gebruik word, om die kategese, gemeente, geloof en jongmense te laat saampraat. Die Bybel praat in beelde oor God, en selfs Jesus gebruik beelde in die vorm van gelykenisse om oor God te praat (Putman 1998:76). Metafore oor geloof bring die wêreld van kennis (bekende) en vertroue (onbekende) bymekaar. Metafore bring die bekende in verband met die onbekende (Putman 1998:76). Indien oor God as Vader gepraat word, word die bekende vader (die jongmens se eie pa), met die onbekende God in verband gebring omdat die gebruiker van die metafoor glo dat daar iets belangriks oor God, vir die mens gesê word. Metafore gee ruimte om met verskillende mense in gesprek te tree oor geloof.

### 5.5.3 Metafore oorbrug grense vir die gesprek

Soos reeds aangedui, bring metafore die bekende en die onbekende bymekaar uit. In die gesprek tussen jongmense onderling en met die kerk in die algemeen, bied metafore die geleentheid om na ander te luister (in die geval van hierdie studie, na jongmense). Die volgende kan onderskei word as bydrae wat metafore maak tot die oorbrugging van grense:

(i) Metafore is beide ervaring en kennis, wat jongmense help om dinge op ‘n eie, unieke manier beter te begryp. Metafore belig sekere belangrike elemente in jongmense se denke, maar terselfdertyd verberg ‘n metafoor sekere sake wanneer dit gebruik word. Wat so pas oor metafore gesê is, is net so van toepassing op die gemeente waarbinne die jongmense is. Indien ooreengekom kan word dat die kenmerk van ‘n metafoor is soos hierbo genoem, stimuleer dit verdere nadenke oor God, geloof en 'n eie geloofsontwikkeling binne die gemeente.

(ii) Juis in die gebruik van metafore kom die jongmenswêreld (taal) en die gemeente (taal) bymekaar en kan daar oor God gepraat word.

(iii) Die gebruik van metafore verander ongelyke gespreksgenote (leraar na katkisante, weter na nie-weter) na gelyke **gespreksgenote** (Gergen 1994:86). Dit bied die geleentheid vir die geloofsgemeenskap om deel te neem aan die geloofsontwikkeling van jongmense binne hulle lewenstorie deur van metafore gebruik te maak.

(iv) Metaforiese taal is oordraagbaar, want dit praat oor taalgrense heen (Putman 1998:76).

Uit die onderstaande voorbeeld vind ons hoe die lewenstorie van 'n jong katkisant (LB) deur haar pa se vroeë dood beïnvloed is en hoe dit haar storie met God beïnvloed het en sy na ‘n geskikte benaming vir God soek:

Hoe beïnvloed die dood van jou Pa jou uitgangspunt dat die Here lewe gee en lewe neem jou geestelike lewe?

> *Met my pa se dood het ek gevra <u>hoekom</u> en toe my oupa dood is en toe my ouma op oujaar dood is. Ons was baie na aanmekaar. My oupa was sieker en tog is my ouma eerste oorlede. Ek verwerk dit nog deur daardeur te werk. <u>My ma sê ook dit help nie ek treur daaroor nie, want ons gaan ook geneem word</u>*

Jy sê jy werk deur die hartseer. Hoe werk jy daardeur?

> *Ek praat baie met my ma en lees Job en bid baie daaroor.*

Hoe help Bybellees jou?

> *Dit help my om die doel te probeer verstaan, hoekom dit gebeur het. My pa is seker dood om my sterker te maak, want my ouers was goeie Christene. My pa is aan ‘n hartaanval dood toe hy in Duitsland was. Dit het 10 jaar gelede gebeur. Hy was 43.*

As ‘n persoon skielik doodgaan, gebeur dit dat ‘n mens nog goed vir hom wil sê:

> *Ja, ek was baie lief vir my pa. Toe ek die middag by die huis kom, van die skool af, roep my ma my kamer toe en vertel my. Toe ek by die graf staan, het ek eers regtig besef hy is dood. Daar het ek besef dat my pa nie weer terug gaan kom nie. (Sy snik baie op die punt).*

Hier sien ons hoe die katkisant vanuit haar verhaal soekende na ‘n metafoor is. Sy lees Job, sy gesels met haar oupa en ouma in haar poging om die onhoudbare spanning oor God vir haar sinvol te verklaar. Om met die beeld te werk van ‘n God wat lewe gee en lewe neem, oorbrug die katkisant die onhoudbare oor God wat liefde is en God wat haar pa wegneem het toe sy 9 jaar oud was. Op hierdie punt het sy nog nie ‘n metafoor gevind wat haar kon help nie. ‘n Metafoor help ook om die onsegbare oor God so te

verwoord dat God nog steeds sin maak in ‘n persoon se lewe, soos die bostaande uittreksel vir ons uitwys. Ek bespreek kortliks die bostaande uittreksel in terme van metafore en lewenstories opsoek na metafore.

**Bespreking van gesprek met L B:**

Agtergrond:
Haar pa is vroeg in haar lewe dood. Haar worsteling was met die goedheid van God en die feit dat Hy haar pa laat sterf het toe sy nog klein was - die *goeie God/slegte God* idee. Verder kom sy uit ‘n enkelouergesin want haar ma het nie weer getrou nie. Hulle is baie betrokke by die kerk, en haar ma was lid van die kerkraad. Ek maak die volgende opmerkings oor die gesprek:

(i) Die gesprek het die spanning rondom die rol van God in (L B) se lewe na vore laat kom. Die wyse waarop sy hierdie spanning verwerk het dui op geloofsontwikkeling wat plaasgevind het. Hier is ook die toe-eiening van God in haar lewe sigbaar.

(ii) Haar uitgangspunt vir die jaar was sy wou graag die Here beter leer ken. Haar ervaring was dan ook dat sy nader aan die Here gekom het.

(iii) Die Kattieskamp (sien 6.2.1.2) en Bybelstudie se aanbieding was gebaseer op die ‘epic’ beginsels van Sweet (2000:28) (sien 5.3). Verder was daar ervaringsleer asook sosialeleer (sien 1.4) wat plaasgevind het. Die klem het op deelname geval.

(iv) In die gesprek rondom LB se pa se dood bemerk ons die sones van naaste ontwikkeling, van Vygotsky (1977:115; Daniels 1993:102). LB se ma se raad aan haar het vir haar sin gemaak op ‘n stadium dat sy gereed was daarvoor. Lev Vygotsky (1977:17), praat van sone van naasteontwikkeling. Met die term sones verwys hy na die potensiaal om te ontwikkel, waaroor ‘n spesifieke persoon beskik. Hy onderskei die een sone waar vaardighede sonder hulp bemeester kan word (Daniels 1993:102). Verder onderskei hy sones waar bemeestering sonder hulp nie moontlik is nie. Die sone van naasteontwikkeling verwys na die tweede groep sones, met die kwalifikasie dat die sone van naasteontwikkeling die een is waar die potensiaal tot ontwikkeling die grootste is volgens die vermoë van die leerder. Dit kan wees dat die

sone van naasteontwikkeling, van die katkisant en die leraar sou kon verskil en dat die leraar se sone anders sal wees as die van die katkisant. In die dialoog moet die verskillende sones nie verwar word met hiërargie nie en sodoende die katkisant minderwaardig laat voel nie. Die gebruik van sones vergemaklik die deelnemende aard van die kategese. Met die ontwikkeling van ‘n belydenis is hierdie bogenoemde saak van groot belang. Die katkisant moes die geleentheid kry om 'n eie, bewoorde belydenis te skryf sonder voorskrifte oor wat dit alles behoort te bevat. Daarna het die katkisant hierdie belydenis aan die groep kom voorhou. Nog steeds was die uitgangspunt dat dit die woorde is wat die belydenis van die jongmens verwoord. Nêrens is daar met ‘n teologiese bril die belydenis beoordeel en as onwaar of ketters bestempel nie. Wat wel gebeur het, is dat die groep tot die gesprek toegetree het en vrae kon vra aan die katkisant oor woordgebruik en stellings se betekenis. Die onus het steeds by die betrokke katkisant berus om die verdere inligting wat uit die gesprek gekom het, te gaan verwerk binne die geskrewe belydenis. Indien ‘n katkisant nie verstaan het wat dit beteken of waar die nuwe inligting inpas nie, kon die nuwe inligting gelaat word.

(v) Vir LB het die bespreking wat voortgevloei het uit die ‘lesse’, veral rondom die vrae tydens die bespreking, baie beteken. Die vrae soos reeds bespreek, was reflekterende vrae en daarmee saam die beginsel van gelyke gespreksgenote. Die vrae was daarop gemik om die innerlike dialoog te eksternaliseer en ook die ervaring daarmee gepaardgaande te verbaliseer. Die betekenisgewingproses laat katkisante 'n ander posisie inneem ten opsigte van hulle lewe voor God en met God

(vi) Aangaande die geloofsbelydenis was LB se moeder (ma) die ouer, se siening dat dit insig vra en 'n kontekstualisering. Aangedui met ‘eie woorde gebruik’. Verder het dit ook te make met die taal van ‘n eie belydenis. Aanvanklik was die belydenis van L se kant binne ‘n reg – verkeerd raamwerk geplaas. Met ’n bespreking van wie se maatstawwe as reg bestempel kan word, was die bevrydende besluit geneem dat daar met eie woorde en begrippe geëksperimenteer kan word. Die deelnemende benadering werk kreatiwiteit in die hand en bevorder

waagmoed. Haar slotsom in eie woorde en eie taal vir geloofsbelydenis -'actually wonderlik'. Selfstandige besluitneming dui op volwassenheid en vorm deel van die religieuse self en betekenisvolle leer wat ontwikkel het.

Metafore help nie net met die onsegbare oor God nie, maar vanweë die aard van die metafoor kan dit ook maklik wysig. Metafore kan verander. Dit bring ons by die belangrikheid van konstruksie en dekonstruksie van die metafoor (Putman 1998:80). Konstruksie is die aktiewe deelname van jongmense aan die skep van 'n eie metafoor oor God. Dekonstruksie is weer die aktiewe afstand neem van bepaalde godsmetafore by jongmense. Juis uit die dialogiese verhouding tussen God en jongmens, kry God verskillende betekenisse vir verskillende mense. Daar is 'n baie sterk dialogiese band vanweë die subjektiewe verhouding tussen God en mens (Putman 1998:80). In die samelewing vind ons dat mense voortdurend konstrueer en dekonstrueer (Putman 1998:81). Die ontwikkeling van geloof bly dus 'n lewenslange proses wat met die konstruk en dekonstruk van metafore, verryk en verruim word. Met hierdie verrykte metafore wat in jongmense se lewe ingedra word, word die persoonlike narratief gewysig en deur middel van die sosiale konstruksionisme, getoets deur die sosiaal onaanvaarbare te elimineer. Die proses se sirkelgang word voortdurend herhaal deur toets, verryk en internaliseer. Metafore kan nie net verander nie, maar kan ook langs mekaar gebruik word sonder dat die gebruiker ongemaklik daarmee is (Sweet 2000:93,94).

In die onderstaande onderhoud vertel MB hoe geloof in God binne haar verhaal funksioneer. Hoewel dit geen metafoor bevat nie, gee dit agtergrond oor die wyse waarop jongmense oor God kan dink en vandaar uit ontwikkel kan metafore ontwikkel wat hier ter sprake is.

**Onderhoud met MB**

> *My lewenslyn het so 'n bietjie verander. My hoogtepunt het weer 'n laagtepunt bygekry. Ek het gedink ek sal op die leerlingraad kom en ek het nie en toe probeer ek op die skoolblad se redaksie kom en is toe ook nie gekies nie. Ek was kwaad vir die Here, want ek het gedink ek sal dit kan doen. Maar na die tyd het ek gebid en die Here gevra om my te vergewe - dat dit sy wil is, dat Hy weet waardeur ek gaan en dat Hy my moet lei.*

Jou manier om hier die teleurstelling te hanteer, wat sê dit van jouself?

*Ek gee dadelik uiting aan hoe ek voel oor ‘n saak en as dit negatief sou wees, dan maak ek agterna weer reg.*

**Bespreking van gesprek met MB**

Agtergrond:
Albei MB ouers leef en is gelukkig getroud. Hulle is getroue kerkgangers, maar was nêrens anders by kerklike aktiwiteite betrokke nie. Die beeld van kwaad vir God plaas God in ‘n ouerrol vir wie ek dan kan kwaad wees as ek nie my sin kry nie. Daarmee saam ook die beeld van ‘n God wat goeie dinge moet gee. Vergifnis is om onredelike eise en verwagtings te bely teenoor die Here. Impulsiwiteit is deel van wie MB is, en dit handhaaf sy in ‘n verhouding met God. Die spontane manier van gelowige wees kom dus na vore as deel van haar lewenstorie. Hierdie deel van die onderhoud dui ook die bestaan van meer as beeld waarmee daar gewerk kan word as dit kom by God. Ons kan praat van ‘n veelvoudige beeldspraak oor God wat die proses van konstruksie en dekonstruksie nog meer dinamies en interaktief maak.

Die rol van metafore binne die lewenstorie was bespreek om daardeur die uniekheid van die tiener-individu se ontwikkeling in geloofsverstaan en geloofshandeling te belig. Binne hierdie veelvoud van beeldspraak oor God bestaan daar in elke jongmense se lewe 'n stel reëls waarvolgens hulle sekere keuses uitoefen en besluite neem. Hierdie oortuigings word vervolgens bespreek om die rol daarvan binne die lewenstorie te bespreek. Verder word daar ook gewys op die raakpunte in die gesprek tussen die geloofsoortuigings van die kerk as geloofgemeenskap waarbinne die jongmense hulle geloof ontwikkel en belydenis konstrueer en die jongmens self.

## 5.6 ROL VAN GELOOFSOORTUIGINGS IN LEWENSTORIES VAN JONGMENSE

Die HAT definieer ‘oortuiging’ as die besef van die juistheid van iets en ‘n vasstaande mening oor iets. Hiervolgens is ‘n geloofsoortuiging iets waarvan die juistheid besef word. So gesien, kan ons nie binne die huidige studie saamgesels nie. Oates (1981:28) definieer godsdiens onder andere as ‘n manier waarop mense die onbekende hanteer. Oates (1981:28) verwys na Eric Rust wat praat van geloof in ‘die God met gate’, bedoelende dat daar soveel dinge nog nie van God bekend is nie. Geloof sou dan die

brûe vorm oor die dongas van die onbekende oor God. So gesien, is geloofsoortuigings keuses wat ek maak ten opsigte van sekere opvattings oor God.

Geloofsoortuigings is die grense wat ek vir myself aanbring ten opsigte van ‘n ek-God verhouding. Dit bevat ook verder geloofsgrense waarbinne ek in my sosiale konteks funksioneer. Dit bepaal ook verder die keuses en waardes wat ek uitoefen ten opsigte van my toekoms. Hierdie begrensdheid waarmee ek myself identiteit toeken in al my verhoudings, word gevorm deur middel van metafore waaraan ek blootgestel word, asook eie gekonstrueerde metafore uit die sosiale konteks van my bestaan.

Geloofsoortuigings is dus uiters subjektief van aard. Die volgende, naamlik (sien 5.6.1 en 5.7) bekyk geloofsoortuigings se rol in die deelnemende katkisante en die kerk, met die oog op gesprekke tussen katkisante en die kerk. Die rede hiervoor is nie om dit breedvoerig te bespreek nie, maar om in die bespreking van geloofsoortuigings die geleenthede wat dit vir gesprek bied, uit te wys. Hierdie geleentheid lê daarin dat, vanweë die deelnemende aspek, word geloofsoortuigings inter-subjektief. Ek kyk vervolgens na die katkisante se posisie ten opsigte van die geloofsoortuigings, (sien 5.1.6) en dan volg die bespreking van die kerk se posisie ten opsigte van geloofsoortuigings se rol (sien 5.7).

### 5.6.1 Geloof omskryf

Geloof bestaan as ‘n **waardesisteem** wat gebaseer is op bewuste en onbewuste motiewe. Hierdie waardesisteem aktiveer sekere toewyding aan sekere waardes in ‘n sisteem. Hierdie waardesisteem aktiveer verder lojaliteit aan ‘n meesterstorie, met God as die outeur van die meesterstorie (Dirks 2004:83). Geloof benodig sekere **kennis** (kundigheid) wat lei tot ‘n sekere leefwyse. Die manier van lewe word op die waardesisteem gebaseer, wat dan ‘n bydrae lewer om ‘n meesterstorie uit te bou van wat waar is vir elke persoon se lewe. Groei in geloof beteken toenemende **lojaliteit** en **vertroue** in God, wat lei tot toenemende toewyding en lojaliteit (Dirks 2004:83) teenoor God in die geval van die studie by jongmense.

### 5.6.2 Vorming van jongmense se geloofsoortuigings

Jongmense se eie geloofsoortuigings word gevorm deur preke, ouers, vriende en ander belangrike persone in hulle lewe (Fowler 1981:6; Burr 2002:139; Brueggemann 1990:243). Hierdie kulturele invloede help vorm aan 'n godsmetafoor waarmee jongmense hulle geloofsoortuigings binne ‘n geloofsverhouding uitleef (Putman 1998:195). Geloofsoortuigings uitgedruk as godsmetafore, word gebruik om die kennis te konstrueer en te taal. Hierdie geloofsoortuigings wat so gebruik word, word so deel van die lewenstorie wat deur jongmense geleef word. Deur die lewenstorie bekend te stel, aan die res van die groep, kan agtergekom word of jongmense die lewe as sinvol en vervullend beleef (Freedman & Combs 1996:1) al dan nie. Die metafore wat gebruik word om aan geloofsoortuigings uitdrukking te gee, gee hierdie aanduidings aan die groep.

Gesprekke tydens die byeenkomste met die katkisantegroep het geloofsoortuigings verskeie kere te sprake gekom. Diskrepansie (Van der Spuy 1999:20), refleksie (McNamee & Gerken 1992:17), dekonstruksie (Putman 1998:80) was deel van die gesprekke. Nie dat daar van die terme kennis gedra was voor die tyd deur die katkisante nie, maar eers met refleksie agterna kon dit onderskei word.

Uiteenlopende godsmetafore wat deur een persoon aanvaar was en vir die gebruiker daarvan verwarrend ingewerk op die verstaan van God, was deur die onderlinge gesprekke bespreek. Diskrepansie is ‘n term wat teenstrydighede en onderlinge afwykings uitwys. In die gesprekke tussen die katkisante was dit die geval met die metafore wat gebruik was. Die gebruiker kon keuses uitoefen ten opsigte van voorkeurbeelde en die voorkeure motiveer. Sodoende het die groepsgesprekke bygedra tot die konstruering van voorkeurbeelde by die deelnemende katkisante. Hier volg drie voorbeelde van hoe geloofsoortuigings gevorm was deur middel van groepbespreking tydens die pastorale deelnemende kategese proses van hierdie studie.

**(i) Teenstrydighede met behulp van vrae geïdentifiseer**

Hieronder volg ‘n aanhaling uit 'n onderhoud met een van die katkisante om die gebruik van vrae om die teenstrydighede uit te wys, aan te toon.

Hoe het die klas jou gehelp om nog verder te groei?

*Dit wat ons in die klas oor gesels het, het my laat besef dat daar steek meer in godsdiens as om bloot te sê ek glo. Ek het agtergekom wat dit beteken. Soos ek in die klas geredeneer en geargumenteer het, het ek besef daar is dieper argumente betrokke by my redenasies. Daar is iemand wat dieper dink as ek. Ek het altyd net bolangs gedink. Elke keer as Ds gevra het maar hoekom sê ek so? Het dit my dieper laat dink. Later het ek myself so begin vra, maar hoekom dink ek so. En as ek dan weer by 'n antwoord uitkom, vra ek weer hoekom, totdat ek tevrede is oor my antwoord. Dit het my God op 'n ander manier laat ontdek.*

Die vrae het die katkisant na motiverings laat soek om die geloofsoortuiging te handhaaf. Waar daar geredeneer was dat die motivering nie sterk genoeg was nie, is van oortuiging verander.

**(ii) Selfgesprek beïnvloed geloofsoortuigings**

Uit die bogenoemde voorbeeld het die betrokke katkisant verder gereflekteer deur van innerlike dialoog gebruik te maak. Innerlike dialoog, ook selfgesprek genoem, is nodig om oor onderlinge gesprek na te dink. Dit impliseer dat 'n konteks geskep word waarbinne die onderlinge gesprek waarin katkisante tydens die kategeseproses hulle bevind, geïnterpreteer kan word (Steier 1995:182). Hierdie innerlike denkprosesse bevorder selfverstaan en 'n alternatiewe 'lewenstorie' kan by die deelnemende katkisante ontstaan. Hierdie proses word deur vrae gerig, byvoorbeeld watter verbetering het plaasgevind tydens evaluering en watter keuses is gemaak ten opsigte van gekose godsmetafoor? Hierdie innerlike dialoog word op hierdie manier hoorbaar na buite en juis daarin lê die waarde van die ruimte wat die kategese skep: 'soos ek in die klas geredeneer en geargumenteer het….'. Verder is die transformasies wat plaasgevind het in die geloofsoortuigings, nadat die godsmetafoor verandering ondergaan het, bespreek om sodoende weerstande te kon identifiseer wat aanvanklik verhoed het dat daar by die betrokke godsmetafoor uitgekom is. Die leer wat plaasgevind het in die proses van verandering, kan ook hiervolgens bepaal word.

‘n Voorbeeld van die innerlike dialoog wat plaasgevind het, kom uit die volgende onderhoud:

Hoe voel jy om jou eie belydenis te skryf?

P: *Ek was in die begin baie onseker gewees, maar het later vir myself gesê ek weet waarin ek glo, hoekom twyfel ek daaraan en toe het ek geskryf.*

Hoekom het jy getwyfel?

*Ek het gedink ek sê en skryf nie die regte goeters nie. Ek was bang. Maar toe het ek vir myself gesê, as dit is waaraan ek glo, hoekom skryf ek dit nie. Nie almal se geloofsbelydenisse kan dieselfde wees nie en dis hoe ek myself oorreed het om dit te kan doen.*

Bogenoemde is ‘n voorbeeld van hoe daar verantwoordelikheid geneem is vir my eie geloofslewe. In die neem van die verantwoordelikheid was daar ‘n gesprek gevoer met die reg-verkeerd raamwerk waarmee sy gewerk het. Die gesprek wat gevoer was, toon hoe die invloed van reg en verkeerd nog sterk ‘n rol gespeel het in haar denke. Juis in die innerlike dialoog het dit gegaan oor die gesprek tussen reg en verkeerd. Hierdie bogenoemde aanhaling is ook ‘n voorbeeld van ‘n dominante opvatting wat gedekonstrueer is. Dit word nou kortliks bespreek.

**(iii) Dekonstruksie beklemtoon die onbepaaldheid van betekenisse**

In die bogenoemde aanhaling, is die vooropgestelde opvattings oor geloof, asook die voorveronderstellings waarop die opvattings berus, bevraagteken. Juis deur middel van dekonstruksie kom deelnemeners aan die woord as mensewoord oor God. Die dialoog, om godsmetafore verder te ontwikkel, was gevoer na aanleiding van die teenstrydighede wat deur die katkisante self geïdentifiseer is en waaroor hulle mekaar bevraagteken het oor bestaande opvattings van God en die reflektering daaroor. Hierdie bevraagtekening het onder andere vraagstelling gebruik (sien Hoofstuk 6 & 7). Die narratiewe terapie was gebruik om die vrae aan te ontleen. Die dialoog was in die kulturele konteks van jongmense ingedra deur met bogenoemde drie prosesse verskeie gesprekke met ander

belangrike rolspelers, buite die kategesekonteks, ook te hê. Daar was dus na veelvuldige stories geluister.

Hieronder volg ‘n voorbeeld van persone wat met hulle betrokkenheid bygedra het tot die katkisant se beskrywing van God in haar lewe.

Wat het jou alles gehelp om jou belydenis te skrywe?

*Veral toe God my deur my swaar tye gehelp het. Ek kan terugkyk daarna. As ek nie daardie ervarings gehad het nie, sou ek nie God so leer ken het nie. Ek het nooit gedink God is daar vir my nie – 11 jaar lank (*dominante diskoers*) – en toe het ek begin regkom en ek het agtergekom God is daar vir my. Alles het nie net gebeur nie, daar sit iemand daaragter. My tannie het my dit help ontdek. Wat my betref. Ek was baie negatief in die begin. Ek wou nie kerk toe gegaan en Sondagskool toe gegaan het nie. Ek wou nêrens heen gegaan het, veral wat kerklike dinge aanbetref nie. Want 11 jaar lank het ek gevoel hoekom het God dit nie vir my beter gemaak nie. Toe sê my tannie vir my daar is ‘n God. Hy beantwoord net nie altyd dadelik jou gebede nie. Hy wil hê jy moet eers iets leer voordat hy dit verander. Ek het ook ‘n paar keer met ds G gaan gesels. Ek ervaar nou dat God langs my is, elke oomblik van die dag. Alles wat ek doen, doen ek tot eer van Hom. Hy is soos my boyfriend, alles wat ek doen, doen ek vir Hom. Ek het niemand anders nodig as die Here naby my is nie.*

Deel van die dekonstruksie het plaasgevind met die hulp van ander gelowiges. Dekonstruksie in hierdie geval het plaasgevind omdat die omgewing die bestaande dominante opvatting oor God bevraagteken het. Uit hierdie gesprek tel ons ook ‘n metafoor op oor God, naamlik ‘boyfriend’ – iemand vir wie sy alles wil doen. ‘n Opvatting word sinvol ingedra in die lewe van jongmense deur middel van ‘n metafoor in bogenoemde geval.

Van belang hier is die eie kritiese refleksie wat plaasgevind het by die deelnemende katkisante oor hulle eie geloofsoortuigings en die ontwikkeling wat daar plaasgevind het ten opsigte van die opvattings. Indien dit kon plaasvind by jongmense tydens die kategese, is ek oortuig dat dieselfde kan plaasvind in gesprek met die gemeente.

## 5.7 DIE ROL VAN GELOOFSOORTUIGINGS IN DIE KERKLIKE OPSET

Die fokus skuif nou na die kerk en die rol van geloofsoortuigings binne die kerk. Die kerk word tradisioneel gesien as die bewaker van die waarheid (Dingemans 1986). Die kritiese vraag is nou na watter waarheid word verwys met hierdie aanname. Soos reeds genoem, is taal nie neutraal nie, maar relatief tot die gebruiker en verder ook van waarde vir die gebruiker (Dockery1995:12). Die vertolking van die skrif, as ‘n bundel voorwetenskaplike oorsprongsdokumente, vind in taal plaas sodat mense dit kan verstaan. Met taal word begrippe gekonstrueer. Hierdie begrippe is egter nie alombeskrywend nie. ‘n Afleiding uit hierdie stelling is dat sekere dinge nie gesê word nie. Vanweë die dinamiek van taal en die beperktheid van begrippe se vermoeë om volledig te omskrywe, bestaan daar ruimte vir verdere ontwikkeling in taal en begripsomskrywing. Hierdie ruimte kan deur die kategese benut word vir verdere metaforiese uitdrukkings van godsmetafore binne die kerk. Hierbo was die saak bespreek dat kulturele invloede help vorm aan 'n godsmetafoor waarmee jongmense hulle geloofsoortuigings binne ‘n geloofsverhouding uitleef (Putman 1998:195). Dieselfde aanname kan van die kerk gemaak word.

Kerklike geloofsoortuigings het ook deur blootstelling vorming ondergaan. Daarvan is die geskiedenis van die kerk in Suid-Afrika vol voorbeelde. Hierdie bogenoemde twee sake, naamlik die ruimtes wat gelaat word vanweë onvoldoende taalbegrippe, wat sekere dinge nie gesê kry nie, en die dekonstruksie wat kerklike geloofsoortuigings al ondergaan het, is van waarde vir hierdie studie. Dis waardevol met die oog op die wisselwerking tussen jongmense se gebruik van metafore om geloof in God te taal en die kerklike metafore om geloof in God te taal. Vervolgens word die kerklike geloofsoortuigings bespreek om ‘n basis vir bogenoemde gesprek te skep.

### 5.7.1 Vorming van die kerk se geloofsoortuigings

Die Christelike teologie verdedig ‘n besondere, eksklusiewe waarheidsaanspraak, soos reeds vermeld (Van Huyssteen 1998:25). Teologie word bedryf as ‘n eiesoortige wetenskap wat opereer vanuit ‘n geloofsverbintenis waaragter nie teruggevra word nie (Van Huyssteen 1998:25). Vanuit die geloofsverbintenis, word in gehoorsaamheid ‘n

geloofsleer ontvou oor die openbaring van God wat met gesag alle teologiese refleksie, onfeilbaar begelei (Van Huyssteen 1998:25). Ek gebruik hierdie eksklusiewe waarheidsaanspraak as vertrekpunt. Hierdie geloofsleer is gekonstrueer vanuit sekere bronne. Meestal word sosiale bronne, soos oorleweringe, opvattings en interpretasies vanuit sekere kulturele agtergrond, gebruik om geloofsleer te konstrueer.

Kennis vanuit ‘n postmoderne perspektief word gesien as ‘n sosiale konstruksie gesetel in taal (Kotzé 1994:23) Met hierdie standpunt as tweede vertrekpunt wil ek binne die kategese ‘n ruimte skep sodat daar nuwe kennis oor God gekonstrueer kan word. Soos reeds gesê, word daar van God gepraat as – ‘die God van gate’(Oates1981:28). Alles is nog nie oor God gesê nie en jongmense kan die kerk help om nog meer oor God te sê vanweë die ervarings van God binne hulle lewenstories. Die geloofsleer is onderworpe aan ‘n evolusionêre proses, vanweë hierdie postmoderne perspektief. Soos tyd en omstandighede met nuwe eise ontstaan, word nuwe interpretasie vereis. Die kerk moet te midde van die postmoderne tydgees die storie van God, ‘re-tell’. Die luister na die stem van God uit die Bybel en die luister na stemme van mense rondom ons (Sweet 2000:xvi), dra daartoe by om die inhoudelike van geloofsbelewenisse oor God van vooraf te herinterpreteer.

Daar is ‘n voortdurende interpretasie van die wêreld**.** Kennis is tot ‘n groot mate kontekstueel en pluralisties. ‘What one knows or sees depends on where one stands or sits’ (Brueggemann 1993:8). Kennis, vanuit ‘n postmoderne perspektief, word gesien as ‘n sosiale konstruksie gesetel in taal. In die postmoderne benadering maak vaste sekerhede plek vir verskeidenheid vanweë die dinamiek wat geleë is in taal. Die pluraliteit van moontlikhede of perspektiewe veroorsaak dat die soeke na ‘n vaste punt nutteloos is (Prins 1999:2). Hier lê die ruimte vir die gesprek tussen jongmense in die finalejaarkategese en die kerk. Deur middel van metafore kan daar nuwe godsmetafore ontwikkel word waarmee die kerk en jongmense groter begrip vir God kan ontwikkel.

## 5.8. GESPREK TUSSEN JONGMENSE EN DIE KERK AS GEMEENSKAP VAN GELOWIGES

Hierdie pluraliteit het natuurlik ‘n implikasie vir die gesprek tussen jongmense en die kerk ten opsigte van die geloof in Jesus Christus. Die voorgeskrewe geloofsoortuigings

waarvan die kerk uitgaan in die kategese, moet plek maak vir ‘n eie verwoording van geloof deur die deelnemende katkisante en hierdie eie verwoording word deur die kerk geakkommodeer. Dit beteken dat die kategese moet verruim word sodat jongmense se stem oor eie geloofsopvattings gehoor kan word. Daarmee saam het die gemeente ook ‘n inset om te lewer as deel van die veelvoud van geloofsopvattings oor Jesus Christus. Die gevolg is dat eksklusiwiteit van geloofsuitsprake oor Christus (Du Toit 1997:942) van afstand gedoen word sodat dit verruim kan word deur die geloofsuitsprake vanuit jongmense se eie lewenservaring. Hierdie uitsprake word binne die gemeente gemaak en daar kom ‘n dialoog tot stand binne die gemeente waar die gemeente ook beïnvloed word deur wat hulle hoor by jongmense oor God. Dit bied die geleentheid aan die gemeente om ook weer hulle eie geloofsoortuigings oor God te evalueer, soos wat in die volgende twee voorbeelde van ouers se reaksies vir ons uitwys.

> *Dit was treffend, want dit was verdere kommunikasie in ons gesin gewees (JP se ouers).*
> *…hulle het met vrae en stellings huis toe gekom na aanleiding van die klasbesprekings, waaraan ‘n mens nooit gedink het nie. Dit het ons wyer oor godsdiens laat gesels. Hulle het baie geleer in die klas, en hulle het 'n gesprek oor godsdiens by die huis aan die gang gesit (P se ouers).*

Bogenoemde voorbeelde beskryf die proses waardeur mense in taal medebestaan en medekonstrueer aan ‘n wêreld waarin hulle lewe en dit waaraan hulle glo (Kotzé 1994:27). Hierdie gekonstrueerde geloofsoortuigings word gebruik om in gehoorsaamheid voor God te leef. Hierdie konstruering vind plaas, soos hierbo uiteengesit, in gesprekke en geloofsoortuigings is voortdurend in dialoog met ander geloofsoortuigings. Vanuit die dialoog ontstaan dan ’n proses waar konsensusbesluite, konsensusinsigte en konsensusaannames gevorm word, byvoorbeeld vir die gesin. Hierop word daar verder voortgebou aan toeganklike denkkonstruksies oor geloof in God (Du Toit 2000:90). Geloofsopvattings en geloofsbeskrywings word sodoende verryk. Verrykte geloofsopvattings word verder uitgebou tot geloofsoortuigings en dit beïnvloed weer die lewenstories en metafore wat gebruik word in die voortdurende proses van die taal van ‘n verhouding met God. Vervolgens wil ek elemente bespreek vir die gesprek waar die keuse van waarhede vir ‘n sinvolle geloofslewe bepaal word.

### 5.8.1 Elemente in die gesprek tussen taal en geloof

Die interpretasie van die wêreld deur middel van gekose metafore, naamlik die katkisant met ‘n lewenstorie en die kerk met ’n tradisie, lei tot ‘n beoordeling van die konteks waarvan jongmense en die kerk ook deel uitmaak (Dockery 1995:12). Die waarheid van ‘n godsdiens moet kontekstueel gesien word. Tradisie, belydenis en historiese omstandighede medebepaal die waarheid vir ‘n godsdiens (Du Toit 1997:943). Die uitgangspunt is dat elke persoon die kenner is van sy/haar eie lewe en beskik oor eie vaardighede, talente, vermoëns en geloofsoortuigings. Dit stel finalejaarskatkisante in staat om, met hulle lewenstorie, ‘n eie belydenis te skryf.

Jongmense moet deur die verwoording van ‘n persoonlike geloof geleentheid kry tot ‘n beoordeling van die geloof wat bely word binne ‘n versorgende omgewing. Elemente vir die gesprek sou soos volg kon wees: die rol van waarheid in die gesprek; die funksie van luister; deelnemende dialoog; rituele; wederkerige leer; die kerk as een wat dien; identifiseer onwaarhede en dialogiese hermeneutiek.

#### *5.8.1.1 Die rol en posisie van waarheid*

‘n Voorstel vir gesprekvoering tussen die gemeente en jongmense vind ek by Du Toit (2000:90). Dit kan soos volg beskryf word: In die gesprek bly ‘n gekose kernwaarheid as vertrekpunt. As vertrekpunt vir hierdie studie is die kernwaarheid vir die Christelike geloof - die geloof in Jesus van Nasaret as die openbaring van God aan die wêreld en dat sy kruisdood die verlossingsgebeure is vir elkeen wat glo. Ander standpunte hieroor sal dan op die periferie hulle plek vind, met gepaardgaande minder gesag. Hierdie uitgangspunt negeer nie jongmense se opvattings nie, maar sluit aan by die bogenoemde stelling dat die Christelike godsdiens ‘n besondere eksklusiewe waarheidsaanspraak voorstaan. Die gesprek gaan egter oor dit wat hier genoem word die periferiese waarhede waaruit gekies kan word om ‘n sinvolle geloof oor God in elke katkisant se lewe te kan opbou. Periferiese waarhede, wat dan saam met die kernwaarheid geplaas word vir ‘n sinvolle opvatting, word deur katkisante gekies om dan deel van die kern van hulle eie geloofsopvattings te vorm. Hierdeur word geloof vir elke katkisant, in die huidige konteks, van hulle eie persoonlike bestaan sinvol.

*5.8.1.2 Dubbele luister is nodig*

Uit die bogenoemde (sien 5.8.1.7 en 5.8.1.8) kom ons nou by ‘n manier hoe die katkisante en die kerk met mekaar in gesprek kan tree. Die waarheid as uitgangspunt moet relasioneel beskou word, omdat ons altyd met geïnterpreteerde data (Du Toit 2000:67) te doen het. Geïnterpreteerde data is gebonde aan die konteks en die interpreteerder.

Soos reeds genoem, moet die kerk luister na die stem van God uit die Bybel en die stemme van mense rondom die kerk (Sweet 2000:xvi). Die klem val op luister. Luister beteken dat die gemeente na die stemme van jongmense sal luister en dat finalejaarkatkisante sal luister na die stemme van die gemeente en medejongmense sowel as luister na die Bybel. Sweet (2000:xiv) praat van ‘….restate Christian faith in a manner that takes full account of an anti- Christain Einsteinian universe’.

Met luister het Sweet (2000:xvi) nie ‘n passiewe terugsithouding in gedagte nie. Dit behels ‘n dialoog wat nie-outoritêr, nie-absoluut en nie-finaal is nie (Du Toit 2000:90). Om bogenoemde dialoog te laat plaasvind is ‘n benadering vanuit 'n kontekstuele hoek nodig. Finalejaarskatkisante behoort betrokke te wees by ‘n proses wat volgens Du Toit (2000:91) postfondamentalisme is. Dit is ‘n term wat hy gebruik om die proses van gesprek te beskryf tussen die verskillende wetenskaplike dissiplines. Die doel van die proses van gesprekke is om by ‘n interaanvaarding van bepaalde standpunte uit te kom. Dit werk op die aanname dat die denkstruktuur van die natuurwetenskappe nie anders as die denkstruktuur van die geesteswetenskappe en teologie is nie. Vanweë hierdie aanname is die gesprek tussen die bogenoemde drie dus ‘n interdissiplinêre gesprek wat as uitgangspunt het dat kennis ‘n evolusionêre proses is en was. Die rede vir die afleiding dat so ‘n gesprek gevoer kan word, is dat mense die gesprek voer. ‘n Verdere punt is dat in alle mense is dieselfde proses teenwoordig, dit wil sê op dieselfde wyse is kennis versamel en op dieselfde wyse is daardie kennis verwerk. Dit wil sê die mens se psigiese vermoëns word bepaal deur die biologiese, evolusionêre prosesse, waardeur die mens, as entiteit, ontwikkel het.

Om terug te keer tot die finalejaarkatkisant praat ons uiteraard nie hier van ‘n graad 11-leerder wat skielik op wetenskaplike vlak oor God behoort te gesels nie. Die beginsel

van postfundamentalisme, dat die denkstruktuur dieselfde is, is hier van toepassing. Die finalejaarskatkisant wil net so graag sin maak uit die verhouding met God as wat die leraar, die kategeet, hulle ouers en medeleerders dit wil doen. Daarom kan die gesprek met dubbele luister, na die stem van God en na die stem van die medemens, die weg baan tot nuwe en verrykende metafore oor God.

*5.8.1.3 Deelnemende dialoog*

Dingemans (1986:14) gaan van die standpunt uit dat binne die geloofsgemeenskap saamgeleer moet word wat die wil van die Here is. Die interaksie tussen die katkisant en gemeente is ‘n kritiese dialoog. Jongmense bevind hulself in die geloofsgemeenskap wat terselfdertyd bemoedigend en krities met jongmense is en is ook bemoedigend en krities met die verhale en getuienisse van die apostels en profete. Die vraag is nie wat moet mense glo nie, maar hoe kom mense tot geloof? Geloof, volgens Dingemans (1986:15), is iets wat groei uit die interaksie tussen gelowiges en hulle omgewing. Hierdie omgewing beskryf Sweet (2000), as 'n wêreld waar ons ‘consume’ (verbruik), dit wat die wêreld bied, maar ook 'n wêreld waar daar geskep word. Die wêreld van die internet, veral vir jongmense, is van groot belang (Sweet 2000:xix) en juis binne hulle verwysingsraamwerk. Binne die kategese was daar ook ‘n groot sensitiwiteit vir die deelnemende aard van die proses.

Soos vervolgens verwoord word deur die onderstaande aanhaling van ‘n katkisant:

> *Die Woensdagaand toe mense oor hulle lewenstories begin praat het en toe ek hoor wat ander kinders alles oorgekom het, het ek besef myne was nie die ergste nie. Ek is bly dis verby en dat die Here my gehelp het. Ek het gevoel dat dit wat met my gebeur het, verskriklik erg was en dat niemand anders so erg het nie, maar na daardie aand was ek anders oortuig. Mense wat swaarder as ek gekry het, het tot bekering gekom en dien die Here. So ek kan dit ook doen.*

Wat hier aan die gebeur is is dat die jongmens wat hier sit en luister na ander op twee vlakke deelneem. Daar is ‘n deelname na binne en ‘n deelname na buite. Met die deelname na binne is hy besig om sy eie storie te vergelyk met ander stories waarna hy luister. Terwyl hy luister, ken hy waarde toe aan elke storie waarna hy luister. Dan vergelyk hy die stories volgens ‘n eie waardebepaling wat gebaseer is op emosionele ervarings. Hierdie evaluering binne hom konfronteer sy eie, dominante storie. Dit laat hom sy eie posisie ten opsigte van sy eie dominante storie herevalueer en daar kom ‘n

skuif ten opsigte van sy siening van homself binne sy eie storie. Met ‘so kan ek dit ook doen’ skuif die deelname na buite en word dit sigbaar in gedrag na buite. Freedman en Combs (1996) skryf vanuit narratiewe terapeutiese hoek oor prosesse wat plaasvind binne mense en die rol wat vrae speel in die hele posisionering van ‘n persoon ten opsigte van ‘n eie storie. Ek gaan nie terapeuties reflekteer oor die respons van die katkisante nie, maar wel ‘n paar handelswyses en denkprosesse bespreek, met behulp van Freedman en Combs. Dekonstruksie kan hier onderskei word. Dekonstruksie is die proses waar bestaande konsepte of opvattings verander (Freedman & Combs 1996:145). Hier beweeg die katkisant van die grootste slagoffer met verskriklike omstandighede na een van baie ander en sekeres wat nog slegter daaraan toe is as hy. Met hierdie luister na ander gaan daar nuwe moontlikhede oop, ‘opening space’ (Freedman & Combs 1996:145). Hierdie meer opsies (geopende spasie) tot optrede word moontlik vanweë die hoor van ander verhale. Hierdie hele gebeurtenis was vir bogenoemde katkisant ‘n keerpunt ‘turning point’ (Freedman & Combs 1996:149). Met die keerpunt word die dominante storie geëvalueer en 'n besluit geneem om te verander ‘so ek kan dit ook doen’. Uit bogenoemde voorbeeld sien ons hoe ‘n privaatgesprek uiteindelik die aksies van ‘n persoon beïnvloed.

Tydens die tweede helfte van die jaar het elke katkisant die geleentheid gekry om met vyf persone te praat. Die idee was om ‘n onderhoud te voer met die persoon oor die onderwerp: ‘Wie is God vir jou?’ Die vyf persone was, ‘n familielid (nie ouers nie), 'n onderwyser/es, ‘n vriend/in, 'n gemeentelid/kerkraadslid en ouers. Dit sou die deelname verhoog na persone buite die kategesegroep en sodoende die gesprek vergroot. Die doel van die gesprek met ‘n gemeentelid was om die gemeente bewus te maak van die proses in die kategese, maar ook ‘n gesprek tussen jongmense en die gemeente te bewerkstellig. Die inligting uit die gesprekke kon gebruik word as verrykend tot hulle eie metafore oor God.

As voorbeeld van so ‘n gesprek, word die volgende soos opgesom deur die katkisant voorgehou:

*Onderwyser: God is alles. Hy is die son wat in die oggend opkom. Hy laat die maan en sterre skyn. Hy is die sang van die voëls. Hy is die groei van die plante.*

*Ouer: Jy moet in God 24 uur per, 7 dae ‘n week glo. God is by ons en in alles wat ons doen en hoe ons dit doen.*

*Familielid: Sy sê die Bybel vertel God is Vader, Leier, Heerser en Beskermer.*
*Opsomming vanaf die katkisant self: Ek sê God is my Vader. Hy laat my in die oggend opstaan en in die aand gaan slaap. Hy leef in my ouers sodat hulle vir my sorg. Hy is orals, want Hy is alles rondom ons. Hy is liefde.*

Die blootstelling aan ander sieninge van God beïnvloed nie noodwendig die katkisant se siening oor God nie. Dit was opvallend hoe die beelde van ander wat hulle ondervra het, nie deur hulle gebruik is nie, maar hulle selfs sekerder gemaak het om met groter vrymoedigheid hulle eie beelde te gebruik.

Die deelname is ook uitgebrei na die stof wat tydens die byeenkomste behandel was. In een van die onderwerpe wat behandel was, was die tema hoe ken ons God? Die antwoord was omdat God Hom openbaar aan ons. Die inhoud van die tema was so saamgestel dat daar uit Genesis 2:1-25 gelees moes word. Met die verhalende agtergrond van die gedeelte was daar verskillende karakters uit die verhaal geïdentifiseer en vrae geformuleer aan die karakters. Sodoende is wegbeweeg van Bybelstudie oor die gedeelte na die formulering van standpunte oor die gedeelte. As voorbeeld, is God as ‘n karakter geïdentifiseer in die verhaal. Die vraag aan God as karakter binne die verhaal was: Waarom het u die hemel en die aarde en die mens geskep? Katkisante was nou uitgedaag om antwoorde te formuleer vanuit eie kennis en ervaring van God se doel met die skepping. Hierdie soort benadering verhoog die deelname en bring jongmense kreatief tot formulerings oor geloof in God.

#### *5.8.1.4 Rituele*

Rituele kan ook 'n manier word waarmee die kerk nader aan jongmense beweeg (Sweet 2000:64). Die ritueel van belydenisaflegging in die kerk is belangrik en word geskep waar die jongmens voor die gemeente sy of haar geloofstorie kan vertel. Die geskiedenis van die belydenisaflegging vertel die verhaal van geloofsbelydenis. Dit het ontstaan as ‘n wyse waarop nuwe bekeerlinge tot die gemeente toegelaat is. Die ontwikkeling het verder gevorder tot ‘n gebruik deesdae, waar daar op die kalender ‘n datum gekies was deur die kerkraad en belydenisaflegging genoem was. Met die geleentheid was die hele groep deur ‘n geforseerde proses gestuur waar jongmense as toetsing, sekere vrae moes antwoord vir toelating, die sogenaamde toetsing aan die

hand van vrae. Op die betrokke Sondag was die katkisante een vir een vorentoe geroep en het hulle op vier vrae uit die formelier vir belydenisaflegging geantwoord (Handboek vir die erediens 1983:78). Die belydenisaflegging was dan voltooi.

Die praktyk waaruit die studie voortspruit, het dit verskillend aangepak. Die katkisant was onder geen druk om by ‘n sekere datum belydenis af te lê nie. Daar was aan hulle gestel dat hulle, wanneer hulle gevoel het hulle is gereed, kon hulle 'n brief skryf aan die kerkraad waar hulle noem dat hulle gereed is vir die stap. Dan is daar ‘n persoonlike onderhoud met hulle en hulle ouers gereël, saam met die volwasse begeleier. Met die gesprekke is daar dan oor die jaar gereflekteer en oor die belydenis gepraat. Van die gesprekke is opgeneem in Hoofstuk 8 waar dit bespreek word. Tydens die gesprekke is daar dan op ‘n datum besluit en is die belydenis voorgehou aan die gemeente. Vanweë die groepsverbondenheid het daar tydens die eerste geleentheid wel meer as een katkisant belydenis afgelê. Hulle was toe as groep gevra om die liturgie van die erediens saam uit te werk. Dit was ook die geval met die tweede groep wat daarna belydenis afgelê het. Waar daar net enkelinge was, was die gewone gang van die erediens gebruik, maar kon die katkisant insette lewer oor voorkeure van liedere en skrifgedeeltes vir die preek.

#### *5.8.1.5 Wederkerige leerproses*

Dingemans (1986:14) meen dat die leerproses binne die geloofsgemeenskap wederkerig is. Die leerproses is ‘n oop proses waarin daar nie sprake is van die outoritêre onderwyssisteem nie. Die kerk moet nie voorskryf wat die mense moet glo en hoe die mense moet glo nie. Elke mens kom op sy/haar eie manier tot geloof (Dingemans 1986:14). Soos reeds hierbo genoem, was die gesprekke by die ouerhuise so ‘n wederkerige leerproses.

#### *5.8.1.6 Die kerk as die een wat aandra*

Die kerk bied kennis aan die katkisant deur die verhale oor God uit die Bybel en die gestaltes waarin die verhale lewend gebly het. Die kerk bied dit aan as die brood van die lewe en moet ook dit aan die individu lewe gee (Dingemans 1986:14). Die kerk kan slegs die brood uitdeel, die mens self moet dit eet. Die kerk tree op as die draer

van die brood en kom vanuit ‘n sekere verhouding tot die gesprek met die brood. Hierdie verhouding kan as ‘n magsverhouding gesien en gebruik word. Dingemans (1986:14) se uitgangspunt is dat die kerk het die waarheid en dra dit aan na die jongmens toe. In my benadering tydens hierdie studie verskil ek van Dingemans (1986) daarin dat die kerk eerder ook ‘n medesoeker is. Vanweë die ryke tradisie en toegang tot hulpbronne is die kerk meer belese en beleef dit ‘n ander blootstelling, wat die kerk ‘n deelnemer uit ‘n sekere konteks maak. Die kerk kom dan vanuit die konteks van ‘n eksklusiewe waarheidsaanspraak, naamlik, die openbaring van God soos dit tot ons kom in die Bybel. Vanuit hierdie konteks is die kerk ‘n gespreksgenoot tot die storie van God met mense en mense met God. Die kerk kom dan nie vanuit ‘n meerdere houding nie, maar uit 'n gestalte van dienskneg, om saam met die katkisante te konstrueer wat onder hierdie waarheidsaanspraak verstaan word.

*5.8.1.7 Onwaarhede identifiseer*

Elke jongmens behoort te ontdek hoe om die Christelike geloof te bou, te ontplooi, te ondersteun en in stand te hou (Sweet 2002:xiv). Een manier is om uit te gaan van die standpunt om nie te vra wat die waarheid is nie, maar hoe onwaarhede ontmasker en uitgeskakel kan word (Van Huyssteen 1998:43). Wat word as onwaarhede gesien, en deur wie? Jongmense word gekonfronteer met onwaarhede in hulle geloof deur middel van die blootstelling van eie standpunte, ander jongmense in die finalejaarkategese, asook die geloofsgemeenskap se insette. Hierdie element, naamlik, die identifisering van onwaarhede, skuif die bewyslas na wat is onwaar, eerder na wat is waar. Soos wat reeds vooraf besluit, is die openbaring van God soos dit tot ons kom in die Bybel teologies waar! Hiervolgens word dit wat ons nie glo nie, eerder bevraagteken as dit wat ons glo. Deur die bevraagtekening van ons ongeloof kom ons geloof tot nuwe insigte. ‘n Voorbeeld van bogenoemde was in die tema, sonde wat behandel was. Soos hierbo verduidelik, bevat ook hierdie gedeelte ‘n verhalende gedeelte uit die Bybel, naamlik, Genesis 3:1-24. God is weer eens as een van die karakters binne die verhaal geïdentifiseer. Die vraag aan die God as karakter was: ‘Waarom het u die boom van kennis van goed en kwaad in die tuin geplant as die mens nie daarvan mag eet nie?’ Om hierdie vraag met ‘n reg-verkeerd raamwerk te beantwoord was nie moontlik nie, vanweë die aard van die studie en die wegbeweeg van ‘n reg/verkeerd raamwerk. ‘n Verdere rede is dat met die reg/verkeerd raamwerk word die heeltyd gepoog om God

se dade te regverdig. Met die aanslag van wat kan ons nie glo nie, kon daar ‘n opbouende gesprek plaasvind oor geloof in God en kon metafore vir God na vore kom.

#### *5.8.1.8 Dialogies Hermeneuties*

Dingemans (1986:25) praat van die dialogies-hermeneutiese benadering. Daardeur wil hy die belangrikheid van die eie aard van die katkisant en die eie aard van die tradisie waarin die evangelie oorgelewer is, verdiskonteer. Gerkin (1997:99) praat van narratief-hermeneutiese. Dit wil sê die klem val op jongmense en hulle storie met God, hoe die storie ervaar word en op watter wyse die storie vertel word**.** Met die klem op die dialoog skuif die klem na die gesprek tussen jongmense en kerk. Met hierdie benadering vind daar refleksie, dialoog en interaksie plaas. Interaksie en dialoog bring jongmense met nuwe inligting in aanraking waarop hulle kan reageer deur iets, of alles te integreer. Hierdie soort interaksie kan lei tot geloofsgroei (Dingemans 1986:25).

'n Verdere rede is jongmense se soeke na outentieke ervaring (Sweet 2000:37). Elke katkisant kan tot ‘n eie oortuiging kom binne die geloofsgemeenskap van die kerk, vanuit die konfrontasie met die evangelie soos dit gestalte kry in die geloofstradisie binne die geloofsgemeenskap (Dingemans 1986:25), asook die kultuur van die dag (Sweet 2000:38). Die lewenslyn, as metode, het hierdie dialoog sigbaar gemaak deur die individuele dialoë van katkisante wat voorgehou was.

## 5.9 SLOT

Die hoofstuk het gehandel oor geloof, gebed in die lewenstorie en verwoord deur metaforiese taal deur jongmense in die finalejaarkategese. Lewenstories is dinamies, want dit word voortdurend aan ‘n veranderende konteks blootgestel. Hierdie konteks is groter as die individu wat die lewenstorie konstrueer. Die lewenstorie het ten doel om sinvolle betekenis aan die realiteite in konteks te bewerkstellig. Die blootstelling waaraan die lewenstorie onderwerp word is ook ‘n manier waarop transformasie bewerkstellig word.

Die storie oor wie die jongmense is en waar hulle vandaan is, sluit baie meer in as net die jongmense self (Burr 2002:139). Die storie oor jouself, met jouself as hoofkarakter,

word altyd deur verskillende mense beïnvloed, genoem 'n ondersteunende span. Ander mense help om jou eie storie geloofwaardig en leefbaar te maak (Burr 2002:139). Elke jongmens se eie storie oor wie ek is, word intrinsiek gebind deur die rolle wat jongmense in die daaglikse lewe vertolk. Die lewenstories van die wat in 'n verhouding met jongmense (familie; vriende; geliefdes; bure ensovoorts) staan, beïnvloed ook die lewenstories van die katkisante.

Jongmense het 'n persoonlike geskiedenis, tradisie en sosiale gemeenskap waaruit elkeen kom. Brueggemann (1990:243) noem dat geen tekslose persone bestaan nie. Ons lewe vanuit die teks. Hierdie teks mag 'n narratief wees, wat reeds gekonstrueer is uit 'n ekstase of hartseer wat beleef was deur die persoon. Die narratief ontwikkel voortdurend deur hervertellings en herinterpretasies. Hierdie vertellings kan dikwels ver verwyderd van die oorspronklike vertelling draai.

Elke jongmens staan in verhoudings en vanuit die verhoudings en gebeure, bestaan daar sekere 'intriges', dit wil sê, 'dominante' temas van belangrikheid. Hierdie dominante temas spruit voort uit die interaksie wat binne die verhoudings plaasvind. 'n Manier om die interaksie met ander te verklaar is deur middel van die narratief (Burr 2002:139; Clandinin & Connelly 1991:258). Een van die basiese kenmerke van die mens is om ervarings in 'n narratiewe raamwerk te plaas (Burr 2002:139). Dit beteken dat mense voortdurend verhale konstrueer, oor hulleself, oor ander en gebeurtenisse wat plaasgevind het.

Hierdie benadering gee erkenning dat daar vele individue is wat elkeen andersdenkend is. Postmoderne denke is die klein verhale en unieke denke van persone en gee aan elkeen, los van veralgemenings, erkenning. Interpretasie berus nie op 'n eksterne teks of die outeur daarvan nie, maar op die relatiewe mening en waardesisteem van die interpreteerder (Dockery 1995:12). Postmoderne denke erken verskeidenheid sowel as uniekheid. Dit behels dat daar eerder na elke persoon se unieke verhaal geluister word sonder om 'n persoon se verhaal, vanuit algemene raamwerke, te interpreteer. Daar word aan sosiale konsensus, waar die sosiale groep bepaal wat waarheid vir hulle is, voorkeur gegee.

Samevattend kan van die voorafgaande gesê word,  dat deur middel van blootstelling aan godsdiens, ontwikkel metafore by jongmense oor ‘n godsmetafoor. Deur middel van die narratiewe praat en leef hulle die metafore uit in hulle lewe. Tydens kontak met ander jongmense kom hulle in kontak met ander metafore oor God. Die sosiale konstruksie proses konfronteer jongmense se metafore en verryk dit. Met die dekonstruksie en rekonstruksieprosesse vorm en verander jongmense hulle huidige metafoor, sodat hulle geloofslewe verder sin maak. Hierdie wisselwerking vind plaas in onder ander die deelnemende pastorale kategese. Volgende word die praktyk van hierdie benadering beskryf aan die hand van die jaar se kategese wat gevolg was met die deelnemende katkisante.

## HOOFSTUK 6

## DIE PRAKTYK VAN DEELNEMENDE PASTORALE KATEGESE MET DIE OOG OP GELOOFSONTWIKKELING VIR DIE FINALEJAAR KATKISANT

### 6.1 INLEIDING

Met die klem op die persoonlike belydenis wil ek in hierdie hoofstuk ‘n pastoraal kategetiese proses beskryf, waaraan jongmense as katkisante in die finalejaar van kategese deelgeneem het.

Vanuit die verhaal van die kategese is die belydenisaflegging die laaste ritueel wat die formele kategetiese onderrig van die kerk aan jongmense afsluit. Belydenisaflegging het volgens Osmer (1996:xi) die volgende doel: ‘It represents an effort by the congregation to give its young people, a chance to understand the faith into which most of them were baptised as infants’. Osmer (1996:168) bespreek dit egter verder en raak volgens my die kern aan van geloofsbelydenis naamlik, die persoonlike betrokkenheid van jongmense by die belydenis van geloof, en in hierdie hoofstuk wil ek juis hierby aansluit. Osmer (1996:168,173) bespreek die persoonlike betrokkenheid soos volg:

> ‘The church is in need of a clear liturgical and educational practice that will mark the individual’s corporate confession and personal claiming of the covenant (168). Confirmation, as a free, human response, takes up and gives answer to God’s covenanting activity….(:173) Confirmation is a personal act….involving heartfelt profession and pledging (:168) ….the individual’s confession of the church’s faith….by which he or she personally professes the faith and pledges obedience to the Triune God’.

Daarmee saam het belydenisaflegging in die Ned Geref Kerk 'n geskiedenis, verhaal, wat dit laat ontwikkel het in ‘n praktyk soos ons dit vandag waarneem. Hierdie verhaal neem in ‘n sekere sin die praktyk gevange en die praktyk word dan die slagoffer van die verhaal. Osmer (1996:29) noem dit ‘narrative-dependent’. Hierdie verhaal veroorsaak ‘n probleem vir die praktyk, wat in hierdie navorsing van nader bekyk word. Die verhaal van belydenisaflegging, het vanuit 'n sekere konteks ontwikkel, waarin die verhaal gebed was en word in die Ned Geref Kerk, binne die kerklike

tradisie, verder instand gehou. In hierdie hoofstuk word die oorsake van die probleem nie aangespreek nie, maar wel ‘n werkswyse vir die praktyk voorgestel. Hierdie hoofstuk wil die praktyk bespreek waarin kategese pastoraal deelnemend plaasgevind het tussen gelyke gespreksgenote.

## 6.2 VERLOOP VAN DIE KATEGESEPROSES

Die goue draad van my navorsing is: Die uniekheid van die tiener-individu se ontwikkeling in geloofsverstaan en geloofshandeling en hierdie hoofstuk belig die rol van die proses van kategese daarin. Die uitdaging was om die kategeseproses te omskep in 'n pastorale handeling, wat jongmense help om die Christelike geloof, te verwoord en deel te maak van hulle lewe. Die daarstel van geleenthede, as deel van deelnemende aksienavorsing (Taylor & McConnel 1991:581), dat katkisante voortdurend hulle eie geloofstories kan herdefinieer en almal gelykwaardig insette kan gee, was die oogmerk. Dié hoofstuk word gestruktureer volgens die volgende elemente wat die proses was waarvolgens die kategese plaasgevind het.

Die verloop van die kategese het oor ‘n jaar gestrek en het soos volg daaruit gesien:

- (i) Byeenkomste om temas vas te stel;
- (ii) Byeenkomste om die vasgestelde temas te bespreek;
- (iii) Die deelname aan die kategetiese proses word wyer geneem;
- (iv) Kerkkamp;
- (v) Geloofslewenslyn se ontwikkeling;
- (vi) Skryf van ‘n belydenis;
- (vii) Belydenisaflegging.

Die res van die hoofstuk sal aandag aan hierdie en verwante temas gee. Daar word aan die byeenkomste waar die temas vasgestel is volgende aandag gegee.

## 6.3 BYEENKOMSTE OM DIE TEMAS VAS TE STEL

Daar was aan die begin van die jaar ‘n bespreking, met die deelnemende katkisante gehou oor wat die jaar beoog word. Dit het plaasgevind met die eerste byeenkoms waar die katkisante en hulle ouers teenwoordig was. Die hele proses is aan hulle

verduidelik en hulle samewerking in die verband gevra. Die doel om katkisante te begelei tot die ontwikkeling van ‘n eie eerlike/outentieke geloofsbelydenis, wat nie bloot ‘n bevestiging van die voorgeskrewe belydenis is nie, maar deelnemend met die "finalejaarskatkisant" gedoen is, gesitueer binne hulle persoonlike lewensstories en die geloofstorie van die geloofsgemeenskap. Die kategeseproses was verduidelik, dat dit sou bestaan uit ‘n belydenis jaar met gelyke gespreksgenote, waar daar anders as ander jare ‘n eie geloofsbelydenis ontwikkel word en dat hierdie belydenis aan die gemeente voorgehou gaan word. Tydens die tweede byeenkomste is daar met vrae aan die katkisante bespreking gevoer. Hierdie vrae was deur my as leraar opgestel in ‘n poging om die saak van belydenisaflegging van die begin af ‘n besprekingspunt te maak. Deur middel van die vrae wou ek die verskillende behoeftes vas stel asook om hulle van die deelnemende aard van die jaar se kategese bewus te maak. Die vrae word volgende bespreek.

### 6.3.1 Die vrae wat gebruik was vir die vasstelling van die temas

Hier volg nou ‘n kritiese bespreking van die respons op die vrae:

(i) Wat beteken belydenisaflegging vir jou?

Met hierdie vraag wou ek agterkom wat verstaan die deelnemende katkisante van belydenisaflegging en watter dominante diskoerse kan geïdentifiseer word. Baie katkisante het dit as ‘n geleentheid gesien waar hulle, hulle geloof kon bely*: Dat jy voor die gemeente gaan sê dat jy aan Jesus behoort*. *Dit is as jy kan sê dat jy volkome in die Here glo met jou hele hart en hele siel*.

Hieruit kan die gevolgtrekking gemaak word dat daar wel katkisante was wat ‘n goeie idee gehad het wat dit beteken. Opvallend hier was response wat daarop gedui het dat dit as ‘n voorwaarde gesien word: *Dit is om te bely dat jy die Here aanneem om lidmaat te word*. Daar was ook enkeles wat die belydenisaflegging as geroepe tot die groter samelewing gesien het: *Om jou gereed te kry om te bely dat daar ‘n ware God is vir die sendingveld daarbuite*. Hierdie uiteenlopende response, was volgens my die gevolg van etlike jare se kategese opleiding, asook ouers se opvattings by die huis en hulle eie mening wat gevorm was tot op daardie stadium

(ii) Wat dink jy het jy nodig om belydenis te kan aflê?

Die rede vir hierdie vraag was om vas te stel wat sou die behoeftes van die deelnemende katkisante wees ten opsigte van die jaar se kategese. Hierdie vraag sluit aan by die uitgangspunt dat die leraar ook 'n nie-weter kan wees ten opsigte van die behoeftes van die katkisante. Sake wat na vore gekom het uit die response was: *geloof, selfvertroue, kennis oor God, samewerking met ander soos die leraar, fasiliteerders en mekaar as katkisante.*

(iii) Hoe gaan jy dit wat jy dink jy nodig het kry?

Hierdie vraag is geformuleer met steun aan die gedagte dat elke katkisant ook unieke sterkpunte en vermoëns het wat aangewend kan word in die ontwikkeling van 'n belydenis. Die response het gewissel van: *deur te glo, Sondag kerk toe te gaan, God vra vir krag en selfvertroue, deur saam met ander te leer wat gedoen moet word, die Bybel te lees*, tot deur die *leiding van die kategeet te aanvaar*.

(iv) Watter dinge kan jou help om dit te kry?

Hierdie vraag wou die hulpbronne waaroor die katkisante beskik ontgin en terselfde tyd hulle bewus maak van die hulpbronne waaroor hulle beskik waarvan hulle dalk nog nie bewus was nie. Die vraag het ook ten doel gehad om die deelnemende katkisante nie slagoffers van die praktyk van belydenisaflegging te sien nie, maar te bemagtig in die proses. Response was onder andere: *samewerking met mekaar binne die groep, wilskrag, geloof in God om vrae te vra, getroue bywoning van die groep se byeenkomste, gawes en talente wat die Here gegee het, die kerk, Bybel en geloof, die leraar en my ouers*.

(iv) Watter dinge gaan dit vir jou moeilik maak om belydenis af te lê?

Met hierdie vraag wou ek die realiteite van elke individuele deelnemende katkisant in ag neem, om daardeur te bevestig dat elkeen belangrik is binne die groep. Elkeen se situasie verskil van die ander in die groep. 'n Samevatting van die response hierop was soos volg: *twyfel, vriende, verkeerde indrukke van belydenis, om nie God se plan*

*vir my te verstaan nie, nie getrou te wees , satan, selfbewustheid, haat en geen verhouding met God het nie.*

(v) Watter rol wil jy hê moet die dominee en die fasiliteerders speel hierdie jaar?

Hierdie vraag posisioneer ek myself as deelnemer deur die blootstelling aan hulle verwagtings van my as leraar, ook om later hierna terug te verwys indien die verwagting een van ‘expert’ of ‘weter’ teenoor ‘nie-weter’(katkisant) sou wees. Om dan myself te herposisioneer ten opsigte van hulle verwagting. Sodoende word daar ‘n basis vir gesprek geskep rondom my posisie vir die jaar se kategese. Die response was onder andere: *‘n rol om na op te kyk, om eendag self so te leef, hulle moet ons leer van geloof, gebed en jou help as jy probleme het, inligting te gee oor waaroor belydenis gaan en hoekom ons dit gebruik, jou van God vertel, vriendelik wees, baie groot rol omdat God deur hulle werk, ‘n belangrike rol want hulle gaan saam met ons belydenis aflê.*

(vi) Watter rol wil jy hê moet jou ouers speel?

Familie en familie betrokkenheid was ook baie belangrik en hierdie vraag help om die verwagtings van die katkisante te verbaliseer. Hierdie response was ook later gebruik met die kwartaallikse terugvoer aan die ouers. Die response was soos volg: *om jou te ondersteun in alles wat reg is, jou op die regte pad te hou as jy wil afwyk, jou waarsku teen verkeerde druk in die samelewing, jou aan te moedig om belydenis af te lê, jou bystaan en vir jou bid, ons ondersteun en ons help waar ons foute maak, soos hulle by die doopbelofte beloof het is dit ook hulle plig om ons te motiveer.*

(vii) Wat moet ek vir my belydenisontwikkeling weet?

Hierdie vraag wou die kennisinsette vasstel vir die jaar, waarvolgens daar dan temas uitgewerk sou word. Response soos die volgende was ontvang: *hoe om by belydenisontwikkeling uit te kom, hoe om verhoudings te hanteer, hoe om molestering te hanteer, hoe om voorhuwelikse seks te hanteer, hoe om Jesus Christus te hanteer, hoe*

*goed moet ek voorbereid wees, hoe goed moet ek God ken, hoe weet ek of ek regtig gelowige is*. Hierdie response was dan as riglyn gevolg om daaruit dan saam met die katkisante deelnemende te bepaal watter temas vloei hieruit voort wat vir die groep van belang sou wees. Vir die individu wat ‘n respons neergeskryf het was daar 'n geleentheid gebied om alleen met of die fasiliteerder of die leraar te praat oor die saak wat hy/sy geopper het en nie deur die temas van die jaar hanteer sou word nie.

(viii) Wat moet ek doen?

Die vraag sou aanleiding gee om deur middel van ervaringsleer en deelnemende leer sekere vaardighede te ontwikkel wat die katkisante gevoel nodig was ten einde hulle belydenis te ontwikkel. Die response samevattend was die volgende: *beter verhoudings te kan handhaaf, beter met die Here te kommunikeer, die lewe deur ander se oogpunt te sien, ek wil vir mense kan sê as hulle my seermaak, hoe om oor te gaan tot dade.*

(ix) Wat moet ek wees?

Soos al twee bogenoemde vrae was dit van toepassing op die belydenisaflegging. Hierdie vraag wou die gesindhede wat die katkisante wou verander ontdek en daarmee die omvang van die belydenis vir hulle laat besef. Dit gee ook waardevolle inligting vir die temas deur wat dan stof kan word waarmee die katkisante kon gaan werk het. Leer het ook te make met kennis, vaardighede en houding wat aan verandering blootgestel word.

Na aanleiding van die vrae aan die katkisante oor wat die kennis is wat hulle nodig het om ‘n eie geloofsbelydenis te skryf, is temas gekies uit die kategetiese leerstof van die Ned Geref Kerk (Bely en Lewe 1, 1994). Daar bestaan twee redes vir die besluit. (i) Daar was ‘n groot stuk onsekerheid by die groep oor waar om te begin, met die proses, Die handboek het 'n bekende blyk te wees vanweë die jare se kondisionering tydens die kategese en dan sluit ek myself nie uit by die kondisionering nie. (ii) Omdat die werk voorgeskryf was vir die kategese vir die finalejaar was dit goed vir my om van

dit te hanteer. Waarin ek myself onderskei is, dat die handboek was bloot as ‘n riglyn gebruik vir die kennisinsette wat nodig sou wees. Die uitgangspunt van kennis gekonstrueer tydens die byeenkoms was vir my in alle opsigte die doel. Die kategese handboek sou nooit slaafs nagevolg word nie, maar bloot as ‘n hulpbron tot die proses bly. Kennis is te alle tye tydens byeenkomste met die katkisante onderhandel. Hierdie temas was tydens byeenkomste bespreek. Hier volg die temas soos deur die groep besluit.

### 6.3.2 Temas vir die kategese

Die keuses van temas uit die kerklike stof, wat deur die deelnemende katkisante gemaak was, word hieronder weergegee:

- My lewe maak sin;
- Ek weet God bestaan en gee vir my om;
- God is nie een-saam, maar drie-saam;
- Prys die Here – Hy het my gekies;
- Ek het ‘n keuse gemaak wat my iets kos;
- Bou ‘n beter jy;
- Ek behoort aan ‘n gemeente;
- Ek neem deel aan die sakramente (doop en nagmaal is afsonderlik behandel); en
- Ek leef as Christen in my gesin. Tydens hierdie byeenkoms was die ouers uitgenooi om saam met die groep oor hierdie onderwerp te kom gesels.

Na aanleiding van die katkisante se terugvoer op bogenoemde vrae het dit geblyk dat bogenoemde temas nie voldoende was vir die deelnemende katkisante nie en het hulle verder temas voorgestel. Die onderstaande temas is op ‘n deelnemende wyse tydens die tweede helfte van die jaar op besluit:

- Hoe ken ons God?;
- God is?;
- Wat is gemeente?;
- Wat is belydenis?;
- Waarom is belydenis van God nodig?;

- Riglyne vir ‘n eie belydenis; en
- My eie belydenis.

Hierdie tweede groep temas was grootliks op ‘n besprekingsbasis soos bo uiteengesit gehanteer teenoor die eerste lys temas waar die handboek die vertrekpunt was. Die eerste lys temas is behandel om ‘n vrymoedigheid te kweek tot deelname binne die groep katkisante. Nooit tydens die byeenkomste was daar druk op die groep om die gekose tema vir die dag te volg nie. Hieronder volg ‘n skematiese voorstelling van die temas se verspreiding oor die jaar.

## 6.4 BYEENKOMSTE OM DIE VASGESTELDE TEMAS TE BESPREEK

Die byeenkomste word bespreek deur na die byeenkomste skematies voor te stel. Daarna word ‘n beskrywing gegee van ‘n byeenkoms.

### 6.4.1 Skematiese voorstelling van die byeenkomste

Hierdie skematiese voorstelling gee ‘n geheel oorsig oor die jaar se temas wat behandel is. Die kolomme beskryf die byeenkoms nommer dan volg die tema wat behandel was. As verder uitvloeisel van die skematiese voorstelling word daar verder in hierdie afdeling ook ‘n byeenkoms inhoudelik verduidelik.

| Byeenkoms | Mikpunt |
|---|---|
| 1e | Inligting aan ouers en katkisante oor die proses |
| 2e | Vrae oor belydenis |
| 3de | Wees, doen en weet vasstel |
| 4de | Lys temas uit handboek identifiseer |
| 5de | Eerste tema uit handboek: My lewe maak sin |
| 6de | 2de tema: Ek weet God bestaan en gee vir my om |
| 7de | 3de tema: God is nie een-saam, maar drie-saam |
| 8ste | 4de tema: Prys die Here - Hy het my gekies |
| 9de | 5de tema: Gesamentlike byeenkoms met ouers en katkisante. |

| | |
|---|---|
| 10de | 6de tema: Ek het ‘n keuse gemaak wat my iets kos |
| 11de | 8ste tema: Bou ‘n beter jy |
| 12de | 9de tema: Ek behoort aan ‘n gemeente |
| 13de | 10de tema: Ek neem deel aan die sakramente |
| 14de | 11de tema: Gesamentlike byeenkoms met ouers en katkisante. |
| 15de | Byeenkoms na Julie vakansie waar tweede reeks temas begin behandel is: Gesprek oor lewenslyn |
| 16de | Temas: Ek leef as Christen in my gesin |
| 17de | Temas: Terugvoer oor gesprekke met 5 persone |
| 18de | Temas van algemene aard |
| 19de | Temas: van algemene aard |
| 20ste | Lewenslyn bespreek |
| 21ste | Lewenslyn bespreek |
| 22ste | Lewenslyn bespreek |
| 23ste | Lewenslyn bespreek |
| 24ste | Belydenis voorhou aan finalejaarsgroep |
| 25ste | Belydenis voorhou aan finalejaarsgroep |

Hier volg 'n voorbeeld van die inrigting van so ‘n byeenkoms:

### 6.4.2 Voorbeeld van ‘n byeenkoms

Die bespreking van die inrigting van ‘n byeenkoms wil die proses duidelik maak wat gevolg was deur die loop van die jaar se kategese. Met die sosiale konstruksie teorie en die narratief ingebou in die wyse van kategese doen is daar nie ‘n baie duidelike struktuur nie, maar wel duidelike riglyne wat gevolg was. ‘n Tipiese byeenkoms het soos volg daaruit gesien:

(i) Die groepe het ingekom in ‘n lokaal groot genoeg vir die groep en in kleingroepe gaan sit. Hierdie kleingroepe was aan die begin van die jaar saamgestel deur te vra dat die groep groepe van 7 moes vorm. Groeplede was gevra om nie sommer te skuif nie, want die interaksie binne die kleingroep was ‘n belangrike saak.

(ii) Binne die kleingroep was daar ‘n werkkaart ontvang wat in onderafdelings verdeel was. Die leraar het die werkkaart saam gestel.

(iii) Die eerste op die werkkaart was 'n vraag: ‘Vertel ons hoe jou verhouding met die Here jou lewe hierdie week beïnvloed het en hoe jou lewe jou verhouding met die Here beïnvloed het?’ Die vraag probeer om die katkisante bewus te hou van die doel van die jaar, maar gee ook geleentheid om binne die kleingroep hulle week met mekaar te deel. Niemand was verplig om hulle week met die groepe te deel indien hulle nie wou nie. Indien daar iets in die kleingroep na vore sou kom wat relevant en aktueel vir die hele groep sou wees kon die groep dit noem en die hele groep daaroor besluit. Dit kon dan die byeenkoms se tema vir daardie dag beïnvloed.

(iv) Indien daar geen bespreking op hierdie wyse geinisieer was nie het daar ‘n kennisinset gevolg wat deur die leraar aangebied opsommend aangebied was. Die eerste deel van die jaar was die temas aangebied uit die handboek van die Ned Geref Kerk vir die st 9/Gr 11.

(v) Na die leerinhoud was die werkkaart gebruik wat reeds vrae geformuleer gehad het oor die inhoud van die leerstof.

(vi) Na die bespreking in die kleingroep is daar aan die groot groep die response deur die kleingroep meegedeel. Hieruit het daar ‘n bespreking in die groot groep voortgevloei. Vanaf die leraar spesifiek was daar standpunt teenoor die response ingeneem om verdere bespreking oor die saak uit te lok. Dit was gedoen deur kritiese vrae aan die response van die groep te vra. Die groepslede kon dan of identifiseer met die vrae en soortgelyke vrae vra en motiveer hoekom hulle dit vra, of met die response skaar en motiveer waarom hulle dit doen. Sodoende is verskillende posisies verder bekyk en meer nadenke het oor die tema gevolg.

Tydens byeenkomste met die ouers, voogde en katkisante, is die proses van geloofsbelydenis wat aan die ontwikkel is, in die katkisant se geloofslewe, aan die partye verduidelik. Op hierdie manier is die aktiewe insette, van alle partye, se belangrikheid, beklemtoon. Uit die voorafgaande was daar aan die verkryging van temas vir die jaar aandag gegee. Dit was gedoen deur middel van vrae aan die

deelnemende katkisante oor wat hulle behoeftes sou wees en daar is vanuit hierdie behoeftes gewerk. Vanweë die kerklike tradisie waarin ons staan was daar ook aandag aan die kerklike stof gegee. Die proses is verder geneem deur die gesprek rondom geloofsbelydenis wyer te maak deur familie, vriende en die breër geloofsgemeenskap te betrek.

## 6.5 DIE GESPREK WORD WYER GENEEM

Na die kamp wat in die Julie vakansie gehou is en met die aanbreek van die derde kwartaal, was daar by die eerste byeenkoms gereflekteer oor die verloop van die proses tot dusver, asook ‘n waardebepaling gemaak vir die verder verloop van die proses. Met die bespreking is die volgende riglyne bepaal:

(i) Vir die uitbreiding van die huidige gespek oor geloof moes die jongmense gaan na hulle ouers, ‘n onderwyser, ‘n familielid, ‘n kerkraadslid en ‘n vriend of vriendin met die vraag: ‘Wie is God vir jou?’ Hierdeur is die gesprek oor geloof in God verder uitgebrei na ander persone buite die kategesegroep. Die gesprek is hierdeur wyer gemaak.

(ii) ‘n Kort samevatting oor elke gesprek moes opgeteken word, sodat hulle dit kon gebruik om verder uit te bou aan hulle eie belydenis, omdat hierdie persone belangrike rolspelers in hulle lewe was.

(iii) Daar is dan ook tydens opvolgbyeenkomste daaroor terugvoer gegee en in die kleingroep daaroor gereflekteer. Op hierdie wyse word die sosiale gemeenskap betrek by die jongmens se proses, van geloofsontwikkeling. Terugvoer oor die ondervinding asook, watter gevolgtrekking gemaak was oor die reaksies, en wat dit vir hulle eie belydenis beteken het, is bespreek.

### 6.5.1 Reaksie op die vraag: ‘Wie is God vir jou?’

Hierdie vraag was opgestel deur die leraar na ‘n bespreking oor hoe ander mense glo. Hieronder word terugvoer as voorbeelde bespreek. Die formaat waarin dit gedoen word is soos volg: Daar word eers die respons gegee wat deur die katkisant opgeteken

was - dit word kursief gedoen. Daarna volg opmerkings wat relevant is oor die respons en dan word dit na die volgende persoon se respons, soos weergegee deur die katkisant beweeg.

Die volgende is enkele voorbeelde van die terugvoer op die vraag:

My **onderwyser** het gesê:

> *God is alles. Hy is die son wat in die oggend opkom. Hy laat die maan en sterre skyn. Hy is die sang van die voëls en die groei van die plante* (NdP)

**Opmerking:** God word as ervaring beskryf. Daar is nie kognitiewe kennis in die beskrywing nie, maar estetiese ervaring. In hierdie studie word daar dan ook ‘n saak uitgemaak dat godsdiens ervaring is en nie soseer kognitiewe kennis nie. God word toeganklik vir die sintuie en ervaringsveld (Putman 1998:78) deur middel van metafore, en sodoende word God nie beperk nie.

**Onderwyser:**

> *Maklik om te sê wat doen God. Wie God is, is moeiliker. Hy is die eerste en laaste. Alles wentel om Hom. Hy is vir elkeen iets anders, maar as Hy in jou lewe is, is dit reg. ‘n Mens se persepsie van God is gegrond op ervaringe* (JH)

**Opmerking:** ‘n Belangrike onderskeid word deur die eerste stelling na vore gebring. My ervaring is dat baie belydenisse draai eerder oor wat God doen as wie God is. Volgens my sou 'n belydenis eerder die antwoord wees op wat glo ek van God, wat binne die bestaan van my lewe bydra tot groter sin belewing.

My **ouers**:

> *Wanneer hulle na my kyk, weet hulle God is ons Skepper, Vader en Enigste. Hy is die grote die een wat my gestuur het om my ouers te dien hulle gelukkig te maak. Hy is in ons en om on*s. (RL)

**Opmerking:** Hierdie is ‘n interessante vergelyking waar die jongmens as ‘n voorbeeld gebruik word oor wie God is. Die verhoorder van gebede wat aan ‘n ouerpaar 'n kind gee en dat die kind die ‘naam’ dra van God verhoor gebede.

My **Broer:**

> *God is die Verlosser, ons verlosser en saligmaker. Hy is ‘n drie-enige God: die Vader Seun en Heilige Gees. Hy is genadig en het ons altyd lief. Hy sal ons altyd vergeef van ons sonde. Hy is die allerhoogste wese. God moet deel wees*

> *van elkeen se lewe, sodat almal sy kinders kan wees. Elkeen sal ‘n ander siening oor God hê* (YU)

**Opmerking:** Die broer was op daardie stadium twintig jaar oud. Hy het duidelik vir homself al 'n geloofsbelydenis oor God gekonstrueer. Die gelatenheid en selfs feitelike wyse waarop dit aanvaar word dat daar nie dieselfde beskrywings vir God bestaan nie is opvallend. Hierdeur word hierdie studie se standpunt versterk dat daar nie voorskriftelik met ‘n belydenis oor God gewerk kan word nie.

Deel van hierdie versameling van inligting oor God was dat elke katkisant ‘n eie gevolgtrekking oor die gesprek maak en dit ook weergee. Die volgende is voorbeelde hiervan:

**(i) Katkisant se terugvoer:**

> *Uit my gesprek met Mnr M. het hy gesê: God is sy skepper en sy beskermer. Hy sê ook dat God sy hele se bestaan bepaal en regeer.*
> *Ek het met my ouma gepraat en sy het gesê God is haar toevlug in die nood en ook elke dag. Sy glo dat Hy die koning, priester en profeet van haar lewe is.*
> *Die gesprek met die kerkraadslid oom N: Hy het gesê God is sy verlosser, saligmaker en sy trooster, en Hy is die beskermer en beheer sy lewe.*
> *My ouers sê dat God hulle skepper is en die skepper van die heelal. Christus is hulle verlosser en saligmaker. Christus is my ouers se trooster.*
> Katkisant se afleiding: *My algemene afleiding uit die gesprekke met bogenoemde mense lei ek af dat God hulle skepper is. Hulle glo almal dat God hulle verlosser en saligmaker is en Hy hulle lewensweg bepaal.*

**Opmerking:** Sonder om na elkeen van die response van die persone te gaan, wil ek hier die katkisant se afleiding bespreek. Interessant hoe die katkisant selektief afleidings maak. Hy gebruik net sekere mense se woorde en veralgemeen dit as almal se woorde oor God in die geval God is skepper. Heel waarskynlik is dit omdat dit resoneer met ‘n eie godsbeeld waarmee daar gewerk word deur die betrokke jongmens. Hier is die sones vir naaste ontwikkeling ook ter sprake (Vygotsky 1977: 17). Wat beteken dat ek net bevatlik is vir sekere kennis en inligting waarvoor ek gereed is of begelei word om gereed te wees daarvoor.

**(ii) Katkisant se terugvoer**

> *Ek het by ‘n klomp verskillende mense gehoor wie God vir hulle is. Elke persoon het sy eie mening en twee persone se menings is selde dieselfde. Ek het*

*wel gevind dat my ouers hierdie vraag saam beantwoord het en mekaar op plekke aangevul het*. (MB)

**Opmerking**: Hierdie waarneming, is so tipies binne die christelike geloof. Opvattings oor God en metafore vir God en godsbeelde verskil van mekaar, en tog bly mense glo in God. Selfs binne die kategese groep met al die verskille was jongmense gewillig om oor hulle godsbeelde en metafore oor God met mekaar te deel. Die kerkkamp was ook 'n verwikkeling wat nie vooraf deel van die proses was nie maar het bygekom as deel van die proses.

## 6.6 DIE KERKKAMP

'n Kamp is gehou in die eerste week van die Julievakansie saam met ander gemeentes se jongmense en hulle predikante. Die kamp was nie oorspronklik deel van die jaar se beplanning nie, maar het later bygekom en is toe wel geakkommodeer met die kinders wat wou gaan kamp het. Die blootstelling was vir die wat die kamp bygewoon het, 'n wonderlike ervaring. Hierdie kamp het nie deel gevorm van die proses nie, maar vanweë die impak wat dit gehad het word dit kortliks bespreek onder die kronologie, omdat dit deel vorm van die lewenstorie van nagenoeg agtien jongmense. Die kamp word bespreek deur na die formaat te verwys, die inhoud wat op die kamp behandel was en die kultuurgeoriënteerde leer model word as teoretiese basis van die kamp bespreek.

### 6.6.1 Die formaat van die kamp

Die kamp het uit sekere onderskeibare dele bestaan. Die eerste was die Bybelstudies, dan die temas. Daar was ook van mimieke gebruik gemaak as deel van die leermetode, waar die temas se inhoud met 'n mimiek (mimiek is 'n woordlose vertolking deur middel van liggaamlike gebare van 'n saak of tema) voorgestel moes word. Georganiseerde sport aktiwiteite het uit vlugbal en snelkrieket en boeresport bestaan. Vryetyd was daar ook wat tot sosialisering met ander jongmense gelei het Die sosialisering met ander jongmense was vir die gemeente se jongmense 'n verrykende ervaring.

### 6.6.2 Die inhoudelike van die kamp

Die inhoudelike van die kamp word kortliks genoem: (i) Die temas van die kamp het gehandel oor die heilsorde wat daagliks behandel is in die vorm van ‘n tematiese Bybelstudie. (ii) Die kamp was georganiseer vir kleingroepbediening wat verdeel was in ‘n seunsgroep van vyf seuns per kleingroep en ‘n meisiekleingroep van vyf meisies. Elke groep het ‘n groepleier gehad wat die hele kamp saam met die groepie meegemaak het. ‘n Seunsgroep en ‘n meisiegroep het saam ‘n span gevorm. (iii) Aktiwiteite het gewissel tussen die kleingroep met besprekings tot spanaktiwiteite (sport en bespreking) en grootgroepdeelnames (sang en speletjies).

### 6.6.3 Die kamp gebed in ‘n kultuurgeoriënteerde leer model

Met die bespreking van die kamp se bydrae tot die kategese sluit ek by die kultuurgeoriënteerde leermodel aan. Hermans (2003:269) onderskei in die sielkunde van leer en weet tussen drie skole, te wete behavioristiese, kognitiewe en kulturele. Die doel is nie om die skole hier te bespreek nie, maar om die kulturele benadering nader te beskryf vir die doel van hierdie studie. Die kulturele benadering sien religie as die godsdienstige praktyke midde ‘n gemeenskap van bedieninge, waarbinne tradisie en oortuigings ’n rol speel in die geleenthede waarby betrokke geraak kan word. Vir die gebruik hiervan vir die kamp beteken dit dat daar by die kamp vanuit ‘n sekere konteks gewerk was. Daar was die kognitiewe leer deel wat bestaan het uit bybelstudie wat die vraag en antwoord metode gebruik het en leidende vrae gevra het om sekere uitkomste te bereik. Verder was daar sekere temas (heilsorde) aangeraak. Die doel was om deur middel van kennis insette die deelnemers tot sekere insigte oor die weg van saligheid te begelei. Die hoofkenmerk van kultuurgeoriënteerde benadering is deelname (Hermans 2003:269). Deelname vorm die kern van hierdie studie.

Deelname vanuit die kultuurmodel, word gebaseer op twee onderskeibare kenmerke. Naamlik die vooraf kennis waaroor jongmense reeds beskik ten opsigte van die onderwerp en tweedens watter nuwe kennis aan die jongmense gegee gaan word. Om die interaktiewe deelname te bewerk kyk ons na drie vlakke van deelname (Hermans 2003:303):

(i) **Kultureel**, wat die betrokkenheid van jongmense kognitief betrek op alle vlakke waar hulle betrokke is. Hierdie betrokkenheid is interaktief tussen die jongmense en leraars, asook onderling met mekaar. Dit word kultureel genoem vanweë die fokus op die kulturele konteks waaruit die deelnemers na die leer toe kom. In die geval van die kamp kom verskillende kampers en verskillende leraars wat in verskillende verhoudings tot mekaar staan, saam na die leersituasie. Ongelyke gespreksgenote vanuit die kulturele opset van gemeentes waar sekere leraars sekere status of posisies beklee en nou moet nuwe basis vir leer daargestel word deur ‘n nuwe verhouding vir die duur van die kamp te onderhandel met mekaar. Die kulturele beklemtoon die konteks waarbinne die leer gaan plaasvind, asook die skep van ‘n nuwe basis waarop leer kan plaasvind.

(ii) Die **interpersoonlike** vlak is die hantering van rolle binne sekere gestruktureerde situasies, wat mag voorkom tydens die leersituasie. Hierdie rolle is die rol van deelnemer en die rol van waarnemer of toeskouer. Weereens verskillende kampers uit verskillende gemeentes word saam gegroepeer in ’n nuwe groep. Nuwe verhoudings moet daargestel word sodat daar binne die groepie 'n basis waarop leer kan plaasvind bewerkstellig kan word. Die rol kan of gekies word deur die deelnemer of deur die groep toegeken word of bepaal word deur die proses van leer. Vaardighede, kennis en persoonlikheid is bepalende faktore vir die verskillende rolle wat kan voorkom. Tydens die kamp was jongmense beide deelnemer en toeskouer, vanweë die soort aktiwiteite wat gekies was om leer te bewerkstellig.

(iii) Op **intrapersoonlike** vlak handel dit oor die mate van entoesiasme en verbintenis tot deelname. Dit wil sê is die betrokkenheid van die jongmense algeheel en met oorgawe. Met ander woorde jongmense identifiseer met ‘n aktiwiteit en besluit om betrokke te raak in die aktiwiteit. Tydens die aktiwiteit tree die deelnemer in onderhandelings met medeleerders en met die kennisinset en bepaal die betekenis wat daaraan toe geken gaan word binne sy/haar bestaan.

Indien al drie bogenoemde teenwoordig is kan daar van aktiewe deelname gepraat word en vind leer deelnemend plaas. Uit die voorafgaande bespreking van die kamp was die interaksie op die kamp kultureel interpersoonlik en intrapersoonlik en kan aanvaar word dat daar ook leer plaasgevind het. Na die kamp was daar ‘n skuif in benadering tot die groepbyeenkomste van die kategese. Die kennisinsette het minder aandag gekry en die eie ervarings en belydenis was nou op die voorgrond. Sodoende het die lewenslyn as tema na vore getree en word dit binne die praktyk van die kategese bespreek. In Hoofstuk 7 word die breedvoerig verder na verwys en bespreek.

## 6.7 DIE GELOOFSLEWENSLYN

Tydens die groepbesprekings in die tweede semester, het die lewenslyn na vore gekom met die gedagte dat elke persoon reeds ‘n sekere beeld van God het en ‘n sekere belydenis agtergrond opgebou het. (Die lewenslyn is reeds in Hoofstuk 5, kortliks beskryf en word volledig bespreek in Hoofstuk 7). Dit was as noodsaaklik geag om van hierdie agtergrond kennis te neem om sodoende elkeen se belydenis beter te verstaan, want elkeen se belewenis van God verskil as gevolg van die unieke agtergrond van elke jongmens. Die lewenslyn word bespreek onder die volgende temas: Die konteks van omgee, die geloofsontwikkeling moontlikhede, die proses van bespreking van die geloofslewenslyn en laastens die respons op die geloofslewenslynproses.

### 6.7.1 Die geloofslewenslyn skep konteks vir omgee

Die lewenslynproses het ‘n sterk gevoel van omgee vir mekaar na vore laat kom onder die katkisante. Die volgende het na vore gekom:

(i) Die interessante aspek was dat daar opmerklik baie waardering was vir die voorlegging wat elkeen gemaak het, asook die moed en durf wat elkeen gehad het om dit te kom deel met die res van die groep.

(ii) Daar was ‘n soort ondersteuning wat sterk na vore gekom het. Baie seer het na vore gekom uit die lewenslyn.

(iii) Hartseer oor die dood van iemand spesiaal of die weggaan van iemand spesiaal het as gelowige ‘n baie sterk invloed op die jongmense se lewe

gehad. Elkeen sou ‘n geleentheid kry om die agtergrond met die klas te kom deel.

(iv) Respek vir elke katkisante se lewe en belewing was as rede hiervoor aangevoer.

Dit sou ‘n geloofslewenslyn genoem word. So het elkeen in die groep ‘n geleentheid gekry om die geloofslewenslyn met die klas te kom deel. Dit was visueel voorgestel met hoogtepunte en laagtepunte in sy/haar lewe, indien daar sulke punte sou wees en elkeen kon dit deel waarmee hulle die groep wou vertrou. Geen druk was toegepas om oor enigiets te praat waaroor hulle nie wou nie.

### 6.7.2 Geloofslewenslyn skep ruimte vir geloofsontwikkeling

In die verband is belangrik wat Matthaei (1991:548) skryf oor die klaskamer opset waar geloofsbegeleiding plaasvind en hy identifiseer sekere voorwaardes sodat daar geloofsontwikkeling kan plaasvind. Hierdie studie het nie met ‘n klaskamer opset te make nie, maar met groepbyeenkomste wat met gesprekke verryk word. Tog is die voorwaardes van Matthaei (1991:548) van toepassing met die bespreking van die geloofslewenslyn: (i) Die onderwyser (leraar/kategeet in die geval) is ook ‘n leerder. Dit is God wat aan die werk is in almal se lewe, daarom is almal leerders voor God. (ii) Die tweede voorwaarde is dat daar ‘n dialogiese klimaat geskep moet wees. Vanuit die benadering van die studie was dit ‘n gegewene dat daar so 'n klimaat oor die jaar tot nou toe geskep was, sodat dialoog kon plaasvind. (iii) Die uitgangspunt dat God aan die werk is in alle deelnemeners is ook ‘n belangrike voorwaarde. Dit was die motivering van die respek wat daar geheers het onder die deelnemende katkisante dat God onder alle omstandighede teenwoordig is by die gesprekke. (iv) Die laaste voorwaarde wat Matthaei (1991:548) stel is die groepbyeenkoms is 'n heilige ruimte waar die deelnemende katkisante opgeroep word om onderskeiding aan die dag te lê na waar hulle God se werking beleef binne die ruimte. Verder was hulle ook opgeroep om deel te wees van God se voortgaande werk in mense se lewens en daarom is elke bydrae van elke deelnemende katkisant deel van nuwe lewe wat gekonstrueer word binne die groep verband. Dit was ook so met die groep onderneem dat daar geensins druk op iemand sou wees om persoonlike inligting te deel wat hulle nie bereid voor is nie as deel van die uitgangspunt dat almal gelyke gespreksgenote is (Gerkin 1991:61;

Hudson 2000:270). Hierdie uitgangspunt was deur my aan die groep voorgehou toe ons begin praat het oor ‘n metode waarvolgens ons die geloofslewenslyn gaan bespreek. Die praktiese van hoe die geloofslewenslyn in die groep bespreek is kry kortliks aandag - dit sal in Hoofstuk 7 meer uitgebreid bespreek word.

### 6.7.3 Geloofslewenslyn se bespreking in die groep

Elke jongmens skets die lewenslyn en deel dan die dinge waarmee hy/sy veilig voel. Die res van die groep kon dan vrae vra of opmerkings maak oor wat hulle gehoor of waaraan hulle gedink het. Hierdie metode herinner baie aan wat Kotzé (2002:20) noem ‘narrative ethicising’.

> ‘Stories can serve as vehicles to carry people’s dilemmas and ethical choices, including the effects of those dilemmas and choices on other people. We can no longer avoid participating with others and avoid engaging in the challenges of real-life dilemmas.’

Tesame met hierdie bogenoemde benadering is daar ook ‘n sekere soort gesindheid wat hierdeur weerspieël word. - die respek vir ‘n ander se lewe en keuses. Elkeen het dan ‘n beurt gekry om te sê wat hul opgeval het van die lewenslyn. Weereens was daar gereflekteer oor hoe die bespreking oor die lewenslyn ‘n verder bydrae kon lewer tot die belydenis van elkeen. Na die bespreking van ‘n lewenslyn met die groep kan die katkisant wat die lewenslyn voorgehou het gereageer het op die terugvoer. Die doel hiervan was om die proses die heeltyd deursigtig te maak.

### 6.7.4 Die respons op die geloofslewenslyn

Vir die meeste jongmense was die doop die begin van hulle geloofsontwikkeling. Maar op grond van sekere gebeurtenisse in hulle lewe moes hulle verskeie kere self besluit oor hulle geloof. Die geloofslewenslynskets wat hulle aan die klas kom voorhou het, het sulke keuse momente uitgewys, wat met die groep gedeel is. Die hartseermomente was opmerklik in die jongmense se lewe as keusemomente waar hulle of nader aan God gevoel het of verder van God gevoel het.

Een katkisant het dit soos volg verwoord:

> ‘*Ek het nie besef dat ander mense het net so groot indien nie groter probleme* [as ek nie] *en dat God op alle maniere met alle mense werk. (FB*)’

Hiermee sluit die chronologiese bespreking af. Met die temas vasgestel en die kerkkamp asook die lewenslyn wat deel was van die proses, was die belydenisontwikkeling deel van ‘n kategetiese proses. Die bespreking skuif nou na die ontwikkeling van ‘n eie geloofsbelydenis.

## 6.8 DIE ONTWIKKELING VAN ‘N BELYDENIS

Die belydenis was ‘n baie prominente fokuspunt deur die jaar, deurdat alles opgebou het na die konstruering van ‘n eie geloofsbelydenis, deur die deelnemende katkisante.

### 6.8.1 Die beslag gee aan die belydenis

Die tweede helfte van die jaar, was gebruik vir die afronding van die jongmense se eie belydenis en kon die jongmense ‘n eie belydenis voltooi. Die katkisante het die vryheid tot die skryf van ‘n eie belydenis aanvanklik vreemd gevind asook onsekerheid beleef oor wat mag gesê word en wat mag nie gesê word nie. Vanweë die kategese se voorskriftelike aard het die katkisante nie geleer om ‘n eie mening te vorm en dit onder woorde te bring nie. Na die vakansie sou dit dan die fokus in die groep wees en sou daar na aanleiding van die eerste deel van die jaar se kennisinsette en eie internalisering van die kennis voortgebou word, om hul geloofsbelydenis inhoudelik te verryk.

### 6.8.2 Voorbeeld van ‘n belydenis

> *Ek glo in ‘n God van liefde wat sy enigste Seun vir ons gegee het om aan die kruis te sterf vir al ons sondes. In Jesus se kort lewe van slegs drie-en-dertig jaar het hy talle wonderwerke verrig. Hy het ook ‘n groot menigte mense na die Drie enige God laat bekeer. Hierdie Christene onder leiding van die Heilige Gees het die nuwe testament van die wonderlike boek die Bybel geskryf. Die Bybel bevat al die riglyne vir goeie Christenskap en ‘n Christelike leefwyse.*
> *God is baie lief vir ons as mense en daarom is ons die kroon van die skepping. God het nie gesê laat dit so wees nie, Hy het sy hand met stof gevul het en die mens fisies gevorm. Die lewe is ‘n geloofstoets wat die Here aan ons stel. God se kinders sal die ewige lewe verkry. Dit is ‘n moeilike taak om in te slaag, maar God gee vir ons gawes, die vermoeë om te onderskei tussen reg en verkeerd. Die grootste besluit in my lewe. Ek glo daar is twee paaie, ‘n nou*

*pad en ‘n breë. Om die nou pad te loop behels dat ek volgens al God se voorskrifte en reëls moet leef. Aan die anderkant is daar die breë pad wat niks reëls of voorskrifte bevat nie. Die maklike pad. Jy doen net wat jy wil, wanneer jy wil. Al probleem is: Hierdie pad lei na die hel*
*Ek het my keuse gemaak – ek loop graag saam met die Here (GL)*

**Opmerkings** aangaande die belydenis:

(i) Metafore help om in bogenoemde geval sin te maak van die katkisant se lewe. Die lewe is soos ‘n geloofstoets. Jongmense bou ‘n eie godsmetafoor op en werk met hierdie metafore oor God (Putman 1998:195). Metafore bring ‘n eie verhaal (biografie) op 'n betekenisvolle manier met die verhaal van God in gesprek (Putman 1998:79).

(ii) Ervarings speel ook ‘n rol. Openbaring van God binne die lewenstorie van jongmense lê in ervaring, as openbaring Sweet (2000:14).

(iii) Identiteit ontwikkel vanweë blootstelling aan alternatiewe verbintenisse, alternatiewe waardesisteme en alternatiewe standaarde waarmee jongmense te doen kry. Uit die alternatiewe word keuses gemaak vir of die een of die ander en dit lei tot ‘dis wie ek wil wees’, op grond van die keuses wat gemaak is (Anthony 2004:223).

(iv) Geloof se definisie volgens Dirks (2004:83) - geloof bestaan as ‘n **waardesisteem** wat gebaseer is op bewuste en onbewuste motiewe. Hierdie waardesisteem aktiveer sekere toewyding aan sekere waardes in ‘n sisteem. Hierdie waardesisteem aktiveer verder lojaliteit aan ‘n meesterstorie, met God as die outeur van die meesterstorie (Dirks 2004:83).

(v) Geloofsoortuigings is die grense wat ek vir myself aanbring ten opsigte van ‘n ek-God verhouding. Dit bevat ook verder geloofsgrense waarbinne ek in my sosiale konteks funksioneer. Dit bepaal ook verder die keuses en waardes wat ek uitoefen ten opsigte van my toekoms.

### 6.8.3 Belydenisaflegging as ritueel

Rituele kan ook 'n manier word waarmee die kerk nader aan jongmense beweeg (Sweet 2000:64). Die ritueel van belydenisaflegging in die kerk is belangrik en word geskep waar die jongmens voor die gemeente sy/haar geloofstorie kan vertel. Die

geskiedenis van die belydenisaflegging vertel die verhaal van geloofsbelydenis. Dit het ontstaan as ‘n wyse waarop nuwe bekeerlinge tot die gemeente toegelaat is. Die ontwikkeling het verder gevorder tot ‘n gebruik deesdae, waar daar op die kalender ‘n datum gekies was deur die kerkraad en belydenisaflegging genoem was. Met die geleentheid was die hele groep deur ‘n geforseerde proses gestuur waar jongmense as toetsing, sekere vrae moes antwoord vir toelating, die sogenaamde toetsing aan die hand van vrae. Op die betrokke Sondag was die katkisante een vir een vorentoe geroep en het hulle op vier vrae uit die formelier vir belydenisaflegging geantwoord (Handboek vir die erediens 1983:78). Die belydenisaflegging was dan voltooi.

Die praktyk waaruit die studie voortspruit, het dit verskillend aangepak. Die katkisant was onder geen druk om by ‘n sekere datum belydenis af te lê nie. Daar was aan die deelnemende katkisante gestel dat hulle, wanneer hulle gevoel het hulle is gereed, kon hulle 'n brief skryf aan die kerkraad waarin genoem word dat hulle gereed is vir die stap. Dan is daar ‘n persoonlike onderhoud met die aansoeker en die se ouers gereël, saam met die volwasse begeleier. Met die gesprekke is daar dan oor die jaar gereflekteer en oor die belydenis gepraat. Van die gesprekke is opgeneem in Hoofstuk 8 waar dit bespreek word. Tydens die gesprekke is daar dan op ‘n datum besluit en is die belydenis voorgehou aan die gemeente. Vanweë die groepsverbondenheid het daar tydens die eerste geleentheid wel meer as een katkisant belydenis afgelê. Hulle was toe as groep gevra om die liturgie van die erediens saam uit te werk. Dit was ook die geval met die tweede groep wat daarna belydenis afgelê het. Waar daar net enkelinge was, was die gewone gang van die erediens gebruik, maar kon die katkisant insette lewer oor voorkeure van liedere en skrifgedeeltes vir die preek.

**Voorbeeld van ‘n ritueel vir belydenisaflegging as deel van die erediens:**

(i) Die kategeet wat met die katkisante gewerk het die betrokke jaar, staan voor in die liturgiese ruimte met ‘n brandende kers. Die simboliek hieraan is dat die kerk simboliseer die draer van lig. Die lig simboliseer die Jesus Christus wat as lig na die wêreld gekom het.

(ii) Die katkisante wat belydenis van geloof aflê, kom een-een na vore saam met hulle ouers.

(iii) Die ouers het ook ‘n kers en steek dit aan by die kategeet. Die simboliek hiervan is dat die ouers het ook die lig in hulle huis ingedra. Hulle het ‘n aandeel gehad in die opvoeding van hulle kind.

(iv) Die kind/katkisant lees die eie unieke belydenis voor aan die gemeente.

(v) Daarna steek hy/sy ‘n eie kers op en plaas dit voor in die kerk. Die ouers moet hulle kers doodblaas. Nou brand die katkisant se kers in die midde van die gemeente. Daarmee simboliseer die ritueel dat die katkisant se belydenis sigbaar bygedra tot die belydenis van die gemeente.

Hieronder word na deelname gekyk, met aandag aan hoe dit bewerkstellig is in die konstruering van ‘n eie unieke geloofsbelydenis deur die deelnemende katkisante. Die fokus van hierdie studie is die geloofsontwikkeling wat sosiaal gekonstrueer word. ‘n Verder belangrike saak is die kennis waaroor elke katkisante reeds beskik en hoe dit verdiskonteer kon word as deel van die uitgangspunt van gelyke gespreksgenote in die kategetiese proses. Met dit in gedagte word daar ook aandag gegee oor hoe die proses gebed was in die sosiale konstruksie teorie. Die drywers van die proses was die leerproses, die begeleidingsproses, die proses van reflektering en die gebruik van vrae. Daarmee saam was die proses ondersteun deur fasiliteerders en is die kategese met tuisopdragte buite die groepbyeenkomste geneem. Laastens word daar na die gesin en familie se bydrae gekyk om daardeur die invloede uit te wys. Daar word dan nou die belydenis self bespreek.

## 6.9 DEELNAME

My metode was om binne die gemeente, in die kategese, ‘n ruimte te skep waarbinne die katkisante deel uitgemaak het van die kategeseproses. Sodoende val die klem op deelname, die fokus van die studie. In die bewering dat leer deelnemend is, word daar wegbeweeg van ‘n individualistiese, formalistiese en intrapsigiese benadering, waar die mens se brein en inligting bymekaar gebring was (Hermans 2003:270). Daar word ook wegbeweeg van versameling van inligting, as hooffokus van leer. 'n Verdere belangrike saak wat Hermans (2003:270) aanraak is dat die menslike brein as teks benader moet word. Leer het dan te make met tekstuele interpretasie. Die interpretasie word vanuit die kulturele konteks gemaak. Die afleiding van Hermans (2003:271) is

dat ons dan met narratiewe denke te make het. Leer het te make met die konstruering van stories.

### 6.9.1 Deelname konstrueer nuwe geloofstories

Die deelname tydens die kategeseproses was gebaseer op die konstruering en vertel van verhale in hulle lewe. White (1990:78) druk dit soos volg uit: ‘The narrative…,is characterized by good stories that gain credence through their lifelikeness’. Die geleentheid het elke week plaasgevind wanneer katkisante in die kleingroep die geleentheid gebied was om onder andere hulle geloofsstories met die res van die groep te deel. Hierdie stories was die geloofwaardige stories, in elke katkisant se lewe waarna White (1990:78) hierbo verwys. Hierdie stories word opgemaak uit nuwe sensasies of stimuli, interpersoonlike transaksies, bewustelik of onbewustelik en word deur ons denkprosesse in ‘n storievorm gegiet (Muller 1996:21). Die groep was aan die gang gesit met ‘n vraag om hulle die geleentheid te gee om hierdie stories te ontsluit: ‘Vertel ons hoe jou verhouding met die Here jou lewe hierdie week beïnvloed het en hoe jou lewe jou verhouding met die Here beïnvloed het?’. Die vraag help bou aan die konsep van ‘n belydenis oor God wat gekonstrueer word uit alledaagse ervarings met God. Die klem val op die alledaagse ervarings van God en hoe dit tot die persoonlike geloofstorie bydra en die dinamiek van ‘n eie geloofsontwikkeling te beleef deur middel van die opstel van ‘n eie persoonlike geloofsbelydenis. Katkisante word deur die vraag herinner dat hulle in ‘n verhouding met God betrokke is, wat daaglikse betrokkenheid impliseer. Daarom kan dieselfde vraag week na week gevra word sonder dat daar dieselfde antwoord gegee word.

### 6.9.2 Deelname is aksienavorsing

Deelnemende aksienavorsing beklemtoon eienaarskap (McTaggart 1997:6), wat vir die doel van hierdie studie beteken dat deelname deur beide die katkisant en kategeet die metode is waarvolgens die navorsing gedoen is. Hierdie deelname is voortdurend onderhandel met die groep soos nou aangedui gaan word deur die aktiwiteite kortliks te bespreek. Deelname impliseer dat mense deelneem aan aktiwiteite. Hierdie aktiwiteit bestaan uit ‘n sekere inhoud, waarmee interaktief omgegaan gaan word. Deelname het te make met die interaksie tussen die deelnemers terwyl hulle gesamentlik aan die leeraktiwiteit deelneem (Hermans 2003:275). Deelname beskryf

ook die interaksie met die stof (inhoudelike) en simbole (taalbegrippe, houdings, waardes en norme) binne ‘n situasie (Hermans 2003:276), wat in hierdie geval die kategeseruimte is. Die slotsom van die deelname is dat daar sekere aktiwiteite plaasgevind het wat interaksie bewerkstellig het. Hierdie interaksie was tussen die deelnemeners aan die studie, maar ook tussen die stof en simbole. Deelname het die bespreking van  alledaagse aktiwiteite en sosiale verhoudings behels wat geïnspekteer was vir geloofsinhoude vir die konstrueer en ontwikkel van ‘n eie geloofstorie. Hierdie soort deelname het belangstelling, lojaliteit en ‘n verbintenis bewerkstellig, wat die elemente van eienaarskap is. Vervolgens word die aktiwiteite waaraan deelgeneem is beskryf.

### 6.9.3 Aktiwiteite vir deelname

Daar kan onderskei word tussen die volgende drie soorte aktiwiteite naamlik: (a) aktiwiteite wat deur die leraar geinisieer was, (b) ander wat saam as groep gekonstrueer was, (c) ander wat spontaan ontstaan het. Die aktiwiteite gedurende die jaar kan soos volg onderskei word:

(i) Aan die begin van die jaar was daar onderhandel oor die leerinhoud, na aanleiding van vrae wat deur die leraar gevra was (sien 6.3).

(ii) Die formaat van elke byeenkoms was onderhandel tydens elke byeenkoms (sien hoofstuk 6.3.1).

(iii) Vir die eerste deel van die jaar was daar voorbereide kennis insette deur die leraar. Die effek van die kennisinset was deur die groep by wyse van kleingroep besprekings en grootgroep besprekings onderhandel.

(iv) Deur die loop van die jaar was daar gesprekke met die mense tuis wat spontaan ontwikkel het en ‘n bewys van deelname is.

(v) Met die ontwikkeling van die lewenslyn wat ‘n spontane groepsbesluit was, was die hele groep betrokke, nie net in die trek van ‘n eie lyn nie, maar in die meelewing in ander se lewenslyne wat aan die groep voor gehou was.

(vi) Tydens die voorhou van ‘n persoonlike belydenis was die groep weereens betrokke in die gee van insette deur middel van die vrae wat hierbo reeds genoem is (sien 6.3).

’n Katkisant het die volgende tydens ‘n gesprek genoem wat die sinvolheid van die aktiwiteite in die alledaagse beklemtoon*:*

> *‘Ek het hierdie jaar regtig begin dink oor alles wat gebeur en hoe die Here ‘n mens lei. Dit het my dinge beter laat verstaan (W)’*

Deur middel van dialoog (Dill 1996:22) word gesprek aan die gang gesit as deel van die deelnemende proses. Hierdie dialoog was die basis van elke byeenkoms. Die sosiale konstruksie teorie bed die geloofsontwikkeling binne die geloofsgemeenskap en sodoende word die geloofsomgewing en die breër sosiale omgewing deel van die invloedsfeer waarbinne die katkisant konstrueer aan ’n geloofsbelydenis. Die deelname strek dus veel verder as die deelname wat net in die groep plaasvind. ‘n Verandering in die katkisant se geloofsdenke en geloofsopvattings is die resultaat van ‘n verbintenis, deur middel van dialoog, tot deelname (Rossouw 1993:902). Vele deelnemende katkisante het dit dan ook bevestig. Deelname vind plaas tussen mense wat uit verskillende kontekste na die kategeseproses kom om deelnemers te wees. Elkeen beskik oor reeds verwerfde kennis. Daar word nou gekyk na hoe die praktyk van die kategese dit akkommodeer.

### 6.10 REEDS BESTAANDE KENNIS VERDISKONTEER

‘n Belangrike aspek tydens die kategese proses is die kennis waarmee elke katkisant na die proses kom. Hierdie kennis en oortuigings is gevorm deur preke, ouers, vriende en ander belangrike volwassenes in die katkisante se lewe (Fowler 1981:6; Burr 2002:139). Dit het geskied teen ‘n sekere agtergrond en binne 'n sekere kulturele opset. Deel van hierdie kulturele agtergrond was omgewingsfaktore, gevoelens en sosiaal-maatskaplik faktore. Hermans (2003:209) noem dit kulturele kontaminasie, om daardeur te beklemtoon dat dit diep gewortelde vervlegtheid van beïnvloeding is waarna verwys word as daar van kulturele invloed gepraat word. Vir die doel van hierdie studie neem ons kennis van die beskrywing van Hermans (2003:209) asook van die effek van kulturele beïnvloeding wat bestaan. ‘n Ander benaming vir die invloed naamlik kultuur gekonstitueer kan ook gebruik word want dit dui weer meer op die verskillende invloede wat bestaan, waar gekontamineer meer op die effek dui. Hierdie studie wil die belangrikheid van hierdie reeds bestaande kennis erken. Die mens organiseer gedeeltes van kennis wat bestaan, persepsies van hoe dinge beleef word in fragmente, wat beide feite of waardes en norme kan wees, tot ‘n geheelbeeld van dinge

(Gerkin 1979:19). Uit hierdie stelling van Gerkin (1979:19) kan ons aflei dat hierdie reeds bestaande kennis deel vorm van elke katkisant se groter geheelbeeld van bestaan. Deur nie daaraan aandag te gee nie negeer die geheelbeeld van elke deelnemende katkisant. Die dilemma van vele pogings om jongmense by die kategese in te sluit, is dat daar nie genoeg gebruik gemaak word van hierdie kennis nie. Die manier waarop dit tydens hierdie studie gedoen is was om die insette na waarde te skat deur dit te respekteer vir bestaande kennis wat ‘n bydra lewer tot die proses van kategese. Verder moes daar met jongmense se realiteite gewerk word en nie probeer om hulle realiteite na beter realiteite te verplaas nie. Dit vra na nie-veroordelende, nie-voorskriftelike houding jeens die kennis, sodat jongmense kan toetree as gelyke gespreksgenote tot die proses. Vanuit hierdie voorafgaande ingesteldheid sal dan ‘n waardering en validering voortvloei. Insette van vooraf kennis sal dan tot die diversiteit en kompleksiteit van die geloofspraktyk bydra. Hierdie houding maak die dinamiek oop vir die konstruering van nuwe metafore in ‘n verhouding met God en sodoende word die kennis aangaande God verryk. Die sosiale konteks bly in hierdie studie ‘n baie belangrike saak. Volgende word aan die verband tussen die sosiale omgewing en die kategese proses aandag gegee.

## 6.11 DIE PROSES IN DIE SOSIALE KONSTRUKSIETEORIE GEBED

Die idee dat betekenis deur ‘n gemeenskap gekonstrueer word vorm die uitgangspunt van die sosiale konstruksie teorie. Betekenisgewing begin nie eerstens in die individu se gedagtes nie, maar word gevorm in die woorde en optredes binne ‘n gemeenskap. Dit sou beteken God was eers sosiaal gekonstrueer, voordat die katkisant God aanvaar het as begrip. Wat die sosiaal-konstruktivistiese benadering betref, is Schwandt (1994:125) en Gergen (1994:76) van mening dat die wêreld verstaan kan word indien daar interpretasie is. Dit beteken dat konstruksioniste interpreteer wat hulle waarneem en gee dit weer, as eie konstruksie van die werklikheid. Epistemologies beskou is alles wat gesê (en geskryf word) konstruksies van mense. Die resultaat daarvan is dat *kennis* en *waarheid* ‘n mens se eie ervaring en persoonlike waarneming van die werklikheid is (Von Glasersfeld 1991:12). Die ontsyfering (betekenisgewing) van hierdie woorde en dade lê by die wat hierdie woorde hoor en die dade sien. Hulle gebruik taal om *kennis* en *waarheid* van die werklikheid te skep (konstrueer). Die afleiding wat gemaak kan word is dat dit vir ‘n mens nie moontlik is om die werklikheid te ken soos wat dit

regtig is nie, omdat net God die werklikheid kan ken. Betekenisgewing word dus op sosiale vlak in menslike verhoudings gevind, en nie eerstens in die gedagtes van die individu nie.

Uit bogenoemde kan afgelei word dat die sosiaal-konstruktivistiese benadering omskryf kan word as die ontkenning van die bestaan van ‘n objektiewe kennis van die werklikheid. Waarheid word sosiaal gekonstrueer.

Vir die kategese proses kan gesê word die groep konstrueer betekenis vir die kategese binne die kategese proses. Hermans (2003:181) druk dit soos volg uit: ‘Understanding does not stem from subjectivity, but from a system of language or signs common to a given culture. Understanding between people is generated by membership to the same culture’. Dit gaan hier oor hoe taal en diskoerse konstrueer wat ons ervaar en weet. Die belangrike punt wat hier gemaak word is dat betekenis word gekonstrueer. Hierdie konstruering van betekenis gebruik waarneembare dade, woorde wat gehoor word en situasies wat ervaar word. Hierdie betekenis word dan binne menslike verhoudings binne ‘n bepaalde konteks waarde gegee. Die kategese was die konteks waarbinne die gekonstrueerde betekenis naamlik geloofsbelydenis waarde gegee is.

'n Verder ontwikkeling op die sosiale konstruksie is die sosiokulturele institusionele teorie (Hermans 2003:182). Hiervolgens word woorde nie net geskep nie, maar deur die wyse waarop die woorde funksioneer binne ‘n instelling en die wyse waarop mense daarby betrokke is word diskoerse (betekenis) rondom woorde gekonstrueer. Byvoorbeeld, in die kategese praat ons van katkisant, kategeet, leraar, leer, gebed, gemeente en nog meer. Ons weet alleen wat hierdie woorde beteken deur ons deelname aan die kategese (wat die sosiokulturele instelling is).

Gergen (1999:47) beskryf taalkonstrukte as die wyse waarop mense hulleself verstaan en hulle konteks verklaar kry. Bogenoemde teorie wys daarop dat taalkonstrukte instituut gebonde is. Dit kan een van die redes wees waarom katkisante moeilik wegbeweeg van die gebruik van ge-ykte begrippe in geloofsbelydenisse. Daar is nog te veel instituutgebonde taalkonstrukte. Volgens Gergen (1999:48) is ‘n taalkonstruk dinamies want dit is voortdurend aan die verander. Ons ervaar ons leef deur voortdurend keuses te maak ten opsigte van nuwe taalkonstrukte. Frustrasie met, en

tekorte in die huidige konstrukte lei tot nuwe konstrukte. Hierdie konstrukte bly gebonde aan die konteks waaruit dit gevorm is. Die manier waarop ons dinge verklaar en beskryf word verder ook voorgeskryf uit ons interpersoonlike verhoudings (Gergen 1999:47).

Die ontwikkeling van 'n eie geloofsbelydenis is ‘n voorbeeld van bogenoemde taalkonstrukte wat betekenis konstrueer vanuit 'n sekere kultuur. Die katkisant se geloof in Christus word betekenis gegee deur die bestaande betekenisse te ontsyfer deur middel van die sosiale konteks binne menslike verhoudings. Bogenoemde word verwoord in ‘n onderhoud met NdP:

> *As ons saamkom* [in die kategese groep] *en saam redeneer oor ‘n ding, want dan het ons gedink en dit partykeer lekker om te dink. En as saam gebid het. Die laaste deel waar met die lewenslyn elkeen voor staan en oor hulleself praat. ‘n Mens kom nader aan mekaar. Om te sien hoe ander hulle probleme hanteer het gee ook vir jou idees en moed om die eie dinge in jou lewe te hanteer.*

Konstrukte is kultuur gebonde (Hermans 2003:208). Omdat kategese deel vorm van die taal van die godsdiens word kategese gekonstrueer. Ter verduideliking die volgende: Hermans (2003:215) onderskei tussen twee ontologieë, naamlik die deel wat is en die deel wat gekonstrueer kan word om te wees. Byvoorbeeld ‘n boom voor in die tuin het 'n plek waar dit staan en ‘n sigbare vorm - dit die fisiese ontologie. Dat dit ‘n boom genoem word en aan die voorkant van die huis ‘geplot’ word het deur taal plaasgevind wat kultureel gekonstrueer was. Hiervolgens kan die kategese op twee maniere in die sosiale konstruksie gebed word. Eerstens is die proses van kategese. Die wyse van kategese kan gewysig word want dit het ontstaan as ‘n kultuur-vervlegte kategese proses. Daarom kan ons dit herkonstrueer of nuut konstrueer. Die tweede deel van die kategese, die inhoudelike kan ook sosiaal gekonstrueer word. Rondom die inhoudelike kan daar ook ‘n onderskeid gemaak word in die leerstof wat aangebied word teenoor die ontvangs van die inhoudelike binne die lewenstories van jongmense. Die kategese moet in staat wees om die jongmens konstrukte te laat verwoord en ook buigsaam genoeg wees sodat nuwe taalkonstrukte gevorm kan word, waarmee jongmense hulle geloof kan verwoord, soos hieronder deur ‘n katkisant verwoord:

> *Die afgelope jaar het my baie gehelp. Ek het deur ‘n baie moeilike tyd gegaan en my ma het gedink ek gaan “crack” en ek het nie. Die klas het my die geleentheid gegee om vrylik te kan praat. Almal luister na almal en elkeen kan sê hoe hy dink en voel. Ek het baie seer. Ek is nie kwaad vir die Here nie. Die*

*jaar het my gehelp om te verstaan dat die Here niks doen sonder 'n doel nie. So daar moet 'n doel wees met my vriend se dood. Dis net nie dadelik duidelik nie.(J)*

Die groepopset was gekenmerk deur besprekings en groepinteraksie. Daar was saam besluit of die bespreking van 'n tema in die kleingroep of in die grootgroep of beide gaan plaasvind. Die sosiale konstruksie teorie werk vanuit verhoudings waarin mense met mekaar staan binne 'n sekere kulturele opset, in die geval, die deelnemende kategese groep. Tydens hierdie interaksies en verduidelikings wat onderling plaasgevind het, het deelnemers gekonstrueer aan 'n eie raamwerk van optrede en interpretasie. Deelnemers het help ontsyfer aan geloof en die implikasies daarvan in hulle daaglikse lewe. Die beïnvloeding van individuele geloofsopvattings het nie net in die groep katkisante plaasgevind nie, maar soos hierbo aangetoon ook in ander verbande waarin deelnemende katkisante gestaan het is beïnvloed. In (W) se geval was dit die selfmoord van sy broer wat bygedra het tot 'n sekere eie geloofsopvatting.

*Die dag toe my broer dood is. Dit het my diep seergemaak. Hy het die verkeerde dinge gedoen – dit is nie reg nie. Ek het besluit ek sal nie. My broer se dood het my keuse beïnvloed. Ek is al amper oor my broer se dood. Ek kry nog nagmerries. Ek droom ek staan voor hom. Ek kry die gevoel dat ek hom nog kon gehelp het. (W)*

Die dinamiek van sosiale konstruksie proses is dat ook negatiewe invloede, in (JP) se geval dwelms en satanisme bydrae tot 'n geloofskeuse en geloofsoortuigings

*My vriende het die grootste invloed op my geloofslewe gehad. My een vriend* (L) *het my van die Here laat afdwaal en dan was daar weer ander vriende wat my gehelp het om weer terug op die pad te kom. My vriend* (L) *het baie verander en my saam weggetrek. Toe het ander vriende vir my gesê hulle ken nie meer die vriend van my nie want hy tree so snaaks op.*

Hoe sou jou belydenis gelyk het as jou vriend nie so verander het en jy saam met hom nie?

*Baie anderste ek sou nooit die Here se genade so kon ervaar het nie. Ek het beleef dat die Here selfs sulke vriende oor jou pad bring om jou te help lewe. Ek kon nog nie my vriend gaan dankie sê vir wat hy vir my beteken het nie. (JP)*

Die idee dat betekenis deur gemeenskap gekonstrueer word beteken dit begin nie eerstens in die individu se gedagtes nie, maar word gevorm in die woorde en optredes binne 'n gemeenskap. Betekenis word dus gekonstrueer buite die jongmense, maar word daarna as geïnterpreteerde betekenis ingedra in die lewensverhale van jongmense

wat interpreteer. Hierdie konstruering van betekenis gebruik waarneembare dade, woorde wat gehoor word en situasies wat ervaar word. Die ontwikkeling van 'n eie geloofsbelydenis is ‘n voorbeeld van bogenoemde proses, waar betekenis gekonstrueer word vanuit 'n sekere kultuur en die katkisant se geloof in Christus betekenis gegee word deur die bestaande betekenisse te ontsyfer deur middel van die sosiale konteks binne menslike verhoudings. Kategese se leerproses bestaan uit ‘n deelnemende karakter en dit word volgende bespreek

## 6.12 DIE LEERPROSES

Bawden (1995:19-20) praat van die **leerproses** in navorsing. Die leerproses kan gesien word as ‘n verder omskrywing van die deelnemende kategeseproses.

### 6.12.1 Leer in navorsing

Nie net ‘leer’ die navorser as deelnemer uit die navorsing nie, maar die mede-deelnemers (in hierdie geval adolessente en hulle ouers) baat ook daarby. Sodoende word navorsing vir beide navorser en deelnemer ‘n leerproses, terwyl hierdie leerproses tegelykertyd ‘n navorsingsproses is (Bawden 1995:19-20; Guba & Lincoln 1994:111; Schwandt 1994:126). In effek beteken dit dat die deelnemers van mekaar kan leer, maar ook dat die deelnemers van die navorser en die navorser van die deelnemers kan leer (Schwandt 1994:126; Seymour & Towns 1990:3). Daar bestaan dus ‘n voortdurende onderlinge gesprek tussen die navorser en die deelnemers.

### 6.12.2 Leer binne die kategese

Die kategese proses sluit ook by hierdie bogenoemde leerproses aan en vanuit hierdie leer vind ook ko-konstruksieprosesse binne die kategese en katkisante plaas. Jongmense binne die deelnemende kategese proses, kom in aanraking met die Here deur middel van die kennismaking met die Bybel, die Christelike tradisie, die geloofsgemeenskap, standpunte, ervarings en verbintenis. Die maak van ‘n verbintenis berus dan op ‘n eie refleksie waarmee die geloofsgemeenskap betree word. Hierdie refleksie vorm 'n eie unieke wyse van Christus dien en volg en gelowig wees, binne die kerk en die samelewing (Dingemans 1991:233).

Met die interaktiewe benadering (Dingemans 1991:237) word ‘n proses van voortdurende interaksie opgebou tussen jongmense en die leerproses. Daar vind ook voortdurend evaluasie plaas van hierdie interaksies, waar dit wat geleer word en die proses gereeld geëvalueer word. Die evaluering van die proses bestaan uit die betekenis van geloofskonstruke in jongmense se lewe, waarmee hulle, hul eie lewe sinvol kan beleef. Soos die volgende voorbeeld illustreer:

(W) se broer het selfmoord gepleeg wat ‘n groot indruk op hom gelaat het. Na aanleiding daarvan het 'n gesprek ontstaan en deel van die gesprek word hier aangehaal as bewys hoe die deelnemende kategeseproses bygedra het tot ‘n sinvolle geloofskonstruk:

Jou boetie se boodskap volgens jou was dat daar is nie hoop nie. Wat is jou boodskap?

> *Ja, daar is hoop. Al my vrae is beantwoord deur die besprekings hierdie jaar in die klas en deur die opdragte wat ons moes uitvoer .*

Die dinamiek van die leerproses bestaan uit wat Von Glasersfeld (1991:24) noem geen vooropstelde idees of beplande strategie om leer gemanipuleer te kry nie. In hierdie leerproses stel die leraar nie primêr belang in resultate nie, maar eerder, in die proses waarmee jongmense besig is en hoe hulle denkprosesse lei tot ‘n eie geloofsbelydenis. In die geval hierbo was dit hoop wat as geloofkonstruk ontwikkel het deur wat tydens die jaar plaasgevind het tydens die kategeseproses.

Tog was daar vanweë die aard van die kategese ook ’n inhoudelike kennis komponent wat gehanteer was. Watson (1996) se voorstelle is as pedagogiese beginsels gebruik in die oordra van teorie as leerinhoud. Die volgende vrae lei die proses van kennis oordra.

(i) Hoe dra die nuwe inligting by tot die jongmens se bestaande kennisbasis en belangstelling? Hoe bevorder Bybelkennis en inligting oor geloof beter verstaan en ontwikkeling van geloof?

(ii) Gekonstrueerde kennis word verkry deur jongmense temas te laat saamstel waaroor hulle meer wil weet sodat 'n eie belydenis geskryf kan word. Groepwerk was gebruik onder die leiding van die voogde, om die proses van kennis in geloofsontwikkeling te fasiliteer.

(iii) Met die oordrag van inligting moes die katkisante die proses van geloofsontwikkeling probeer verstaan en bemagtig voel oor die beheer

wat die proses aan hulle gee om hulle eie geloof te ontwikkel. Soos die volgende woorde van ‘n katkisant dit uitdruk:

*Met die aflê van my geloofsbelydenis sal al die ander Christene sien ek is ‘n Christen en sal dit hulle ook aanspoor om belydenis van geloof te doen. Ek sal in die openbaar verklaar vir almal dat ek ‘n Christen is. Ek gaan my geloofsbelydenis raam en in my kamer sit sodat ek dit kan onthou. Ek wil dit onthou want dit beteken baie vir my om my geloofsbelydenis af te lê. (WK)*

(iv) Uit die voorafgaande moet 'n intrinsieke motivering na vore kom wat jongmense die proses as 'n lewenslange proses van geloofsontwikkeling, laat beleef. Die belydenis as lewenslange proses kan verander saam met die ervaring wat ook meer word, soos die volgende woorde van ‘n katkisant dit uitdruk: *Ek besef nou meer wat geloof is en hoe dit my lewe moet beïnvloed. ‘n Mens se belydenis gaan ook groei en ek sal my belydenis op datum kan hou sover moontlik. (W)*

### *6.12.2.1 Leer verander gedrag*

Met leer wat plaasvind is nie net na die kognitiewe aspek gekyk nie, maar die ontwikkelingsaspek het ook definitief aandag gekry. Die behavioriste lê baie klem op die onderrig en skeep die leer af (Von Glasersfeld 1991:22) Indien die kategeet net op sekere gedrag van die katkisant fokus, sou ‘n vraag, oor hoe die denkprosesse saamgestel word, aandag kry nie. Wat van belang is, is of die katkisant, kan identifiseer met die soort gedrag, wat gevra word en hoe die katkisant hierdie soort uitkoms sal kan bereik (Von Glasersfeld 1991:22). Dit behels dat elke katkisant met eie konsepte te werk gaan.

### *6.12.2.2 Leer beïnvloed intensies*

‘n Verdere onderskei met die leerproses was die onderskeid tussen dit wat gedoen is, waarvan kennis geneem kon word want dit was sigbaar en dit wat nie sigbaar gedoen is nie. In hierdie verhale van jongmense se geloofsontwikkeling, kan twee dinge onderskei word, naamlik, aksies en intensies (Hermans 2003:271). Die aktiewe deel van die leerproses was opdragte aan die finalejaars wat moes gaan doen (praat met …,

gaan na…, skryf en voorhou van belydenis). Die intensie was nie dadelik sigbaar nie en het eers later na vore gekom, met die belydenis se skryf en gesprekke daaroor.

*6.12.2.3 Samevattend*

Die volgende kan ter samevatting gesê word van die leerproses: Die leerproses kan gesien word as ‘n verder omskrywing van die deelnemende kategeseproses. Deelnemers se deelname is deur middel van gesprekke en sodoende word navorsing vir beide navorser en deelnemer ‘n leerproses, terwyl hierdie leerproses tegelykertyd ‘n navorsingsproses is. Die voortdurende onderlinge gesprek wat plaasvind, kan ‘n ko-konstruksieproses genoem word. Die lei tot ‘n belangrike saak, naamlik, dat ken en leer kontekstueel is. Die kerk kan nie voorskryf wat die mense moet glo en hoe die mense moet glo nie, want elke mens kom op sy/haar eie manier tot geloof (Dingemans 1986:14). Die derde saak van belang is dat aktiwiteite in die leerproses fokus rondom geloofsontwikkeling. Die geloof word dan die riglyn vir die veranderende lewe wat met die geloof gepaard gaan. Dit bring die laaste belangrike saak na vore, naamlik, dat geloof aanhou met ontwikkel. Geloof ontwikkel aan die hand van begeleiding en dit word volgende bespreek.

## 6.13 DIE BEGELEIDINGSPROSES

Anderson en Goolishan (1992:30) vanuit die terapeutiese veld praat van ‘n ‘non-expert’-posisie. Vir die kategese beteken dit dat die leraar of kategeet ‘n ‘**non-expert**’-posisie in die onderlinge gesprek behoort in te neem. Die bespreking rondom begeleidng raak die volgende temas aan. Eerstens word die posisie van die begeleier bespreek.

### 6.13.1 Die posisie vir begeleiding is ‘non-expert’

Die ‘non-expert’-posisie sou ook ‘n ‘not knowing’-posisie genoem kan word. Dit hou in dat die fasiliteerder ‘n konteks skep waarbinne die deelnemende katkisante ervaar dat hulle gehoor en verstaan word. Dit geskied wanneer ‘n leraar of kategeet nie-beoordelend optree, deelnemers se taal gebruik en nie oorhaastig wil verstaan wat die deelnemers wil sê nie. Die strewe van die leraar of kategeet behoort dié van mede-

deelnemer en mede deelnemer-fasiliteerder te wees en te bly; om weer te gee hoe dit wat die deelnemer sê, verstaan word. Die leraar-fasiliteerder maak van gespreksvaardighede gebruik, onder andere deur middel van vraagstelling vanuit ‘n ‘not-knowing’-posisie. Sodoende word die nodige respek en menswaardigheid teenoor die mede deelnemers betoon. Deelnemers kan ervaar dat hulle die nodige ruimte gebied word om met vrymoedigheid aan die gesprek(ke) deel te neem. Die leraar-fasiliteerder skep ‘n konteks waarbinne deelnemers gemaklik kennis of probleme deur middel van hulle storie (narratiewe konteks) met mede-deelnemers kan deel (Anderson & Goolishan 1988:382-383).

Dit word soos volg uitgedruk deur een van die katkisante oor die bogenoemde konteks vir deelname:

Hoe was die groep (die finalejaar byeenkomste) vir jou?

> *Dit was baie lekker. ‘n Mens leer baie meer as wat jy dink. Die vrae wat Ds vra sit ‘n mens aan die dink. Daar is soveel verskillende antwoorde wat nie altyd reg of verkeerd is nie. En soveel vrae oor dinge wat jy nie gedink het daar kan vrae oor wees nie, en dan is daar altyd antwoorde. Dis die klomp vrae wat my laat begin dink het oor die Here en met die vrae het ek self begin soek na antwoorde. Baie van my vrae is waaroor ek gewonder het en oor getwyfel het is in die klas uit die antwoorde wat gegee was of wat Ds gesê het beantwoord. Uit al die menings het ek dan gekies watter een sou vir my die aanvaarbaarste wees. Die klas was interessant, want dit was nie net een ou wat die heeltyd gesê het nie, maar almal kon sê en daar is na hulle geluister. Dit was lekker. (J)*

### 6.13.2 Begeleiding skep ‘n veilige omgewing

Uit die bogenoemde respons kom die deelname tuis in ‘n veilige omgewing waar elkeen kan deelneem, se waarde na vore. Dit lei tot keuses sonder dat daar dwang is. Tesame met die keuse het daar ook by die betrokke katkisant leer plaasgevind, vanuit die gesprekke en onderwerpe wat behandel was. Hermans (2003:282) verduidelik dit soos volg: Alle menslike denkprosesse is nie eenders nie. Alhoewel dit in alle mense bestaan, is dit in voortdurende interaksie met die sosiokulturele invloede, wat op elke mens anders inwerk. Hierdie interaksie verskil van persoon tot persoon en dit dra by tot verskillende gevolge en reaksies. Een voorbeeld van die verskil in interaksie kry ons uit die woorde hierbo: ‘*uit al die menings het ek dan gekies watter een sou vir my die aanvaarbaarste wees*.’(J)

Die ontwikkeling van 'n eie belydenis was vir sekere jongmense blootstellend, wat pastoraal begelei was deur, vir die jongmens 'n versorgende omgewing, te bied (Gerkin 1997:88). Hierdie intieme, veilige ruimte, was veral die oplossing vir die jongmens, wat nooit tevore met gemak voor mense kon praat nie en die jongmens wat nie oor genoeg vertroue beskik het om oor hulle eie kennis te praat nie. Die geloofsgemeenskap van die kleingroep is gebruik om die katkisant se eie identiteit te vestig as gelowige. Die deelnemende pastoraat het gehelp met die subjektiewe simbolisering van die jongmens se geloof (Tielemann 1993:163). Hierdie subjektiewe simbolisering behels dat die voorkennis waaroor elke katkisant beskik gebruik word om nuwe kennis en ervaringe te interpreteer en tot nuwe interpretasies te kom. Op hierdie manier word geloof ‘n werklikheid in die jongmens se lewe en beleef jongmense God se ingryp in hulle eie lewe asook in die van die lede van die groep. Daardeur is die ontwikkeling na 'n eie geloofsbelydenis, as proses, vir die katkisant betekenis- en sinvol.

### 6.13.3 Begeleiding gebruik reflektering

Reflektering was as een van die metodes van begeleiding. Deur reflekterende gesprekke word kennis gekonstrueer. Die weergee van kennis geskied in taal. Dit beteken dat reflektering deur middel van taal betekenis aan ‘n mens se lewe gee (Kotzè 1994:27,35). Mense leef in taal, ervaar en neem waar in taal (Maturana 1992:46,47). Reflektering (in taal) kan deelnemers help om hulself en ander te verstaan. Vir katkisante en die gemeente en die leraar om mekaar te kan verstaan, is onderlinge ko-konstruksie-gesprekke (prosesse) en taal nodig (Tyndale 1990:24; Ballard 1994:298). Gergen en Gergen (1991:93) sê dat ko-konstruksie die verstaansproses van dit waarmee die navorser en die deelnemers besig is, bevorder. In hierdie studie sou dit die verstaan proses rondom geloofsontwikkeling behels. Beide Hoffman (1992:17) en Roux (1996:22) wys op die waarde van reflekterende-gespreksprosesse (onderlinge gesprekke). Die waarde van hierdie gesprekke vir my studie lê daarin dat dit enersyds ‘n inter-afhanklike verhouding tussen my as navorser en my mede-deelnemers tot gevolg kan hê (Gergen & Gergen 1991:78) en andersyds dat ‘n alternatiewe onderlinge verhouding tussen jongmense onder mekaar asook hulle en hulle ouers kan ontwikkel – ‘n effektiewe gespreksverhouding waarop hulle kan voortbou. Reflektering is so ‘n belangrike saak dat dit meer bespreking regverdig.

## 6.14 REFLEKTERING

Reflektering lê op twee vlakke. Die een vlak is die persoonlike. Daar word reflektering gebruik om die interne dialoog te eksternaliseer, dit wil sê, om oor denke gevoelens en dade vrae te vra. Dit beteken dat daar tydens kwalitatiewe navorsing ook voortdurend reflekterende gedagtes (denkprosesse) by die navorser en die deelnemer kan opkom (Gergen & Gergen 1991:79,186), Morss (1996:35), Roux (1996:28), Steier (1995:182) en White (1996:178) ondersteun almal die gedagte van selfgesprek, van innerlike denkprosesse. Selfgesprek is nodig om oor onderlinge gesprek na te dink. Dit impliseer dat deelnemers tydens die kategese ‘n konteks kan skep waarbinne hulle die onderlinge gesprek waarin hulle hulleself bevind, kan interpreteer (Steier 1995). ‘n Verdere wins van innerlike denkprosesse is dat dit selfverstaan by deelnemers kan bevorder en dat ‘n alternatiewe ‘lewenstorie’ by die deelnemer kan ontstaan. Veelvuldige reflekterende gesprekke en reflekterende denkprosesse is myns insiens, deel van die kategeseproses.
Een van die katkisante verwoord die ervaring van reflektering soos volg:

> *Ek kan onthou dit was die tweede keer wat ek gekom het, het ek in die klas gesit en luister en terwyl ek so sit en luister is dit asof daar ‘n berg van my skouers afrol. Ek het met Y hieroor gepraat. Elke keer as ek kerk toe gekom het en klas toe gekom het, het die las weggebly van my af. Ek kon met die Here begin praat en Hy het my antwoorde gegee. Hy kon vir my gewys het. Hy het een van my vriendinne na my toe gestuur om met my te kom praat (A*)

Om ‘n reflekterende gesprek aan die gang te kry (White 1988/9; White & Epston 1990; Roux 1996:23) en te dekonstrueer, kan vraagstelling gebruik word (sien punt 16). Vraagstelling kan ook gebruik word om ‘n probleem te eksternaliseer. ‘n Eksternaliseringsproses kan bewerkstellig word deur byvoorbeeld Tomm (1987:167; Freeman & Lobovits 1993:190) se refleksiewe en sirkulêre-vrae, asook White (1991:30,31) se *landscape of action* en *landscape of consciousness* vrae te gebruik. Hierdie wyse van vraagstelling bied aan die deelnemer (katkisante) ruimte sodat hulle, hulle eie verstaan kan verwoord (Freedman & Combs 1996:113).

Die volgende refleksie van ‘n katkisant verduidelik dit soos volg:

> *Ek het ‘n vriendin gehad wat die Here absoluut gehaat het. Sy het prentjies van Jesus geteken waar Hy gekruisig is en woorde agteruit geskryf. Ek het saam met haar begin rook en drink en vloek. Daar was ‘n gebedsgroepie by die skool*

*en as hulle by ons verby stap sê hulle " die Here het julle lief", dan sal sy omdraai en die Here en hulle vloek. Dit was nie reg gewees nie.*

Hoe het jy dit reggekry om anders te kies?

*My Pa het my baie gehelp. Die vriendin het my 'n pil gegee en gesê dis 'n vitamiene pil. Ek het flou geval by die skool en is hospitaal toe en daar het ek ook vreeslike aanvalle gekry. Hoe hulle dit ondersoek vind hulle uit sy is by satanisme betrokke en dit was dwelms gewees wat sy my gegee het. Na die hospitaal was ek 'n week by die huis en my Pa het baie met my gepraat. Deur my Pa het ek weer op die regte pad gekom. My Pa het gevra hoe het ek daarby betrokke geraak. Ek het hom toe vertel van my gevoelens oor my Ma. Hy sê toe hy dink nie my Ma sou dit so wou gehad het nie. En toe dink ek by myself hy is reg. Die meisie het my nog elke dag gepla, maar ek het nie weer saam met haar gegaan nie.(A)*

Die reflektering gaan verder en ondersoek verbeterings wat waarneembaar is. Watter invloede het die verbeterings te weeg gebring? Watter transformasies was daar? Weerstande tot transformasie word ondersoek. Laastens word ook die internalisering ondersoek, wat plaasgevind het (Brochbank, McGill & Beech 2002:25,26). Dat die innerlike reflektering belangrik is, is sonder twyfel. Tog moet reflektering met die oog op die kategese wyer strek as bloot die innerlike. Indien Gerkin (1991:58) se definisie vir refleksie gebruik word, naamlik, dat alles oor God nog nie gesê is nie, met ander woorde, dat linguistiese reduksie plaasgevind het by die interpretasie van die Bybel en dan kan daar terug gevra word en gereflekteer word oor die Bybel en tradisie. Dus behoort refleksie deel uit te maak van die kategese. Die opvattings oor God en die Bybel en geloofsbelydenis kan aan refleksie blootgestel word. Die studie het met die praktyk van belydenisaflegging in gesprek tree en reflekterend met dominante diskoerse omgaan sodat daar aan die katkisant 'n eie stem gegee kon word. Die refleksieproses bied aan die katkisant die geleentheid om mede-inspraak te verkry in die belydenisproses. Dit word gedoen binne die raamwerk van wedersydse respek, en die kritiese aanvaarding van ander se kennis en ondervinding (Van der Spuy 2000:15). Reflektering open die geleentheid om diskoerse te ontdek en dit te hanteer. Die rol van diskoerse word volgende bespreek.

## 6.15 DIE ROL VAN DISKOERSE

Hermans (2003:234) onderskei tussen verskeie diskoerse in 'n persoon se lewe:

(i) Daar is die outoritêre (dominante) diskoerse wat na vore kom uit religieuse dogmas, politieke leerstellings, morele waardes, die woorde van ‘n ouer en erkende wetenskaplike waarhede. Indien daar op hierdie outoritêre diskoerse staat gemaak word, word dit verstaan dat daar ‘n onvoorwaardelike onderwerping daaraan vereis word. Hierdie soort outoritêre diskoerse word of aanvaar of verwerp. Refleksie beteken dat daar gevra word oor wat die bedoeling van die outoriteit van die dominante diskoerse was. Verwerping van die outoritêre diskoers beteken verwerping van die outoritêre diskoers se intrinsieke outoriteit.

(ii) Die tweede soort diskoers wat hy onderskei is die interne oorredende diskoers. Hierdie diskoers is immer aan die groei en verander. Die proses is om ou woorde aan nuwe konsepte te koppel. ‘This process of appropriation and assimilation is more than just interpreting some one elses words’ (Hermans 2003:235).

Die evolusionêre proses bied voortdurend nuwe kombinasies van woorde en konsepte op soek na nuwe antwoorde. Refleksie maak van hierdie metode gebruik in die beoordeling van die van konsepte tydens die proses. ‘n Verdere uitvloeisel van hierdie diskoers is dat gesag skuif van buite die persoon na binne die persoon (Hermans 2003:235).

’n Voorbeeld hiervan is waar jongmense leer om krities aan godsdienstige praktyke deel te neem. Wanneer ‘n jongmens toegelaat word om deel te neem en ‘n eie betekenis in terme van ‘n eie ervaring en idees daaraan te koppel, word die jongmens die outeur van betekenis van die praktyk, waarby hy/sy betrokke is. ‘n Reaksie in so ‘n geval sou soos volg verwoord kon wees deur ‘n katkisant: “Ek raak betrokke by die praktyk nie omdat iemand sê ek moet nie, maar omdat dit vir my iets beteken”. Dis die oorredende diskoers waarmee daar in die kategese omgegaan is.

Diskoerse en dominante narratiewe moet aan voortdurende interpretasie en herinterpretasies blootgestel word. Gerkin (1998:83) en Brueggemann (1998:7) bevestig dat bestaande kennis lei tot geyktheid en behoort gekonfronteer te word. Brueggemann (1998:7) se uitgangspunt is dat die menslike geskiedenis (wat ook uit verhale oor God bestaan) teenoor die verhale uit die Bybel, die alternatief kan

bekendstel. Die jongmens se lewensverhaal, oor sy pad met God, bied alternatiewe, waarmee die geykte gekonfronteer kan word. Die gebruik van vrae was ‘n baie belangrike manier om diskoerse se invloed vas te stel.

## 6.16 GEBRUIK VAN VRAE

Die skep van betekenis en verstaan realiseer deur middel van onderlinge gesprek. Hierdie gesprek word dekonstruktiewe gesprek genoem. In die tipe gespreksvoering speel Tomm (1987) en White (1991) se vraagstellingsmetodiek ‘n groot rol. Die soort vraagstelling dui nie op blote versameling van inligting nie (Anderson & Goolishian 1988:383). Die fokus is veel eerder op verstaan, betekenis en interpretasie.

### 6.16.1 Vrae genereer dekonstruksieprosesse

Vraagstelling op hierdie manier is myns insiens belangrik, omdat dit ‘n bydrae tot die dekonstruksieproses kan lewer in soverre dit alternatiewe betekenis en ontwikkeling skep. Die uniekheid van die tiener-individu se ontwikkeling in geloofsverstaan en geloofshandeling word verder belig deur die gebruik van vrae.

### 6.16.2 Vrae skep eksternaliseringproses

Ek beskou eksternalisering relevant vir hierdie studie juis omdat dit deur middel van vraagstelling geskied (Freedman & Combs 1996:113). Deur middel van vraagstelling word deelnemende katkisante se toestemming verkry om oor ‘iets’ (geko-konstrueerde temas) gesprek te voer. Hulle instemming tot gesprek en die antwoord op ‘n vraag wat gevra word, vorm deel van die ko-konstrueringsproses waarna vroeër verwys is. In die proses word die deelnemende katkisante bemagtig om hulle stem te kan/mag gebruik.

### 6.16.3 Vrae ontketen veelvuldige gesprekke

Die proses wat pas beskryf is, sou veelvuldige reflekterende gespreksprosesse (onderlinge gesprekke) kon begin en lei tot ‘n proses van ontwikkeling (verandering) (Griffith & Griffith 1990:17).

Die proses is soos reeds genoem deur middel van vrae aan die gang gesit. Tydens die eerste kategesebyeenkomste was daar die vrae gevra, wat die basis sou vorm vir die temas vir die kategese (sien 6.3.1).

### 6.16.4 Vrae bevorder deelname

Binne die raamwerk van hierdie studie is vraagstelling uiteraard relevant. Juis omdat vrae voortdurend nuwe vrae tot gevolg het. Die betekenis van die voortdurende vra van vrae lê daarin dat verstaan (begrip) kan ontstaan (Anderson & Goolishan 1988:383). Dit is die rede waarom vraagstelling as die leraar-fasiliteerder se primêre gereedskap beskou kan word (Anderson & Goolishan 1992:32). Die gebruik van vraagstelling skep ook ‘n gespreksbasis aan die hand waarvan ko-konstruksie en nuwe alternatiewe betekenis wat verandering kan meebring, tot stand kom.

Die doel met hierdie vrae was om aan die katkisant die geleentheid te gee om deel van die proses te word. Tielemann (1993:158) skryf vanuit die pastoraat en beskryf deelnemende pastoraat as die benadering waarmee mense deel word aan ‘n proses waarmee hulle sin gee aan hulle bestaan. Hierdie deelname tot singewing was bereik deur die metode van vrae. Die vrae skep nie noodwendig deelname nie. Daar moet ‘n konteks geskep word vir die vrae om deelname te bewerkstellig. Hierdie konteks kan soos volg uitgeklaar word:

- (i) Die betekenis van die vraag moet binne jongmense se verwysingsraamwerk verstaan moet word (Tripp 1997:134). In hierdie geval is die verstaan die vorming van ‘n eie belydenis.
- (ii) Daar moes ooreengekom word dat die vrae gebruik word om die jaar se kategese te rig.
- (iii) Verder, dat die antwoorde, blootgestel kan word aan vrae, vanweë interpretasieverskille (Tripp 1997:134). Sodoende word bespreking ontlok en meer helderheid word verkry. Op hierdie manier word die katkisant en kategeet onderling beter verstaan.
- (iv) Dit help jongmense ook met die formulering van behoeftes ten opsigte van ‘n eie geloofstorie. Dit is waar die krag van ‘n eie geloofsbelydenis dan ook lê.

Aan die einde van elke bespreking was daar dan die volgende vrae mee afgesluit:

- Wat was waardevol en interessant tydens die byeenkoms en hoekom?
- Waarvan het jy gehou?
- Waaroor sou jy weer verder wil gaan dink?
- Watter van dinge tydens vandag se bespreking sou jy gaan gebruik in jou geloofslewe en watter waarde sou dit hê vir jou geloofsbelydenis?

'Taken for granted realities' en 'so-called "truths"' word deur vraagstelling bevraagteken en gedekonstrueer (White 1991:27). Dit is inderdaad die bevraagtekening van hierdie 'werklikhede' en 'waarhede' wat verandering kan bewerkstellig (Parry 1991:42; Tomm 1987:172). In die geval van hierdie studie is dit juis vraagstelling wat die magsdisposisie ('probleem') omverwerp (beëindig) en 'genesing' in verhoudings kan fasiliteer. Verandering kan genesing bring en genesing kan verandering bring.

### 6.16.5 Soorte vrae wat gebruik is

Die volgende vier verskillende soorte vrae het na vore gekom vanuit die proses van die kategese. In die bespreking van hierdie vrae dui ek deurgaans aan waarom hierdie vrae juis relevant vir die navorsingsprojek is (Freedman & Combs 1996:103; Tomm 1987:173,175; White 1998:37,41; 1988/9:7-11; 1991:27-32 en White & Epston 1990:16). Al die bogenoemde bronne is vanuit die terapeutiese veld. Ek beskou dit as relevant tot die studie vanweë die onderverdeling van die verskillende vrae. Verder benader hierdie bronne ook die ontwikkeling van die mens vanuit die lewenstories van mense, wat dit geskik maak vir gebruik in hierdie studie.

**Beïnvloedingsvrae** wat die fasiliteerder vra, het as mikpunt om mededeelnemers te laat nadink oor watter effek die probleem (magsdisposisie) op hulle lewe asook hulle verhoudings het (White & Epston 1990:16). Hierdie vrae is daarop gemik om die probleem te eksternaliseer deurdat die deelnemer in staat gestel word om sy / haar lewe en verhoudings van die probleem te onderskei. Wanneer deelnemers hulle van hulle probleem onderskei, bestaan die moontlikheid volgens White en Epston (1990:16) dat hulle persoonlike 'eienaarskap' vir hulle probleem kan aanvaar. Hierdeur kan deelnemers gehelp word om vas te stel wat die omvang van die probleem se invloed in hul lewe en op hul verhoudings is (White 1988/9:8). Vir toepassing op die kategetiese

proses was hierdie soort vraag gebruik om dominante stories te identifiseer wat geloofsontwikkeling aan bande gelê het. Soos hieronder aangehaal word was die dood en die druk van vriende by die betrokke katkisant invloede wat geloofsgroei vertraag het.

Hoekom het die dood 'n negatiewe impak op jou lewe?

> *Veral in my nefie se geval, was dit iemand na wie ek opgekyk het en gevoel het hy sal lank daar wees vir my. Hy was na aan my soos my beste vriend en toe pleeg hy selfmoord. Daar is so ook baie mense al dood in my familie. Ek wonder wanneer dit met my gaan gebeur. My saak met die Here is 80% reg so ek kan gaa,n ek moet nog net 'n paar dinge uitklaar in my lewe.*

Wat is die dinge?

> *Ek moet bly glo. Ek het'n vriend wat my laat dinge doen wat my die 19% laat kortkom*

Hoe hanteer 'n mens druk van maats?

> *Ek dink dis jou eie saak. As jy nie wil saam doen nie, moet jy maar die 'punch' vat. Dit is om uitgeskuif te word uit die kring uit. Regte vriende sal jou nie dwing om dinge te doen wat jy nie wil doen nie. Ek het toe nuwe vriende gemaak wat my ondersteun en help. (FH)*

Vrae wat gevra kan word om '**unique outcomes'** te ontdek, is daarop gemik om ontwikkeling (verandering) by 'n deelnemer te laat realiseer (Freedman & Combs 1996:103; White 1988:41). Hier word gefokus op die invloed wat die deelnemer en sy/haar verhoudings op die 'lewe' van die probleem het. Hierdie soort vraagstelling '…brings forth information that contradicts the problem-saturated description of family life, and assists persons to identify their competence and resourcefulness in the face of adversity' (White 1998:10). White (1991:30) praat ook van hierdie soort vrae as 'landscape of action' vrae. Deur middel van hierdie soort vraagstelling kan die deelnemer gehelp word om te besef tydens watter geleenthede hy/sy 'in beheer' van die probleem was. Sodoende kan hy/sy ontdek wanneer, waar, en hoe sy/haar optrede 'beheer' oor die probleem gehad het. Deur hierdie geleenthede in gedagte te hou telkens wanneer die probleem te voorskyn kom, kan die wete, dat hy/sy al voorheen 'in beheer' van die probleem was of invloed op die lewe van die probleem gehad het, hom/haar bemagtig. Vindingryke optredes van die deelnemer kan deur middel van hierdie soort vraagstelling lei tot meer 'beheer' oor die probleem. Hierdie vraagstelling skep met ander woorde alternatiewe kennis (vanuit die verlede) wat die deelnemer

bemagtig om op alternatiewe maniere (in die toekoms) teenoor die probleem op te tree en ‘in beheer’ daarvan te wees.

‘Wat sê die keuse wat jy gemaak het van jouself?’

> *‘Dat ek kan verander. Ek het nog nie so daaroor gedink nie, bedoelende so oor myself nie. Dit maak van my ‘n beter mens. Dit het my ‘n meer gelowige mens gemaak. Ek sien ’n nuwe ek, wat kan leef en ek is bly ek leef, wat van haarself begin hou en van haar manier van doen begin hou. Ek sien die lewe nou uit ‘n liefdesperspektief en dit maak die lewe kleurvol. My oë het oopgegaan en ek sien die wêreld met nuwe oë. Dit maak ‘n groot verskil. Hierdie ervaring sê vir my dat jy altyd keuses moet maak. Ek kan in die toekoms nou ook die regte keuses maak. Ek sal gelukkig kan wees met die keuses wat ek gemaak het. (MS)*

Vraagstelling om unieke uitkomste te ontdek, skep die moontlikheid en ruimte vir **‘landscape of action** vraagstelling (White 1998:31). Deur middel van hierdie soort vrae kan deelnemers gehelp word om hulle vaardighede te ontdek (Tomm 1987:175). Die ontdekking van vaardighede kan daartoe bydra dat hulle bemagtiging beleef en ‘in beheer’ van die probleem kan wees.

Wie het die grootste invloed op jou geloofsoortuigings gehad?

> *Ek het altyd geglo ek glo in die Here totdat ek op die kamp gegaan het. Totdat ek al die mense gesien het met die aand …. toe ek besef dat God my aanvaar het. Ek hoef nie te werk daarvoor nie. Dis finaal. (NDP)*

Hoe het jy besef dis finaal vir jou?

> *Toe ek teruggekom het, het mense wat gevloek het my werklik begin pla, vroeër het dit nie eintlik nie. Ek wou die heeltyd sê hou op. Totdat ek nou die dag vir my oupa gesê het: “Hou asseblief net op met vloek. (NdP)*

Die vierde vorm van vraagstelling is vrae rakende die **toekoms** (Freedman en Combs 1996:103; Tomm 1987:173). Tomm (1987:173) maak tereg die opmerking dat persone (adolessente/ouers) soms so ‘vasgevang’ in die probleme van die verlede en van die hede leef, dat hulle nie eintlik ‘n ‘toekomsvisie’ het nie. Moontlikhede en uitkomste kan met hierdie vrae ge-eksploreer word. Doelstellings kan deur middel van toekomsgerigte vrae bewerk word.

Rondom die soorte vrae brei Freedman & Combs (1996:148-158) dit verder uit en gee handige onderverdeling van verdere vra wat ter aanvulling gebruik was. Die volgende noem ek kortliks sonder bespreking daaroor.

(i) ‘Meaning questions’: Hierdie vrae konsentreer op die valudering van die persoon. Wat se dit van jou? Wat maak dit jou? In die geloofsopset kan sulke vrae mense se eie waarde vir hulle uitwys. Hoe het jy gevoel oor jou optrede? ‘Meaning questions’ bring mense uit hulle gevoel van magteloosheid. Mense ontdek alternatiewe optredes in hulle lewe wat vir hulle van waarde kan wees.

(ii) ‘Story development’: dit gaan oor die verloop van sake wat ondersoek word met die bedoeling om dominante stories te ontdek, vergelykings te tref tussen gebeure en invloede uit wys. Byvoorbeeld - Hoe verander ander se stories jou lewe?; Wat sou die storie van ‘n betrokke optrede (noem dit dan) wees?; Hoe verander die huidige storie jou lewe? ‘Story development’ vrae ontdek insidente (plot) wat merkbare veranderings bewerkstellig het en ontgin die redes daarvoor.

(iii) ‘Opening space’ (:145): hierdie soort vrae soek geleenthede tot meer keusemoontlikhede en ontgin verbande tussen verskillende metafore wat die persoon gebruik. Waar sal jy nog verder wil groei in jou geestelike lewe? Is ‘n sekere invloed (wat geïdentifiseer was) net in een verhouding teenwoordig of kom jy agter dit beïnvloed ook ander van jou verhoudings?

(iv) ‘Preference’: Hierdie soort vrae maak voorkeure duidelik. Watter modelle bestaan daar waaruit jy ‘n keuse kon maak? Wat sou jou optrede nog meer verbeter? Hoe sou jy jou manier van doen nog gaan aanpas?

Hierdie vrae was deurentyd gebruik, juis ter ondersteuning van die studie se fokus van die kategese naamlik, die lewenstories van katkisante. Die vrae se effek word volgende bespreek.

### 6.16.6 Die effek van vrae

Vraagstelling beoog nie om spesifieke antwoorde by die deelnemende katkisante na vore te bring nie, maar om ‘n reflekteringsproses, ‘n proses van nadenke, by hulle te bewerkstellig (Tomm 1987:173). Die effek van hierdie vrae was, daar was tuis daaroor nagedink vir selfreflektering, soos reeds hierbo aangedui. Sodoende het vraagstelling selfgesprek bevorder.

> *Die vrae wat Ds gevra het en die bespreking daarvan. Dit het my nader aan die Here gebring, want die vra van die klas het my baie laat dink as ek by die huis is. En nou ervaar ek die Here langs my. (A)*

### 6.16.7 Riglyne vir vrae

Die vrae wat tydens die byeenkomste gevra was, was nie volgens ‘n spesifieke formaat gevra nie, want vanuit die narratief is die fokus op die verhale van mense en nie op vooropgestelde waarnemings wat na vore behoort te kom nie. Daar was egter sekere duidelike riglyne vir die vra in my eie gemoed. Ek wil dit volgende kortliks bespreek:

(i) Die respek vir katkisante moes te alle tye binne die vrae ervaar word, hetsy in die stel van die vraag of die vra van die vraag of die wag vir ‘n antwoord op die vraag. Katkisante moes te alle tye die vrae as hoopvol vir die toekoms beleef en beleef dat daar erkenning verleen word aan hulle eie vermoë om die vrae te kan beantwoord en dat hulle individuele sterktes en vaardighede genoegsaam is om die vraag te kan beantwoord. Elkeen se bydrae was van waarde gereken. Dit was gesien as ‘n verdere bydrae tot die ko-konstruering van kennis.

(ii) Daar moes erkenning aan alle vorme van kennis verleen word tydens die beantwoording van die vrae. Ervaring se waarde was ook sterk beklemtoon tydens die beantwoording van vrae.

(iii) Daar was wegbeweeg van geykte antwoorde na persoonlike formulerings. Eie taalgebruik in die beantwoording van die vrae was die gefokus, met ander woorde eie individualiteit was ruimte gegee om na vore te kom tydens die beantwoording van vrae.

(iv) Die vrae was ook so geformuleer dat dit verdere denke moes stimuleer.

(v) Die vrae het ook 'n gesindheid van opgewondenheid bewerkstellig en humor na vore laat kom. Dit het tot ‘n gees van samewerking onder die groep bygedra.

(vi) Die aanvanklike rede vir die vra was dat ek van 'n ‘not-knowing’ posisie die kategese wou benader. Dit sou kongruent wees aan die posisie van medegespreksgenoot en verhoed dat ek as die kenner (‘expert’) beleef word. Wat ek egter gevind het was dat die vrae verdere denke gestimuleer as net die kategetiese inhoud. Dit het katkisante oor sake laat dink en hierdie sake was tydens die bespreking ingedra, wat gewys het op die reflektering van die bespreking op ‘n persoonlike vlak.

Met al die bogenoemde afleidings van die vrae was dit dan ‘n natuurlike ding vir die deelnemende katkisante om ruimte te maak vir mekaar om ook oor persoonlike kwessies tydens die bespreking te reflekteer en selfs bespreking daaroor te voer. Dit het daartoe aanleiding gegee dat katkisante beleef het dat hulle alternatiewe stories identifiseer in hulle lewe waarmee hulle verder gewerk het tydens die jaar.

### 6.16.8 Persoonlike reflektering rondom die gebruik van vrae

Tydens die byeenkomste was ek altyd gefasineer deur die rykdom van moontlikhede waarmee ek te doen gekry het wanneer die vrae die katkisante en my eie lewe ondersoekend betree het. Ek benader hierdie hele proses van pastorale deelnemende kategese met ‘n groot nadruk op verantwoordelikheid ‘accountable’ wees teenoor die katkisante as medegespreksgenote. Die vrae was deel van elke byeenkoms en ek bespreek nou die inrigting van die byeenkomste

## 6.17 BYEENKOMSTE

Die finalejaars het saam op ‘n Sondagmiddag tussen 17:00 en 18:00 byeengekom. Deelname was optimaal bevorder tydens die byeenkomste. Deelname berus op drie vlakke naamlik kultureel, interpersoonlik en intrapersoonlik (Hermans 2003:303). Hierdie deelname is spesifiek gerig op die oprig van ‘n platform waarop daar verder gebou kan word met nuwe kennis wat bykom. Vir die interaktiewe deelname in die oprigting van ‘n platform vir leer om te kan plaasvind is die volgende boustene belangrik:

**(i)** **Kultureel**, wat die betrokkenheid van jongmense kognitief betrek op alle vlakke waar hulle betrokke is. Hierdie betrokkenheid is interaktief tussen die jongmense en leraars, asook onderling met mekaar. Ongelyke gespreksgenote vanuit die kulturele opset van die gemeente konstrueer ‘n nuwe platform vir leer deur ‘n nuwe verhouding vir die duur van die kategese te onderhandel. Die kulturele beklemtoon die konteks waarbinne die leer gaan plaasvind, sodat ‘n platform daargestel kan word. Soos die volgende aandui:

> *Om klas toe te kom en meer van die kinders te leer ken en in watter verhouding tot die Here staan. Om saam met hulle in die klas te wees. Die klas en die kinders in die klas het ek lewendig en vol vreugde ervaar. Ek het die kinders beter leer ken deur wat hulle gesê het in die klas (A).*

Dit word kultureel genoem vanweë die fokus op die kulturele konteks waaruit die deelnemers na die leer toe kom. Hierdie leersituasie bestaan uit ‘n aktiwiteit, ander leerders, die ruimte van die leersituasie, die doel van die leeraktiwiteit, die tyd daaraan verbonde, asook die kulturele en institusionele konteks waarbinne die aktiwiteit plaasvind.

**(ii)** Die **interpersoonlike** vlak is die hantering van rolle binne sekere gestruktureerde situasies, wat mag voorkom tydens die leersituasie. Hierdie rolle is die van deelnemer en van waarnemer of toeskouer. Nuwe verhoudings moet daargestel word sodat daar binne die groepie 'n platform vir leer bewerkstellig kan word. Die rol kan of gekies word deur die deelnemer of deur die groep toegeken word of bepaal word deur die proses van leer. Vaardighede, kennis en persoonlikheid is bepalende faktore hiervoor. Tydens die kategese was jongmense beide deelnemer en toeskouer, vanweë die soort aktiwiteite wat gekies was om leer te bewerkstellig.

**(iii)** Op **intrapersoonlike** vlak is die betrokkenheid van die jongmense algeheel en met oorgawe. Met ander woorde jongmense identifiseer met ‘n aktiwiteit en besluit om betrokke te raak in die aktiwiteit. Tydens die aktiwiteit tree die deelnemer in onderhandelings met medeleerders en met die kennisinset en bepaal die betekenis wat daaraan toe geken gaan word binne sy/haar bestaan.

> *As ons in die grootgroep gepraat het het ek baie daarvan gehou. Soos mense hulle standpunte oor sake gee en ons daarna sit en luister vorm daar ook ‘n standpunt in ons eie koppe. (FB)*

Byeenkomste was gestruktureer in grootgroepgesprekke en kleingroepgesprekke, genoem fasiliteringsgroepe. Binne die byeenkomste was daar groepwerk gedoen binne die kleingroep en was daar bespreking gehou tydens die grootgroep.

**Groepwerk** waar die fasiliteerder aan die hand van vrae ‘n kennisinset verwerk het binne ‘n kleingroep opset. Die inhoud van die vrae het sy oorsprong uit die

voorgeskrewe handleiding vir finalejaarskatkisante wat die Ned Geref Kerk beskikbaar stel. Dit bevat die primêre kennis waaroor die katkisant moet beskik, om ‘n geloofsbelydenis te kan verstaan en sodoende 'n eie geloofsbelydenis te ontwikkel. Temas van hierdie handboek is na die groep katkisante geneem en hulle het gemerk waaroor hulle wou praat of waaroor hulle meer inligting wou hê. Hierdie temas is dan in die groep bespreek en op hierdie wyse is saam besluit watter inhoude in die verloop van die jaar behandel sal word. Vrae is uitgewerk oor hierdie temas en in ‘n dokument vervat wat aan elke katkisant uitgedeel is. Dit het dan as gespreksriglyn gedien tydens byeenkomste. ‘n Katkisant het die ervaring van die byeenkomste soos volg beskryf:

> *Dit was vir my lekker. Ons word op skool met inligting gevoer. En hier was ons in die bespreking ingetrek. Jy moes regtig dink wat jy sê. Want die oomblik wat jy sê kan die ander van jou verskil en dan moet jy weet hoekom jy sê wat jy sê.*
> *Ek het baie gehou van die kleingroep asook die grootgroep besprekings en om in die sirkel te sit* (tydens die kleingroepbesprekings het die groepies in sirkels georganiseer) *en te gesels was goed, want as jy na van die kinders se verhale luister dan besef jy eers hoeveel ek het om regtig voor dankbaar te wees. En as jy van jou lewe vertel dan verstaan hulle ‘n bietjie meer van jou.*
> *Ek het geleer almal is maar net soos jy. Hulle sny miskien hulle hare anders, praat anders of trek anders aan, maar ons het baie in gemeen. En dat wie is ek om hulle te oordeel. Hulle omstandighede verskil van joune. (JH)*

Die tweede gedeelte is die **grootgroepbespreking** waar die terugvoer van die kleingroepe bespreek word deur al die deelnemende katkisante en menings gewissel is. Tydens hierdie bespreking was die vrae gevra soos hierbo uiteengesit is, na aanleiding van ‘n ervaring wat gedeel was, 'n teenstelling wat gemaak is of ‘n vraag wat gevra is. Tydens die daaropvolgende bespreking, is stellings gemaak, bevraagteken, oortuigings gestel en weerlê en sodoende het die interaksie gelei tot leer.

> *Dit was wonderlik om saam met ‘n groep mense dinge te leer en saam te gesels. Ek het regtig baie geleer – die belangrikste was hoe die Here met ‘n mens kon werk. Ek het hierdie jaar regtig begin dink oor alles wat gebeur het en hoe die Here ‘n mens lei. Dit het my dinge beter laat verstaan. Ek het geleer met die bespreking in die grootgroep. (W)*

## 6.18 FASILITEERDERS

Met fasiliteringsgroepe (kleingroepe) verskuif die klem na die katkisant, hulle eie aard en hulle unieke behoeftes. Die uitgangspunt is ‘understanding youth’ en daar word

baie moeite gedoen om die jeug se unieke lewensopset asook hulle geloofsontwikkeling en geloofsgroei te probeer verstaan ten einde die proses van geloofsvorming so goed as moontlik te begelei. Die bedoeling is nie om die teologiese werklikheid van God se werk te bevraagteken nie, maar om die menslike betrokkenheid by die proses so goed as moontlik in die oog te hou

Volwassenes was deel van die proses. Die kategese het binne kleingroep verband geskiet met ‘n volwassene as fasiliteerder van die geloofsontwikkelingsproses. Volwassenes het hulleself aangemeld vanweë die bestaande praktyk in die kategese van kleingroepbediening. Kleingroepe het elkeen ‘n volwassene wat die jongmense begelei op hulle geestelike pad.
Opleiding is verskaf aan elke voornemende voog en behels onder andere; wat van die volwassene as begeleier verwag kan word. Die wyse van begeleiding van jongmense, wat op die basis van medegesprekgenote moes plaasvind, die fasilitering van gesprekke in die kleingroepe wat aan elkeen in die kleingroep geleentheid tot deelname moes gee, en hoe om ‘n vertroueling vir die jongmense te wees, was sekere temas wat bespreek is.

Die finalejaars was in vooggroepe verdeel van ses jongmense per groep. Daar was vyf vooggroepe. Die voogde het bestaan uit lidmate, wat vir die duur van die byeenkomste, hulle beskikbaar gestel het om as begeleiers op te tree. Die uitdaging van die begeleidingsproses was om die taal waarmee geloof gekonstrueer word tydens gesprekke, kongruent te laat wees aan die deelnemende jongmense. Die begeleier moes dus waak teen voorskriftelike optrede en moes sorg dat elkeen in die groep wel deelneem aan die besprekings. Die diepste roeping van begeleiding is om ‘n proses te begelei waarin ‘n geloof gekonstrueer word (Edwards 2001:169). Dit vind hoofsaaklik plaas deur die reflektering van die lewenstories van elke individu tesame met die geloofstorie van God in hulle lewe. Die groep bepaal dus watter waarhede oor God hulle wil gebruik in hulle geloofskonstruering.

Die voogde het drie keer deur die loop van die jaar vergader en gereflekteer oor die proses in hulle groepe, asook die manier waarop die jongmense die temas internaliseer en die mate van geloofsontwikkeling wat by die individue plaasvind. Die binne perspektief veronderstel dat ekself ‘n deelnemer is wat betrokke is by

geloofsontwikkeling. Daar was dus oor die voogde se eie geloofservarings ook gereflekteer. Die betrokkenheid van die voog by die groep sowel as die individu, het ‘n gevoel van geborgenheid veroorsaak, wat vir tieners noodsaaklik is om met selfvertroue oor die geestelike reis, worsteling en groei van geloof, in hulle eie lewe te reflekteer.

Die hele kwessie van geestelike begeleiding is ‘n studie op sy eie (Newfelder & Coelho 1982, Edwards 2001, Anderson & Reese 1999). Begeleiding deur volwassenes is een van die prosesbenaderings wat reeds in ‘n vorige hoofstuk bespreek is. Benewens die materiaal of handboek waarmee gewerk word, speel ook die persoon wat met die jeug werk, ‘n wesentlike rol, in die proses van geloofsvorming speel. Daar kan aanvaar word dat geloofsoordrag primêr deur 'n mens-medium gedoen word. Die Here gebruik mense om ander mense te bereik, is die uitgangspunt van die benadering.

‘n Volwasse persoon, kan as voog jongmense intimideer en beïnvloed. Die volgende beginsels, is dan ook vroegtydig uitgeklaar met die volwasse fasiliteerders
Mag, kennis en wat waarheid is, word voortdurend onderhandel (Gergen 1999:40).

- Hoe beïnvloed my hier wees jou vrymoedigheid?
- Watter effek het ek op jou in die groep?

Hierdie soort onderhandelde temas plaas al die gespreksgenote op gelyke vlak. ‘n Verdere baie belangrike pilaar van die proses sluit in:

(i) Die skep van ‘n veilige ruimte en tyd sowel as ‘n bereidheid om na die jongmens te luister is ‘n vereiste (Anderson & Reese 1999:100). Die posisie van die jongmense was die heeltyd van groot belang in die proses. Daar was van groepsdenke gebruik gemaak om te bepaal waar elkeen hulleself bevind tydens die byeenkoms. Deur vrae soos die volgende te vra:
  - Julle sal my beter verstaan indien julle weet……
  - Wat moet julle van my weet?
  - Ek sal meer tot die groepe bydra indien ek..

(ii) Tydens die proses, word begeleidend met die katkisant uitgeklaar, hoedat God teenwoordig is. Met die belangrikheid van die lewenstorie van katkisante vir die studie en die proses is God se teenwoordigheid ook verreken in die reflektering oor die lewenstorie (Anderson & Reese 1999:12).

## 6.19 TUISWERK

Die deelnemende benadering van die kategese leen daartoe dat die deelname wyer kan strek as net die groep. Tuiswerk gee aan die katkisante geleentheid om indien hulle sou wou dit aan hulle ouers te wys. Kennisinsette is tydens die groep byeenkoms met die groep bespreek, soos hierbo uitgewys is met die kleingroep en grootgroep besprekings. Verder was daar ‘n stuk deur my voorberei vir verdere ontwikkeling van die gedagte, tuis. Hierdie werkstuk was dan die volgende weer kortliks bespreek. Hier volg ‘n voorbeeld van hoe die tuiswerk gelyk het:

### *6.19.1 Geestelik groei*

Tydens die byeenkoms is daar oor geestelike groei gepraat en sekere kennis was daaroor ontwikkel vanuit die bronne soos hierbo genoem, maar ook vanuit die katkisante self. Vir verdere ontwikkeling van die tema geestelike groei was daar hierdie stuk voorberei wat hulle by die huise kon deurgaan

1. Lees die volgende gedeelte stadig en in stilte deur: Matteus.25:14-30
2. Die volgende het na vore gekom, vanuit die bespreking tydens die byeenkoms, as dinge wat geestelike groei beïnvloed. Dit moes tuis deur die katkisant voltooi word, as die dinge wat onthou word waaruit geestelike groei bestaan volgens die groepbespreking. (By hierdie gedeelte gaan dit oor wat onthou was van die groepbespreking en dit moet weergegee word met hierdie punt).
   - Woord lees
   - Gebed
   - Aanbidding
   - Gemeenskap van gelowiges
   - Getuienis teenoor ander
3. Uitbreiding van die Skrifgedeelte: Hier was die metode gebruik waar daar vanuit die karakters binne die verhaal vanuit geformuleerde vrae antwoorde bedink word. Die rede vir ‘n keuse vir hierdie metode was dat die gewone vraag en antwoord metode werk kognitief, maar hier word die verhaal gegee en kon dit geïnterpreteer word na aanleiding van die vrae deur elke katkisant afsonderlik. Verder was daar ook weg beweeg van reg/verkeerd antwoorde na spekulasies, moontlikhede en opsies. Dit

stimuleer formulerings vanuit ‘n nie-voorskriftelike hoek wat die deelnemende katkisante leer om te formuleer, ook aan 'n eie belydenis.

Watter karakters vind ons in die verhaal uit Matteus 25? (Jesus wat verhaal vertel; Eienaar; Slaaf met 5 talente; Slaaf met 3 talente; Slaaf met 1 talent)

Verskillende vrae aan die karakters met die oog op die verheldering van die gedeelte Hierdie vrae was deur my geformuleer. Die rede vir hierdie vrae was nie om die stuk aan haarfyn ontleding te onderwerp nie, maar om vanuit die Bybel ‘n verhaal te neem en met vrae te verhelder

- Eienaar: Waarom deel jy muntstukke uit?
- Slaaf-l: Hoekom dink jy het jy 5 muntstukke gekry?
- Hoe het jy daarmee gewoeker?
- Slaaf-2: Hoekom het jy 3 muntstukke gekry?
- Hoe het jy daarmee gewoeker?
- Slaaf-3: Hoekom het jy 1 muntstuk gekry?
- Hoekom doen jy wat jy doen?

4. Toepassing. Die toepassing volg vanuit ‘n vorige tuisstuk, waar daar die scenario geskets was dat jy op ‘n planeet geplaas word waar daar nog niks ontwikkel is of enige mens is nie, en jy moet daar ‘n bestaan begin. Wat sal jy daar begin? Die rede vir hierdie benadering was om van die sosiale konstruksie beginsels in te dra.
5. Jy land nou op die planeet.
   - Die vraag word aan jou gestel: Wie is jy ?" "Wat maak jy hier?"
   - Hierdie ontologiese vrae bring die katkisant by ‘n formulering oor homself/ haarself uit. Dit vorm boustene vir die verdere ontwikkeling van 'n geloofsbelydenis.
6. Skryf ‘n voorlegging van voornemens neer om aan enige iemand wat jou sou vra, te kan verduidelik wat jou plan is, om die planeet te bewoon, na aanleiding van die bogenoemde verhaal en vrae.

Hierdie tuisopdragte kon met enigiemand bespreek word by die huis.

‘n Ouerpaar het soos volg gereageer oor die opdragte se effek by die huis:

> *‘Dit was baie interessant, want hulle het met vrae en stellings huistoe gekom, na aanleiding van die klasbesprekings. (Hierdie vrae en stellings)....waaraan ‘n mens nooit gedink het nie. Dit het ons wyer oor godsdiens laat gesels ....*

> *hulle het ‘n gesprek oor godsdiens by die huis aan die gang gesit* (Ouers van W&P)’.

Bogenoemde situeer geloofsontwikkeling en die proses waarvolgens dit gedoen word, binne  die jongmens se eie lewe. Dit help dan ook om ‘n eie geloofstorie te formuleer vanuit die lewenstorie. Gesinne is dikwels ook die eerste kontak wat jongmense met geloofsinhoude oor God in die vorm van Bybellees, huisgodsdiens en die nakom van ouers se doopbelofte. Elke ouer het ‘n eie unieke belewing van God en beskik oor ‘n eie geloofsidentiteit (sien 6.20). Vrae waarmee katkisante, uit die kategese, huis toe kom, sit gesprekke aan die gang en kry jongmense ander perspektiewe op God deur die oë van hulle ouers. Ouers beleef weer aan die ander kant God deur die oë van hulle kind. Hierdie wisselwerking is verrykend en ontwikkelend op beide ouer en kind se geloof. Daar was ook gevalle waar een van die ouers nie betrokke wou wees by hierdie soort besprekings nie, maar ek het gevind dat die ander ouer wel betrokke was.
Met die ontwikkeling van geloof as ‘n aktiwiteit van singewing, is die volgende sake deur Bagnall (1995:53) genoem waarvan daar ook in hierdie studie kennis geneem is as prosesmerkers:

- 'n Persoonlike verhouding met Jesus Christus (devotion) is waarneembaar in die katkisante;
- Die praktiese uitleef van die oortuigings (practice) kom na vore tydens die gesprekke; en dan laaste
- Die refleksie oor 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing (reflection) soos die bespreekte oortuigings geïnternaliseer word in die daaglikse lewe van katkisante.

## 6.20 OUERBETROKKENHEID WAS BAIE BELANGRIK

Die ouers was ook betrek deur aan die begin van die jaar ’n geleentheid te hê waar daar aan die ouers verduidelik was hoe die jaar sou verloop en wat beoog word met die jaar. Kwartaaliks was daar weer so ‘n geleentheid geskep waar die ouers hulle mening kon gee oor die proses en die vordering wat gemaak is al dan nie. Daardeur is die ouers ook betrek in ‘n gesprek van reflektering, tydens ‘n onderhoud tussen die ouers en katkisant die voog en die leraar.

Ouers wil graag sien dat hulle kinders belydenis van geloof aflê. Volgens Osmer (1996:xi) wil 96% van al die ouers in Amerika hê hulle kinders moet aan een of ander godsdienstige onderrig deelneem. Gesinne speel ‘n belangrike rol in elke kind se lewe. Kinders leer wat hulle leef, eerstens binne gesinsverband. Die meeste jongmense word in ‘n gesin groot. Hierdie gesin word dan hulle verwysingsraamwerk. Die meeste vormende verhoudings word in die gesin geleer. Gesinne is intergenerasie sisteme wat ‘n etos (‘n lewenswyse) en methos (lewensbeskouing) vestig, in die jongmens se lewe (Martinson 1997:397). Gesinne dra waardesisteme en geloofsoortuigings oor aan die kinders.

### 6.20.1 Families, as uitgebreide gesinne, en hulle bydra tot geloofsontwikkeling

Bepland of onbepland dra families waardes en geloof oor aan kinders. Volgens Martinson (1997:87) is dit die familie se geloofstories wat stewige wortels uit die verlede verskaf en ‘n onverskrokke visie aan die toekoms gee. Die familie verskaf ook 'n rigting aan jongmense se lewe en 'n stel prioriteite vir die hede saam (Martinson 1997:88). Wat hierbo deur Martinson (1997:87) beskryf word kan blyk die ideaal te wees om na te streef. Vandag ondervind families geweldige druk vanweë die gedisintegrering van die gesin en familiestrukture. Tog was my ervaring met die deelnemende jongmense, dat selfs vanweë disintegrering bestaan daar tog hierdie onderliggende wortelsisteem. Waar ouers ontbreek het was daar ‘n ander familielid wat wel die familie se geloofstories oorvertel het.

> *My lewe het eintlik eers in St 3 begin en daar is baie dinge wat my pla, wat ek nie eintlik kan sê wat dit is nie. My Ma em Pa het baie baklei voor St.3 en in St 3 is hulle geskei en ek het voor die tyd amper nooit vrede gehad nie. Toe is hulle geskei en my Ma is met ‘n ander man getroud en ons is baie gelukkig. My Ma is die lig in my lewe. Sy is soos ‘n vriendin vir my. My oom se dood was ook swaar vir my. Ek kan altyd met hom gaan praat het as alles te swaar geraak het vir my. (JC)*

Een van die belangrike funksies van die familie is om verhale en beloftes wat aan die familie ‘n geloofsidentiteit gee, oor te dra. In die aanhaling hierbo was dit haar oom wat aan haar hierdie vastigheid kon bied. Dit gee vir elke nuwe geslag 'n nalatenskap van identiteit, wortels, doel en roeping (Martinson 1997:90) Hierdie nalatenskap toon ook waar God verweef is in die lewe van die familie.

Die vraag vir vandag se families is: Is dit vandag in 'n hoë tegnologiese samelewing van kompleksiteit en mobiliteit, nog moontlik vir die familie om die funksies te kan nakom? Die rede vir die vraag is dat die meeste van die funksies word deur professionele en openbare strukture oorgeneem (Martinson 1997:90). Daar word beweer dat die ouers dikwels 'n onvermoë ervaar, omdat hulle nie genoegsaam toegerus voel om hulle kinders aangaande geloof, seksualiteit en basiese optrede op te voed nie. Die familie se rol skuif dus na die opvoed van psigologiese gesonde kinders, sodat die kinders die ontvangers kan word van die groter instellings se kundigheid (Anderson 1997:389). Die kerk skuif dan in en word dan die primêre opvoeder van die geloof en word dus as die bemiddelaar van geestelike waardes gesien (Anderson 1997:400). 'n Verdere bydraende faktor tot die rol van die familie is die siening van predikante en Christelike onderwysers, wat glo dat families nie genoegsaam toegerus is om die primêre opvoeder van geloof te wees nie. Dit versterk dus die gevoel van onvermoë by families.

Vanuit die sisteemteorie, is ek daarvan oortuig dat die familie nog steeds die primêre eenheid van lewe is, wat 'n eie etos en methos skep (Anderson 1997:401). Brueggemann verklaar onomwonde, dat vir die bybelse geloof, die familie die primêre eenheid van betekenis is wat realiteit vorm en beskryf. (Anderson 1997:389 & Martinson 1997:397) Die gevolgtrekking is dus, daar is geen familie wat nie 'n kind of volwassene se geloof op een of ander manier beïnvloed nie.

### 6.20.2 Families ontgin geloof, waardes en norme.

Die kind as deel van die gesin word noodgedwonge blootgestel, deur ‘n afhanklikheid van die ouer, van die familie etos (manier van leef) en die familie se methos (lewensuitkyk) wat noodwendig deel vorm van die konteks waarin die kind opgroei. Hierdie etos en methos beïnvloed die waardesisteem en geloof van die kind regdeur sy/haar lewe (Martinson 1997:401).

In ‘n studie, in Amerika, wat gedoen was met kinders, jongmense en volwassenes, in die middel 1980's, oor effektiewe Christelike onderrig, is uit 6 kerkgenootskappe, 28 erkende geloofsinvloede geïdentifiseer. Die mees beduidende Christelike invloed

volgens hierdie studie was die pa en ma gewees. Volgens Martinson (1997:92) is die sewe mees dinamiese invloede wat geïdentifiseer is:

- 'n Ma wat geloof voorgeleef het
- 'n Pa wat geloof voor geleef het
- Gereelde gesprek met ma oor geloofs - en lewensvrae
- Gereelde gesprek met Pa oor geloofs - en lewensvrae
- Gereelde gesprek, met 'n ander volwassene as die ouers, oor geloof en lewensvrae
- Ervaring van gereelde bybellees en huisgodsdiens in die huis
- 'n Ervaring van 'n diensgeleentheid saam met 'n ouer as deel van geloof in aksie

Veranderende familiestruktuur is 'n verdere faktor wat vandag ook in ag geneem moet word. Enkelouergesinne en hersaamgestelde gesinne vorm deel van die kerklike gemeenskap. Die bediening aan families, beteken persone wat ontwikkel en volwasse word, deur persoonlike primêre verhoudings. Hierdie primêre verhoudings word beïnvloed deur die samestelling van families as die houer van die primêre verhoudings. Met die fokus op ontwikkeling van geloof in die familie moet die effek van die veranderende familie ervaring en die groter kulturele milieu se invloed met die nodige sensitiwiteit benader word (Anderson 1997:389). Vanuit die onderhoude wat met die katkisante en hulle ouers gevoer was het die validering van ouers na vore gekom, wat gesprekke uniek en intiem gemaak het en die primêre verhoudings se bande verstewig het. Op ‘n vraag soos: ‘Wie het die grootste invloed op jou geloofslewe gehad?’ het van die katkisante hulle ouers uitgewys. ‘n Vraag soos: ‘Wat het jy die meeste waardeer in jou ouers se geloofslewe?’, het ook aanleiding tot validering gegee. ‘n Ander vraag wat na vore gekom het: ‘Wat was jou ma se bydrae tot jou geloofslewe? het ook spesifieke eienskappe uitgewys.

‘n Verder geleentheid was geskep om vir ouers hulle belangrike bydrae tot hulle kinders se geloofslewe te deel wanneer die fasiliteerders wat ook ingesit het tydens die onderhoude en die ouers kon valideer.

DAAN (fasiliteerder)

> *P het in die klas genoem dat sy baie maklik met jou (ma) kan praat. Dit was ‘n baie mooi getuigskrif gewees dat dit vir haar baie beteken. Dit wat tydens die lewenslyn bespreking dat sy gesê het jy is sos ‘n vriendin vir haar. Ook van W se kant was daar groot lof vir julle as ouers. Ek ervaar ‘n openheid tussen hom en julle*

## 6.21 SAMEVATTING

Osmer (1996:168) noem belydenis aflegging '….a personal act ….involving heartfelt profession and pledging. Vanuit hierdie praktyk soos hierbo beskryf was dit my ervaring dat daar 'n persoonlike betrokkenheid en 'n opregtheid vanaf die deelnemers by die praktyk was. Die fokus was op deelnemend katkisante wat met entoesiasme deelgeneem het aan die konstruering van 'n nuwe wyse van kategese vir die finalejaar. Daarmee saam was hulle besig gewees met die skryf van 'n eie belydenis, wat met 'n sekere mate van worsteling gepaard gegaan het. 'Confirmation, as a free, human response, takes up and gives answer to God's covenanting activity….(Osmer 1996:173) . Volgende word die geloofslyn as deel van die kategeseproses bespreek.

# HOOFSTUK 7

# DIE GELOOFSLEWENSLYN AS INSTRUMENT VIR PASTORALE KATEGESE

## 7.1 INLEIDING

Die jongmens van vandag word groot in ‘n postmoderne wêreld waar verhoudings ‘n baie belangrike rol in hulle lewe speel. ‘n Verhouding veronderstel ‘n wedersydse gewilligheid om ‘n verhouding tot stand te bring (sien 3.6.1). Die verhouding tuis tussen ouer en kind, tussen vriende en verhoudings met die teenoorgestelde geslag is voorbeelde van verhoudings waarbinne finalejaarkatkisante staan. Verhoudingstaal is dus bekend aan hulle. Katkisante wat reeds in verhoudings staan, staan ook in ‘n verhouding met God. Die kern van die studie is om ‘n raamwerk daar te stel, sodat geloofsontwikkeling deelnemend gedoen word binne die kategese. 'n Raamwerk wat die geleentheid bied om God in hulle alledaagse lewe te skryf as deel van hulle lewensverhaal en dit wat lei tot die belewing van God se teenwoordigheid om sodoende God sinvol te kan konkretiseer (Louw 1997:13). Die voorstel is ‘n deelnemende, kategetiese benadering van pastorale begeleiding, waarmee katkisante begelei word tot 'n persoonlike geloofsbelydenis**.** So ‘n raamwerk steun sterk op die sosiale omgewing, asook die konstruering van ‘n lewensverhaal met God daarin geskryf.

In hierdie hoofstuk word bespreek hoe **die lewenslyn as instrument gebruik is om katkisante te laat ontdek dat hulle bewustelik of onbewustelik reeds in ‘n verhouding met God staan**. Hierdie instrument het ook as deel van die studie, ‘n waardevolle basis geword waaruit geloofsontwikkeling plaasgevind het. Katkisante kon hiermee die verhaal van God in hulle lewe identifiseer en so die verhouding met God in woorde uitdruk. Elke katkisant se lewenslyn is dan in die groep bespreek wat gelei het tot waardevolle inligting oor God, wat ‘n bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van medekatkisante se geloof. Müller (1996) se boek ‘Om tot verhaal te kom’ hanteer die lewensverhaal vanuit ‘n terapeutiese hoek. Hierdie studie fokus eerder op die kategese en nie op terapie as sodanig nie. Tydens die bespreking van die katkisante se lewenslyn kom die bespreking baie na aan terapie, maar terapie is nie die

oorspronklike doel van hierdie metode nie, wel die verhoudings waarbinne die katkisant staan en die invloed daarvan op ‘n verhouding met God.

Tielemannn (1993:15) verwys na die lewenslyn as deel van die pastorale begeleiding - die pastorale sorg, bekend as deelnemende pastoraat. In hierdie studie staan die pastorale sentraal.

Die Christelike godsdiens is die transformasie van die mens se lewe na ‘n lewe van toewyding aan God. Volgens Conn (1998:95) is die adolessente fase ‘n fase waarin gesoek word na onafhanklikheid, ‘n waardesisteem en geloof. Hierdie soeke moet deur die kerk verstaan word, sodat die kerk die jongmense ruimte bied om onafhanklik genoeg te voel om na ‘n eie waardesisteem en geloofsoortuiging, binne die kerklike opset, te soek. Met pastorale terapie en geestelike begeleiding vind, volgens Conn (1998:95), persoonlike ontwikkeling plaas wat ook die transendering van die self tot gevolg het. Die ondersoek fokus nie op die transendente self nie. Dit sou as ‘n studie vir verdere ondersoek kon dien. Hierdie bogenoemde bron toon aan dat die lewenslyn die lewe van jongmense beïnvloed en deel is van die geloofsontwikkeling wat ondergaan word. Hierdie verandering vind op kognitiewe, emotiewe, morele en religieuse vlak plaas. Die lewenslyn is ‘n instrument om geloofsontwikkeling in die lewe van jongmense te situeer. **Dit bied dus ‘n oplossing van hoe kategese pastoraal gedoen kan word**.

In hierdie hoofstuk word die lewenslyn dus as ‘n praktiese riglyn vir die kategese bespreek. Die fokus is die produk van ko-konstruksie wat tydens die kategeseproses plaasgevind het. Dit beklemtoon ook die uniekheid van die tiener-individu se ontwikkeling in geloofsverstaan en geloofshandeling wat vir hierdie studie van kardinale belang is. Met die ontsluiting van die inhoudelike van die lewenslyn was die narratiewe praktykvrae gebruik, sodat die interaksie van die lewenslyn transformasie bewerkstellig is. Na die teoretiese basis word daar enkele katkisante se respons oor die lewenslyn bespreek om duidelik die waarde van die lewenslyn te aksentueer.

## 7.2 DIE PRAKTYK VAN DIE LEWENSLYN

Met die besprekings, tydens belydenisgroepbyeenkomste, het die onderwerp van die lewensgeskiedenis spontaan in die gesprek na vore gekom. Met die teken van ‘n lewenslyn word elkeen se lewensgeskiedenis gekonkretiseer en dit sou deel uitmaak van die jaar se kategese omdat dit elkeen se persoonlike ontdekkingstog beskryf. Verder sou elkeen ander se ervarings, uit hulle eie lewe, kon aanhoor. Dit is volgens Putman (1998:24) die ideaal, naamlik dat elke katkisant self aan die woord kom en ander daarby leer. Die lewenslyn sou aan die uitdaging kon beantwoord, waarin die persoonlike simbole van die gelowige en die simbolekompleks van die geloofsgemeenskap in ‘n permanente kommunikasieproses by mekaar betrek word (Putman 1998:24). Die katkisant kon die lewenslyn by die huis gaan trek en dit met hulle ouers bespreek, indien hulle wou. Daar was geen grense gestel van hoe die lewenslyn moet lyk nie, maar moes net duidelike hoogtepunte en laagtepunte in sy verhouding met God visueel voorstel, indien daar enige was, daarom kan ons van ‘n geloofslewenslyn praat. Die onderneming was ook dat geen katkisant oor iets praat, indien hulle nie gereed voel om dit met die res van die groep te deel nie. Enkele vertrekpunte wat van toepassing is op die geloofslewenslyn word verder bespreek.

## 7.3 VERTREKPUNTE VIR DIE BESPREKING VAN DIE GELOOFSLEWENSLYN

Met die implementering van die geloofslewenslyn het die volgende aan die lig gekom:

- Dit is ‘n wyse waarop pastorale begeleiding gedoen kan word;
- Die geloofslewenslyn bekyk die persoonlike simboolvorming by katkisante;
- Die geloofslewenslyn werp lig op die geloofsverstaansgeskiedenis van katkisante;
- Die geloofslewenslyn kan met die hermeneutiese pastoraat verder ontsluit word;
- Die geloofslewenslyn het dialoog tot gevolg wat aansluit by die kommunikatiewe pastoraat; en
- Die geloofslewenslyn help skep aan geloofstaal tydens gesprekke.

### 7.3.1 Pastorale begeleiding

Vanuit ‘n narratiewe beskouing (Müller 1996:45) is die pastorale proses ‘n deelname deur alle betrokkenes om saam nuwe realiteite te konstrueer. Binne hierdie ruimte van die kategese, kry hierdie benadering beslag (sien 1.6.4; 2.2.3; 4.2; 4.3.3). Die leraar, sowel as katkisante, word deel van die proses. Pastoraat mond uit in ‘n betrokkenheid by die totale, narratiewe werklikheid wat ter sprake is. Dit lei tot ‘n ervaring van die geheel, van ‘n eie verhaal en ‘n totale betrokkenheid daarby (Müller 1996:61). Begeleiding word gebaseer op integrering van morele en geestelike afleidings wat toegepas word op die lewe (reeds bespreek in Hoofstuk 6). In die geval van die katkisante beteken dit dat die begeleiding van die leraar se kant betrokke is by die afleidings wat gemaak word deur die katkisante tydens die geloofslewenslyn. Hierdie morele en geestelike afleidings wat katkisante maak, word deur die leraar en katkisante bespreek en saam word daar gekonstrueer aan toepassings van die morele en geestelike. Enkele riglyne in die begeleidingsproses word voorgehou.

#### *7.3.1.1 Riglyne vir die begeleidingsproses*

Begeleiding, gebaseer op integrering van morele en geestelike afleidings, begelei jongmense se geloof en lewe te midde van die alledaagse lewe (Newfelder & Coelho 1982:xv). Die begeleidingsproses vind ook aanklank by die pastoraat wat heling, bystand, begeleiding en versoening (Heitink 1993:143) as doelstellings het. Dit is van belang in die bespreking van die geloofslewenslyn omdat baie van hierdie doelstellings na vore kom sodra jongmense hulle lewenslyne met die groep deel.

**(i)** **Heling** bevorder die heelwording of integrasie van mense met die oog op hulle geestelike gesondheid in die ruimste sin van die woord. Aanvaarding en empatie bring heling. Hiervan was daar voorbeelde van hoe die groep saamgevoel het wanneer jongmense verliese met die groep gedeel het.

**(ii)** **Bystaan** – om troos en bemoediging aan mense in moeilike tye te bied. Die bystand kan alleen gebied word indien daar kennis bestaan van die bystand wat nodig is. Die proses in die kategese, veral met die lewenslyn, het hierdie jaar ‘n platform verskaf vir die verleen van bystand, omdat die lewenslyn

onverwerkte emosies uitgewys het wat in baie gevalle hartseer na vore laat kom het.

**(iii)** **Begeleiding** van mense – begeleiding help mense om op grond van hulle lewensoortuigings, keuses en beslissings te maak en so daardeur te groei in selfstandige geestelike funksionering. Hiervoor is ‘n veilige ruimte nodig. Die konteks van die pastorale kategese, veral tydens die mededelings van die inhoudelike van die lewenslyn, het jongmense aanvaarding ervaar en kon hulle vrymoedig hulle lewensoortuigings, keuses en beslissings met die groep deel.

*7.3.1.2 Die geestelike begeleidingsproses*

Die uitdaging van geestelike begeleiding is om die taal van geloof oor te dra, te leer en te laat leer (Anderson & Reese 1999:20). Die volgende sake is van belang in die begeleiding van jongmense en het as riglyn gedien vir die begeleiding in die kleingroep en grootgroepverband. Drie beginsels het tot die sukses van die lewenslyn bygedra sodanig dat die hele groep hieraan gehoor gegee het:

**(i)** **Begeleiding berus op 'n responsiewe verhouding**. Beide die begeleier en jongmense neem aktief deel aan die proses. Die keuse moet gemaak word om te leer en te wil leer en ook om na mekaar te luister. Die begeleier fasiliteer eerder as beveel, deur voorstelle, verduidelikings en motivering. Die dryfkrag om te leer, kom vanuit jongmense (Anderson & Reese 1999:101). Die keuse om te transformeer deur die leer wat plaasvind, kan net deur die jongmense gemaak word.

**(ii)** **Die verhouding is gebou op aanspreeklikheid**. Jongmense het verantwoordelikheid geneem vir geloofsgroei, dit wil sê om met die metafoor (sien 5.5.2) waarmee hulle werk in hulle verhouding met Jesus nog verder te ontwikkel. In sulke jongmense se lewe is God die middelpunt. Die begeleier neem in hierdie geval verantwoordelikheid saam met jongmense vir die ontwikkeling van die metafoor, spirituele oefening, refleksie oor groeiprosese en onderskeidingsvermoë (Anderson & Reese 1999:127).

**(iii)** **Bemagtiging** . Dit is die ontdek van 'n eie stem in diens van die koninkryk van God, wat ontwikkel uit 'n intieme verhouding met God. Die eie stem van jongmense word verwoord in die voorhou van ‘n geloofslewenslyn en 'n eie

geloofsbelydenis. Jongmense word ook bemagtig aangesien 'n eie identiteit as kind van God ontwikkel (Anderson & Reese 1999:13; Edwards 2001:172,173). Hierdie gevoel van bemagtiging laat jongmense beter oor hulleself voel en dus handhaaf hulle hulself beter tussen hulle maats. Jongmense se selfhandhawing word deur twee dinge beïnvloed:

- hoe hulle oorkom tussen hulle maats
- hoe hulle oor hulleself voel (Conn 1998:96)

Die geloofslewenslyn het ‘n ervaring by jongmense gelaat van hulle word aanvaar deur die groep en dat hulle ‘n ruimte het waar hulle inligting, emosies, gevoelens en ervarings kan deel. Die skep van so ‘n ruimte was ‘n belangrike aspek van die deelnemende pastorale kategese. Dit word volgende bespreek.

### 7.3.2 Die deelnemende pastorale kategese

Soos reeds genoem, word jongmense van vandag groot in ‘n postmoderne wêreld (sien 1.4.1; 2.5; 3.6.1; 5.3; 5.7.1) waar verhoudings ‘n baie belangrike rol in hulle lewe speel. Verhoudingstaal is dus bekend aan hulle. Met hierdie siening is die kategese benader. ‘n ‘Verhouding met God’, word as tema gebruik in die gesprekke met jongmense en vervang dus kennis en intellek. Kennis en intellek bestaan steeds, maar word toegepas binne die raamwerk van ‘n verhouding. Die **verhouding** bepaal kennis en intellek, en nie meer dat kennis en intellek die bepalers van die verhouding is nie (sien 3.6.1). Hierdie benadering help die katkisant binne die kategese om met God in ‘n verhouding te tree. Ons beweeg weg van kennis en intellek as vertrekpunte en maak verhouding die taal van die kategese. ‘n Verhouding veronderstel ‘n wedersydse gewilligheid om die verhouding tot stand te bring. Die verhouding tuis tussen ouer en kind en die tussen vriende, sowel as verhoudings met die teenoorgestelde geslag, is voorbeelde van verhoudings waarbinne finalejaarkatkisante staan.

Die fokus wat vir hierdie studie van belang is word geneem volgens Vygotsky (Demtre 1997:309) se uitgangspunt om te word wat jy nog nie is nie. Op die kategese van toepassing gemaak beteken dit - hoe jongmense kan word wat hulle nog nie is nie. Vir die belydenisontwikkeling open hierdie benadering die moontlikheid om, tydens die onderrig, vanuit die pastoraat, begeleidend met jongmense om te gaan. Jongmense se vrye beslissing oor die verhouding met God, Christus, die Bybel, die kerk en die

wêreld staan sentraal. Die katkisant is dus vry om te kan kies en met die keuses saam te leef binne ‘n lewe wat hulle as sinvol beleef. Daar word dus op ‘n sinvolle wyse ‘n ontmoeting bewerk deur elke katkisant tussen eie ervaring en die tradisie van die kerk (Müller 1996:174). Hierdie ontmoeting(s) word deur die lewenslyn weerspieël. Die spieël bied aan jongmense die geleentheid tot refleksie en posisiebepaling ten opsigte van die geloof wat hulle bely wat nou aansluit by die singewing binne die pastoraat. Posisiebepaling bly ‘n voortgaande proses. Die geloofslewenslyn beeld die evangelie in samehang met die mens uit. Katkisante word voor die besef gebring (op ‘n nie-indoktrinerende wyse) dat dit gaan oor God se bevrydende handelinge met die wêreld en dat ek, die katkisant, deel is van die wêreld wat aan hierdie handeling van God blootgestel is. Met my keuses kan ek deel word van die bevrydende handeling van God. Dit beklemtoon die kommunikatiewe aard van die pastoraat.

As vertrekpunt in die leerproses, is die verhale van mense gebruik. Die leerproses is dus meer as persoonlike heil; die heil van die wêreld is ook belangrik. In die geloofsonderrig bou daar 'n spanning op tussen die vryheid van besluitneming en om 'n verhouding met God te beleef. By hierdie proses sluit ek aan met die deelnemende pastorale kategese. Met die skuif van die leer na die leersituasie (Pieterse 1983:10), is die fokus op **die wat leer** (katkisant en die se konteks) en nie **wat geleer** (inhoudelike) word nie, ‘n belangrike uitgangspunt in my studie. Die ontwikkeling van geloof kan dus nooit los gesien word van die sosiale omgewing van elke katkisant nie. Die geloofslewenslyn maak die sosiale omgewing van die katkisant op ‘n sigbare wyse deel van die kategese.

Met die konstruering van die geloofslewenslyn kry elke jongmens die geleentheid om hulleself te oriënteer ten opsigte van hulle eie lewe en God se teenwoordigheid in hulle lewe. Met ander woorde hulle word die outeur van hulle lewensverhaal deur middel van die konstruering van ‘n geloofslewenslyn waar God se verhaal met hulle lewensverhaal vervleg is. Die verband tussen die geloofslewenslyn en die lewensverhaal word volgende bespreek.

### 7.3.3 Die geloofslewenslyn en lewensverhaal

Tielemann (1993:25) beweer dat antropologies georiënteerde geloofstaal belangrik is, omdat dit geloofservarings, op soek na sin, deursigtig maak. Die samehang uit dit wat ervaar is vanuit die ervarings, moet deur middel van taal tot uitdrukking kom (Müller 1996:173). Die samehang tussen die verstaan van ‘n eie lewensgeskiedenis en die geloofsimbole moet na die oppervlakte gebring word. Juis die uitdruk van geloof, soos dit in ‘n persoon se lewe ervaar word, maak daarvan ‘n eie, georiënteerde geloofstaal. Die geloofslewenslyn bring jongmense, as eksperte, aan die woord oor die geloof in God en die rol daarvan in hulle lewe. Dit verwoord die geloofspad van jongmense. Elkeen wat saam met hulle daarmee in aanraking kom, raak betrokke by die gesprek oppad na ‘n geloofsbelydenis.

Hierdie verwoording van die geloofspad is subjektief omdat verhoudings persoonlik (**subjektief**) is (sien hoofstuk 3.6.1). Hierdie subjektiwiteit lei tot ‘n voortdurende interpretasie van die verhouding deur die katkisant. ‘What one knows or sees depends on where one stands or sits’ (Brueggemann 1993:8*)*. Hierdie beoordeling van die verhouding berus op waardes van die interpreteerder. Die geloofwaardigheid van ‘n verhouding word bevestig indien dit daaglikse jou leefwyse beïnvloed. In die geloofsverhouding kan dit ook nie anders nie. Geloofwaardigheid kom na vore waar die geloof wat bely word elke dag se lewenswyse eksistensieel beïnvloed (Du Toit 1997:943). Jongmense moet dus die geleentheid gebied word om met ‘n persoonlike belydenis, van ‘n eie verhouding met God, ook hulle eie lewensverhaal te verwoord as deel van die outentieke bely van ‘n geloofsverhouding met Jesus Christus. Sodoende beskryf hulle wat hulle verstaan van hulle geloof in Jesus Christus. Die verband tussen die katkisante se geloofslewenslyn en die geloofstradisie word verder bespreek.

### 7.3.4 Die geloofslewenslyn omskryf geloofsverstaansgeskiedenis

Elke mens se lewensverhaal is die mens se verstaansgeskiedenis (Heitink 1993:117). Hierdie eie verhaal behoort, vir die doel van my studie, verstaan te word in die lig van die geloofstradisie waarin jongmense staan (Heitink 1993:118). Die geloofslewenslyn weerspieël die deel van jongmense se lewe waar hulle beleef het dat hulle geloof ‘n rol daarin gespeel het. Net die deel van hulle lewe waar hulle voel die geloof in God ‘n pertinente rol in hulle lewe gespeel het, word op gefokus. Die geloofslewenslyn gee

die verhouding van die katkisant met God weer. Ek kwalifiseer dit deur te sê dit beeld nie noodwendig die hele geloofspad uit nie, maar is bloot ‘n sigbare manier om die verhouding met God te eksternaliseer.

Die konstruering van ‘n ontmoetingsruimte tussen kerk en samelewing word in hierdie studie beredeneer. Die beweeg na die samelewing om ‘n ontmoetingsruimte te konstrueer word deur die lewenslyn vergemaklik. Binne hierdie ontmoetingsruimte bestaan die geleentheid vir transformasie van beide die gelowige en breër samelewing, vanweë die wisselwerking as gevolg van voortdurende betrokkenheid bymekaar (Tielemann 1995:165). Hierdie wisselwerking neem ‘n narratiewe vorm aan met lokaliteit en pluralisme as denkraamwerk. Van groot belang vir hierdie studie is om die konteks as lokaal sowel as multidimensioneel en kompleks te tipeer. Hierdie komplekse konteks veroorsaak dat die geloofslewensverhaal 'n interpretasieraamwerk word, wat paradigmatiese karakter kry (Müller 1996:7). Müller (1996:166), vanuit ‘n terapeutiese hoek, gebruik die lewenslyn vir die soeke na sin vir die persoon in wie se lewe probleemversadigde beskrywings voorkom. Die geloofslewenslyn, as metode, kan as eksternalisering in die narratiewe sin gebruik word en juis hierby wil ek aansluit. Alhoewel die fokus nie terapie is nie, is dit ‘n manier om jongmense te bemagtig in die soeke na die verwoording van geloof se rol in hulle lewe.

Omdat die geloofslewenslyn geloof in God verwoord binne die lewe van die katkisante en behulpsaam is om hierdie geloof beter te verstaan, help die interpretasie van sekere religieuse momente die katkisant verder. Die geloofslewenslyn fokus juis op sulke momente. Hierin lewer die hermeneutiese pastoraat ‘n bydra en word dit volgende bespreek.

### 7.3.5 Die hermeneutiese pastoraat

Tielemann (1993:25) verwys na die beweeg van die terapeutiese na die hermeneutiese pastoraat. ‘n Hermeneutiese proses word aan die gang gesit waardeur ‘n persoon sy eie verhaal kan interpreteer in die lig van die verhaal van God met die persoon se lewe (Müller 1996:174). Volgens Tielemann gaan dit in die pastoraat veral oor singewing (Tielemann 1993:161). Met die hermeneutiese pastoraat speel religieuse momente ‘n meer eksplisiete rol. In die huidige studie is die katkisant se huidige geloofsbelewing

primêr. Die klem val op die outentieke aard van ‘n lewe <u>voor</u> God en <u>vir</u> God, en dat dit sy oorsprong het in die deelnemende geloofsontwikkeling wat tydens die kategese gesitueerd word binne die lewenstorie van ‘n jongmens. Van belang vir hierdie studie is dat die klem op ervaring of belewenisse lê.

Sodra iemand ‘n krisis in hulle lewe ervaar, word die bestaande lewensverhaal of verstaansraamwerk nie meer geldend ervaar nie. Daar ontstaan dus ‘n behoefte aan ‘n nuwe verwysingsraamwerk. Die hermeneutiese pastoraat is doelbewus op soek na rekonstruksie van die lewensverhaal vanuit die narratief van (a) die eie lewensverhaal en (b) die gemeenskap en geskiedenis van ander verhale (Tielemann 1993:16). Hiertoe bied die geloofslewenslyn 'n geleentheid om hermeneuties toe te tree tot die lewens van die jongmense. Dit kon goed toegepas word op die kategese. Vir die doel van terapie val Tielemann (1993) egter vas in ‘n voorskriftelike manier van wat terapie moet wees en word die kliënt se stem en keuse stil. Singewing kan nie berus op die stil stem van die kliënt nie. Die kommunikatiewe pastoraat bevorder juis die dialoog na beide die kerk en katkisante en word volgende bespreek.

### 7.3.6 Die kommunikatiewe pastoraat

Putman (1998:24) bepleit ‘n ‘kommunikatiewe pastoraat’ waarin oorgelewerde simbole en persoonlike simbole in dialoog met mekaar gaan. Sy uitgangspunt is dat mense ‘n eie ruimte moet hê om te mag beoordeel, of en hoe geloof hulle eie lewensverhaal betekenis kan gee (Putman 1998:12). Hierdie uitgangspunt veroorsaak dat mense aktief en kreatief betrokke by ‘n eie geloofsontwikkeling is. Hierdie gesprek met jongmense moet op ‘n persoonlike vlak geskied. Die huidige, meer algemene benadering in die kategese, laat sekere temas na vore kom soos seksualiteit, ouer en mede-jongmensverhoudings, asook beroepsdoelwitte. Hierdie algemene temas spreek nie werklik tot die individuele tiener nie (Davis 1986:268). Juis dit laat spirituele begeleiding – ‘the help that one gives another tot enable him/her to become himself/herself in his/her faith’ (Davis 1986:268) - as ‘n moontlikheid, sterk na vore tree. Die spirituele gesprekke maak ruimte vir elke jongmens se eie behoeftes aan onder andere, onafhanklikheid, geloofsworstelinge, waardekrisisse en vermoëns. Die kerk bied dus 'n ruimte vir die jongmens tot verandering en groei (Nel 1998:7).

Met die geloofslewenslyn kom die jongmense se eie verhaal aan die woord en tydens die groepbespreking kom daar insigte by, wat kan bydrae tot die verder ontwikkeling van die belydenis en die belewenis van sin in jongmense se lewe. Dit gaan nie bloot oor algemene godsdienstigheid nie, maar oor ’n geloofintegrasie in die verhaal van die katkisant.

Met die bespreking vind leer reflekterend plaas. Dit konsentreer op die innerlike dialoog oor dade, gevoelens en denke. Die dialoog word geëksternaliseer, deur vrae wat aan die innerlike dialoog gestel word (Freedman & Combs 1996:179,182). Die fokus val op die volgende drie terreine. Die verbeterings wat plaasgevind het met die doel om te ondersoek wat die verbeterings bewerkstellig het.

(i) Die transformasies wat plaasgevind het om weerstande teen verandering te identifiseer.

(ii) Die leer wat plaasgevind het tydens die voorhou van ‘n geloofslewenslyn.

Met hierdie reflektering oor die geloofslewenslyn kan jongmense besluit of en hoe geloof hulle eie lewensverhaal betekenis gee. Hierdie wisselwerking dra verrykend tot die lewenstorie van elke persoon by. Die narratiewe benadering gee elkeen die geleentheid om ‘n eie unieke geloofstorie te taal. Die narratiewe praktyk word dan volgende bespreek.

### 7.3.7 Narratiewe praktyk

Vanuit die narratiewe beskouing (Müller 1996:45) is die pastorale proses ‘n deelname deur alle betrokkenes om saam nuwe realiteite te konstrueer. Pastoraat mond uit in ‘n betrokkenheid by die totale, narratiewe werklikheid wat ter sprake is. Dis die ervaring van die geheel van die verhaal en ‘n totale betrokkenheid daarby (Müller 1996:61).

Die narratiewe proses is ‘n proses van taalkonstruksies oor iemand se lewenstorie. Tydens die bespreking van die lewenslyn kan katkisante hulle storie vertel. Die vertel van ’n storie word begin deur ‘n katkisant die geleentheid te gee om sy/haar lewenslyn aan die groep voor te hou. Terwyl dit plaasvind, sit die res van die groep en luister. Na die voorhou van die lewenslyn is daar aan die katkisante geleentheid gegee om vrae te vra (eksternaliserende vraagstelling), waarop die katkisant, wat die lewenslyn

voorgehou het, kan besluit op watter vrae hy/sy wil reageer. Die rede vir die reëling is dat elkeen se storie 'n beskrywing en verklaring is vir waarom dinge is soos dit is en dit vorm deel van ‘n eie netwerk stories wat sin aan elkeen se bestaan verskaf (sien 5.4.1). Vanweë die uitgangspunt van hierdie studie dat jongmense se ervarings erken en gerespekteer word en hulle deelnemend deelneem, word die uitgangspunt hierbo dat hulle ook ‘n keuse het waarop hulle wil reageer, gehandhaaf. Dit handhaaf die posisie dat almal gelyke gespreksgenote is en elke katkisant self oor hulle lewe kan besluit. Sodoende word daar deur die proses interaksie veroorsaak, intern sowel as ekstern. Die interne interaksie word selfgesprek genoem.

Gergen en Gergen (1991:186), Morss (1996:35), Roux (1996:28), Steier (1991:182) en White (1996:178) ondersteun die gedagte van **selfgesprek**, van innerlike denkprosesse. Selfgesprek is nodig om oor onderlinge gesprek na te dink. Dit impliseer dat ‘n konteks geskep word waarbinne die onderlinge gesprek waarin katkisante tydens die lewenslynproses hulle bevind, geïnterpreteer kan word (Steier 1991). Hierdie innerlike denkprosesse bevorder selfverstaan en so ontstaan ‘n alternatiewe ‘lewenstorie’ by die deelnemende katkisante.

Veelvuldige reflekterende gesprekke en reflekterende denkprosesse maak ‘n kerndeel uit van die kategeseproses van hierdie studie. Dit bring juis die uniekheid van die tiener-individu se ontwikkeling in geloofsverstaan en geloofshandeling na vore. Om die uniekheid verder te belig was daar, soos hierbo reeds genoem, van vraagstelling gebruik gemaak.

Die vraagstellingstema is reeds in Hoofstuk 6 volledig bespreek as deel van die proses van die pastorale kategese van hierdie studie. Deur middel van vraagstelling kom daar ko-konstrueringsprosesse na vore.

Vraagstelling bewerkstellig die volgende:

(i) Reflekterende gesprek ontstaan (White 1988/9; White & Epston 1990; Roux 1996:23) en dekonstruksie vind plaas. ‘n Voorbeeld van vrae in die verband: Watter betekenis het dit wat gesê was vir jou? Hoe kan dit in jou geloofsbelydenis gebruik word? Hoe laat dit jou oor God dink? God kan nie gedekonstrueer word nie, maar bestaande

geloofsopvattings kan wel. Rondom dekonstruksie is die etiese vraag altyd, vir wie bied dekonstruksie ‘n alternatiewe antwoord?

(ii) Dit eksternaliseer ook geloof. Morgan (2000:29,30) skryf vanuit die narratiewe terapie oor eksternalisering. Soos reeds voorheen gedoen leen ek by haar die begrip en verryk dit vir die narratiewe beskouing van die deelnemende pastorale kategese. Eksternalisering bring die katkisant se verhouding met geloof na vore. Deur geloof as konsep te eksternaliseer in ‘n katkisant se lewe, word meer moontlikhede vir groei ontgin. Indien geloof bloot as realiteit aanvaar word en die werking in die katkisant se lewe nie verstaan word nie – dan kan geloofsontwikkeling moeiliker plaasvind. Geloofsdade word nie gesien as oppervlakkige manifestasies van wie die katkisant is nie, maar geloofsdade word gesien as gebeure wat opeenvolgende plaasgevind het, met verloop van tyd as gevolg van ‘n sekere gebeurtenis. So gesien, word geloof dan beskou as iets waaroor die katkisant 'n keuse kan uitoefen, of hoe geloof my lewensverhaal betekenis gee.

(iii) Die belangrike vraag is wat word geëksternaliseer en hoe help dit die geloofsontwikkeling van katkisante? Baie keer leef die katkisant in botsing tussen ‘landscape of action’ – die geleefde lewe en ‘landscape of consciousness’ dit wat verwoord word in binnegesprekke. Die geloofslewenslyn bring hierdie botsings na vore. Deur middel van eksternalisering met die geloofslewenslyn as hulpmiddel ontwikkel ‘n geleentheid tot geloofsontwikkeling.

‘Taken for granted realities’ en ‘so-called “truths”’ word deur vraagstelling bevraagteken en gedekonstrueer (White 1991:27). Dit is inderdaad die bevraagtekening van hierdie ‘werklikhede’ en ‘waarhede’ wat verandering kan bewerkstellig (Parry 1991:42; Tomm 1987:172). Alhoewel hierdie skrywers vanuit die narratiewe terapie skrywe, is die kwessie van vraagstelling tog belangrik, waar dit die lewensverhale van mense aangaan. Ek sluit met vrymoedigheid by hulle en hulle metodes aan, sonder om te vergeet dat ons hier met die kategese te doen het. Maar juis in die ontsluiting van denkprosesse en lewenswyses wat met die lewenslyn na vore kom, word die katkisant die geleentheid gebied om op ‘n eie, unieke wyse 'n geloof te verwoord. Morgan (2000:30) noem dit ‘….invite people to discern their own meaning

and explanations for events', in die geval, geloof. Dit gee aanleiding tot 'n ryke beskrywing van hulle lewe en verhoudings.

Ek bespreek kortliks die volgende soorte vrae:

**Beïnvloedingsvrae** ((sien 6.16.5) is die nadenke oor watter effek die probleem op hulle lewe en verhoudings het (White & Epston 1990:16). Die soort vrae wat gevra word, is nie maar bloot op inligtingversameling ingestel is nie. Die fokus is, soos ek reeds aangedui het, om katkisante te laat nadink (in selfgesprek) en om 'n onderlinge gespreksproses te vestig.

Voorbeelde van beïnvloedingsvrae (White 1989:37):

- Hoe beïnvloed vriende jou?
- Het jy al daaraan gedink watter effek jou geloof op jou lewe het?
- Watter invloed het jou geloof op jou verhouding met jou ouers?
- Watter invloed het God op jou?

Vrae wat gevra kan word om **unique outcomes** (momente waar die persoon anders opgetree het as gewoonlik en dit die persoon bemagtig het teenoor byvoorbeeld 'n probleem) te ontdek is daarop gemik om ontwikkeling (verandering) by 'n deelnemer te laat realiseer (Freedman & Combs 1996:103; White 1989:41). Hierdie soort vraagstelling open die geleenthede waar die probleem nie 'in beheer' was nie. Die ontdekking kom sodra 'beheer' oor die probleem geneem was. Deur hierdie 'unique outcomes' in gedagte te hou telkens wanneer die probleem te voorskyn kom, kom die wete daarmee saam dat ek voorheen 'in beheer' van die probleem was of 'n invloed op die lewe van die probleem gehad het. Dit bemagtig jongmense. Vindingryke optredes van die deelnemer kan deur middel van hierdie soort vraagstelling lei tot meer 'beheer' oor die probleem.

(i) **Voorbeelde van vrae wat (unique outcomes) kan ontdek**:

- Waar en wanneer het jy *nie* ervaar dat jou hartseer oor jou pa se dood jou lewe bestuur nie?
- Hoe het jou oupa se dood bygedra tot jou geloofslewe?
- Waar en wanneer het jy dit reggekry om self te kon praat oor jou pa se dood sonder om oorweldig te voel met hartseer?

- Vertel ‘n bietjie hoe jy dit reggekry het om te glo ten spyte van hierdie verkeerde vriende wat jy gehad het?
- Wat dink jy het jou daartoe in staat gestel om te bly glo onder hierdie omstandighede ?

Vraagstelling om ‘unique outcomes’ te ontdek, skep die moontlikheid en ruimte vir **‘landscape of consciousness’** vraagstelling (White 1989:43). Deur middel van hierdie soort vrae kan die deelnemer gehelp word om eie vaardighede te ontdek (Tomm 1987:175). Die ontdekking van vaardighede kan daartoe bydra dat katkisante bemagtiging beleef en ‘in beheer’ van die probleem is.

(ii) **Voorbeelde van identiteitsvrae wat gevra kan word,** is:

- Wat sê dit van jouself dat jy hierdie keuse kon maak (naamlik om van jou vriende afstand te doen omdat jy geglo het hulle is slegte invloed vir jou)?
- Wat dink jy, watter vermoëns het jou in staat gestel om dit reg te kry?
- Wat vertel dit vir my van wie jy is, noudat jy besef dat jy dit reggekry het om hierdie teleurstelling te oorkom?
- Wat dink jy, watter vaardighede het iemand nodig om so iets te kan doen?

Die vierde vorm van vraagstelling is vrae rakende die **toekoms** (Freedman en Combs 1996:103; Tomm 1987:173). Moontlikhede en uitkomste kan met hierdie vrae geëksploreer word. Doelstellings kan deur middel van toekomsgerigte vrae bewerk word.

**(iii) Vrae soos die volgende sou byvoorbeeld as toekomsgerigte vrae gevra kon word:**

- Noudat jy besef oor watter vaardighede jy beskik, watter daarvan sou jy kon gebruik in die situasie waarin jy nou vasgevang is?
- Met alles waaroor ons tot dusver gesels het in gedagte, watter waarde het dit omtrent jou siening van die toekoms?

Hierdie vrae bevorder deelname en deelname is die fokus van die deelnemende pastorale kategese. Die vra word met ‘n sekere gesindheid gevra wat aanleiding gee tot die etiese benadering tot die geloofslewenslyn. Dit word volgende bespreek

### 7.3.8 Etiese vertekpunte

Vanuit die etiese, oor die praktyk vanuit ‘n terapeutiese situasie, beskryf Kotzé (2002:4) dit as ‘n verfynde weefproses. Ek wil hierby aansluit deur die geloofslewenslynproses te beskryf as dat die drade van begrip, luister en reageer, word verweef tot groter begrip, met die oog op heling of verandering by die katkisant. ‘Connective understanding’ (Kotzé 2002:4) is verder ‘n belangrike element in die narratiewe praktyk waarna hy verwys. Dit beklemtoon die wyse waarop die praktyk beoefen word. Hierdie sinvolle interaksie tussen die Christelike tradisie en jongmense se konteks, binne die opset van pastoraal georiënteerde kategese, moet aan die ‘participatory consciousness’ voldoen. Dit behels die bevryding van onsself van kategorieë wat aan ons voorgehou word deur denkraamwerke soos objektiwiteit en subjektiwiteit. Dit daag ons elkeen ook uit na ‘n dieper vlak van verstaan van die verhouding: ‘ons’ teenoor ‘ander’, al het ander ‘n vreemde standpunt ten opsigte van ons eie verwysingsramwerk. Met die luister na die lewensverhale van katkisante word jy diep bewus van die diep emosies waarmee jongmense omgaan en die worsteling om balans te probeer vind in hulle lewe. Dit geld ook vir hulle verhouding met God (reeds bespreek in 4.3.1).

Uit die etiese rondom die narratief spreek Kotzé (2004:20) ook die volgende aan: “ I would like to suggest narrative as a meaningful way to present and porcure ethical ways of being in a participatory manner’. Kotzé (2002:20) beskryf stories as die draer van etiese wysheid. Hiervan was daar heelwat voorbeelde tydens die byeenkomste van die katkisante gewees. Tydens ‘n onderhoud het ‘n katkisant ook genoem dat, tydens ‘n bespreking van die groep, het daar vir hom/haar ‘n verklaring, 'n voorbeeld of ‘n antwoord op ’n vraag gekom. Kotzé (2002:20) noem dit ‘I experience stories that embody people’s struggles of doing what is right, to enable others in finding or making choices about ethical ways of being’.

Die betrokkenheid van mense by ander mense verryk hierdie lewenstories. Ouers speel ‘n groot rol in die lewenstories van jongmense. Ouers se bydra word kortliks bespreek.

### 7.3.9 Familieverhoudings

Die familieverhoudings waarin die finalejaar staan, het ook sinvolle bydraes gelewer tot die katkisant se belydenis (sien 5.5). Die familie is die konteks waarbinne die geloofslewenslyn ontwikkel. Ouers wil graag sien dat hulle kinders belydenis van geloof aflê, daar bestaan dus onder sekere families baie ondersteuning vir finalejaarkatkisante. Osmer (1996:xi) noem dit dat 96% van al die ouers in Amerika wil hê hulle kinders moet aan een of ander godsdienstige onderrig deelneem. Die meeste jongmense word in ‘n familie groot. Die familie word dan hulle verwysingsraamwerk. Die meeste vormende verhoudings word in die gesin teëgekom. Een van die vername funksies van die familie, volgens Martinson (1997:398) is om verhale en beloftes wat die familie identiteit gee, oor te dra. Dit sou volgens hom vir elke nuwe geslag 'n nalatenskap van identiteit, wortels, doel en roeping gee. Dit is redelik idealisties gestel vir die Suid-Afrikaanse opset, maar gee iets weer van die waarde wat daar in familielewe opgesluit lê. Kinders leer wat hulle lewe. Kinders word in families gebore of aangeneem en die families vorm die intergenerasiesisteme wat 'n etos ('n manier van leef) sowel as 'n methos ('n lewensiening) by die kind skep. Bepland of onbepland, dra families waardes en geloof oor aan kinders (Martinson 1997:397).

Families ontgin geloof, waardes en norme. Families bestaan uit persone wat ontwikkel en volwasse word deur persoonlike, primêre verhoudings. Met die fokus op ontwikkeling van geloof in die familie moet die effek van die veranderende familie-ervaring en die groter kulturele milieu se invloed in ag geneem word (Anderson 1997:389). Enkelouergesinne, hersaamgestelde gesinne is deel van die kerklike gemeenskap en hierdie invloed op jongmense se geloofslewe kan as basis dien vir verdere navorsing.


Uit die voorafgaande vertrekpunte dit duidelik dat die geloofslewenslyn ‘n metode bied waarmee katkisante tot ‘n groter geloofsverstaan kan ontwikkel deur middel van

pastorale sorg. Dit plaas die geloofslewenslyn binne die kategese wat die katkisant tot 'n eerlike outentieke geloofsbelydenis wil begelei.

## 7.4 DIE PLAAS VAN DIE GELOOFSLEWENSLYN BINNE DIE PRAKTYK VAN DIE KATEGESE

Vervolgens word na die metode verwys waar die geloofslewenslyn binne die pastorale konteks van die kategese geplaas is en die reaksie daarop van die finalejaarskatkisante. Die voorstelling van die lewenslyn reflekteer direk ‘n deel van die lewensverhaal. Met die klem op die lewensverhaal bied die lewenslyn wonderlike inligting aan die katkisante om oor ‘n eie lewenstorie en God se storie te reflekteer. Dit behoort juis tydens die kategese plaas te vind, want jongmense word in staat gestel om ‘n belydenis te formuleer waarin beide die lewenstorie en God se storie gebruik word om 'n nuwe storie te konstrueer.

### 7.4.1 VOORBEELD VAN 'N LEWENSLYN EN HOE DIT DEEL VORM VAN DIE GELOOFSONTWIKKELING BY FINALEJAARKATKISANTE




Lewenslyn van MB

1. Laerskool – nie so betrokke by my Christenskap
2. Dood van oupa (Junie 1995)
3. Verkeerde vriende
4. Dood van ouma (30 Nov 1996)
5. Baklei met beste vriendin - ons is nie meer vriendinne (Feb1998)
6. Bereik weer hoogtepunt
7. Word nie verkies tot leerlingraad, of skool se redaksie (Aug 1998)
8. Maak vrede met no.7 (Okt 1998) Probeer om my Christenskap sterker te maak. Belydenisaflegging Nov

**‘n Paar algemene opmerkings word nou gemaak, ter inleiding van die bespreking van die bogenoemde grafiese voorbeeld van ‘n geloofslewenslyn.**

(i) Die geloofslewenslyn se ontstaan was na aanleiding van ‘n bespreking oor die **vraag**: ‘Waar begin ‘n mens se verhouding met die Here?’ Vraagstelling in die proses van die kategese is baie belangrik soos hierbo reeds bespreek, want dit open nuwe moontlikhede vir rituele en metodes van kategese en die ontdek van waarhede. Juis in die geval van

die geloofslewenslyn het dit weer na vore gekom. Die kreatiewe effek en ‘n generatiewe effek, ‘n groeiproses-effek, was duidelik sigbaar. Met die bogenoemde vraag was die katkisante begelei om na antwoorde te soek. Sirkulêrevrae is gebruik om eksplorering te bewerkstellig. Hierin was die leraar en katkisant saam op ‘n ontdekkingstog na nuwe moontlikhede. Die slotsom van die bespreking in die groep oor waar die verhouding met God begin, was dat dit vir elkeen verskillend is, vandaar die voorstel om die verhouding visueel voor te stel aan die res van die groep. Daarmee saam moes daar ook ‘n vertolking van verhouding met die Here gegee word. Hierdie vertolking is dan grafies aangedui soos die voorbeeld hierbo uitbeeld.

(ii) Hierdie **werkswyse** was ‘n kenmerk van die proses van kategese wat deurgaans gevolg was. Dit gee aan die proses die beheer van besluitneming. Ook besluit die groep oor hierdie beheer eerder as wat die leraar dit neem. Vanuit die groep het daar hierdie dinamiek, van die geloofslewenslyn, losgekom waarvan die impak oorweldigend was ten opsigte van die effek wat die bespreking van die geloofslewenslyn op die groep gehad het. Die effek het daarin gelê dat dit sinvolle geloofsgesprekke gesitueer in die ervarings van die deelnemers, moontlik gemaak het. Vir my was die geloofslewenslyn een van die hoogtepunte van die kategeseproses, want dit het my opnuut die waarde van prosesse geleer.

(iii) Met die bespreking van die geloofslewenslyn was daar aan die katkisant die geleentheid gebied om dit aan die groep voor te hou. Daarna was daar aan die groepe die geleentheid gegee om aan die betrokke katkisant vrae te vra. Hierdie vrae het nie op die feite gekonsentreer nie, maar eerder die interpretasie van die feite ondersoek. Tesame hiermee was ook die effek en die impak daarvan op die katkisant ondersoek. Met hierdie inligting tot die groep se beskikking kon elkeen alternatiewe genereer, aannames bevraagteken sowel as diskoerse dekonstrueer.

### 7.4.2 Bespreking van ‘n geloofslewenslyn

#### *7.4.2.1 Die geloofslewenslyn van MB*

Eerstens word daar aandag aan van die vrae gegee wat aan haar gestel was. Daarna volg sekere gevolgtrekkings wat gemaak kan word uit die geloofslewenslyn.

Kyk ons na MB se lewenslyn, was van die vrae die volgende gewees:

(i) By no.1 wat verstaan jy onder ‘nie betrokke by Christenskap’. Hierdie soort vraag is wat Freedman & Combs (1996:149) noem ‘opening space questions’. Met hierdie soort vraag word die definisie van betrokkenheid en Christenskap ondersoek. Dit bied die geleentheid om alternatiewe te genereer tot die begrippe betrokkenheid en Christenskap. Die vraag bied ‘n geleentheid om dominante diskoerse rondom betrokkenheid by Christenskap te identifiseer, asook alternatiewe begrippe te konstrueer.

(ii) By no. 2 was een van die vrae: ‘Watter effek het die dood van jou oupa op jou gehad?’ ‘n Ander vraag was: ‘Hoe het dit jou siening van die lewe beïnvloed?’ Freedman & Combs (1996:149) bespreek die vrae as ‘meaning questions’ en ‘story development’. Die storie van haar oupa se dood en die effek daarvan op haar gee geleentheid om sekere dominante diskoerse by haar te hoor, rondom die dood, haar oupa en die familie – dit is dan ook die doel van die storievrae. Tydens hierdie voorbeeld se gesprek was die dood van haar oupa ‘n belangrike insident vir haar. ‘Meaning’ vrae word gebruik om die effek van ‘n insident of situasie vas te stel, asook wat met die effek gemaak word. Hoe dra dit by tot die sin van die lewe, in dié geval, die sinvolle geloofsontwikkeling wat tot ‘n belydenis van geloof kan bydra.

(iii) By no. 3 was een van die vrae: ‘Wat beskou jy as verkeerde vriende?’ 'n Volgende was ‘Watter effek het dit op jou godsdiensbeoefening gehad?’ ’n Definisie soos ‘verkeerde vriende’ kan met ‘n dekonstuksievraag ontleed word (Freedman & Combs 1996:145). Dekonstruksie het dan die doel om bestaande konsepte te dekonstrueer. Met die gebruik van dekonstruksievrae word wegbeweeg van

veralgemenings tydens die gesprekke, soos verkeerde vriende, en maak die gesprekke oop vir interpretasie. Daar is altyd invloede van buite en die vraag oor die effek van vriende op geloof het baie tydens die gesprekke na vore gekom om die invloed daarvan te bepaal. Hierdie invloed kan beide negatief of positief beleef word deur die katkisante.

(iv) By no  4 was daar 'n vraag oor die dood gewees veral omdat dit die tweede maal is en sy dit aandui, wat beteken sy sien dit as ‘n invloed op haar verhouding met die Here. ‘n Volgende vraag was: ‘Watter effek het jou ouma (en oupa) op jou gehad?’ Die lewenslyn bring twee dinge na vore, naamlik, dit dui op belangrike gebeurtenisse en bring belangrike persone na vore en koppel dit met ‘n verhouding met die Here. Vrae soos hierdie ontgin die korrelasie.

(v) By no. 5 is bogenoemde opmerking rondom belangrike persone ook van toepassing. Met die verstaan van die konteks van waarom hulle uitmekaar is, asook watter effek dit op haar verhouding met die Here gehad het, leer die groep hoe sy dink en watter dinge vir haar as belangrik geag word. Freedman & Combs (1996:158) praat van ‘preference’ vrae. Dit ontgin ‘n katkisant se keuse vir optrede.

(vi) By no. 6 was die kamp genoem as die hoogtepunt. Die redes daarvoor was hier ontgin en toe die vraag: ‘Het jy altyd 'n kamp nodig om geestelike hoogtepunte te kan hê?’ Die antwoord was nee, waarna ‘n vraag was: ‘Wat van die kamp het die hoogtepunt veroorsaak en hoe kan jy dit herhaal kry in jou lewe sonder ‘n kamp?’ Hierdie soort vrae ontgin ‘unique outcomes’ (Freedman & Combs 1996:149). Daardeur word die onderwerp geopen vir vergelykings, die bespreking van die invloed van veranderings en alternatiewe stories gegenereer. Met die ‘wat’ vraag, word na ‘n ‘plot’ gesoek om verder te ondersoek vir waarde vir die katkisant

(vii) By no. 7 was dit vir haar 'n groot teleurstelling, want van haar vriende is verkies, wat haar toe uit die groep laat voel. Hier het die groep drome en ideale saam met haar geëksploreer. Die feit van teleurstellings en die hantering daarvan as gelowige het tersprake gekom. Hier was gebruikgemaak van ‘meaning’ en ‘preferred story’ (Freedman & Combs 1996:149,158) vrae. Op ‘n sekere stadium was die ‘opening space’

(Freedman & Combs 1996:145) vrae gebruik om ook alternatiewe stories na vore te laat kom.

(viii) By no. 8. was die woorde klaar daar geskrywe wat by ons die indruk gelaat het dat sy die terleustelling al klaar tot ‘n sekere mate verwerk het voor sy dit met ons kom deel het. Die geloofslewenslyn bring jongmense, as eksperte, aan die woord oor die geloof in God en die rol daarvan in hulle lewe.

### 7.4.3 Onderhoude as verdere toeligting van die werkswyse van die geloofslewenslyn

Vervolgens haal ek uittreksels aan uit onderhoude wat gevoer was om die effek van die geloofslewenslyn aan te dui in die katkisante se lewe en die familielewe. Hiermee hoop ek om nog meer verheldering te bring oor die effek van die proses en die proses self. Die werkwyse is om sekere aanhalings uit onderhoude verbatum aan te haal en dan verder daaroor te reflekteer.

#### *7.4.3.1 Onderhoud met MB*

Met my vraag aan MB :’Hoe voel jy oor die proses van die afgelope jaar met die katkisante?’ was daar soos volg gereageer:

> *Dit was baie lekker. Ek het van alles gehou, ook van die lewenslyn. Die manier waarop Ds (dit was soos die katkisant my aangespreek het tydens die onderhoud) die klas lei. As ons oor ‘n saak gepraat het, dan het Ds gesê ons moet daardie gedeelte uit die Bybel gaan lees en dan verwag ons ds gaan die antwoord gee, maar Ds doen nie en ons moet dan uitvind wat die antwoord moet wees. En dan bespreek ons dit en dit het my laat dink oor ‘n klomp goed. Dit het die werk en die lewe meer verstaanbaar gemaak, want ek moes dink en dit is beter as om net te sit en luister. Jy hoor ook ander mense se standpunte met die bespreking en dan begin ‘n mens self te dink oor wat die antwoord moet wees Voorheen het ek die Bybel gelees en dan tevrede gevoel. Nou lees ek ‘n stukkie en probeer dink wat wil die gedeelte vir my sê.*

**Reflektering oor die bostaande**

(i) **Die wyse waarop daar in die groep (klas) omgegaan was met inligting.** Uit hierdie respons kan die afleiding gemaak word dat daar geen direkte antwoord op vrae gegee was nie. Juis vanweë die beginsel van deelname van gelyke gespreksgenote sou ‘n antwoord van die

dominee die hele beginsel van outoriteit versterk en vestig. Daar sou weer net met inligting gewerk word en nie waar deelnemende leer vanuit verhoudings plaasvind nie.

(ii) Nog 'n waarneming is **die selfgesprek wat na vore gekom het** by die betrokke katkisant. Dit het ‘n vryheid veroorsaak waarmee die katkisant na die hele lewe begin kyk het (klomp goed). Juis hierdie vryheid het die katkisante bemagtig wat gelei het tot groter begrip en het hulle die lewe meer sinvol beleef. Die geloofslewenslyn bied aan jongmense geleentheid om verbande raak te sien met die verhoudings waarin hulle staan. Die manier waarop hulle die geloofslewenslyn saamstel, word realiteite gekonstrueer wat verder help met die samehang van dinge in hulle lewe.

(iii) ‘n Verdere waarneming is **die deelnemende aard van die groepbyeenkomste**. Die deelname lei daartoe dat sinvolle leer plaasvind. 'n Unieke proses kom na vore waar die selfgesprek en die groepgesprek met mekaar begin kommunikeer.

(iv) Daar het by bogenoemde katkisant **leer plaasgevind**. Met die woorde ‘dit het die werk en die lewe meer verstaanbaar gemaak’, wys op ‘n belangrike integrasieproses wat plaasgevind het wat deel vorm van doeltreffende leer.

(v) **Vaardighede wat bygekom het wat lei tot nuwe maniere van doen,** kom na vore. Uit die respons hierbo word die Bybel anders hanteer as voorheen en dit veroorsaak ‘n nuwe manier van omgaan met die Bybel. Hierdie ander manier van omgaan met die Bybel lei tot ‘n herwaardering van die Bybel. Die rol van die Bybel het verander. Eers was dit slegs ‘n pligspleging, maar nou het dit geskuif na 'n gespreksgenoot in die katkisant se lewe.

(vi) **Die uniekheid van die tiener-individu** se ontwikkeling in geloofsverstaan en geloofshandeling, kom sterk na vore met die onderhoud.

Tydens die bogenoemde onderhoud was die ouers ook teenwoordig en die volgende vraag is aan JP se ouers gestel: ‘Hoe het julle as ouers dit beleef?’ Hier was verwys na

die hele jaar se proses en die ouers kon self kies watter aspek(te) hulle wou uitlig om op te reageer.

Ouers se reaksie:

> *Dit was baie interessant, veral met die lewenslyn. Jaco het vir my (Ma) verduidelik wat dit (lewenslyn) beteken en toe agterna Ds se reaksie daarop kom vertel. Veral waar hy vir die maat moes gaan dankie sê, want die maat het Jaco se oë oopgemaak. (Jaco was op daardie stadium met satanisme deurmekaar). Dit was treffend, want dit was verdere kommunikasie in ons gesin gewees. (Pa) die lewenslyn was werklik vir ons 'n baie interessante oefening. Veral die insig dat die maat eintlik vir Jaco gehelp het en dat Jaco kon kies. Ons het almal gesit en wag om te hoor wat gesê sou word in die klas. Dinge wat in die klas behandel was, was hedendaagse goed. Dinge wat die kinders oor uitsluitsel moet kry. In my dae het ons die Heidelbergse Kategismus geleer. Moet my net nie vra nie, want ek kan niks onthou nie. Die kinders kry vandag met die harde, werklike wêreld te doen.*

**Uit die onderhoud met 'n ouerpaar die volgende opmerkings:**

(i) Die kategeseproses veroorsaak **skuiwe binne gesinne**. In die geval het JP die rol van weter teenoor nie-weter vertolk deur aan die ma die konsep van die geloofslewenslyn te verduidelik. Die belangstelling van die ma en die entoesiasme in die gesin dui daarop dat die JP waarde gevind het uit die besprekings. Die woord '*treffend*' beskryf die dinamiek van nuwe metafore wat ook by die gesin na vore gekom het na aanleiding van die vriend se invloed op hulle seun.

(ii) Die **begeleidende rol van die leraar** kom na vore. Uit die betrokke lewenslyn waar daar vertel was van die maat se invloed wat negatief ervaar was, het daar met behulp van vrae 'n alternatiewe storie ontwikkel. Met reflektering was daar beklemtoon dat daar verskeie maniere bestaan om die verhouding met die maat te beskryf. Die huidige manier van die storie te vertel was vanuit 'n slagoffer siening. Die maat het JP mislei tot satanisme. Met hierdie dominante diskoers sou die JP altyd slagoffer bly ten opsigte van die vriend. Met dekonstruksie was daar aan die bestaande opvatting aandag gegee. Die belangrike vraag met dekonstruksie is wat word geëksternaliseer met die dekonstruksie. In hierdie geval die slagofferdiskoers. Opsoek na 'n metafoor was daar aan gids of verleier gedink om dit wat die vriend gedoen het te beskryf. Met die woord gids was daar beweeg na groter

moontlikhede om die situasie te hanteer. Ander verbande kon gelê word. Daar was nou wegbeweeg van slagoffer na iemand wat ‘n sekere gids gekies het vir 'n tydperk in sy lewe en die gids het hom sekere dinge gewys. Hy het besluit dat dit wat vir hom gewys was, nie vir hom aangenaam en lekker is nie en hy het die gids verlaat. Wat uiteindelik daartoe gelei het dat die groep wat betrokke was by die gesprek, besluit het JP kan vir sy vriend gaan dankie sê omdat die vriend hom ‘n deel van die lewe gewys het wat hom tot 'n besluit kon laat kom om die Here te dien. Hierdie proses waardeur JP tot bemagtiging gegroei het, het ook ‘n invloed op sy ouers gehad. Van kwaad vir die vriend en bekommerd oor hulle kind, het die stemming verander na hoop en nuwe taal oor die vriend. **Versoening** om vervreemding te beveg teenoor God of medemens. In die kategese as veilige ruimte, kan jongmense worstelend soek na versoening. Die dankie sê vir die vriend kan ook deel uitmaak van die opdrag tot vergifnis aan die wat jou skade berokken het.

(iii) **Die kategese veroorsaak nuwe taal wat hoop gee**. Vanweë die sosiale ko-konstruksie van die kategeseinhoud en die aanbieding van die byeenkomste, is die inhoudelike en die toepassing kultuurgeoriënteerd. Dit beteken dat die inhoud toegepas kan word binne die leefwêreld van die jongmense, want dit is deur hulle gekonstrueer vir hulleself. Dit maak die kategeseproses wat sosiaal is relevant vir jongmense. Hierdie benadering betrek jongmense as experts oor hulle leefwêreld om te ko-konstrueer aan ‘n ontmoetingsgeleentheid met die Here wat hulle as sinvol beleef. Dit bied hulle die geleentheid om geloof getaal te kry. Die doel van geloofsontwikkeling is beweging van die huidige na ‘n toekoms. Die toekoms word gekonstrueer vanuit die huidige kennis en ervarings, asook vanuit ‘n frustrasie met die huidige situasie.

## 7.5 REFLEKSIE OOR DIE GELOOFSLEWENSLYN

My posisie binne die groep was ook een van opregte belangstelling sonder om antwoorde te wil verskaf. Ek het ontdek waarna Kotzé (2002:20) verwys as die etiese manier van betrokke wees met mense se stories. ‘It speaks of stories that reflect the struggles of people searching for and choosing a way through real-life challenges and

dilemmas….'  Ek kon die van non-expert inneem vanweë die gebruik van metafore. Metafore bring 'n eie verhaal (biografie) op 'n betekenisvolle manier met die verhaal van God in gesprek (Putman 1998:79). God word toeganklik vir die sintuie en ervaringsveld (Putman 1998:78) deur middel van metafore, en sodoende word God nie beperk nie. Sodoende kry jongmense kans om self aan die woord te kom. Metafore stel jongmense in staat om hulle eie hoop, wanhoop, onmag, verlange en verdriet te verbind met 'n beeld van God wat in metafore uitgedruk kan word (Putman 1998:78). Die uniekheid van die tiener-individu se ontwikkeling in geloofsverstaan en geloofshandeling kom na vore met die gebruik van metafore. Juis in die gebruik van metafore kom die jongmenswêreld (taal) en die gemeente (taal) bymekaar en kan daar oor God gepraat word. Die gebruik van metafore verander ongelyke gespreksgenote (leraar na katkisante, weter na nie-weter) na gelyke **gespreksgenote** (Gergen 1994:86). Hierdie beginsel blyk kragtig te wees in die werk met die jeug binne die kategese om weg te beweeg van 'n reg/verkeerd raamwerk. Kotzé (2002:20) beklemtoon ook my posisie in die groep, naamlik, 'participatory manner'. Deur weg te beweeg van leraar na 'n saamsoeker na antwoorde was 'n deelnemende ervaring wat myself geestelik verryk het.

### 7.5.1 **Eie refleksie oor gesprekke**.

Bogenoemde impliseer dat daar by die jeug 'n spesifieke ingesteldheid op die toekoms behoort te wees, waaruit hulle 'n lewensperspektief en lewensdinamiek behoort te put (Prins 1999:4). Die lewenslyn bied hulp aan die katkisant vir die formulering van die teleologiese uitgangspunt. Hierdie teleologiese uitgangspunt moet as eiendom van die katkisant gerespekteer word. Die studie gaan, om in kontak te wees met die Goddelike misterie in die hart van die realiteit van elke dag (Edwards 2001:4) Begeleiding vra meer as die uur per week. Dit vra toewyding van die begeleier aan 'n jongmens in 'n leefwêreld waarin jongmense nog worstel om die teleologiese vraag te probeer antwoord (Prins 1999:3). Dit vind plaas in 'n afsonderlike jeugfase ter voorbereiding op die volwasse fase. Hierdie realiteit konfronteer my eie voorskriftelike manier van dinge sien en doen. Dit daag my uit tot volle deelname aan die proses en om die proses te vertrou.

Samevattend tot dusver kan gesê word dat die lewenslyn jongmense ‘n geleentheid bied om hulleself te oriënteer ten opsigte van hulle eie lewe in verband met God se teenwoordigheid daarin. In hierdie hoofstuk was **die lewenslyn as instrument verduidelik om katkisante te laat ontdek dat hulle bewustelik of onbewustelik reeds in ‘n verhouding met God gestaan het**. Daar was ook uitgewys hoe hierdie instrument waardevol geword het vir geloofsontwikkeling om plaas te vind. Katkisante kon hiermee die verhaal van God in hulle lewe identifiseer en so die verhouding met God in woorde uitdruk, wat gelei het tot waardevolle inligting oor God, wat ‘n bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van medekatkisante se geloof. Dit bied ook aan jongmense die geleentheid tot refleksie en posisiebepaling ten opsigte van die geloof wat hulle bely. Posisiebepaling bly ‘n voortgaande proses. Vervolgens word daar in die slot hoofstuk oor die studie terugskou gehou, deur reflekterend met die teorie waarmee gewerk is, die praktyk waarbinne die teorie toegepas was en die deelnemende katkisante se deelname te bespreek. Hieruit word dan sekere implikasie uitgewys wat die studie se waarde uitwys.

# HOOFSTUK 8

# REFLEKSIES EN IMPLIKASIES VAN MY NAVORSING

## 8.1 INLEIDING

Hoofstuk 8 reflekteer oor in hoe ‘n mate my navorsing die vraag beantwoord. Tydens my studie het ek, as navorser, interessante en betekenisvolle kennis opgedoen en ontdekkings gemaak. Die kennis en ontdekkings se inligting word in dialoog gebring met bronne wat sekere bevindings kan staaf asook met huidige teoretiese aannames. Diskoerse by die finalejaarkatkisante het ook duidelik in hierdie studie na vore gekom. Katkisante het onder andere as reflekteerders opgetree en daardeur kon die impak van die proses bepaal word.

My studie het ook getoon dat behalwe vir hierdie studie, die veld vir navorsing in die praktiese teologie, spesifiek die kategese en pastoraat nog braak lê.

## 8.2 DIE DOEL VAN DIE NAVORSING

Die doel van my navorsing was om deur middel van deelnemende leer saam met jongmense, deel te neem aan ‘n proses, waar daar op ‘n sosiale konstruktiewe manier geloofsontwikkeling plaasvind, wat vorm gee aan ‘n eie unieke belydenis, wat individueel ontwikkel is. My navorsing het ontwikkel uit ‘n nuuskierigheid en onvermoë om katkisante te begelei om ‘n eie eerlike/outentieke geloofsbelydenis te ontwikkel, wat nie bloot ‘n bevestiging van die voorgeskrewe belydenis is nie, maar deelnemend met die ‘finalejaarskatkisant’ gedoen kan word, gesitueer binne hulle persoonlike lewensstories en die geloofstorie van die geloofsgemeenskap. Die navorsingsvraag was op twee maniere hanteer. Daar was na bestaande literatuur gekyk (sien Hoofstukke 4 en 5) om antwoorde te kry. Daar is ook na die katkisante as bronne gegaan (sien Hoofstukke 6 en 7) en saam met hulle is daar ontdek hoe die vraag beantwoord kon word. Die fokus van my studie was dus om die kategetiese ruimte sodanig te wysig, dat die katkisant met eie unieke belewenisse, deelname, gebruik van metafore en eksperimentering met formulerings, met vertroue ‘n eie belydenis kon formuleer. Die skep van sodanige ruimte het pastorale inhoud bevat, sodat

geloofsontwikkeling deelnemend met die finalejaarskatkisant, gesitueerd binne hulle lewensstories, gedoen kon word (sien 3.4). Die effek van hierdie proses van kategese word later in hierdie hoofstuk bespreek wanneer ‘n katkisant self aan die woord gestel word om oor die impak van hierdie proses te reflekteer. Uit die praktyk van die kategese wat hierdie jaar ontvou het, het ek baie geleer van die dinamiek van ko-konstruksie van die kategese saam met die finalejaarkatkisante as mede-gespreksgenote.

## 8.3 ‘N BONDIGE OPSOMMING VAN DIE BENADERING EN WERKSWYSE WAT GEVOLG IS

In die proses van pastorale kategese was die volgende kennis vir my belangrik. Ek spreek dit vervolgens kortliks aan en sal dit in meer detail onder groter temas weer verder verduidelik:

### 8.3.1 Deelname

Die deelnemende gespreksgenote was vir die proses van kategese onontbeerlik (sien 1:4.5). Deelname is ‘n aktiwiteit wat die interaksie tussen die deelnemers bevorder terwyl hulle gesamentlik die leeraktiwiteit konstrueer (Hermans 2004:275). Deelname is die interaksie met die stof (inhoudelike) en simbole (taalbegrippe, houdings, waardes en norme) binne ‘n situasie (Hermans 2003:276). Verder was die deelname noodsaaklik vir die navorsing self (sien 1:5.3) Met die katkisante se geloofslewensverhaal (sien Hoofstuk 5 & 7) wat ‘n prominente rol gespeel het is daar tydens byeenkomste met die ouers, voogde en katkisante die proses van geloofsbelydenis wat aan die ontwikkel was, in die katkisant se geloofslewe, verduidelik. (sien Hoofstuk 6). Byeenkomste het daarin geslaag om ouers betrokke te hou by die proses wat ‘n positiewe invloed op die deelnemende katkisante gehad het. Daar was ook ouers wat steeds onbetrokke gebly het en geen ondersteuning aan die katkisante gegee het nie. ‘n Verdere belangrike bydrae tot deelname was die klemverskuiwing van kennis na ervaring tot deelnemende geloofshandelinge (sien 5.2; 5.4.1). Die Kattieskamp (sien Hoofstuk 6) het ook bygedra tot deelname met die onderlinge ervarings tussen die katkisante wat tydens die kamp plaasgevind het (sien 5.4). Metafore wat bygedra het dat geloof in God en God self onder woorde gebring

kon word, was ook verantwoordelik vir deelname aan die kategeseproses (sien 5.2). Met deelname is alledaagse aktiwiteite en sosiale verhoudings bespreek en geïnspekteer om geloofsinhoude te konstrueer en ontwikkel vir ‘n eie geloofstorie. Hierdie soort deelname het belangstelling, lojaliteit en ‘n verbintenis bewerkstellig wat die elemente van eienaarskap is (sien Hoofstuk 6). Die katkisante moes vyf persone uit die breër gemeenskap betrek met die vraag: ‘Wat beteken God vir jou?’ Dit het tot wyer deelname gelei. Hiermee is gemengde welslae behaal omdat sekere katkisante nie die vrymoedigheid gehad het om met mense oor die vraag te gaan gesels nie (sien 5.4.1).

### 8.3.2. Die begeleidende pastorale benadering

Die begeleidende pastorale benadering tot die deelnemende kategetiese proses is as alternatief gebruik teenoor die kerugmaties didaktiese benadering tot die kategese (sien 4.2; 6). In die kategeseproses is die rol van begeleiding baie belangrik en prominent. Hierin is hande gevat met die pastoraat om behulpsaam te wees in die begeleidingsproses. Heitink (1977:75) se hulpverlening, Louw (1993) se ontmoeting, Tielemann (1993) se singewing en Putman (1998) se hermeneutiese pastoraat is aanvullend en verrykend gebruik (sien 4.3). Daarmee is die pastor se helpende relasie in die omgang met mense, in die lig van die evangelie en in verbondenheid met die gemeente van Christus, beskryf (sien 4.3.3). In hierdie relasie is die pastor deelnemend saam met die jongmens op weg in die soeke na antwoorde op geloofsvrae en lewensvrae (sien Hoofstuk 6). Die sentrale motief van die pastoraat is die bou van geloof en geloofsvolwassenheid (Louw 1993:57).

### 8.3.3 Die sosiale fokus van die studie

Vanweë die sosiale fokus van die studie was ek baie sensitief vir die omgewing en veral die kulturele konteks. Die kulturele konteks het ‘n basis verskaf, waaruit geken en geweet kon word (sien 2.3). Dit het meegebring dat die deelnemende jongmense die konteks moes verstaan en interpreteer as deel van deelnemende leer om te kan plaasvind. Die kulturele konteks was ook die ruimte waar na verrykende veelvuldige geloofstories geluister was. (sien 2.3; 6) Met die deelnemende benadering, was die kategese gebed in die kulturele konteks van die dag (sien 3.3; 7) Die katkisante het ook

vanuit die konteks metafore gebruik om hulle geloof te taal sodoende het die konteks as bron gedien vir metafore waarmee hulle dit kon doen.

### 8.3.4 Die kategese as ko-konstruksie proses

In hierdie studie is die kategese as ‘n ko-konstruksie proses benader (sien 1:4.2), en is die waarde daarvan gehoor uit onderhoude wat gevoer was (sien Hoofstuk 7). Dit het die kategese relevant vir katkisant sowel as die ouer, gemaak hoewel dit nie die oogmerk was dat dit ook vir ouers relevante sou wees nie. Hiermee saam het ouers hulle eie kategese vergelyk met die kategese soos dit gedoen was in die studie en het hulle die kategese soos gedoen in die studie verkies bo hulle eie. Ek glo die katkisante is beter toegerus om hulle geloof te verwoord en te verantwoord wat hulle glo.

### 8.3.5 Narratiewe praktyk

Die metode wat in hierdie studie gevolg is tydens die besprekings in die byeenkomste was die van narratiewe praktykvrae (sien 6; 7.3.7). Die gebruik van vrae skep ook ‘n gespreksbasis aan die hand waarvan ko-konstruksie kon plaasvind. In die geval van hierdie studie is dit juis vraagstelling wat die magsdisposisie beëindig, van die leraar wat die posisie van weter beklee teenoor die katkisant in die nie-weter posisie. ‘Taken for granted realities’ en ‘so-called “truths”’ word deur vraagstelling bevraagteken en gedekonstrueer (White 1991:27). Dit is inderdaad die bevraagtekening van hierdie ‘werklikhede’ en ‘waarhede’ wat verandering kon bewerkstellig (Parry 1991:42; Tomm 1987:172). Met die katkisante se reflektering tydens die vrae is nuwe alternatiewe ontdek, wat op hulle lewe van toepassing gemaak kon word. Dit het duidelike veranderings in die wyse waarop die katkisante hulle eie lewe interpreteer of herinterpreteer, te weeg gebring. Katkisante het dikwels groter sin in hulle lewe ervaar, wat ook vir my as begeleier ‘n positiewe ervaring was (sien Hoofstuk 6). Later met die reflektering vanaf die katkisante sal daar ook hierna terugverwys word (sien punt 8.3.8).

### 8.3.6 Konstruering van kennis

Die konstruering van kennis is ‘n dinamiese manier om leer te laat plaasvind. Kennis, vanuit ‘n postmoderne perspektief, word gesien as ‘n sosiale konstruksie gesetel in

taal. In die postmoderne benadering maak vaste sekerhede plek vir verskeidenheid vanweë die dinamiek wat geleë is in taal. Alles is nog nie oor God gesê nie en jongmense kan die kerk help om nog meer oor God te sê vanweë die ervarings wat hulle van God het binne hulle lewenstories (sien 5.7.1; 5.8). Dit was vir my verbasend om die effek van hierdie gekonstrueerde kennis in die lewe van die deelnemende katkisante te hoor (sien 5.5; 5.6). Van hulle het beleef dat God weer opnuut sin maak in hulle lewe. Ander het weer opnuut hulle toegewy aan 'n lewe waarin hulle glo in God en sy bestaan.

### 8.3.7 Die evaluering van modelle van kategese

In hierdie studie het ek weereens besef dat ek die bestaande modelle vir die kategese ten opsigte van die finalejaars, ernstig moet evalueer. Ek voel oortuig dat ek hierdie praktyk van kategese nog verder moet ontwikkel vanweë die resultate met die groep deelnemende katkisante. Die potensiaal om kennis te ko-konstrueer kan nog verder ontwikkel word binne die groter kategeseopset. Huidiglik word die mate waarin die geloofslewenstorie funksioneer binne die kategese en leerstof grootliks geïgnoreer. Met die fokus op die ko-konstrueering van die kategese val die klem op die konstruering van kennis, eerder as die oordra van kennis as inligting. Sodoende word deelnemende leer bevorder binne die kategese.

### 8.3.8 Die stem van katkisante binne die kerk

Uit hierdie studie het dit duidelik geword dat die jongmense, binne die kerk graag gehoor wil word (sien Hoofstukke 1.5; 2.6; 4.3; 6 & 7) en seker wil wees dat hulle 'n plek binne die geloofsgemeenskap het. Hierdie studie het hulle 'n stem gegee en sodoende aan die benaming 'mondige lidmaat' gestand gedoen.

### 8.3.9 Geloofsontwikkeling in terme van sones van ontwikkeling

Die gebruik van die beginsel van 'sones van naaste ontwikkeling' was 'n besondere ervaring gewees (sien 1.5.5). Daar is nie na 'n gewenste belydenis, metafoor, woord of uitdrukking gesoek nie maar ek as begeleier, kon neem wat jongmense gee in terme van metafore en belydenis. Die volgende is 'n voorbeeld van 'n belydenis van 'n

katkisant wat met sekere metafore werk om ‘n proses duidelik te maak aan die wat na hom luister:

> *Ek glo ek is hier op aarde geplaas deur die Vader, Seun en Heilige Gees. Ek glo dat die Vader sy Seun Jesus Christus laat sterf het aan die kruis vir my en alle mense. Ek glo dat die Drie-Enige God die Heilige Gees vir my gegee het om my te help deur al my probleme. Ek dink in my geestelike lewe is ek voor ‘n rivier geplaas. My ouers het my tot by die rivier gelei, deur my alles van God te leer. Daar moes ek, nes ander mense op aarde, ‘n keuse maak. Ek moes kies of ek sou swem na die ander kant of ek kon kies om net saam met die nie-Christene af met die stroom na die hel te gaan.*
> *Ek as Christen kan dit nie alleen regkry nie, dit is waarvoor God die Heilige Gees vir my, en die res van die Christene gegee het, as ‘n lifejacket om my te help bo bly as ek sukkel. Ek bely dat ek God aangeneem het as my Verlosser. En dat ek gekies het om te swem, dat ek die lifejacket aangetrek het en dat ek streef om eendag as ek sterf, die ewige lewe in te gaan. Ek glo ook dat ek dit sal regkry as ek aanhou in God glo en sy wil uit te leef. Ek sal ook my beste probeer om soveel mense as moontlik, wat die verkeerde pad gekies het, van die regte pad te vertel. (PK)*

Hierbo het ons ‘n voorbeeld van hoe metafore ‘n eie verhaal op ‘n betekenisvolle manier met die verhaal van God in gesprek bring (Putman 1998:79). Hierdie soort belydenis bring hoop in die deelnemende katkisant se lewe. Op hierdie wyse het ek ‘n begrip ontwikkel waaruit die metafoor of uitdrukking ontstaan het en watter betekenis dit dra vir die betrokke katkisant.

### 8.3.10 Rituele se plek binne die belydenisontwikkeling

Rituele en oorgelewerde tradisie is met die belydenisaflegging ter sprake. Die inhoudelike van die huidige ritueel is verander deurdat die bestaande gebruik nuwe inhoud gekry het (sien Hoofstuk 6).
Hierdie inhoud was gesamentlik gekonstrueer en daarmee was die betekenis van die belydenisaflegging verder verryk. Dit was uiters bevredigend om die waardering van die katkisante oor die inhoudelike daarvan aan te hoor dat hulle dit as sinvol beleef het.

### 8.3.11 Verrassing van unieke uitkomste

Unieke uitkomste het my laat besef dat niks as onbeduidend in die proses geag mag word nie. Selfs iets wat vir my klein en onbeduidend lyk het vir ‘n betrokke katkisant

baie groot waarde en betekenis. Hierdie response op die pastoraal deelnemende kategese word verder volledig bespreek onder (sien 8.8).

.

### 8.3.12 Die ko-konstrueering van inhoud

Die wegbeweeg van die formele temas soos deur die kerk voorgeskryf en die ko-konstrueing van die inhoud van die kategese het die inhoud van die kategese dramaties verander en dit baie meer relevant gemaak vir die deelnemende katkisante ( sien Hoofstuk 6)

### 8.3.13 Die waarde van ouerondersteuning

Dit was vir die katkisante wonderlik om te kon staat maak op ouerondersteuning vir die wat dit ervaar het. Dit plaas weer die fokus op families en die belangrike rol wat dit in die geloofsontwikkeling asook, so kan ons aanneem, in die res van jongmense se lewe speel. Die gesin word ook beskou as ‘n ryke bron van metafore, geloofstradisie en geloofstories wat oorvertel kan word ( sien 1.1.2; 3.6.2; 5.8).

### 8.3.14 Die gesprek strek wyer

Die uitbeweeg na mense buite die gemeenteverband (vriende, familielede) het die katkisante verryk met beelde en metafore vir God. Die mense na wie uitbeweeg is het ook bewus geword van die katkisante se geloofsaktiwiteite en waarmee ons besig was. Hierdie uitreik was ‘n manier waarop selfondersoek by betrokke persone bewerkstellig is. Of daarin geslaag is, was nooit nagevors nie. Geen terugvoer is daaroor gekry nie, behalwe vanaf die ouers wat dit as positief beleef het.

### 8.3.15 Die kategeseproses fasiliteer die soeke na God

Daar was ‘n opregte soeke na God en 'n behoefte om in ‘n verhouding met God te staan by die deelnemende katkisante. Dit het mooi na vore gekom uit die belydenisse en die onderhoude wat met die deelnemende katkisante gevoer was (sien Hoofstuk 5, 6, 7). ‘n Voorbeeld van ‘n gesprek waar die katkisant voel die kategese byeenkomste het haar nader aan God laat beweeg.

*Dit voel vir my of ek nader aan God beweeg het en dat ek vir die Here wil lewe. Dit sal my laat beter voel. Ek is al klaar naby aan die Here. Ek het met die Here gepraat oor my belydenisaflegging en dit voel vir my ek is reg. (JD)*

Hierdie bogenoemde aanhaling uit ‘n verbatum onderhoud praat JD oor ‘n proses tydens die kategese waar sy beleef het dat ‘n beter verhouding met God bewerkstellig is.

### 8.3.16 Geleer vanuit die literatuur

Verskeie sake het na vore gekom vanuit die literatuur wat van belang was vir my studie en ek verwys kortliks daarna.

#### *8.3.16.1 Die invloed van globalisering*

Hoewel die fokus van hierdie studie op die katkisante val en hulle belewenis daarvan het ek nie net by hulle baie geleer nie. Ek het ook baie geleer vanuit die literatuur. Ek wil graag die volgende leersame inligting deel: Hermans (2003:53) het 'n interessante siening rondom die postmodernisme, naamlik dat dit bloot ‘n oorgangsfase tot globalisering is. Dit beteken dat ook die Christendom en die kategese in die besonder moet probeer vasstel hoe om die invloed van globalisering te interpreteer (sien 2.3). Volgens Hermans (2003:53) speel die massamedia al groter rol in die beïnvloeding van mense se denke. Denke oor godsdiens is ook aan hierdie beïnvloeding blootgestel, simbole se waarde is aan die afneem. Rituele en gebruike word al meer ‘n aanstoot vir mense wat nie beoefenaars van die godsdienstige gebruike is nie en dring aan dat die rituele nie in die openbaar beoefen moet word nie.

#### *8.3.16.2 Pastorale Kategese*

Die poging om pastoraat en kategese te verbind het reeds bestaan in die katolieke kerk en ek was nie daarvan bewus nie. My toepassing van die pastorale kategese was egter net op die finalejaarskategese gefokus en wel in die ontwikkeling van ‘n persoonlike geloofsbelydenis (sien 1.1.2; 3.5)

#### 8.3.16.3 *‘n Moreel-etiese fokus gerig op die samelewing*

Vanuit die kontekstuele benadering het die keuse op die didage bo die van kerugma geval, as kategesefokus (sien 2.4.1). Die ondersoek van basiese etiese en morele waardes (didage) in ‘n samelewing moet lei tot 'n plan van aksie wat die morele waardes bevorder en meewerk tot die ‘….common good of all humanity’ (Moore 2004:228).

#### 8.3.16.4 *Metafore as brugbouer*

Die rol van metafore binne die religie lei daartoe dat daar met verskillende mense onder verskillende omstandighede gesprek gevoer kan word (sien Hoofstuk 5.2.) Metafore bring nie net die bekende en onbekende bymekaar nie, maar stel ook verskillende tale in staat om deel te neem aan 'n gesprek (Putman 1998:76).

#### 8.3.16.5 *Die belangrikheid van belydenisaflegging*

Die belangrikheid van belydenisaflegging mag nooit uit die oog verloor word nie (6.1). Osmer (1996:168,173) bespreek die persoonlike betrokkenheid soos volg:

> The church is in need of a clear liturgical and educational practice that will mark the individual’s corporate confession and personal claiming of the covenant. Confirmation, as a free, human response, takes up and gives answer to God’s covenanting activity…. Confirmationa is a personal act ….involving heartfelt profession and pledging’.

## 8.4 BENADERING EN WERKSWYSE IN GESPREK MET KENNIS EN DISKOERSE VANUIT DIE KATEGESE

Onder hierdie opskrif word na teorieë en diskoerse wat alreeds bespreek is in die studie en waarna verwys is, in dialoog met ander navorsing wat ook in die studie genoem

word, gebring. My bydrae bekyk die vraag: 'Hoe kan 'n proses aan die gang gesit word waar jongmense self kan ontwikkel/skep en formuleer wat hulle glo?' Die antwoord op die vraag bring die uniekheid van die tiener-individu se ontwikkeling, in geloofsverstaan en geloofshandeling, na vore.

### 8.4.1 Die konteks van die kategese het akkommodeer

Die studie wys dat die kategese ruimte skep. Daar was nie op die leer gekonsentreer nie maar op die katkisant (Pieterse 1993:10) met ander woorde, op dié wat leer (katkisant en die se konteks) en nie wat (inhoudelike) geleer word nie. 'n Katkisant het dit soos volg uitgedruk: *'Die jaar het vir my die geleentheid gegee om met die groep te deel wat binne my is en wat jy nie altyd deel met ander nie. Om oor goed te praat wat ons nie regtig van ons hart kan afkry nie'* JP. In hierdie geval was dit om te deel wat hy nie met vrymoedigheid met ander kon deel nie. JP het in die kategese 'n ruimte gevind en gevoel hy word geakkommodeer.

Die verskillende jongmense met hulle stories het 'n kategetiese ruimte gekonstrueer. Die storie van wie die jongmense kom en waar hulle vandaan is, sluit baie meer in as net die jongmense self. Die invloed van verskillende mense, het 'n ondersteunende span geword, wat gehelp het om eie stories geloofwaardig en leefbaar te maak (Burr 2002:139) binne die kategetiese ruimte.

'n Belangrike uitgangspunt in my studie was dat jongmense vanuit 'n sekere konteks kom en nou binne die kerk, met 'n sekere inhoud in aanraking gebring word, sodat daar 'n verandering in die jongmens se lewe kan plaasvind. Die doel van die religieuse onderrig was die ontwikkeling van 'n religieuse self, wat uitmond in die aktiewe deelname aan religieuse praktyke (Hermans 2003:336). 'n Katkisant, JH verwoord dit soos volg:

Deur ['n belydenis] neer te skryf wat ek glo sit jy vir jouself 'n commitment neer deur te sê dit onderneem ek om te glo. Dit is nou op swart en wit neergeskryf. Ek kan nie nou teruggaan en sê "nee dis nie wat ek glo nie". Jy sê dis waaraan ek glo en begin dan aan God se vereistes voldoen.

### 8.4.2 Die konteks van die kategese is verander

Vir die kerk om die jongmense te kan bereik moes die kategese verandering ondergaan. Die verandering was ruimtelik, inhoudelik en ook prosesmatig gewees soosin die studie aangetoon is.

(i) Ruimtelik bed ek die kategese in die sosiale konstruksie teorie, met die katkisant, wat as outeur ‘n lewe leef in verhouding met ander. Kategese is by uitstek ‘n sosiale konstruksie proses. Die uitgangspunt is dan dat die katkisant se *kennis* en *waarheid* (Von Glasersfeld 1991:12) bestaan uit eie ervaring en persoonlike waarneming van die werklikheid wat in interaksie is met die konteks waaruit nuwe kennis gekonstrueer word. As gevolg hiervan is die deelnemende katkisant betrokke by sowel die leerinhoud as die leerproses (sien Hoofstuk 6). Soos JH ook haar mening hieroor gee:

> ‘*Dit was vir my lekker. Ons word, op skool met inligting gevoer. En hier was ons in die bespreking ingetrek. Jy moes regtig dink wat jy sê. Want die oomblik wat jy sê kan die ander van jou verskil en dan moet jy weet hoekom jy so sê. Ek het baie gehou van die kleingroep asook die grootgroep besprekings en om in die sirkel te sit en te gesels was goed, want as jy na van die kinders se verhale luister dan besef jy eers hoeveel ek het om regtig voor dankbaar te wees. En as jy van jou lewe vertel dan verstaan hulle ‘n bietjie meer van jou’.*

Die kategese skuif van kognitief, waar inligting oorgedra word, na kultuur en konteks waar kennis gekonstrueer word. Kultuur en konteks as fokus, laat nie ruimte vir vooropgestelde geloofsuitgangspunte as die afdwingbare nie. Ko-konstruksie, waar die kultuur en konteks deel gevorm het van nuwe geformuleerde geloofsuitinge, was gebruik. Die keuses wat katkisante moes maak was of die gebeurtenis deel sal uitmaak van die netwerk van eie stories (sien 5.4), al dan nie. Soos A, haar keuse hier meedeel:

> ‘*Dit sê vir my uiteindelik het ek die Here aanvaar. Ek het die Here gekies bo die ander goeters. Dit sê vir my ek behoort aan die Here, anders sou ek nie teruggegaan het na die Here toe nie. Daar was ‘n stadium dat ek weggehardloop het van my probleme, maar nou kyk ek dit in die oë en hanteer dit. Ook my verlede. Dit is my verlede dit is soos ek was, maar kyk nou na my’.*

(ii) Inhoudelik is daar ‘n wederkerig leerproses aan die gang (Dingemans 1986:14). Jongmense staan op vir ‘n belydenis waarin hulle glo, verwoord dit aan ‘n

geloofsgemeenskap en daag die geloofsgemeenskap uit om opnuut na hulle eie belydenisse te gaan kyk (sien Hoofstuk 6).

> *Met die aflê van my geloofsbelydenis sal al die ander Christene sien ek is 'n Christen en sal dit hulle ook aanspoor om belydenis van geloof te doen. Ek sal in die openbaar verklaar vir almal dat ek 'n Christen is. Ek gaan my geloofsbelydenis raam en in my kamer sit sodat ek dit kan onthou. Ek wil dit onthou want dit beteken baie vir my om my geloofsbelydenis af te lê.*

(iii) Met die vraag rondom die proses van betekenisgewing, tydens die kategese, die volgende: Die hele kategese was geskoei op 'n belewenisoefening en nie 'n dogmatiese nie. Op grond van belewenis, wat beleef word, skep jy betekenis (sien hoofstuk 6.7). Hierdeur is die kenniselement oorgedra vanuit 'n deelnemerposisie en nie-weter, nie-weterverhouding. Daar is na mekaar se lewenslyne en gepaardgaande lewenstories geluister (sien Hoofstuk 7). Dit verleen aan die proses 'n plurivorme storievertelling. Met die vyf ander gespreksgenote se bydrae tot die vraag wie God vir hulle is, ontwikkel multistories gedurende die geloofslewenslynvertellings. Op proses vlak, verwoord FB dit soos volg:

> '*As ons in die grootgroep gepraat het, het ek baie daarvan gehou. Soos mense hulle standpunte oor sake gee en ons daarna sit en luister vorm daar ook 'n standpunt in ons eie koppe*. D*ie vrae van die klas het my baie laat dink as ek by die huis is. En nou ervaar ek die Here langs my'*.

Die proses van kategese strek verder as die byeenkoms dit word huis toe geneem waar dit ander prosesse aan die gang sit. Hierdie uitgebreide aksie wat voortspruit uit die byeenkoms sou die bedoeling van die Christelike godsdiens wees (sien Hoofstuk 6).

### 8.4.3 Die kommunikasieproses van die kategese

Volgens Hermans (2003:302) is kommunikasie op drie vlakke; kultureel, interpersoonlik en intra-persoonlik.

(i) Op die kulturele vlak kon ek as toetreder tot die leersituasie myself plaas binne die uitgangspunt die ekspert-is-die-leerder en die leerder-is-die-eskpert (sien 1.3.1; 3.3.2; 7.4.3). Geloof in Jesus Christus was die steunpunt en hoe die belydenis ontwikkel, die leersituasie (sien 5.4.1). Katkisant en leraar is

volledige deelnemers met gelyke geleenthede wat voortspruit uit ‘n volwaardige stem.

(ii) Met die inter-persoonlike kommunikasie, was die rolvervulling ’n belangrike aspek waaraan ek gereeld moes aandag gee. Gereeld was die rol van leraar, as weter, die verwagting gewees. Kulturele waardes was die dryfveer van die verwagting dat die dominee alles weet en ons sal vertel. ‘n Verdere verwagting was die reg/verkeerd raamwerk waarmee families die religieuse lewe benader - doen reg en jy word nie gestraf nie - doen verkeerd en jy word gestraf. Ek het ook my eie verwagtings van ‘n belydenis en waaruit dit behoort te bestaan evalueer en myself verklaar. Dit is ook met hierdie vooropgestelde idees waarmee ek na die groep gekom het. Die proses sou voorskriftelik wees indien ek nie toegelaat het dat die katkisante self konstrueer nie. Hermans (2003:304) bevestig die onafhanklikheid van die leerder in die leersituasie: ‘Another point to be noted is that pupils should be allowed to make their own scaffolding’. Die handhawing van gelyke gespreksgenote was in die begin moeilik omdat ek ‘n posisie moes inneem dat ek nie gaan sê nie, wat kommunikasie redelik negatief beïnvloed het. Later het ek vanuit die Gerkin (1991) en White (1991; 1996) met vrae gereageer wat die proses nuwe belangstelling gegee het (sien Hoofstuk 6). Om met vrae te reageer was vir my ‘n goeie posisie om in te wees, want sodoende was ek deel van die proses, maar ook vanuit ‘n ‘not-knowing’ posisie kongruent betrokke (sien Hoofstuk 6).

(iii) Op die intra-persoonlike vlak was die proses, om oop te wees vir verandering, ‘n uitdaging. Dit behels my individuele transformasie van begrippe en verstaan van die leeraktiwiteit, deur deelname. My kultureel vervlegde metafore oor God, geloof en verstaan van geloofsbelydenis en begrip van die leefwêreld van jongmense, waarmee ek na die groepe gekom het, was van tyd tot tyd gekonfronteer met ander metafore. Dit was aanvanklik vir my moeilik om so blootgestel te voel oor my eie kultureel vervlegde opvattings, waaroor ek krities moes reflekteer en oop genoeg moes wees om te transformeer. Die transformasie is nie na iets voorskriftelik nie, maar na groter openheid vir die proses se voortgang. Die doel van intrapersoonlike kommunikasie is die transformasie van voorkennis. ‘….by which individuals transform their understanding of and responsibility for activities through their own participation’ (Hermans 2003:306).

### 8.4.4 Die voorskriftelike maak plek vir die deelnemende binne die kategese

Deelname is om aktief betrokke te wees by ‘n aktiwiteit of aktiwiteite van 'n sekere praktyk in die samelewing. Vanuit die studie is dit die betrokkenheid van deelnemende katkisante by die kategese. Deur deelname behoort mense tot die gemeenskap waarbinne die aktiwiteit beoefen word (Hermans 2003:100). Tydens die finalejaarkategese was daar deurentyd op deelname gekonsentreer. Deelname met die oog op die kategese is om deelnemende te leer. Daar word vier afdelings onderskei by deelnemende leer, naamlik, ontwikkelend, sosiaal, bemiddelend en sinvolle leer. Ontwikkelende leer is die religieuse potensiaal en religieuse vermoeë waaroor ‘n persoon beskik; sosiale leer handel oor die interaksie met ander kundiges te midde van ‘n aktiwiteit; bemiddelend fokus op die gereedskap waaroor 'n persoon beskik om te kan leer en hoe dit gebruik word en betekenisvolle leer is soorte aktiwiteite waarby persone betrokke is om vanuit te kan leer. Die kategese het nie net op deelname as ‘n aktiwiteit gefokus nie, maar ook aandag gegee aan die wyse waarop deelname bewerkstellig is.

Kotzé (2002) in sy boek ‘*Ethical ways of being*’ waarin hy die voorskriftelike posisie van onder andere die kerk met ‘n etiese alternatief vervang, verwys na die *hoe* van deelname. Volgens Kotzé (2002:4) is dit ‘n gesindheid van deelname wat ontwikkel en weerspieël word deur begrip, luister en reageer op ‘n deelnemende manier. Kotzé (2002:4) omskryf ‘begrip’ dat dit so moet ontwikkel dat dit kan aanraak, nie noodwendig fisies nie, maar dat begrip so naby kom aan die persoon wat begryp word dat die persoon aangeraak voel. Om hierdie soort begrip te toon vra na ‘n sekere soort openheid wat in staat is om te kan wegstaan van kategorieë waarmee dinge verklaar word en net saam te wees met die een wat begryp word ( Kotzé 2002:5). Kotzé (2002:8) verduidelik dat die wyse waarop deelname gebaseer op die voorafgaande begrip uitgebou kan word is om die verhouding tussen mag en kennis, aan te spreek. Deelname met begrip soos hierbo genoem vra dat ek my eie voorbehoude ten opsigte van kennis, vooraf kennis en voorbehoude, verklaar sonder dat dit die swaarste gewig dra en dit alleen gebruik word. Verklaarde voorbehoude, voorafkennis en aannames is

slegs ‘n bydra tot die saampraat oor sake en dra geen groter gewig as enige ander deelnemer nie.

Met deelnemende leer sou die kritiese vrae wees:

- Wie baat hierby?
- Watter kennis word oorgedra, in wie se belang?

Deelnemende leer poog om weg te bly van voorskriftelike dogma en eerder te beweeg na pluraliteit in deelname (Kotzé 2002:18) Sodoende word beweeg na deelnemende solidariteit van beide leraar en katkisant met mekaar. Die vraag: ‘Wie baat hierby?’ bly die riglyn waarvolgens deelnemende solidariteit bedryf was.

Deelname sluit ook die konteks waaruit deel geneem word in. Dit beteken dat daar nooit tydens die deelname van konteks verwissel hoef te word nie. Dit beteken eerder dat die kontekste van die deelnemende katkisante en leraar sodoende verryk word vanweë die deelname uit ‘n verskeidenheid van kontekste. Deelname vind plaas deur middel van stories en daarom is dit gebed binne die narratief. ‘Stories are able to convey the complexities and diversities of possibilities and choices’ (Kotzé 2002:20). Stories skep dus die geleenthede tot deelname.

## 8.5 DIE IMPLIKASIES VAN HIERDIE STUDIE VIR PRAKTIES-TEOLOGIESE NAVORSING

Hierdie studie het die praktiese teologie benader met ‘n teorie wat groei uit die konkrete ervaringe, verrykend beskrywe. Praktiese teologie volg in hierdie studie ‘n empiriese benadering. Empiri wys op die alledaagse ervaringsproses van katkisante met hulle omgewing. Dit gaan dus oor geloofservaringe en geloofshandelinge (Heitink 1993:164). Die studie is dus hoe God ervaar word deur jongmense: hulle getuienis, pastorale ervarings en handelinge (Pieterse 1993:25).

### 8.5.1 Kwalitatiewe navorsing

Kwalitatiewe navorsing is werklik ‘n multi-metode navorsing. Die vele aspekte wat aangeraak word maak dit 'n dinamiese metode. Om net die konteks te verstaan, verg baie goeie inligting en die feit dat die konteks voortdurend verander, laat alle spekulasie, ten opsigte van die konteks, buite rekening. Kwalitatiewe navorsing as

multimetode maak dit moontlik om die konteks en die deelnemers binne die konteks te akkommodeer. Dit slaag daarin om die persoonlike ervarings wat deelnemers opgedoen tydens die navorsing na vore te laat kom. Die lewenstories van die wat deelgeneem het laat ‘n mens verstom staan oor die oorlewingsvermoëns van mense en hoe hulle dit regkry om voort te gaan met hulle lewe ten spyte van hulle omstandighede. Die kwalitatiewe navorsing gee geleentheid dat hierdie verhale van deelnemende katkisante vertel kan word. Dit vestig ervaringstaal van katkisante as deel van navorsing. Wat ek veral admireer was die geloofsvoorbeelde wat jongmens deur hulle lewens kon voorhou. Hierdie soort voorbeelde waartoe kwalitatiewe navorsing toegang gee, het eksistensiële konneksie tussen mense en met mense bewerkstellig. Die krag van interpretasie en reflektering oor prosesse en die dinamiek wat hierdie kwalitatiewe navorsingsmetode verleen aan die navorsingsproses het my opgeval en energiek gemaak om met die proses aan te gaan. ‘n Mens ervaar saam met persone wat dit regkry om dominante diskoerse te dekonstrueer, ’n gevoel van oorwinning wanneer hulle betekenis konstrueer in hulle lewe. Hierdie in-diepte-ervaring wat saam met die deelnemende katkisante meegemaak is aan die hand van kwalitatiewe navorsing laat ‘n mens besef hoe waardevol dit kan wees as navorsingsmetode. ‘The word qualitative implies an emphasis on processes and meaning....’ (Denzin en Lincoln 1994:2).

### 8.5.2 Aksienavorsing

Die navorsingsprojek het my oortuig van die waarde van deelnemende aksienavorsing as ‘n hermeneutiese proses. Dit het veral in die kategese duidelik na vore gekom, waar daar vir die eerste keer met die verhale van mense gewerk was. Om met die verhale om te gaan en soekend te bly na temas, aannames en metafore het my nuuskierigheid bly behou. ‘n Verdere dinamiek was die ontdekking van teenstrydighede wat in mense se geloofslewe bestaan en tog vorm dit ‘n sinvolle geheel vir hulle. Waar daar egter dekonstruksie voorgekom het was die proses ‘n meer innerlike proses wat plaasgevind het as gevolg van 'n uiterlike tema wat aangespreek was. Die verheldering wat deelnemers beleef het wanneer daar aan bestaande diskoerse gedekonstrueer is, het die aksienavorsing ‘n baie belangrike hermeneutiese sleutel gemaak. Navorsing wat hieruit voortvloei produseer, eerder as wat dit voorspel. Dit is skeppend eerder as wat dit verteenwoordigend is.

## 8.6 WAARDE EN BETEKENIS EN IMPLIKASIES VAN DIE NAVORSING VIR DIE KATEGESE EN KERKE

Ek wou met hierdie studie die jeug lief maak vir die Here en die kerk. In Hoofstuk 1.2 praat ek van toetrede van entoesiastiese belydende lidmate. Die navorsing het my bemagtig met kennis en ervaring sowel as ‘n verbintenis tot die verbetering van die proses van die finalejaarskategese. Met die navorsing kan ‘n mens by Kotzé (2002:11) aansluit deur te vra Wie baat daarby?, ‘Hoe gaan hulle te werk?’sowel as ‘Wie ly daaronder?’ Kritiese vrae vir die doel van die navorsing asook die toepassing van pastorale kategese in die kategese op breër vlak. Duisende katkisante in die finalejaars groep voel hulle word nie verstaan of gehoor nie en dit het hierdie studie primêr aangespreek.

Die fokus van hierdie studie is om die kategetiese ruimte sodanig te wysig dat die katkisant met sy eie, unieke belewenisse die gebruik van metafore en eksperimentering met formulerings, met vertroue ‘n eie belydenis kon formuleer. Die skep van sodanig ruimte het pastorale inhoud bevat, waarmee geloofsontwikkeling deelnemend met die ‘finalejaarskatkisant’ gedoen is, gesitueerd binne hulle lewenstories.

Een aspek wat ek wil verander, is om voort te gaan om die proses van die kategese aan die finalejaars te verfyn deur hulle meer betrokke te kry by die bepaling van die inhoudelik en die verloop van die proses. Ek wil ook die belydenisse van die katkisante deel maak van die belydenis van die gemeente deur dit in ‘n boekvorm aan lidmate uit te deel en sodoende 'n gemeentebundel van belydenisse ontwikkel. Verder wil ek ook aan lidmate die geleentheid gee om hulle belydenisse te kan voorhou in die gemeente. Elke doop en huweliksgeleentheid kan iets van ‘n belydenisgeleentheid gemaak word, aangesien ek oortuig is van die waarde wat die ontwikkeling van ’n eie geloofsbelydenis het, omdat dit ‘n voortdurende proses is wat net soos ‘n lewenstorie lewenslank aan die ontwikkel is.

## 8.7 KATEGESE AS DEELNEMENDE AKSIENAVORSING

Deelnemende aksienavorsing is volgens McTaggart (1997:28) ‘Sharing in the way research is conceptualized, practised and brought to bear on the life and world’, van die deelnemers aan die navorsing. Die doel is om die katkisant te kry om deel te neem aan die oplossing. Vervolgens word die kategese as deelnemende aksienavorsing beskryf: McTaggart (1997:27) wys op die volgende beginsels vir die proses van aksienavorsing en dit word as riglyn gebruik om aksienavorsing binne die kategese te bespreek.

### 8.7.1 Die projek verduidelik

Nadat daar ‘n byeenkoms met beide die ouers en die katkisante gereël was is die jaar se individuele en kollektiewe projek aan hulle verduidelik (McTaggart 1997:31). Deelnemende aksienavorsing maak gebruik van gesprek om inligting oor te dra. Deelname op sosiale vlak het te make met die interaksie tussen die deelnemers terwyl hulle gesamentlik aan die leeraktiwiteit deelneem (Hermans 2003:275). Vanuit die staanspoor was daar deelnemende te werk gegaan deur van vraelyste (sien Hoofstuk 6) gebruik te maak om temas vir die jaar te identifiseer, verwagtinge uit te klaar en behoeftes te identifiseer. Die kommunikale dialoog (Dill 1996:22) was as uitgangspunt gebruik om 'n proses van gesprekke aan die gang te sit wat regdeur die jaar geduur het (sien Hoofstuk 6). Die gebruik van kleingroep- en grootgroepinteraksie het ook beide die individu asook die hele groep voortdurend by die navorsing betrek.

### 8.7.2 Individuele identiteit en die kerklike kultuur

Die vraag, ‘Waar ontmoet die kerk die jeug?’ bring die spanning tussen eie identiteit van die katkisant en die kultuur van die kerk teenoor mekaar (McTaggart 1997:32). Ek het die jeug benader deur in die kerk vir hulle ruimte te maak, binne die gemeente, tydens die finalejaarkategese. Met gebruik van metafore kon hulle, hulle eie individuele verhouding met God onder woorde bring. Daarmee is die individuele identiteit van die katkisante ruimte gegee te midde van die kerklike kultuur. Lewenstories van die katkisante is gebruik daarom is die deelnemende aksienavorsing in die narratief gebed. Metafore wat die unieke, kulturele konteks waaruit elke katkisant kom beskryf het, het beter onderlinge begrip vir mekaar tot gevolg gehad. Metafore het ook elke katkisant se eie, unieke verhouding met God help beskryf.

### 8.7.3 Ondersoek teenstrydighede

In my studie huldig ek die mening dat 'n persoon sy kennis konstrueer in 'n poging om betekenis en sin aan sy wêreld te gee. Die jongmens is dus aktief betrokke by ‘n proses waarvolgens hulle betekenis binne hulle geloofslewe konstrueer. Die kennis-konstruksies wat die jongmens maak, hoef nie noodwendig te strook met die realistiese wêreld buite hulle nie. Die leerder toets hierdie eie, gekonstrueerde kennis met die van ander, veral met volwassenes en maats wat in sekere opsigte beter as hulle toegerus is. Hierdie eie, gekonstrueerde kennis kan hersien, aangepas en ontwikkel word, tydens besprekings waar katkisante verheldering kan ervaar of tot ander insigte kan kom deur na ander mense se menings, ervarings en getuienisse te luister (Van der Spuy 2000:17). Tydens hierdie gesprekke by die finalejaarkategese het teenstrydighede na vore gekom vanweë die vele gespreksgenote wat daaraan deelgeneem het, elkeen met eie idees en opvattings oor die onderwerp onder bespreking op daardie tydstip (McTaggart 1997:32). Nie alle teenstrydighede was opgelos in die sin dat daar tot ‘n konsensus gekom was nie, maar alles is wel bespreek. Die doel was nie om alles op te los nie, maar wel om kennis te neem van verskillende standpunte, opvattings en uitgangspunte.

### 8.7.4 Die invloed van die proses

Die invloed op die akademiese gebied (McTaggart 1997:33) is al op verskillende plekke in hierdie hoofstuk bespreek en ek verwys bloot daarna. Die gebruik van die sosiale konstruksie vir geloofsontwikkeling lewer ‘n bydra tot die inhoudelike van die kategesestof, omdat dit nie voorskriftelike vooraf bepaal is nie, maar geko-konstrueer was. Die pastorale fokus verryk die kategeseproses deur die klem op die ervaring en lewe van katkisante te plaas in plaas daarvan dat die inhoudelike stof die hoofklem ontvang. Vanuit die pastoraat is die klem op verhoudings gedurende die kategesejaar. Vanuit die verhoudings het die lewensverhaal van elke jongmens ‘n integrale deel van die jaar se kategese geword. Die waarde wat aan die jongmens se lewensverhaal geheg word, verhoog die belewenis van geloof as iets wat teenwoordig is en betekenis aan die geloofslewe van die jongmens kan gee. Met die sosiale konstruksie teorie beweeg die geloofsontwikkeling as gesprek, wyer as net die finalejaarsklas en dit het die ouers,

die kerkraad, familie en vriende betrek. Die gespreksvraag: ‘Wie is God vir jou?’ bring elkeen weer in kontak met ‘n evaluering van hulle eie siening oor God. Nege-en-twintig huisgesinne in die gemeente het nagedink oor ‘n antwoord op die vraag. By verskillende skole is personeel genader wat ‘n antwoord vanuit ‘n innerlike evaluering op die vraag moes gee. In nege-en-twintig families se vriendekringe was dieselfde proses aan die gang gesit. Hierdie proses het die deelnemende katkisante instaat gestel om geloofsnavorsers geword ten opsigte van geloof se werking in hulle eie lewe. Mondigheid beteken dat die katkisante as geloofsnavorsers aan die woord kom. Wat die invloed daarvan was, kon nie bepaal word nie, maar kan verder nagevors word.

### 8.7.5 Konfronteer die magsprofiel

Die kategeet se rol en insette het verander van ‘n magsfiguur na mede-deelnemer (McTaggart 1997:33) en die rol van weter teenoor nie-weter, skuif na deelnemende begeleier. Die proses van kategese moes herskryf word van ongelyke gespreksgenote (leraar na katkisante, weter na nie-weter) na gelyke **gespreksgenote** (Gergen 1994:86). Hierdie skuif was ‘n groot uitdaging. Vanuit die ouerhuise, was dit kenmerkend dat die leraar as kenner van die geloof getipeer word. Juis waar dit kom by die onder woorde bring van ‘n eie geloofsoortuiging, was daar aanvanklik ‘n groot huiwering om ‘n geloofsbelydenis te verwoord. Die inneem van die nie-weter posisie ‘not-knowing’ was suksesvol. Die wyse waarop hierdie posisie ingeneem was deur middel van vrae bereik. Die uitdaging het gelê in die bemagtiging van die jongmens om ‘n eie stem te ontwikkel oor ‘n eie geloof wat verwoord kan word.

### 8.7.6 Die verbreding van deelname

Met die vraag: ‘Wie is God vir jou?’ waarmee die jongmense met vyf ander mense moes gaan gesels het, was die gesprek van geloofsontwikkeling verder geneem as net die nege-en-twintig jongmense in die groep. Juis met die vind van ‘n eie stem, was die jongmens in staat gestel om die gesprek wyer te neem. Daarmee is met die projek wyer beweeg en die toepassing van die projek ook wyer bekendgestel (McTaggart 1997:33). Deelname beskryf ook die interaksie met die stof (inhoudelike) en simbole (taalbegrippe, houdings, waardes en norme) binne ‘n sosiale opset (Hermans 2003:276).

### 8.7.7 Die konsentriese sirkel benadering

Met die konsentiese sirkel benadering word daar eers met met die jongmens, dan die ouerhuis, dan die vriendekring, dan die familie en die gemeente gewerk. Vanuit die narratief, waar konteks van verhale ook sosialiseringsverhale is, sou dit die hele proses verskraal deur dit te beperk tot net een bestaande sisteem van waardes en norme. Dikwels word katkisante blootgestel aan ander sisteme waarmee hulle daagliks in kontak kom. Hierdie netwerk (Müller 1996:21) van persoonlike stories, asook die van betekenisvolle gemeenskappe waarbinne die jongmense beweeg, dra by tot die sosiale konteks vir geloofsontwikkeling. Daar was breedvoerig hieroor geskryf (sien Hoofstuk 7) waar die lewenslyn bespreek was.

### 8.7.8 Die intellektuele en die praktiese van die projek

‘n Selfkritiese gemeenskap, waar die jongmens meegewerk het in alle fases van die navorsing (beplanning; aksie; observasie; reflektering) is geskep deur die deelnemende kategese. Vraelyste met die aanvang van die jaar en die terugvoer na aanleiding van die vraelyste moes die oorbrugging bewerkstellig. Katkisante se vorige ondervinding van kategese wat die kategeet uit die handboek werk om sodoende ‘n leeromgewing instand te hou, waar die kategeet die weter is en die jongmens die nie-weter moes oorbrug word. Die oorgang na ‘n nuwe praktyk moes geleidelik infasseer word (McTaggart 1997:35). Die invul van die vraelyste en die bespreking daarvan, was deel van die proses. Die kies van temas vir die belydenisontwikkeling was ook ‘n wyse van betrokkenheid. ‘n Hele aantal dominante diskoerse moes hier gedekonstrueer word. Onder andere, die kategese wat as ‘n skolastiese geleentheid beskou was, waar godsdienstige onderrig plaasvind. Die rol van die leraar as begeleier in die proses van geloofsontwikkeling moes bekendgestel word. Jongmens word beskou as mondige lidmate met eie geloofsopvattings. ‘n Kompromie moes onderhandel word tussen die kerk se voorgeskrewe werk en die behoefte van die jongmens aan kennis aangaande geloofsontwikkeling vir die skryf van ‘n geloofsbelydenis. Uiteindelik behoort die ervaringsvorming, wat uit bemiddelingsvaardighede aangeleer en bemeester word, te lei tot ‘n praktiese geloofsuitlewing.

McTaggart (1997:67) sien aksienavorsing as die navorsingsstrategie waarlangs benaderings wat werkbaar en verstaanbaar is, ontwikkel word waarby praktyke kan baat. Aksienavorsing poog om deur middel van die krag van refleksiewe denke, diskussies, besluite en aksies die deelname van algemene mense te verkry vir kollektiewe navorsing oor sake wat algemeen voorkom (McTaggart 1997:81). Baie belangrik in deelnemende aksienavorsing is groepdeelname, vasstelling van die agenda van die navorsing en die rol wat elke katkisant speel

### 8.7.9 Die deelnemende katkisant

Die waarde van die katkisant binne die kategese word deur hierdie navorsing beklemtoon (sien 5.4.1) Die bydrae van die katkisante tot die proses was met die grootste respek hanteer en daar was te alle tye waarde geheg aan hulle insette. Dit was nie ondergeskik gestel aan ander stemme in die gesprek nie. Juis met my navorsing het ek gewonder of die soort respek nie tuishoort by alle kategese nie. Moet daar nie by alle leraars 'n gesindheid kom van luister na die stem van jongmense nie? Hierdie navorsing het my laat wegbeweeg om mense as navorsingsonderwerpe te sien. Nog minder kan ek katkisante nadese sien as kinders wat geleer moet word wat reg en verkeerd is en ook wat geloof is. Veel eerder sien ek hulle as medereisigers op die geloofsreis.

### 8.7.10 Geloofsvolwassenheid

Geloofsvolwassenheid is volgens Louw (1993:293) waarneembaar uit die volgende vier kwaliteite nl. soteriologiese, etiese, eskatologiese, koinoniale kwaliteite (sien 1.3.3). Met my studie het ek aanvanklik die geloofsvolwassenheid beskryf, maar mettertyd ontdek dat dit baie moeilik is om dit vas te stel in die lewe van ander. Dit bly maar 'n ideaal waarna elkeen van ons kan streef maar niemand kan bepaal wanneer dit begin het en wanner geloofsvolwassenheid bereik is nie. Wat wel in die studie na vore gekom het is die verskillende opvattings oor wat geloof sou wees, watter metafore gebruik was vir geloof in God asook die verskillende uiteenlopende standpunte wat gesamentlik in jongmense se lewe kan funksioneer. Elke katkisant was instaat om van 'n verhouding met Jesus Christus te praat. Daar was goeie voornemens uitgespreek deur katkisante om volgens Christelike beginsels te lewe. Daar bestaan geweldige hoopvolle verhale wat met

die lewenslyn na vore gekom het, wat oorgekom het as versterking vir die geloof, na die res van die groep. Geloofsvolwassenheid sou nie vra dat die belydende katkisant skepties moet wees oor dit wat hulle weet nie. Dis eerder 'n geval van, om te kan definieer waarin hy/sy glo en tog ruimte maak vir ander wat daarvan verskil deur evaluerend na ander te luister en vernuwend te bly dink oor eie definisies.

### 8.7.11 Die geloofslewenslyn

Die geloofslewenslyn vorm deel van die raamwerk wat daar gestel was vir geloofsontwikkeling om deelnemend plaas te vind binne die kategese. Hierdie geloofslewenslyn bied aan die katkisante die geleentheid om God in hulle alledaagse lewe te skryf as deel van hulle lewensverhaal. Hierdie raamwerk met die geloofslewenslyn as prominente deel daarvan beklemtoon die belewing van God se teenwoordigheid in katkisante se lewe en sodoende word God sinvol gekonkretiseer (Louw 1993:13). So 'n raamwerk steun sterk op die sosiale omgewing asook die konstruering van 'n lewensverhaal met God daarin.

Die waarde van die geloofslewenslyn (sien Hoofstuk 7) vir die navorsing was vir my 'n verhelderende oomblik. Ek het weereens die waarde beleef van die deelnemende katkisante tot die proses van die kategese. Die geloofslewenslyn het die jongmense aan mekaar voorgestel en daardeur het hulle mekaar beter leer ken. Dit het ook baie stof tot bespreking binne die groep gelewer en 'n ryke bydrae tot die navorsing gemaak. Met die geloofslewenslyn het die geloofstories van jongmense ook oopgegaan vir ander. Hierdie ryke ervaring het menigmaal die groep tot trane gehad. Juis die wyse waarop die groep hierdie storievertel hanteer het, bring my by die etiese implikasies van die hantering van mense se stories. Kotzé (2002:18) beskryf dit soos volg:

> Those who have a voice and power have an ethical obligation to use the privilege of their knowledge/power to ensure participation with the marginalised and silenced, to listen *to* them, but not to decide *for* them and to engage in participatory solidarity *with* them.'

Die geloofslewenslyn was gereedskap binne die kategese waarmee daar met die stories van jongmense omgegaan is. Hierdie stories het gegaan oor die worsteling van

jonkwees en die groot vraagstukke wat hanteer moes word. Party het soms net ‘n geleentheid gesoek om op te kan staan en verduidelik wie hy/sy is.

## 8.8 DIE INVLOED VAN DIE STUDIE VIR DIE DEELNEMENDE KATKISANTE

Die deelnemende katkisant was tydens hierdie studie blootgestel aan ‘n alternatiewe wyse van kategese, as waaraan hulle gewoond was. Ek wil graag met hierdie afdeling ‘n katkisant, A aan die woord stel oor haar ervarings van die kategese hierdie jaar.

### 8.8.1 ‘n Deelnemende katkisant se respons

#### *8.8.1.1 Uittreksel uit die gesprek met A*

Wat het hierdie jaar vir jou beteken?

*Ek gaan baie eerlik wees. Ek was glad niks betrokke nie. Toe sê my pa ek moet gaan kyk – ek het toe gaan kyk hoe dit in die klas was. Die eerste dag was baie interessant. Ek het totaal iets anders verwag. Ek het toe elke keer gekom en elke keer as ek gekom het, het dit vir my gevoel of ek nader aan die Here gekom het. Ek het ook nooit meer gebid nie. Ek het weer begin bid en nou voel dit asof ek nie kan ophou praat met die Here nie.*

Wat in die klas het dit laat gebeur?

*Die vrae wat Ds gevra het en die bespreking daarvan. Dit het my nader aan die Here gebring, want die vrae van die klas het my baie laat dink as ek by die huis is. En nou ervaar ek die Here langs my* (die vrae was in Hoofstuk 6 volledig bespreek*)*

Hoe het dit gebeur dat die Here langs jou is?

*Voordat ek na die klas begin kom het, het ek baie probleme gehad. Ek kan onthou dit was die tweede keer wat ek gekom het, het ek in die klas gesit en terwyl ek so sit en luister is dit asof daar ‘n berg van my skouers afgerol het. Ek het ook met Y hieroor gepraat. Elke keer as ek kerk toe gekom het en klas toe gekom het, het die las weggebly van my af.*

Wat het veroorsaak dat jou las ligter geword het en weggebly het?

*Ek kon met die Here begin praat het en Hy het my antwoorde gegee. Hy kon vir my gewys het. Hy het een van my vriendinne na my toe gestuur om met my te kom praat*

*8.8.1.2 Refleksie oor die gesprek*

A, het beleef dat sy gehoor en raakgesien word (sien 2.4.6) Die hele kategese was daarop ingestel om betrokkenheid van katkisante te bewerkstellig (sien 6.15). Die ervaring dat die Here as naby beleef is, was opmerklik by baie van die katkisante se terugvoer tydens die onderhoude. Ek skryf dit toe aan die positiewe terugvoer van die groep, die aanvaarding deur die groep (sien 3.6), die metafore wat gebruik was, die temas waaroor gesels is – dit het met haar verwysingsraamwerk gekorreleer. Die proses van deelnemende pastorale kategese was gesitueer in die katkisante se persoonlike bestaan en ervarings. Met die proses is rondbeweeg tussen die wortels van elke katkisant se bestaan. Dit het binne hulle konteks en lewensruimte gebly en was nie maar net die aanvang van die kategese nie om dan weer weg te beweeg vanuit hierdie lewensruimte nie. A, kon met haar behoeftes op daardie stadium die Here naby haar ervaar. Die temas wat die katkisante gekies het, was behoefte gedrewe en het A dus aangespreek. Deelnemende leer (sien Hoofstuk 1.3.1) se beginsel het vrugte afgewerp nie net in haar lewe nie, maar ook die vele van ander katkisante wat dieselfde soort terugvoer gegee het. Die hele gesprek tydens die byeenkoms was ingerig vanuit ‘n reflekterende posisie waarna Gergen (1994:86) verwys as ‘the sharing of power’. Dit was ‘n groot kommunikasiestimilus. Die vrae was vanuit die narratiewe praktyk geneem (sien 6.16.7; 7.3.5; 7.3.6) en die deelnemende leer wat plaasgevind het was sinvol beleef (sien Hoofstuk 1.3.1) deur A en daarom is dit geïnternaliseer in haar lewe. Daar was ook vir haar deur middel van die kategeseproses (sien Hoofstuk 1.6.2), kommunikasie met God moontlik gemaak. Dit het plaasgevind deur metafore van godsbeelde wat deur haar gekonstrueer word vanuit die proses van kategese (sien 5.5.1).

**8.8.2 Rol van vrae binne die kategese**

Die vrae wat tydens die studie in beide, die byeenkomste en onderhoude gevra was, was nie volgens ‘n spesifieke formaat gevra nie, want vanuit die narratief is die fokus op die verhale van mense en nie op vooropgestelde waarnemings wat na vore behoort te kom nie. Dit het onder andere, bygedra tot die respons deur A hierbo ‘*Elke keer as ek kerk toe gekom het en klas toe gekom het, het die las weggebly van my af*’. Daar was

egter sekere duidelike riglyne vir die vrae in my eie gemoed. Ek wil dit kortliks bespreek:

- Die respek vir katkisante en hulle lewensverhale moes te alle tye deurskemer in beide die stel van die vrae en in die reaksie op die vrae wat gevra was. Die solidariteit binne die gesamentlike deelname aan die kategese was hier belangrik.
- Die vrae het hoop vir die toekoms na vore laat kom. Daar word erkenning gegee aan hulle eie vermoë om die vrae te kan beantwoord en dat hulle individuele sterktes en vaardighede genoegsaam is om die vrae te kan beantwoord.
- Elkeen se bydrae was as waardevol gereken. Hierdie bydrae van elke katkisant was gesien as ‘n verdere bydrae tot die ko-konstruering van kennis. Daarvoor was daar erkenning aan alle vorme van kennis verleen tydens die beantwoording van die vrae. Ervaring se waarde was ook sterk beklemtoon tydens die beantwoording van vrae.
- In die beantwoording van die vrae was daar wegbeweeg van geykte antwoorde, dit wil sê, antwoorde wat binne ‘n reg/verkeerd raamwerk deur die katkisante geplaas was. Dit sou die gevolg hê dat hulle nie genoeg selfvertroue het om hulle eie woorde en persoonlike formulerings te gebruik nie, maar eerder bekommerd is wat die mense sou dink die antwoord behoort te wees.
- Aan die eie individualiteit van elke katkisant is ruimte gegee om na vore te kom tydens die beantwoording van vrae.
- Die vrae was ook so geformuleer dat dit verdere denke gestimuleer het. Deur die stimulering van denke is ook tot nuwe insigte gekom en op hierdie manier het geloofsontwikkeling plaasgevind.
- Die vrae het ook 'n gesindheid van opgewondenheid bewerkstellig wat heelwat humor na vore laat kom het. Dit het tot ‘n gees van samewerking onder die groepslede bygedra.

Die aanvanklike rede vir die gebruik van vrae was dat ek van 'n ‘not-knowing’ posisie die kategese wou benader. Dit sou kongruent wees aan die posisie van medegespreksgenoot en verhoed dat ek as die kenner (‘expert’) beleef, of

geposisioneer word. Soos reeds gesê is, het die vrae verdere denke gestimuleer en is nuwe inhoud gekonstrueer wyer as net die kategetiese inhoud. Hierdie sake was tydens die besprekings ingedra. Dit het bygedra tot die reflektering op ‘n persoonlike vlak.

Met al die bogenoemde benaderings en interaksies was dit ‘n natuurlike ding vir die deelnemende katkisante om ruimte te maak vir mekaar om ook oor hierdie persoonlike kwessies tydens die bespreking te reflekteer en selfs ‘n bespreking daaroor te voer. Dit het daartoe aanleiding gegee dat katkisante hulle alternatiewe stories in hulle lewe kon identifiseer, waarmee hulle verder aan hulle geloofsbelydenis gekonstrueer het, maar dit het ook wyer gestrek naamlik, hulle eie lewenstorie is ook daardeur beïnvloed.

Aan die einde van elke groepbespreking was daar dan met die volgende vrae afgesluit:

(i) Wat was waardevol en interessant tydens die byeenkoms en hoekom?

(ii) Waarvan het jy gehou?

(iii) Waaroor sou jy weer verder wil gaan dink?

(iv) Watter van die dinge tydens vandag se bespreking sou jy kan gebruik in jou geloofslewe en watter waarde sou dit hê vir jou geloofsbelydenis?

Tydens die byeenkomste was ek elke keer gefassineer deur die rykdom van moontlikhede waarmee ek te doen gekry het wanneer die vrae die katkisante en my eie lewe ondersoekend betree het. Ek benader hierdie hele proses van pastorale deelnemende kategese met ‘n groot nadruk op die verantwoordelikheid om ’accountable’ te wees teenoor die katkisante as medegesprekgenote.

### 8.8.3 ‘n Ouerpaar se respons

Vervolgens stel ek ook ‘n ouerpaar aan die woord oor hulle ervaring van die kategeseproses.

#### *8.8.3.1 Agtergrond vir die gesprek:*

Hulle seun was ook teenwoordig tydens die gesprek en het ook daaraan deelgeneem. Die agtergrond is kortliks, dat JP sy lewenslyn aan die groep voorgehou en daarop het hy aangedui dat daar ‘n goeie vriend van hom was van wie hy moes afskeid neem, want die vrind het hom voorgestel aan satanisme. Die inligting was tot met die

lewenslyn se bespreking aan niemand bekend nie. JP het alleen met die saak geworstel en uiteindelik het hy gevoel hy kan dit met die groep deel. Die groep het nadat hulle sy lewenslyn aangehoor het begin om vrae te vra, wat hy geredelik beantwoord het want dit was die gebruik in die groep tydens die kategese (sien 7.4.3). Die slotsom van die gesprek was dat JP sy vriend wou gaan bedank vir die blootstelling wat hy gekry het aan satanisme en die voorreg om ‘n keuse daarteen te kon maak.

*8.8.3.2 Uittreksel uit die gesprek*

| |
|---|
| Hoe het julle as ouers dit beleef? *Dit was baie interessant, veral met die lewenslyn. JP het vir my (Ma) verduidelik wat dit beteken en toe agterna Ds se reaksie daarop kom vertel. Veral waar hy vir die maat moes gaan dankie sê, want die maat het JP se oë oopgemaak. Dit was treffend, want dit was verdere kommunikasie in ons gesin gewees. (Pa) die lewenslyn was werklik vir ons ‘n baie interessante oefening. Veral die insig dat die maat eintlik vir JP gehelp het en dat JP kon kies. Ons het almal gesit en wag om te hoor wat gesê sou word in die klas. Dinge wat in die klas behandel was, was hedendaagse goed. Dinge wat die kinders oor uitsluitsel moet kry. In my dae het ons die HK geleer. Moet my net nie vra nie want ek kan niks onthou nie. Die kinders kry vandag met die harde werklike wêreld te doen* |

*8.8.3.3 Refleksie*

Uit hierdie onderhoud is die volgende vir die navorsing gesê:

(i) Die gesprek wat tussen ouer en kind plaasgevind het was een van die doelwitte as deel van die sosiale omgewing waarop gefokus was in die studie. Die belangstelling in die inhoudelike van die kategese deur die ouers, maak die inhoud baie wyer toepaslik as net op die finalejaarskategese. Die inhoudelike was geko-konstrueer vanuit die kategese en die lewenslyn was slegs ‘n tema wat die konteks van die kategeseproses na vore laat kom het (spontaan).

(ii) Die vraag: ‘Waar begin ‘n mens se verhouding met die Here?’ het aanleiding tot die gesprek gegee. Vraagstelling in die proses van die kategese is baie belangrik want dit open nuwe moontlikhede vir rituele en metodes en ook vir die ontdek van waarhede. Vir my was die lewenslyn een van die hoogtepunte van die kategeseproses omdat dit my opnuut weer die waarde van prosesse geleer het.

(iii) Die waarde van die geloofslewenslyn lê daarin dat dit die hele kategese proses direk situeer in die lewe en ervaringswêreld dit wil sê die eksistensie, van die katkisant self. Dit begin en bly ‘n proses wat van onder begin en in die lewens van die katkisante self gesetel bly. Dit beweeg nie weg na dogma, leerstellinge en waarhede nie. Sodra dit sou wegbeweeg na dogma, is ek seker dat ek hulle sou verloor het. Met die lewenslyn was ek instaat om saam in die modder/gras van hulle lewe te bly beweeg en het so in kontak met hulle gebly. Die geloofslewenslyn het ‘n deur geword, na die lewe van elke deelnemende katkisant.

(iv) Die gee van beheer aan die groep eerder as om dit self te wil neem was positief ervaar (sien 1.4). Vanuit die groep het ‘n dinamiek losgekom en die impak daarvan was oorweldigend ten opsigte van die effek wat dit op die groep gehad het. Die slotsom van die groep was dat hierdie beheer deur elkeen verskillend ervaar is.

(v) Tydens die bespreking van die lewenslyn was die feite van die lewenslyn nie bevraagteken nie. Wat wel bevraagteken was deur die groep en waaroor daar uitgevra was, was die interpretasie van die feitlike gebeurtenisse wat plaasgevind het. Die effek en die impak van hierdie interpretasies op die jongmense is ondersoek. Met hierdie inligting tot die groep se beskikking kon hulle dan alternatiewe genereer en aannames bevraagteken en so is diskoerse gedekonstrueer (sien 6.16.7; 7.3.5; 7.3.6)

(vi) Uit die bostaande onderhoud met die ouers het dit hulle opgeval dat daar nie ‘n veroordelende houding by my as leraar teenoor hulle of hulle kind was nie en het ‘n boodskap van akkomodering by die ouers posgevat. Dit was vir hulle as ouers makliker om die onderhoud te kon voer as gevolg hiervan. Ek kon hierdie posisie inneem vanweë die gebruik van metafore.

(vii) Daar was deur JP ‘n keuse tussen ‘n veroordelende metafoor, 'n slagoffer metafoor of ‘n metafoor wat ruimte skep, waardeur keuse-moontlikhede geopen is. Hierdie beginsel blyk kragtig te wees in die werk met die jeug binne die kategese om weg te beweeg van ‘n reg/verkeerd raamwerk. Kotzé (2002:20) plaas die klem vir my waar ek my tydens hierdie onderhoud met JP bevind het naamlik, ‘participatory

manner'. Deur weg te beweeg van rol van leraar/weter wees en om daardeur die een te wees met antwoorde, na saamsoeker na 'n antwoord was 'n deelnemende ervaring wat myself geestelik verryk het. Die keuse vir 'gids' as metafoor was deur JP gemaak om die verhouding met die vriend uit te druk (sien 7.4.3.1).

(viii) Deur eksternalisering is die vriend uit die blaam-posisie gehaal. Waar die vriend die blaam moes dra vir die blootstelling en betrokkenheid by satanisme wat JP beleef het was die vriend nou as gids geposisioneer. Terselfdertyd het dit vir JP uit die slagofferposisie geskuif en nuwe moontlikhede kon geskep word, wat kon lei na – 'n dankie aan die gids wat hom voorgestel het aan '*iets waaraan ek nie wil meedoen nie*'. JP het weter geword en kon keuses maak. 'n Bemagtigde JP kon dit met sy ouers gaan deel.

(ix) Die leerinhoud was deur die ouers as relevant beskou. Vanweë hulle betrokkenheid by JP en sy broer en soos die twee seuns self vertel het, was die ouers bewus van sekere knelpunte waarmee hulle seun te doene gekry het. Hierdeur word die belangrikheid van ko-konstruksie van inhoudelike van die kategese benadruk (sien Hoofstuk 6). Veral in vergelyking met die praktyk toe hulle as ouers kategese deurloop het (sien 7.4.3.1). Die pa se respons: 'Ek kan niks onthou nie' wil my nie laat beweer dat die inhoudelike beter onthou sal word deur JP nie, maar ek wil daarop aanspraak maak dat permanente verandering by JP plaasgevind het. Die doel van die kategese is juis 'Learning implies change in the nature of participation in a practice' (Hermans 2004:276) en daarin het die kategese 'n bydrae gemaak in JP se lewe (sien 3.4).

## 8.9 PERSOONLIKE REFLEKSIE

Die skuif na gelyke gespreksgenote was op die oog af eenvoudig. My eie ontnugtering was midde in die proses waar ek gekonfronteer was met die realiteit van gelyke gespreksgenoot wees.

Ten tye van die skryf van die studie wou ek eerlik reflekteer oor die impak van die studie op my persoonlik. Omdat ek heeltyd subjektief betrokke is was ek bang my

eerlike refleksie doen tekort aan die impak van die studie ook op my. Ek het besluit om 'n persoon buite die studie om te betrek in die persoon van Dr Faure Louw (12-12-2005 te Pretoria) aan wie ek dank verskuldig is vir die tyd en insette wat hy gelewer het en gee dan nou kortliks ‘n opsomming van my reflekterende gesprek met hom weer.

### 8.9.1 My verandering onderhande van my navorsing

As ek terugdink hoe ek aanvanklik hierdie proses van kategese benader het, was dit met die nodige beplanning en met oorgawe, opgewonde oor die nuwe uitdaging. Met verloop van die proses het ek besef  dat en ek dit nie voortdurend kan beplan en bestuur nie. Ek sou sekere dinge moes prysgee. Die prysgawe was nie gedwonge nie, maar vestig eerder die aandag op nodige skuiwe van posisie as deel van die deelnemende proses waartoe ek my verbind het, binne die kategese van die studie. Ek bespreek dit kortliks hieronder:

#### *8.9.1.1 Die skuif na deelnemer*

Vir my was die grootste skuif om weg te beweeg van ‘n posisie van mag en gesag, na deelnemer. Die drang om met inligting te oorlaai moes plek maak vir ‘n nuuskierige houding binne die ‘not-knowing’ posisie van gespreksgenoot wees. Daar was dae dat ons verdaag het na ‘n bespreking sonder ‘n antwoord op die vrae en bespreking tydens die groep. Hierdie benadering was meer tydsaam as wanneer inligting slegs deurgegee word omdat wat met die inligting gemaak word nie bepaal is nie.

#### *8.9.1.2 Die tempo van die jaar word medebepaal*

Die tempo was ook iets wat uit my as leraar se hande geneem is en deelnemend bepaal was. Die beplande lesse vir die jaar, hoewel deelnemende gedoen was steeds onderworpe aan die leertempo van die deelnemende katkisante. Hulle het behoefte gehad om by sekere temas langer stil te staan, en meer daaroor te praat en te reflekteer. Dit het die verloop en tyd van die besprekings bepaal.

*8.9.1.3 Betekenis word mede-gekonstrueer*

Deelnemende leer lei verder tot die mede-konstruering van betekenis. Die familie en vriende was betrek by die vind van antwoorde op die vrae. Dit het daartoe gelei dat betekenis sosiaal gekonstrueer is. Juis hierin was die uitdaging om dan die metafore oor God, wat van die sosiale ingedra word in die kategese groep te vertrou.

*8.9.1.4 Herevalueer van eie waarheidsdefinisie*

Bogenoemde het ook daartoe gelei dat ek ook krities na my waarheidsdefinisie moes gaan kyk. Hierdie bogenoemde herposisionering was ‘n voortdurende proses. Dit het ‘n blywende spanning veroorsaak gedurende die hele jaar, wat gereeld deur my herbesoek moes word.

Met die vraag: Waar het jy jouself geposisioneer, jouself beskryf ?’ spreek Faure Louw (persoonlike onderhoud) die kern aan van gelyke gespreksgenoot wees. Die vraag spreek vanuit die sosiale konstruksie tot die proses dat geen voorskrifte gegee word nie en verder dat vanuit ‘n ‘not-knowing’ posisie die vraag gevra word (Anderson & Goolishan 1992:28). Ek het ‘n konteks help skep waarbinne jongmense ervaar dat hulle gehoor en verstaan word. Wat hierdie ‘not-knowing’ benadering vir my navorsing waardevol maak, is dat die magsdisposisie tussen jongmense en leraar, deur middel van eksternalisering en refleksiewe vraagstelling gedekonstrueer kon word.

Met die vraag van watter proses het ek persoonlik deurgegaan, kan ek soos volg antwoord:
Ek moes leer herposisioneer ten opsigte van amp, as leraar teenoor katkisante, as jongmense van die gemeente. Hierdie herposisionering was 'n groeiproses wat nie sonder sy eie pyne gepaardgegaan het nie. Verskillende lojaliteite het voortdurende ‘n spanning in my veroorsaak. Ek noem ‘n paar: (i) Om byvoorbeeld, getrou te bly aan my ampseed ten opsigte van die Bybel, as waarheid aan die een kant en om aan nuwe metafore, van jong katkisante, geleentheid gee om verwoord te word, was aanvanklik spanningsvol tot ek die bevrydende werking van metafore beleef het. (ii) Om met inligting mededeelsaam en nie outoritêr om te gaan nie was voortdurend ‘n posisie waarvan ek bewus moes bly. Hierin het die werk met refleksie en metafore my gehelp. (iii) Ek moes ook met my eie waarheidsaansprake (wat waar is) wat oor jare gevestig

geraak het en vanweë die posisie van leraar wees, kultureel instand gehou is, krities evalueer. (iv) Verder moes ek ‘n saak uitmaak van kultuur vervlegde waarhede van die kerk aan die een kant teenoor geloofsgroei en geloofsontwikkeling van katkisante in die belydenisjaar. Dit het gely tot verrykende metafore oor God waaraan ek blootgestel was, wat ook verrykend op my eie geloofsverstaan impak gehad het. (v) Een van die verykende bydraes tot my eie lewe was die lewenslyn wat vanuit die klas ontwikkel het as hulpmiddel om die geloofstorie met die res van die groep te deel. (vi) Ek het groot respek vir die proses ontwikkel, wat katkisante tot heilige oomblikke kon lei waarvan al die deelnemers deel van kon wees. (vii) Die hele studie het my groot waardering vir die deelnemers gegee wat die blootstelling beleef het en bereid was om hulle geloofsgroei en geloofsontwikkeling met ons te deel. (viii) My bediening het van ‘n weter na luisteraar geskuif. My eie geloofsoortuiging het geskuif na geloofsvertroue.

## 8.10 OPSOMMENDE OPMERKINGS

Ek is dankbaar dat hierdie jaar saam met die katkisante en die literatuurstudie vir my die geleentheid geskep het om ingelig te word oor deelnemende leer binne die kategese. Ek is veral dankbaar rondom die kategese as ruimte waar katkisante kon eksperimenteer met hulle vrae en oplossings in hulle spirituele soektog (Davis 1986:269). Die gebruik van metafore in die verhale van jongmense se lewe het nie net die bekende en onbekende bymekaar nie, maar die belewing dat verskillende opvattings in taal in staat is om deel te kon neem aan 'n gesprek oor God en geloof (Putman 1998:76).

My blootstelling aan die geloofslewenslyn was besonders. Tydens die verloop van die kategese die jaar het ek bewus geword van die hartseer binne die lewe van oënskynlike kommervrye en sorgvrye jongmense. Ek was gedwing om soms net luisterend ingenooi te word in verhale waar die vervlegtheid tussen geloof en wantroue so dig verweef was dat enige opmerking van my kant ondeurdag en onsensitief sou wees. Dit bly vir my onbeskryflik die vermoë van jongmense om vanuit die mees vervlegte posisie in staat te wees om sin te konstrueer vir hulle bestaan.

Die kategese het die katkisant uitgenooi om deelnemend betrokke te raak by sowel die leerinhoud as die leer. Met hierdie benadering het die fokus verander van kognitief, waar inligting oorgedra word,  na kultuur en konteks waar kennis gekonstrueer word. Hierdie benadering tot die kategese het lesinhoud baie bemoeilik. Deelnemende leer se uitdaging is veeleisend want dit vra na eie geïnternaliseerde en geïnterpreteerde kennis wat na vore moet kom in gesprekke, om dan net weer die ondervraging en blootstelling van ander kennis te ondervind, wat lei tot nuwe gekonstrueerde kennis.

Deelnemende kategese is nog nuut in Suid-Afrika onder die Ned Geref Kerke. Die navorsing bied dalk riglyne om ‘n begin te maak aan ‘n praktyk wat verrykend vir beide die katkisante en leraars kan wees.

My bydrae lê in die proses wat aan die gang gesit was waar jongmense self kon ontwikkel/skep en formuleer wat hulle glo. Die kategese het die katkisant uitgenooi om deelnemend betrokke te raak by sowel die leerinhoud as die leer. Met hierdie benadering het die fokus verander van kognitief, waar inligting oorgedra word,  na kultuur en konteks waar kennis gekonstrueer word. Die kategese met die kognitiewe uitgangspunt bestaan uit ‘n oorhaal tot ‘n sekere geloofstandpunt en dogmatiese uitgangspunt,  ‘sodat daar tot geloof gekom kon word’. Met ‘n proses waar kultuur en konteks die fokus is, word wegbeweeg van vooropgestelde geloofsuitgangspunte as die afdwingbare. Daar is eerder ‘n benadering van ko-konstruksie gevolg, waar die kultuur en konteks deel vorm van nuwe geformuleerde geloofsuitinge.

Daar was binne die gemeente, binne die kategese, ‘n ruimte geskep waarbinne die katkisante deel uitgemaak het van ‘n proses, waar ‘n eie geloofsbelydenis gekonstrueer is.

## BRONNELYS


Anderson, D. W. 1997. Changing family structures. *Word & World* 14(4), 389-99.

Anderson, H. D. & Goolishian, H. A. 1988. Human systems as linguistic systems: Evolving ideas about the implications for theory and practice. *Family Process* 27, 371-393.

Anderson, H. D. & Goolishian, H. A. 1991. *A collaborative language systems approach.* Paper presented at the Narrative and Pschotherapy Conference, Houston/Galveston Institute Texas.

Anderson, H. D. & Goolishian, H. A. 1992. The client is the expert: A not-knowing approach to therapy, in McNamee, S & Gergen, K. J. (eds.), *Therapy as social construction*, 25-39. London: Sage.

Anderson, K. R. & Reese, R. D. 1999. *Spiritual mentoring*: *A guide for seeking and giving direction*. Grand Rapids: Paulist Press.

Anthony, M. J. 2004. *Introducing Christian education foundations for the twenty-first centur*y. 3rd Printing. Grand Rapids: Baker House

Au, K. H. P.1991. Multicultural education. *H.B.T. Literacy Series* 382-92.

Bagnall, J. 1995. A Dance of faith. *Spectrum* 27, 47-58.

Ballard, P. 1994. Reflections on theological reflection. *Modern Believing*, 40(3),12-20.

Bawden, R. 1995. Systemic Development: A learning approach to change. Centre of Systemic Development. Occasional Paper. 1. University of Western Sydney. Hawkesbury.

Beukes, M. J. 1995. Ontwikkeling van die kategese tot ‘n familiale-gemeentelike geloofshandeling. *Praktiese Teologie* 10(2), 13-26.

Bezuidenhout, R. 1999. *Was my lewe maar ‘n somervakansie: Bybelse dagboek vir Tienermiesies.* Lux Verbi

Bijlsma, R. 1977. *Kleine kategetiek.* G. F.Callenbach B.V. – Nijkerk. Sl

Bosch, D. J. 1991. *Transforming missions. Paradigme shifts in theology of missions*. New York: Orbis.

Boyd, G. E. 1996. Pastoral conversation: A social construction view *Pastoral Psychology* 44(4), 215-226.

Brochbank, A. McGill, I. Beech, N. 2002. R*eflexcive learning in practice*. Alderskot: Gower.

Browning, D. 1991. *A fundamental practical theology*. Minneapolis: Fortress

Brueggemann, W. 1982. *The creative word*. *Canon as a model for Biblical education.* Minneapolis: Fortress Press.

Brueggemann, W. 1993. *Texts under negotiation. The Bible and postmodern imagination.* Minneapolis: Fortress Press.

Bruner, J. 1996. *The culture of education*. Cambridge: Harvard University Press.

Burger, C. W. 1991. *Die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap*. Kaapstad: Lux Verbi.

Burger, C. W. 1995. *Gemeentes in Transito*. Kaapstad: Lux Verbi.

Burger, C. W. 1998. Analysis: Towards a conceptual framework. BUVTON Abstract. Universiteit van Stellenboch.

Burger, C. W. 1998. Geloofsvorming by kinders: huidige stand van die gesprek. BUVTON Abstract Universiteit van Stellenboch.

Burr, V. 2002. *The Person in Social Psychology*. Psychology Focus Series. Taylor & Francis Group: Psychology Press. Sl

Campbell, 1987. *A dictionary of pastoral care*. London: SPCK.

Clandinin, D. J. & Connelly, F. M. 1991. Narrative and story in practice and research, in Schon, D. A. (ed.), *The reflective turn*: *Case studies in and on education and practice*, 258-281. New York: Teachers College Press.

Clandinin, D. J. & Connelly, F. M. 1994. Personal experience method, in Denzin, N. K. & Lincoln, Y. S. (eds), *Handbook of qualitive research*, 413-427. London: Sage.

Codrington, G. 1998. Honours Thesis at http://home.pix.za/gc/gc12/genx/thesis. (Consulted 12 March 2003)

Cole, M. 1978. *L. S. Vygotsky 1896-1934, Mind in Society,* The president and fellows of Harvard College.

Conn, W. E. 1998. *The desiring self: rooting pastoral counseling and spiritual direction in self-transcendance.* New Jersey: Paulist Press.

Cully, K. B. 1980. The ministry - a teaching ministry. In *Baker's Dictionary of practical theology,* 414-421 Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.

Daniels, H. 1993. *Charting the agenda: educational activity after Vygotsky*. Sl: Routledge.

Davis, G. L. 1986. Spiritual Direction: A model for adolescent Catechesis. *Religious Education,* 81 (2), 1-18.

De Jong van Arkel, J. T. 1987. A paradigm for pastoral diagnosing. Ongepubliseerde DTh proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

De Jongh van Arkel, J. T. 1991. Ekosisteemdenke as meta-teorie in die praktiese teologie. P*TSA*, 6(l), 61-75.

De Klerk, W. C. 2002. Rekonstruksie van lewe na egskeiding. Ongepubliseerde DTh proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika. Pretoria

Deeks, D. 1987. *Pastoral theology*: an inquiry. London: Epworth.

Demtre, D. J. (ed.). 1995. Vygotsky L. S. Tool and symbol in child development: *An introductry reader in developmental psycholog*y, 478-490. Greenwich: University Press.

Demtre, D. J. (ed.). 1995. Vygotsky, L. S. Interaction between learning and development: *An introductry reader in developmental psycholog*y, 269-290. Greenwich: University Press.

Denzin, N. K. & Lincoln, Y. S. (eds). 1994. *Handbook of Qualitative Research*. London: Sage.

Dill, J. & Kotzé, D. 1996. Verkenning van ‘n postmoderne epistemologiese konteks vir die Praktiese Teologie. *Acta Theologica.*

Dill, J. 1996. ‘n Basisteorie vir pastorale terapie in die lig van postmoderne epistemologie. Ongepubliseerde PhD.-proefskrif. Universiteit van Oranje Vrystaat, Bloemfontein.

Dingemans, G. D. J. 1986. *In de leerschool van het geloof: Mathetiek en vakdidactiek voor catechese en kerklijk vormingswerk*. Kampen: Kok.

Dirks, D. 2004. Theological foundations of Christian education, in Anthony M. J. (ed.). *Introducing Christian education foundations for the twenty-first centur*y. (83-90), Grand Rapids: Baker House.

Dockery, D. S. 1995. *The challenge of postmodernism an evangelical engagement.* Illinois: Bridgepoint Book.

Downs, P. G. 1994. *Teaching for Spiritual Growth.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

Driscoll, M. S. 1998. Symbol, mystery, and catechesis: Toward a mystagogical aproach. *Liturgical Ministy*. 7(2) (67-75)

Du Preez Beukes, M. J. 1995. Ontwikkeling van die kategese tot ‘n familiale-gemeentelike geloofshandeling. *Praktiese Teologie* 10 (2), 13-26.

Du Toit, B. 2000. *God? Geloof in 'n postmoderne tyd*. Bloemfontein: CLF-Uitgewers.

Du Toit, C. W. 1997. The end of truth. *HTS* 53 (4), 939-955.

Edwards, T. 2001. *Spiritual director, spiritual companion: guide to tending the soul*. Mahwah, New Jersey: Paulist Press.

Efran, J. & Lukens, M. D. 1988. Constructivism: What’s in it for you? *The Family Networker* 12 (5)

Epston, D. 1994. Extending the conversation. *Family Therapy Networker,* 18 (6), 31-39; 62-63.

Erikson, M. J. 1998. *Postmodernizing the faith: evangelical responses to the challenge of postmodernism*. Grand Rapids Michigan: Baker Books.

Fowler, J. 1981. *Stages of faith*: the psychology of human development and the quest for meaning. San Francisco: Harper & Row.

Freedman, J. & Combs, G. 1996. *Narrative therapy: The social construction of preferred realities*. New York: Norton.

Freeman, J. C. & Lobovits, D. 1993. The turtle with wings, in Friedman, S (eds). *The new language of change: constructive collaboration in psychotherapy.* 188-225 New York: Guilford Press.

Gadamer, H. G. 2000. *Truth and Method.* 2nd ed.). New York: Continuum.

Gergen, K. J. 1994. The communal greation of meaning. in: Overton, W. F. & Palermo, D. S. (eds), *The nature of Ontogenesis of Meaning,* 19-39. Hillsdale New Jersey: Lawrence Earlbaum.

Gergen, K. J. 1999. *An invitation to social constructionism*. London: Sage.

Gergen, K. J. & Gergen, M. 1991. From theory to reflexivity in research practice: reflexive methodologies, in Steier, F. (ed.), *Research and reflexivity*, 76-95. London: Sage.

Gergen, K. J. 1992. *The saturated self: Dilemmas of identity in contemporary life*. New York: Basic Books.

Gergen, K. J. 1992. *Therapy as social construction*. London: Sage.

Gergen, K. J. 1994. *Towards transformation of social knowledge*. London: Sage.

Gergen, K. J. & Gergen, M. M. 1991. From theory to reflexivity in research practice. Towards reflexive methodologies, in Steier, F. (ed.), *Research and Reflexivity,* 76-95. London: Sage.

Gerkin, C.V. 1986. *Widening the horizons: Pastoral responses to a fragmented society*. Philadelphia: Westminster.

Gerkin, C. V. 1991. *Prophetic Pastoral Practice. A Christian vision of life together.* Nashville: Abingdon.

Gerkin, C. V. 1997. *An introduction to pastoral care*. Nashville: Abingdon.

Gordon, C. (ed.), 1980. *Power/Knowledge: Selected interviews and other writings 1972-1977 by Michel Foucault*. New York: Pantheon.

Graham, E. L. 1996. *Transforming practice*. London: Mowbray.

Griffith, M. E. 1995. Opening therapy to conversations with a personal God. *Journal of Feminist Family Therapy* 79(1/2), 123-139.

Griffith, M. E. & Griffith, J. 1990. Can family therapy research have a human face? *Dulwich Centre Newsletter* 2, 11-16.

Guba, E. G. & Lincoln, Y. S. 1994. Competing paradigms in qualitative research. in *Handbook of Qualitative Research*. (eds). Denzin, N. K. & Lincoln, Y. S. London: Sage.

Groenewald, E. (ed.). 1970. *Die Katkisasieboek*. Bloemfontein: Uitgegee deur die AJK van die Ned Geref Kerk. Sentrale Pers:.

Hare-Mustin, R. T. & Marecek, J. 1988. The meaning of difference: Gender theory, postmodernism and psychology. *American Psychologist* 43, 455-464.

Harris, K. R. 1998.*: Learning in diverse schools and classrooms,*.in Graham, S, Deshler, D, Harris, K. R. Cambridge, *Teaching every child every day* Mass: Brookline Books.

Hasard, J. 1994. Postmodern Organisational. *Journal of Management Studies* 31 (May), 29-40.

Heitink, G. 1977. *Pastoraat als hulpverlening. Inleiding in de pastorale theologie en psychologic.* Kampen: Kok.

Heitink, G. 1993. *Practical theology*. Grand Rapids: Eerdmans.

Heitink, G. 1998. *Pastorale sorg: Thelogie, differentatie, praktijk*. Kampen: Uitgewerij Kok.

Hermans, C. A. M. 2003. *Participatory learning: religious education in a globalizing society*. Leiden: Koninklijke Brill.

Heshuius, L. 1994. Freeing ourselves from objectivity: Managing subjectivity or turning toward a participatory mode of conciousness? *Educational Researcher* 23(3), 117-123.

Hoffman, L. 1992. A reflexive stance for family therapy, in McNamee, S & Gergen, K.J. (eds), *Therapy as social construction*. London: Sage.

Hudson, T. & Kotzé, D. 2002. Journeying a life-giving, ethical spirituality, in Kotzé, D. Myburg, J. Roux, J. & Associates. *Ethical ways of being*, 269-90. Pretoria:Ethics Alive.

Issler, K. 2004. Theological foundations of Christian education. in Anthony M. J. (ed.). *Introducing Christian Education Foundations for the Twenty-first Centur*y. (35-44), Baker Academic, Grand Rapids: Baker House.

Janesick, V. J. 1994. The dance of qualitive research design: Metaphor, methodolatry and meaning, in Denzin, N. K. & Lincoln, Y. S. (eds). *Handbook of qualitive rsearch*, 209-219. London: Sage.

Jonker, W. D. 1994. *Bevrydende Waarheid:Die karakter van die gereformeerde belydenis*. Wellington: Hugenote-Uitgewers.

Kaye, J. 1990. Toward meanigful research in psychotherapy. *Dulwich Centre Newsletter* 2, 27-38.

Kotzé, D. J. 2002. Doing participatory ethics, in Kotze, D. Myburg, J. Roux, J. & Associates, *Ethical ways of being*, 1-34. Pretoria: Ethics Alive.

Kotzé, E. & Kotzé, D. J. 1997. Social Construction as a Postmodern Discourse: An Epistemology for conversational therapeutic practice. *Acta Theologica* 17(1), 27-50.

Kotzé, E. 1994. The social constuction of a family therapy training programme. unpublished D Litt et Phil thesis. Rand Afrikaans University, Johannesburg.

Lawson, K. E. 2004. Historical foundations of Christian education. in Anthony, M. J. (ed.). 3rd printing *Introducing Christian education: foundations for twenty-first century*, (17- 25), Grand Rapids: Baker House.

Lechte, J. 1994. *Fifth key contemporary thinkers: from structuralism to postmodernity*. London: Routledge.

Louw, D. J. 1993. *Pastoraat as ontmoeting: Ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie*. Pretoria: RGN.

Louw, D. J. 1997. Die rol van Godsbeelde/voorstellings in die ontwikkeling van lidmate se geloof . *Prakktiese Teologie in Suid-Afrika*; Vol.12, (64-79)

Louw, D. J. 1999. Pastoraat as vertolking: Metaforiese teologie binne die konteks van 'n pastorale hermeneutiek. *Hervormde Teologiese Studies,* 55(2/3), 334-359.

Maquarrie, J. 1967. *A dictionary of Christian ethics*. London: SCM Press.

Martins, R. D, 1988. *Effective Youth Ministry.* Minneapolis: Augsburg.

Martinson, R. D. 1997. The role of family in the faith and value formation of children. *Word & World* 17(4), 85-94.

Mason, M. M. 1984. Faith development of young people: A study of the differences of faith development among youth active in church programs and those who have dropped out. Graduate Theological Union. San Francisco Theological Seminary, 222-235.

Matthaei, S. H. 1991. Faith-mentoring in the classroom. *Religious Education* 86(4), 540-549.

Maturana, H. R. & Varela, F. J. 1987. *The tree of knowledge: the biological roots of human understanding.* Boston: New Science Library.

McBride, M. 1996. *Praxis,* in Isherwood, L. & McEwan, D. (eds). *An A to Z of feminist theology*:183-185. England: Sheffield Academic Press.

McClean, B. A. 1997. Co-constructing narratives: A postmodern approach to counselling. Unpublished MEd (Counselling) dissertation. University of Otago, Denedin, NewZealand.

McNamee, S. and Gergen, K. J. 1992 (eds). *Therapy as social construction*. London: Sage.

McTaggart, R. (ed.). 1997. *Participatory action research: Interntional context consequences*. Albany: State University of New York Press.

Moore, M. 2004. Changing places, changing practice, changing minds. in Armstrong, F. & Moore, M. (eds). *Action reseach for inclusive education,* New York: Routledge.

Morgan, A. 2000. *What is narrative therapy?: an easy-to-read introduction*. Adelaide: Dulwich Centre Publications.

Morss, J. R. 1996. *Growing critical: alternatives to developmental psycology*. London: Routledge.

Müller, J. C. 1996. *Om tot verhaal te kom*. Pretoria: RGN Uitgewers.

NED GEREF KERK, 1978. Bekwaam om te leer: Die kategeet. AJK: Bybelkor.

NED GEREF KERK, 1994. Handboek vir kategete van die belydenisklas. *Bely en Beleef* 1994/1 AJK, NG Kerk-Jeugboekhandel: N.G. Sendingpers.

NED GEREF KERK, 1994. Leerboek vir katkisante in die belydenisklas. *Bely en Beleef* 1994/1 AJK, NG Kerk-Jeugboekhandel: N.G. Sendingpers.

Nel, M. 1998. *Jeugbediening; 'n inklusiewe gemeentelike benadering*. Pretoria: RGN uitgewers.

Newfelder, J. M. & Coelho, M. C. 1982. *Spiritual direction through the ages. Writings on spiritual direction, by great Christian Masters*. New York: Seabury Press.

Oates, W. E. 1981. *The Psychology of religion*. Texas: Word Books Publisher.

Opperman, R. & Snyman, F. 2005. *Ervaringsleer kook*. Pretoria: Groep 7 Drukkers en Uitgewers.

Osmer, R. R. 1996. *Confirmation Presbyterian Practices in ecumenical perspective.* Louisville, Kentucky: Geneva.

Parry, A. 1991. A universe of stories. *Family Process* 30(March), 37-53.

Pattison, S. 2000. *A critique of pastoral care*. 3rd ed. London: SCM.

Pieterse, H. J. C. 1993. *Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie*. Pretoria: RGN Uitgewers.

Prins, J. M. G. 1999. Post moderniteit en jeugbediening: enkele aspekte van ‘n paradigmaverskuiwing en die implikasies daarvan vir die kerklike jeugbediening. BUVTON Abstract.

Prins, J. M. G. 2000. Die godsdienstige houdings van kerklik betrokke tieners. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 15(1), 82-98.

Putman, W. 1998. *Godsbeelden en Lewensverhaal*. Tilburg: University Press.

Richards, L. O. 1970. *Creative Bible Teaching*. Chicago: Moody Press.

Ricoeur, P. 1991. *Tekst en betekenis*. *Opstellen over de interpretatie van literatuur*. Baarn: Ambo.

Robbins, D, 1990. *The Ministry of Nurture*, Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

Rossouw, G. J. 1993. Theology in a postmodern culture: Ten challenges. *Hervormde Teologiese Studies* 49(4), 894-907.

Roth, S. & Epston, D. 1996. Developing externalizing conversations: An exercise. *Journal of Systemic Therapies*. (J.S.T.) 15(1), 5-12.

Roux, J. P. 1996. Die ontwikkeling van ‘n pastoraal-terapeutiese toerustingsprogram vir lidmate: 'n Narratiewe benadering. Ongepubliseerder PhD Proefskrif. UOVS.

Sarbin, T. R. & Kitsuse J.I. 1994. *Constructing the social*. London : Sage

Schwandt, T. A. 1994. Constructivist, Interpretivist Approaches to Human inquiry. In *Handbook of Qualitative Research*. (eds.) Denzin, N. K. & Lincoln, Y. S. (eds). London: Sage.

Sears, J. T. 1992. Researching the other/searching for self: Qualitative research on (homo)sexuality in education. *Theory Into Practice* 31(2), 65-74.

Simon, R. 1985. A frog’s eye view of the world. *Family Therapy Networker* (May-June), 32-43.

Smuts, M. 1993. *Kerkspieël lV*. NG Kerk Uitgewers.

Sölle, D. 1984. *The strength of the weak: Toward a Christian feminist identity*. Philadelphia:Westminster Press.

Steier, F. 1991. Reflexivity and methodology: An ecological constructionism in Steier, F. (ed.). *Research and reflexivity*. London: Sage.

Stroup, G. W. 1981. *The promise of narrative theology. Recovering the gospel in the church.* Atlanta: John Knox Press.

Sweet, L.I. 1999. *SoulTsunami: Sink or swim in new millennium culture*. Grand Rapids: Zondervan Publishing House.

Sweet, L. I. 2000. *Post-modern pilgrims.* Nashville: Broadman & Holman

Tam, E. P. C. 1996. Faith development theory and spiritual direction. *Pastoral Psychology* 44, XX.

Tenny, M. C. 1980. *The Zondervan pictorial encyclopedia of the Bible*. (2.D-G). Grand Rapids: Zondervan Publishing House.

Tielemann, D. 1993. Pastoraat en Zingewing. *Gereformeerde Theologisch Tijdschrift.* 93ste Jg., 1-32.

Tomm, K. 1987. Interventive interviewing: Part 2. Reflexive questioning as a means to enable self-healing. *Family Process* 26(2), 167-183.

Tripp, E. 1997. Occasioning and structure of conversational stories. In conversation: cognitive, communicative, and social perspectives. Papers presented at the symposium on Conversation held July 1995. (133-166) Amsterdam: John Benjamins.

Turnbull, R. G. 1980. *Baker's dictionary of practical theology*. Michigan: Baker Book House.

Tyndale, R. 1990. Narrative analysis: A practical research methodology for family therapy. *Dulwich Centre Newsletter* 2, 24-25.

Van der Spuy, J. 2000. Leer. Ongepubliseerde MPsig verhandeling. Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.

Van der Walt, C. H. 1999. Geïntegreerde taalbenadering: Ongepubliseerde MPsig verhandeling. Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.

Van Huyssteen, W. 1998. Teologie as kritiese geloofsverantwoording. *RGN-studies in Navorsingsmetodologie 2*: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. 2de. Pretoria: RGN Uitgewers.

Veltkamp, A. 1988. *Pastoraat als gelijkenis: De gelijkenis als model voor pastorale handelen*. Kampen: Kok.

Von Glasersfeld, E. 1991. Knowing without metaphysics: Aspects of the radical constructivist position. In Steier, F (ed.). *Research and reflexitivity*. (12-29) London: Sage.

Vos, C. J. A. *Die Blye Tyding*. Pretoria: RGN Uitgewers

Vygotsky, L. S. 1967. *Mind in Society, The development of higher psychological processes*, edited by M. Cole. London: Harvard University Press.

Warren, M. 1989. *Faith, culture and the worshiping community*. New York: Paulist Press.

White, M. 1988/9. The externalizing of the problem and the reautoring of lives and relationships. *Dulwich Centre Newsletter* Summer, 3-12. Adelaide: Dulwich Centre

White, M. & Epston, D. 1990. *Narrative means to therapeutic ends*. New York: Norton.

White, M. 1991. Deconstruction and therapy. *Dulwich Centre Newsletter* 3, 21-40.

White, M. 1998. Re-Authoring Lives: Interviews & Essays. Adeliade: Dulwich Centre Publication.

White, V. 1996. *Paying attention to people: an eassay on individualism and Christian belief*. London: SPCK.

Wood, C. M. 1991. Spiritual formation and theological education. in *Religious Education*.86(4) 550-561.